



**Stellenbosch**  
UNIVERSITY  
IYUNIVESITHI  
UNIVERSITEIT

2025

# **Ekonomiese en Bestuurswetenskappe**

Akademiese programme  
en fakulteitsinligting

**Jaarboek, Deel 10**



Let daarop dat die Universiteit in Augustus 2023 die Engelse naam vir die Jaarboek, naamlik Calendar, amptelik na Yearbook verander het. Die nuwe naam het onmiddellik in dokumente en kommunikasie van die Universiteit in werking getree en word vanaf die 2024-jaarboek ook in al die Jaarboekdele gebruik.

## Akkuraatheid, aanspreeklikheid en veranderings

- Die Universiteit Stellenbosch het alle redelike stappe geneem om te verseker dat die inligting in die Jaarboekdele so akkuraat en volledig as moontlik aangebied word.
- Neem egter kennis dat die Universiteit se Raad en Senaat geen aanspreeklikheid aanvaar vir enige foutiewe inligting in die Jaarboekdele se inhoud nie.
- Die Universiteit behou die reg voor om enige tyd inligting in die Jaarboekdele te verander indien nodig.

## Die verdeling van die Jaarboek

- Die Jaarboek is in 13 dele verdeel.
- Deel 1, 2 en 3 van die Jaarboek bevat algemene inligting wat op alle studente van toepassing is. Maak seker jy verstaan alle bepalings in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek wat op jou van toepassing is.
- Deel 4 tot 13 van die Jaarboek is die fakulteitsjaarboekdele.

Deel	Jaarboekdeel
Deel 1	Algemene Reëls
Deel 2	Beurse en Lenings
Deel 3	Studentegelde
Deel 4	Lettere en Sosiale Wetenskappe
Deel 5	Natuurwetenskappe
Deel 6	Opvoedkunde
Deel 7	AgriWetenskappe
Deel 8	Regsgeleerdheid
Deel 9	Teologie
Deel 10	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Deel 11	Ingenieurswese
Deel 12	Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe
Deel 13	Krygskunde

## Beskikbaarheid van die Jaarboekdele

- Die elektroniese weergawes van die Jaarboekdele is beskikbaar by [www.sun.ac.za/jaarboek](http://www.sun.ac.za/jaarboek).
- Dele 1 tot 12 is in Afrikaans sowel as Engels beskikbaar. Krygskunde (Deel 13) verskyn slegs in Engels.

# Inhoudsopgawe

<b>Hoe om hierdie Jaarboekdeel te gebruik.....</b>	<b>1</b>
1.1 Voornemende voorgraadse studente .....	1
1.2 Voornemende nagraadse studente.....	1
1.3 Geregistreeerde voorgraadse studente.....	2
1.4 Geregistreeerde nagraadse studente.....	2
<b>Algemene Inligting .....</b>	<b>3</b>
<b>1. Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe .....</b>	<b>3</b>
1.1 Struktuur van die Fakulteit .....	3
1.2 Graadprogramme van die Fakulteit.....	3
1.3 Diplomaprogramme van die Fakulteit.....	4
<b>2. Hoe om met die Fakulteit te kommunikeer .....</b>	<b>4</b>
2.1 Belangrike kontakinligting van die Fakulteit.....	4
2.2 Fakulteitswebblaaie .....	7
<b>3. Hoe om met die Universiteit te kommunikeer.....</b>	<b>7</b>
3.1 Voornemende studente .....	7
3.2 Huidige of voormalige Universiteit Stellenbosch-studente.....	7
3.3 Kontakbesonderhede vir navrae oor jou studies, beurse en lenings, en koshuisplasings.....	7
<b>4. Taal aan die Universiteit.....</b>	<b>7</b>
<b>5. Erkenning van vorige leer (EVL) en kredietakkumulاسie en -oordrag (KAO).....</b>	<b>8</b>
<b>Voorgraadse Programme .....</b>	<b>9</b>
<b>1. Algemene inligting vir alle voorgraadse programme .....</b>	<b>9</b>
1.1 Opsomming van voorgraadse programme en hulle kredietladings.....	9
1.2 Opsomming van minimum toelatings- en keuringsvereistes vir voorgraadse programme in 2025.....	10
1.3 Hoe die Universiteit voorgraadse inskrywingsgetalle bestuur.....	14
1.4 Nasionale Normtoetse (NNT's).....	14
1.5 Aansoekprosedure en -sluitingsdatum .....	15
1.6 Kies die regte modules vir jou program en e-registrasie.....	15
1.6.1 Fokusareas en ander modulekombinasies.....	15
1.6.2 Roosterbotsings .....	15
1.7 Ekstra vakke.....	15
1.8 Voorgraadse assessering .....	15
1.8.1 Assesseringsreëls.....	15
1.8.2 Vereistes om 'n hoofvak te slaag.....	16
1.9 Seisoenale skole in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.....	16
1.10 Dekaaansvergunningsassesserings (DVA's) .....	17
1.11 Hertoelating na afloop van onsuksesvolle studie.....	17
1.12 Registrasie vir nie-graaddoeleindes by 'n ander universiteit.....	17
1.13 Erkenning van voltooide modulekrediete vir meer as een graad .....	17
1.14 Navrae oor voorgraadse programme .....	17
<b>2. Voorgraadse Diplomaprogramme .....</b>	<b>18</b>
2.1 Diploma in Openbare Verantwoordbaarheid.....	18

2.2	Diploma in Volhoubare Ontwikkeling .....	19
<b>3.</b>	<b>Gevorderde diplomaprogramme.....</b>	<b>22</b>
3.1	Gevorderde Diploma in Publieke Verantwoordbaarheid .....	22
3.2	Gevorderde Diploma in Volhoubare Ontwikkeling .....	23
<b>4.</b>	<b>Breë graadprogramme .....</b>	<b>25</b>
4.1	BCom .....	25
4.2	BCom (Bestuurswetenskappe).....	25
4.2.1	BCom (Bestuurswetenskappe): Algemeen .....	25
4.2.2	Fokusareas in die BCom (Bestuurswetenskappe)-program.....	30
4.2.2.1	Beleggingsbestuur.....	30
4.2.2.2	Bemarkingsbestuur.....	31
4.2.2.3	Besigheidsanalitiesk .....	32
4.2.2.4	Entrepreneurskap en Innovasiebestuur .....	33
4.2.2.5	Finansiële Beplanning.....	34
4.2.2.6	Finansiële Bestuur .....	35
4.2.2.7	Informasiestelselbestuur .....	36
4.2.2.8	Landbou-ekonomie.....	37
4.2.2.9	Logistiek en Voorsieningskettingbestuur.....	38
4.2.2.10	Menslikehulpbronbestuur .....	39
4.2.2.11	Openbare en Ontwikkelingsbestuur .....	40
4.3	BCom (Ekonomiese Wetenskappe) .....	41
4.3.1	BCom (Ekonomiese Wetenskappe): Algemeen .....	41
4.3.2	Fokusareas in die BCom (Ekonomiese Wetenskappe)-program .....	45
4.3.2.1	Ekonometrie .....	45
4.3.2.2	Ekonomiese en Bestuurskonsultasie.....	46
4.3.2.3	Finansiële Sektor.....	47
4.3.2.4	Vervoerekonomie.....	48
4.4	BCom (Wiskundige Wetenskappe).....	49
4.4.1	BCom (Wiskundige Wetenskappe): Algemeen .....	49
4.4.2	Fokusareas in die BCom (Wiskundige Wetenskappe)-program.....	52
4.4.2.1	Datawetenskap .....	52
4.4.2.2	Finansiële Risikobestuur .....	53
4.4.2.3	Operasionele Navorsing.....	54
4.5	BCom (Internasionale Besigheid) .....	55
4.6	BDatSci .....	59
4.6.1	BDatSci: Algemene inligting .....	59
4.6.2	Fokusareas in die BDatSci-program .....	61
4.6.2.1	Analitika en Optimering .....	61
4.6.2.2	Gedragsekonomie .....	62
4.6.2.3	Statistiese Leer .....	63
<b>5.</b>	<b>Professionele graadprogramme .....</b>	<b>64</b>
5.1	BCom (Aktuariële Wetenskap) .....	64
5.2	BCom (Bedryfsielkunde) .....	65
5.3	BCom (Bestuursrekeningkunde).....	67
5.4	BCom (Finansiële Rekeningkunde) .....	69
5.5	BRek .....	71
<b>6.</b>	<b>Graadprogramme wat studie in Regsgeleerdheid insluit .....</b>	<b>74</b>
6.1	BCom (Regsgeleerdheid) ( <i>vanaf 2022</i> ) .....	74
6.2	BCom (Regsgeleerdheid) ( <i>voor 2022</i> ) .....	76
6.3	BRekLLB ( <i>vanaf 2022</i> ) .....	78
6.4	BRekLLB ( <i>voor 2022</i> ) .....	81
<b>7.</b>	<b>BCom (Bestuurswetenskappe) Verlengdekurrikulumprogram (VKP) (vier jaar) .....</b>	<b>84</b>

<b>Nagraadse Programme .....</b>	<b>88</b>
<b>1. Algemene inligting vir alle nagraadse programme .....</b>	<b>88</b>
1.1 Nagraadse programme in die Fakulteit .....	88
1.2 Voorgraadse modulevereistes vir nagraadse programme .....	89
1.3 Keuring .....	89
1.4 Nagraadse assessering en eksaminering .....	90
1.5 Slaagvereistes vir nagraadse programme .....	90
1.6 Verskillende kampusse en fasiliteite .....	90
<b>2. Nagraadse diplomaprogramme .....</b>	<b>91</b>
2.1 Nagraadse Diploma in Aktuariële Wetenskap .....	91
2.2 Nagraadse Diploma in Bemaking .....	92
2.3 Nagraadse Diploma in Besigheidsbestuur en -administrasie.....	93
2.3.1 Besigheidsbestuur en -administrasie: Algemeen.....	94
2.3.2 Fokusarea: Datawetenskap vir Bestuurders.....	95
2.4 Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning .....	96
2.5 Nagraadse Diploma in Leierskapontwikkeling .....	97
2.5.1 Fokusarea: Leierskapsontwikkeling in Organisasies sonder Winsbejag.....	98
2.6 Nagraadse Diploma in MIV/Vigs-bestuur.....	99
2.7 Nagraadse Diploma in Omgewingsbestuur .....	100
2.8 Nagraadse Diploma in Ontwikkelingsfinansies .....	102
2.9 Nagraadse Diploma in Openbare Finansiële Bestuur .....	103
2.10 Nagraadse Diploma in Projekbestuur .....	104
2.11 Nagraadse Diploma in Rekeningkunde .....	106
2.12 Nagraadse Diploma in Strategiese Menslikehulpbronbestuur .....	108
2.13 Nagraadse Diploma in Toekomsstudie .....	109
2.13.1 Toekomsstudie: Algemeen .....	109
2.13.2 Fokusarea: Bestuur van Nuwe Tegnologieë .....	110
2.14 Nagraadse Diploma in Vervoer en Logistiek.....	111
2.15 Nagraadse Diploma in Volhoubare Ontwikkeling .....	113
<b>3. Honneursprogramme .....</b>	<b>115</b>
<b>3.1 HonsBCom .....</b>	<b>115</b>
3.1.1 HonsBCom (Aktuariële Wetenskap) .....	115
3.1.2 HonsBCom (Bedryfsielkunde).....	116
3.1.3 HonsBCom (Bestuursrekeningkunde) .....	118
3.1.4 HonsBCom (Ekonomie) .....	119
3.1.4.1 Fokusarea: Finansiële Ekonomie.....	121
3.1.5 HonsBCom (Ekonomie en Wiskundige Statistiek).....	122
3.1.6 HonsBCom (Finansiële Risikobestuur).....	124
3.1.7 HonsBCom (Logistieke Bestuur).....	125
3.1.8 HonsBCom (Menslikehulpbronbestuur) .....	127
3.1.9 HonsBCom (Ondernemingsbestuur) .....	129
3.1.9.1 HonsBCom (Ondernemingsbestuur): Spesialisering in Bemakingsbestuur .....	131
3.1.9.2 HonsBCom (Ondernemingsbestuur): Spesialisering in Finansiële Analise .....	132
3.1.9.3 HonsBCom (Ondernemingsbestuur): Spesialisering in Finansiële Bestuur .....	133
3.1.9.4 HonsBCom (Ondernemingsbestuur): Spesialisering in Strategie en Innovasie.....	134
3.1.10 HonsBCom (Openbare en Ontwikkelingsbestuur).....	135
3.1.11 HonsBCom (Operasionele Navorsing) .....	136
3.1.12 HonsBCom (Statistiek).....	137
3.1.13 HonsBCom (Vervoereconomie).....	139
3.1.14 HonsBCom (Wiskundige Statistiek) .....	140
3.1.14.1 HonsBCom (Wiskundige Statistiek: Fokus op Datawetenskap).....	141
<b>3.2 HonsBPubAdmin .....</b>	<b>143</b>
<b>3.3 HonsBRek.....</b>	<b>145</b>

<b>4. Magisterprogramme .....</b>	<b>147</b>
<b>4.1 MCom .....</b>	<b>147</b>
4.1.1 MCom (Aktuariële Wetenskap) .....	147
4.1.2 MCom (Bedryfsielkunde) .....	148
4.1.3 MCom (Belasting).....	150
4.1.4 MCom (Bestuursrekeningkunde).....	152
4.1.5 MCom (Ekonomie) .....	153
4.1.6 MCom (Finansiële Rekeningkunde) .....	156
4.1.7 MCom (Finansiële Risikobestuur) .....	157
4.1.8 MCom (Logistieke Bestuur) .....	158
4.1.9 MCom (Menslikehulpbronbestuur).....	160
4.1.10 MCom (Ondernemingsbestuur).....	161
4.1.11 MCom (Openbare en Ontwikkelingsbestuur) .....	162
4.1.12 MCom (Operasionele Navorsing).....	164
4.1.13 MCom (Rekenaarouditering).....	165
4.1.14 MCom (Statistiek) .....	166
4.1.15 MCom (Vervoerekonomie) .....	168
4.1.16 MCom (Wiskundige Statistiek).....	169
<b>4.2 M (Publieke Administrasie) .....</b>	<b>171</b>
<b>4.3 MRek .....</b>	<b>173</b>
4.3.1 MRek (Belasting).....	173
4.3.2 MRek (Finansiële Rekeningkunde) .....	175
4.3.3 MRek (Ouditkunde) .....	176
<b>4.4 MPhil .....</b>	<b>178</b>
4.4.1 MPhil (Leierskapsafrigting) .....	178
4.4.2 MPhil (MIV/Vigs-bestuur) .....	179
4.4.3 MPhil (Omgewingsbestuur) .....	180
4.4.4 MPhil (Ontwikkelingsfinansies).....	182
4.4.5 MPhil (Toekomsstudie) .....	184
4.4.6 MPhil (Volhoubare Ontwikkeling).....	185
<b>4.5 Magister in Besigheidsbestuur en Administrasie (MBA).....</b>	<b>187</b>
4.5.1 Besigheidsbestuur en -administrasie (Algemeen).....	189
4.5.2 Fokusareas binne die MBA-program.....	189
4.5.2.1 Fokusarea: Bestuur van Internasionale Organisasies.....	189
4.5.2.2 Fokusarea: Gesondheidsorgleierskap.....	190
4.5.2.3 Fokusarea: Projekbestuur .....	190
<b>5. Doktorale Programme.....</b>	<b>191</b>
5.1 Die Nagraadse Skool van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (GEM).....	191
5.2 PhD-programme.....	191
5.3 Transdissiplinêre doktorale program toegespits op kompleksiteit en volhoubaarheidstudies .....	193
 <b>Vakke, Modules en Module-inhoude .....</b>	 <b>194</b>
1. Definisies en verduideliking van belangrike terme.....	194
2. Slaagvoorvereiste-, voorvereiste- en newevereistemodules.....	195
3. Voorgraadse vakke, modules en module-inhoude .....	196
Departement Afrikaans en Nederlands (Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe).....	196
Departement Afrikatale (Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe) .....	196
Departement Antieke Studie.....	197
Departement Bedryfsielkunde.....	198
Departement Ekonomie .....	201
Departement Engels (Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe).....	204
Departement Filosofie (Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe) .....	205

Departement Geografie en Omgewingstudie (Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe) .....	205
Departement Handelsreg (Fakulteit Regsgeleerdheid) .....	206
Departement Inligtingswetenskap (Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe) .....	207
Departement Landbou-ekonomie (Fakulteit AgriWetenskappe) .....	208
Departement Logistiek.....	209
Departement Moderne Vreemde Tale.....	216
Departement Ondernemingsbestuur .....	217
Departement Politieke Wetenskap (Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe) .....	222
Departement Privaatreg (Fakulteit Regsgeleerdheid) .....	223
Departement Publiekreg (Fakulteit Regsgeleerdheid).....	223
Departement Sielkunde (Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe).....	223
Departement Sosiologie en Sosiale Antropologie (Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe) .....	225
Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap.....	226
Departement Wiskundige Wetenskappe (Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Rekenaarwetenskap) (Fakulteit Natuurwetenskappe).....	237
Skool vir Publieke Leierskap .....	242
Skool vir Rekeningkunde.....	251
US Taalsentrum.....	257
Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.....	257

## **Navorsings- en Diensinstansies .....259**

1. Afrika Sentrum vir Inklusiewe Gesondheidsbestuur .....	259
2. Afrika Sentrum vir Ontwikkelingsfinansies .....	259
3. Allan Gray Sentrum vir Afrika-entrepreneurskap (AGCAE) .....	259
4. Die Buro vir Ekonomiese Ondersoek (BEO) .....	259
5. Instituut vir Toekomsnavorsing (IFR).....	260
6. Laboratorium vir Afrika se Ekonomiese Geskiedenis (LEAP) .....	260
7. Sentrum vir Konflik en Samewerking .....	260
8. Sentrum vir Korporatiewe Bestuur in Afrika .....	260
9. Sentrum vir Mededingingsreg en Ekonomie .....	260
10. Sentrum vir Meerdimensionele Datavisualisering (MuViSu).....	261
11. Sentrum vir Plaaslikebestuurstoestig .....	261
12. Sentrum vir Statistiese Konsultasie .....	261
13. Sentrum vir Verantwoordelike Leierskapstudie (Afrika) .....	261
14. Sentrum vir Volhoubaarheidsoorgange (CST).....	261
15. Teenkorrupsie-sentrum vir Opvoeding en Navorsing aan die Universiteit Stellenbosch (ACCERUS) .....	262

## **Bylaag A ..... 263**

Voorgraadse voorvereiste-, newevereiste- en slaagvoorvereistemodules .....	263
----------------------------------------------------------------------------	-----

## **Bylaag B .....274**

Modulespesifieke inligting vir oorskakeling tussen voorgraadse programme .....	274
--------------------------------------------------------------------------------	-----

## **Bylaag C ..... 276**

Oorskakeling (artikulasie) tussen BDatSci-fokusareas.....	276
-----------------------------------------------------------	-----



<b>Bylaag D .....</b>	<b>279</b>
Voorgraadse modulevereistes vir nagraadse programme .....	279
<b>Alfabetiese Lys van Voorgraadse Vakke .....</b>	<b>282</b>

# Hoe om hierdie Jaarboekdeel te gebruik

Hierdie afdeling gee vir jou riglyne oor waar om bepaalde inligting in die verskeie hoofstukke in hierdie deel van die Universiteitsjaarboek te vind. Raadpleeg die inhoudsopgawe vir die bladsynommers van die hoofstukke waarna hieronder verwys word.

## 1. Waar om inligting te vind

### 1.1 Voornemende voorgraadse studente

- Die Algemene Inligting-hoofstuk bevat inligting oor:
  - Die struktuur van die Fakulteit met 'n uiteensetting van die verskillende departemente, skole en sentrums;
  - Die graad- en diplomaprogramme wat deur die Fakulteit aangebied word;
  - Kommunikasie met die Fakulteit en die Universiteit, wat 'n verduideliking van die begrippe "aansoeknommer" en "studentenommer" asook relevante kontakbesonderhede waarheen jy belangrike navrae kan rig, insluit;
  - Taal aan die Universiteit; en
  - Die erkenning van vorige leer en waar jy meer daarvoor kan uitvind.
- Die Voorgraadse Programme-hoofstuk bevat inligting oor:
  - Hoe die Universiteit en die Fakulteit voorgraadse inskrywingsgetalle bestuur, hoe om die regte modules vir jou program te kies en ander algemene sake wat vir al die voorgraadse programme geld;
  - Die Fakulteit se voorgraadse studieprogramme;
  - Die minimum toelatingsvereistes vir die onderskeie studieprogramme; en
  - Vakke en modules wat studente per jaargang vir die verskillende studieprogramme moet volg, met keuses waar van toepassing.
- Die Vakke, Modules en Module-inhoude-hoofstuk bevat:
  - 'n Verduideliking van vak- en modulename en hulle kodes;
  - Definisies van slaagvoorvereiste-, voorvereiste- en newevereistemodules; en
  - 'n Beskrywing van elkeen van die voorgraadse modules wat deel vorm van die programme wat deur die Fakulteit aangebied word.
- 'n Alfabetiese lys van voorgraadse vakke verskyn agter in hierdie Jaarboekdeel.
- Bylaag A en Bylaag D lys die voorvereistes vir voorgraadse modules en nagraadse programme wat jy moontlik later wil volg. Bylaag B bevat modulespesifieke inligting wat relevant is indien jy van een program na 'n ander wil oorskakel (artikuleer).

### 1.2 Voornemende nagraadse studente

- Die Algemene Inligting-hoofstuk bevat inligting oor:
  - Die struktuur van die Fakulteit met 'n uiteensetting van die verskillende departemente, skole en sentrums;
  - Kommunikasie met die Fakulteit en die Universiteit, wat 'n verduideliking van die begrippe "aansoeknommer" en "studentenommer" asook relevante kontakbesonderhede waarheen jy belangrike navrae kan rig, insluit;
  - Taal aan die Universiteit; en
  - Die erkenning van vorige leer en waar jy meer daarvoor kan uitvind.
- Die Nagraadse Programme-hoofstuk bevat inligting oor:
  - Algemene sake wat alle nagraadse programme raak en waar om meer daarvoor uit te vind;
  - Die beskikbare nagraadse studieprogramme in die Fakulteit;
  - Die minimum toelatingsvereistes vir die onderskeie studieprogramme;
  - Spesifieke inligting vir afsonderlike programme;
  - Elke program se tuisdepartement en kontakbesonderhede; en
  - Vakke en modules wat vir die verskillende studieprogramme gevolg moet word, met keuses waar van toepassing.
- Bylaag D lys die voorvereiste voorgraadse modules vir nagraadse programme.

### 1.3 Geregistreerde voorgraadse studente

- Die Algemene Inligting-hoofstuk bevat inligting oor:
  - Kommunikasie met die Fakulteit en die Universiteit met relevante kontakbesonderhede waarheen jy belangrike navrae kan rig;
  - Taal aan die Universiteit.
- Die Voorgraadse Programme-hoofstuk bevat inligting oor:
  - Assessering en die vereistes om 'n hoofvak te slaag, asook die vereistes vir hertoelating na afloop van onsuksesvolle studie;
  - Dekaaansvergunningsassesserings en vereistes vir finalejaarstudente rakende registrasie by 'n ander universiteit vir 'n enkele uitstaande module;
  - Die Fakulteit se voorgraadse studieprogramme en hulle kredietladings; en
  - Vakke en modules wat studente per jaargang vir die verskillende studieprogramme moet volg, met keuses waar van toepassing.
- Die Vakke, Modules en Module-inhoude-hoofstuk bevat:
  - 'n Verduideliking van vak- en modulename en hulle kodes;
  - Die afkortings en definisies wat vir die doseerlading van individuele modules gebruik word;
  - 'n Aanduiding by die individuele modules wat die doseerlading daarvan is;
  - Definisies van slaagvoorvereiste-, voorvereiste- en newevereistemodules, asook 'n aanduiding by die individuele modules watter van hierdie vereistes daarvoor geld, indien enige.
  - 'n Beskrywing van elkeen van die voorgraadse modules wat deel vorm van die programme wat deur die Fakulteit aangebied word.
- 'n Alfabetiese lys van voorgraadse vakke verskyn agter in hierdie Jaarboekdeel.
- Bylaag A en Bylaag D lys die voorvereistes vir voorgraadse modules en nagraadse programme wat jy moontlik later wil volg. Bylaag B bevat modulespesifieke inligting wat relevant is indien jy van een program na 'n ander wil oorskakel (artikuleer). Bylaag C verskaf inligting oor die oorskakeling na 'n ander fokusarea in die BDatSci-program.

### 1.4 Geregistreerde nagraadse studente

- Die Nagraadse Programme-hoofstuk bevat inligting oor:
  - Algemene sake wat alle nagraadse programme raak en waar om meer daaroor uit te vind;
  - Die beskikbare nagraadse studieprogramme in die Fakulteit;
  - Vakke en modules wat vir die verskillende studieprogramme gevolg moet word, met keuses waar van toepassing; en
  - Die Nagraadse Skool van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (GEM).

# Algemene Inligting

## 1. Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Sedert sy totstandkoming in 1925 het die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW) van slegs 15 studente tot meer as 8 500 gegroei. Dit is die grootste van die Universiteit Stellenbosch se tien fakulteite. Die Fakulteit bevorder die ontwikkeling van etiese, betrokke, innoverende toekomstige leiers en entrepreneurs deur uitmuntende gegraduateerdes te lewer wat toegegerus is om die sakesektor en samelewing te dien.

### 1.1 Struktuur van die Fakulteit

Die Fakulteit bestaan uit vyf akademiese departemente, drie skole en twee sentrums wat vir onderrig en navorsing verantwoordelik is. Twaalf navorsingsentrums, 'n buro, 'n laboratorium en 'n instituut verbreed hierdie aanbod. Die departemente, skole en sentrums in die Fakulteit is:

- Afrika Sentrum vir Inklusiewe Gesondheidsbestuur,
- Departement Bedryfsielkunde,
- Departement Ekonomie,
- Departement Logistiek,
- Departement Ondernemingsbestuur,
- Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap,
- Sentrum vir Volhoubaarheidsoorgange (CST)
- Skool vir Publieke Leierskap (SPL),
- Skool vir Rekeningkunde,
- Stellenbosch Besigheidskool.

Die akademiese programme wat in hierdie Jaarboekdeel beskryf word, word deur bogenoemde departemente, skole en sentrums aangebied. Verskeie interdisiplinêre programme loop oor departemente, skole en sentrums heen en daar is ook programme wat in samewerking met ander fakulteite in die Universiteit aangebied word. Daarom word daar aan elke program 'n tuisdepartement toegeken. Aan die begin van elkeen van die twee hoofstukke wat handel oor die voorgraadse en nagraadse programme van die Fakulteit, is daar 'n tabel wat al die programme en hulle tuisdepartemente aantoon.

Al die departemente, asook die Skool vir Rekeningkunde, word op die Stellenbosch-kampus gehuisves. Die SPL en Stellenbosch Besigheidskool is albei in Bellville geleë. Verder word sommige programme van die SPL op die Stellenbosch-kampus en by die Volhoubaarheidsinstituut by Lynedoch, buite Stellenbosch, aangebied. Sien die programmehoofstukke vir besonderhede.

### 1.2 Graadprogramme van die Fakulteit

Die tabel hieronder gee 'n breë uiteensetting van die graadprogramme in die Fakulteit en hoe hulle op mekaar volg. Kyk in die hoofstuk oor nagraadse programme vir die bepaalde spesialisrigtings op elke nagraadse vlak.

B-grade	HonsB-grade	M-grade	D-grade
BCom	HonsBCom	MCom	PhD
BCom (Bestuurswetenskappe)	HonsBCom	MCom	PhD
BCom (Ekonomiese Wetenskappe)	HonsBCom	MCom	PhD
BCom (Wiskundige Wetenskappe)	HonsBCom	MCom	PhD
BCom (Aktuariële Wetenskap)	HonsBCom	MCom	PhD
BRek	HonsBRek	MRek	PhD
BCom (Bestuursrekeningkunde)	HonsBCom	MCom	PhD
BCom (Finansiële Rekeningkunde)	HonsBCom*	MCom	PhD
BCom (Bedryfsielkunde)	HonsBCom	MCom	PhD
BCom (Internasionale Besigheid)	HonsBCom	MCom	PhD
BCom (Regsgeleerdheid)	HonsBCom	MCom	PhD
BRekLLB	HonsBRek	LLM of MRek	LLD of PhD
BDatSci		MCom	PhD
		MBA	PhD
	HonsBPubAdmin	MPA	PhD

\* Hierdie program word tans nie aangebied nie.

## 1.3 Diplomaprogramme van die Fakulteit

- Diploma in Openbare Verantwoordbaarheid
- Diploma in Volhoubare Ontwikkeling
- Gevorderde Diploma in Publieke Verantwoordbaarheid
- Gevorderde Diploma in Volhoubare Ontwikkeling
- Nagraadse Diploma in Aktuariële Wetenskap
- Nagraadse Diploma in Bemarking
- Nagraadse Diploma in Besigheidsbestuur en -administrasie
- Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning
- Nagraadse Diploma in Leierskapontwikkeling
- Nagraadse Diploma in MIV/Vigs-bestuur
- Nagraadse Diploma in Omgewingsbestuur
- Nagraadse Diploma in Ontwikkelingsfinansies
- Nagraadse Diploma in Openbare Finansiële Bestuur
- Nagraadse Diploma in Projekbestuur
- Nagraadse Diploma in Rekeningkunde
- Nagraadse Diploma in Strategiese Menslikehulpbronbestuur
- Nagraadse Diploma in Toekomststudie
- Nagraadse Diploma in Vervoer en Logistiek
- Nagraadse Diploma in Volhoubare Ontwikkeling

## 2. Hoe om met die Fakulteit te kommunikeer

### 2.1 Belangrike kontakligting van die Fakulteit

Die Fakulteit se direkte kontakbesonderhede volg in die tabel hieronder. Stuur korrespondensie asseblief elektronies na die aangewese e-posadres. Vir algemene navrae, of as jy nie weet presies wie in die Fakulteit om te kontak nie, rig asseblief jou navraag aan die Universiteit se kliëntedienssentrum by 021 808 9111 of [info@sun.ac.za](mailto:info@sun.ac.za).

	Telefoonnommer	E-posadres
<b>Fakulteitsbestuur</b>		
<b>Waarnemende Dekaan</b>		
Prof Pieter von Wielligh	021 808 2248	deanems@sun.ac.za
<b>Persoonlike Assistent</b>		
Me Bernadette Petersen	021 808 9564	bernadettepetersen@sun.ac.za
<b>Visedekaan (Leer en Onderrig)</b>		
Prof Ada Jansen	021 808 2737	ada@sun.ac.za
<b>Visedekaan (Navorsing, Nagraadse Sake en Internasionalisering)</b>		
Prof Dieter von Fintel	021 808 2242	dieter2@sun.ac.za
<b>Fakulteitsdirekteur</b>		
Mnr MJ Brooks	021 808 2078	mjbrooks@sun.ac.za
<b>NAVRAE</b>		
<b>Algemene Navrae</b>		
Kliëntedienssentrum	021 808 9111	info@sun.ac.za
<b>Fakulteitsadministrateur</b>		
Me Lauren Delport	021 808 9111	registrarems@sun.ac.za
Mnr Meyrick Balie	021 808 9111	registrarems@sun.ac.za
Me Nadia Cassiem	021 808 9111	registrarems@sun.ac.za
<b>Studentesakebeampte</b>		
Me Ilse Frans	021 808 9525	emsinfo@sun.ac.za

Telefoonnommer		E-posadres
<b>Departemente</b>		
<b>Departement Bedryfsielkunde</b>		
<b>Voorsitter</b>		
Prof Crystal Hoole	021 808 3001	choole@sun.ac.za
<b>Sekretaresse</b>		
Me Portia Adonis	021 808 3012	indpsych@sun.ac.za
<b>Departement Ekonomie</b>		
<b>Voorsitter</b>		
Prof Sophia du Plessis	021 808 2204	sophia@sun.ac.za
<b>Sekretaresse</b>		
Me Ina Kruger	021 808 2247	gmkruger@sun.ac.za
<b>Departement Logistiek</b>		
<b>Waarnemende Voorsitter</b>		
Prof Stephan Visagie	021 808 2254	svisagie@sun.ac.za
<b>Senior Administratiewe Beampte</b>		
Mnr Jacquin Flandorp	021 808 3911	jacquin@sun.ac.za
<b>Departement Ondernemingsbestuur</b>		
<b>Voorsitter</b>		
Prof Gert Human	021 808 2218	ghuman@sun.ac.za
<b>Sekretaresse</b>		
Me Lorraine Cilliers	021 808 2026	lorrainecilliers@sun.ac.za
<b>Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap</b>		
<b>Voorsitter</b>		
Prof Justin Harvey	021 808 9082	jharvey@sun.ac.za
<b>Sekretaresse</b>		
Me Elizna Huysamen	021 808 3244	krugere@sun.ac.za
<b>Skole</b>		
<b>Skool vir Publieke Leierskap (SPL)</b>		
<b>Direkteur</b>		
Prof Zwelinzima Ndevu	021 918 4129	zwelinzima@sun.ac.za
<b>Ontvangs (SPL, Bellville)</b>		
Me Sharon Sheldon	021 918 4122	sharon.sheldon@spl.sun.ac.za
<b>Sekretaresse (Perold-gebou, Stellenbosch)</b>		
Me Adell Rhode	021 808 2195	athomas@sun.ac.za
<b>Skool vir Rekeningkunde</b>		
<b>Waarnemende Direkteur</b>		
Prof Stiaan Lamprecht	021 808 3844	clam@sun.ac.za
<b>Sekretaresse</b>		
Me Liesl de Villiers	021 808 3889	ldevilliers@sun.ac.za
<b>Stellenbosch Besigheidskool</b>		
<b>Waarnemende Direkteur</b>		
Prof Charles Adjasi	021 918 4288	charlesa@stellenboschbusiness.ac.za
<b>Sekretaresse</b>		
Me Jeanne Kuhn	021 918 4288	jeannek@stellenboschbusiness.ac.za

	Telefoonnommer	E-posadres
<b>Navorsings- en Diensinstansies</b>		
<b>Afrika Sentrum vir Inklusiewe Gesondheidsbestuur</b>		
<b>Waarnemende Direkteur</b>		
Dr Burt Davis	021 808 3707	burt@sun.ac.za
<b>Sekretaresse</b>		
Me Bianca Jacobs	021 808 3006	bianca@sun.ac.za
<b>Afrika Sentrum vir Ontwikkelingsfinansies</b>		
<b>Direkteur</b>		
Dr Elizabeth Nanziri	021 918 4255	elizabethn@stellenboschbusiness.ac.za
<b>Allan Gray Sentrum vir Afrika-entrepreneurskap</b>		
<b>Direkteur</b>		
Dr Phumlani Nkontwana	021 808 4338	pnkontwana@spl.sun.ac.za
<b>Sekretaresse</b>		
Me Tyra Cole	021 808 2084	tyracole@spl.sun.ac.za
<b>Buro vir Ekonomiese Ondersoek (BEO)</b>		
<b>Direkteur</b>		
Prof Johann Kirsten	021 808 9754	jkirsten@sun.ac.za
<b>Kontakpersoon</b>		
Me Celeste Booysen	021 808 9772	cbooyesen@sun.ac.za
<b>Instituut vir Toekomsnavorsing (IFR)</b>		
<b>Direkteur</b>		
Me Doris Viljoen	021 918 4156	doris@ifr.sun.ac.za
<b>Kontakpersoon</b>		
Me Heilet Bertrand	021 918 4151	heiletb@ifr.sun.ac.za
<b>Laboratorium vir Afrika se Ekonomiese Geskiedenis (LEAP)</b>		
<b>Direkteur</b>		
Prof Johan Fourie	021 808 3590	johanf@sun.ac.za
<b>Navrae</b>		
	021 808 3590	leap@sun.ac.za
<b>Sentrum vir Konflik en Samewerking</b>		
<b>Direkteur</b>		
Prof Brian Ganson	021 918 4287	bganson@sun.ac.za
<b>Kontakpersoon</b>		
Me Surita Basson	021 918 4228	sbasson@stellenboschbusiness.ac.za
<b>Sentrum vir Korporatiewe Bestuur in Afrika</b>		
<b>Direkteur</b>		
Prof Nicolene Wesson	021 918 4468	nwesson@stellenboschbusiness.ac.za
<b>Sekretaresse</b>		
Me Surita Basson	021 918 4228	sbasson@stellenboschbusiness.ac.za
<b>Sentrum vir Mededingingsreg en Ekonomie</b>		
<b>Kontakpersoon</b>		
Prof Willem Boshoff	021 808 2387	wimpie2@sun.ac.za
<b>Sentrum vir Meerdimensionele Datavisualisering</b>		
<b>Kontakpersoon</b>		
Prof Sugnet Lubbe	021 808 3024	slubbe@sun.ac.za
<b>Sentrum vir Opvoeding en Navorsing teen Korrupsie by die Universiteit Stellenbosch (ACCERUS)</b>		
<b>Direkteur</b>		
Prof Pregala Pillay	021 808 3602	pregala@spl.sun.ac.za

	Telefoonnommer	E-posadres
<b>Sentrum vir Plaaslike Bestuurstoesig</b>		
<b>Direkteur</b>		
Prof Tania Ajam	021 918 4122	tajam@spl.sun.ac.za
<b>Kontakpersoon</b>		
Mnr Johnny Douglas	021 918 4122	johnnyd@spl.sun.ac.za
<b>Sentrum vir Statistiese Konsultasie</b>		
<b>Direkteur en kontakpersoon</b>		
Vakant		
<b>Sentrum vir Verantwoordelike Leierskapstudie (Afrika)</b>		
<b>Direkteur en kontakpersoon</b>		
Prof Mias de Klerk	021 918 4319	mias@stellenboschbunisess.ac.za
<b>Sentrum vir Volhoubaarheidsoorgange (CST)</b>		
<b>Mededirekteur</b>		
Prof Mark Swilling	021 808 9607	swilling@sun.ac.za
<b>Mededirekteur</b>		
Prof Reinette Biggs	021 808 9607	oonsie@sun.ac.za
<b>Kontakpersoon</b>		
Me Amanda October	021 808 9607	aaoctober@sun.ac.za

## 2.2 Fakulteitswebblaaie

Vir meer inligting oor die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, insluitende skakels na die webblaaie van die verskillende afdelings, besoek [www.sun.ac.za/ebw](http://www.sun.ac.za/ebw).

## 3. Hoe om met die Universiteit te kommunikeer

### 3.1 Voornemende studente

- Wanneer jy aansoek doen om by die Universiteit te studeer, ken die Universiteit aan jou 'n aansoeknommer toe (byvoorbeeld APP/1234567).
- Die aansoeknommer is 'n unieke nommer om jou te identifiseer en sodoende toekomstige kommunikasie met die Universiteit oor al jou programaansoeke van 'n gegewe jaar te vergemaklik.
- Gebruik jou aansoeknommer elke keer wanneer jy met die Universiteit kommunikeer.

### 3.2 Huidige of voormalige Universiteit Stellenbosch-studente

- Wanneer jy aansoek doen om by die Universiteit te studeer, ken die Universiteit aan jou 'n studentenommer toe.
- Die studentenommer is 'n unieke nommer om jou te identifiseer en sodoende toekomstige kommunikasie met die Universiteit te vergemaklik.
- Gebruik jou studentenommer elke keer wanneer jy met die Universiteit kommunikeer.

### 3.3 Kontakbesonderhede vir navrae oor jou studies, beurse en lenings, en koshuisplasinge

E-pos: [info@sun.ac.za](mailto:info@sun.ac.za)

Telefoon: 021 808 9111

Besoek die Universiteit Stellenbosch se webwerf by [www.sun.ac.za](http://www.sun.ac.za).

## 4. Taal aan die Universiteit

Die Universiteit Stellenbosch (US) is verbind tot die omgang met kennis in 'n diverse samelewing en streef deur die Taalbeleid daarna om billike toegang tot die US uit te brei vir alle studente en personelede. Meertaligheid word as 'n belangrike onderskeidende kenmerk van die US bevorder. Afrikaans, Engels en isiXhosa word in akademiese, administratiewe, professionele en sosiale kontekste gebruik. Pedagogies verantwoordbare onderrig en leer word deur middel van Afrikaans en Engels gefasiliteer.

Meer inligting oor taal aan die US is beskikbaar op die webwerf [www.sun.ac.za/taal](http://www.sun.ac.za/taal).



## 5. Erkenning van vorige leer (EVL) en kredietakkumulاسie en -oordrag (KAO)

Die Fakulteit kan by sommige programme 'n beperkte aantal studente toelaat wat nie aan die vasgestelde toelatingsvereistes vir daardie program voldoen nie, maar wat oor ander bewese en vergelykbare bevoegdheids beskik (hierdie proses val onder die erkenning van vorige leer (EVL)). Dit is ook moontlik om 'n aantal krediete van ander hoëronderriginstellings oor te dra indien aan die vereistes voldoen word (hierdie proses val onder kredietakkumulاسie en -oordrag (KAO)).

As eerste stappe in die EVL/KAO-proses, kan jy die Universiteit en die Fakulteit se onderskeie EVL/KAO-regulasies raadpleeg. Besoek:

- [www.sun.ac.za/english/learning-teaching/ctl/t-l-policies-and-guidelines/institutional](http://www.sun.ac.za/english/learning-teaching/ctl/t-l-policies-and-guidelines/institutional), vir die Universiteitsregulasie (klik op "Afrikaans" regs bo om die taal te verander); en
- [www.sun.ac.za/ebw](http://www.sun.ac.za/ebw), onder "Voornemende studente", vir die Fakulteitsregulasie.

Sommige omgewings, soos die Skool vir Publieke Leierskap, Sentrum vir Volhoubaarheidsoorgange (CST), Departement Bedryfsielkunde en Stellenbosch Besigheidskool het ook hulle eie kriteria ontwikkel wat deel vorm van die Fakulteit se prosedures. Dit moet saam met die Universiteit se EVL/KAO-regulasie gelees word. Vir meer inligting, skakel asseblief direk met die betrokke omgewing.

Let asseblief op dat goedkeuring volgens die EVL/KAO-regulasies heelwat bykomende dokumente en inligting vereis, en ook lank neem. Daarbenewens, en afhangende van jou profiel, kan omgewings ook bykomende werk vir jou voorskryf om te voltooi voordat hulle jou EVL/KAO-aansoek sal oorweeg.

Neem kennis dat hierdie regulاسies van die Universiteit en Fakulteit tans hersien word.

# Voorgraadse Programme

## 1. Algemene inligting vir alle voorgraadse programme

### 1.1 Opsomming van voorgraadse programme en hulle kredietladings

Die onderstaande tabel som die Fakulteit se voorgraadse programme en die minimum aantal krediete wat vir elkeen verwerf moet word op. Kyk by die afsonderlike programbeskrywings verder aan in hierdie hoofstuk vir meer besonderhede.

Let asseblief op dat **slegs die minimum aantal vereiste krediete** hieronder gemeld word. Die werklike aantal krediete wat vir graaddoeleindes vereis word, sal deur jou spesifieke modulekombinasie en gepaardgaande voor-, newe- en slaagvoorvereistes bepaal word.

Program <i>Tuisdepartement</i>	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	Totale krediete
<b>Diplomaprogramme</b>						
Dip (Openbare Verantwoordbaarheid) <i>Skool vir Publieke Leierskap</i>	120	120				240
Dip (Volhoubare Ontwikkeling) <i>Skool vir Publieke Leierskap</i>	120	120	120			360
<b>Gevorderde Diplomaprogramme</b>						
Gevorderde Diploma in Publieke Verantwoordbaarheid <i>Skool vir Publieke Leierskap</i>	120					120
Gevorderde Diploma in Volhoubare Ontwikkeling <i>Skool vir Publieke Leierskap</i>	120					120
<b>Breë graadprogramme</b>						
BCom <i>Dept. Ondernemingsbestuur</i>	120	120	120			360
BCom (Bestuurswetenskappe) <i>Dept. Ondernemingsbestuur</i>	126	128	120			374
BCom (Ekonomiese Wetenskappe) <i>Dept. Ekonomie</i>	120	128	120			368
BCom (Wiskundige Wetenskappe) <i>Dept. Statistiek en Aktuariële Wetenskap</i>	128	128	120			376
BCom (Internasionale Besigheid) <i>Dept. Ondernemingsbestuur</i>	120	144	132	120		516
BDatSci <i>Verskeie fakulteite en departemente</i>	120	128	128	122		498
<b>Professionele graadprogramme</b>						
BCom (Aktuariële Wetenskap) <i>Dept. Statistiek en Aktuariële Wetenskap</i>	154	136	144			434
BCom (Bedryfsielkunde) <i>Dept. Bedryfsielkunde</i>	138	128	144			410
BCom (Bestuursrekeningkunde) <i>Skool vir Rekeningkunde</i>	120	128	143			391
BCom (Finansiële Rekeningkunde) <i>Skool vir Rekeningkunde</i>	120	127	143			390
BRek <i>Skool vir Rekeningkunde</i>	138	156	158			452

Program <i>Tuisdepartement</i>	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	Totale krediete
<b>Graadprogramme met regsgeleerdheid</b>						
BCom (Regsgeleerdheid) ( <i>vir studente wat in 2022 en daarna geregistreer het</i> ) <i>Fakulteit Regsgeleerdheid</i>	144	130	150			424
BCom (Regsgeleerdheid) ( <i>vir studente wat voor 2022 geregistreer het</i> ) <i>Fakulteit Regsgeleerdheid</i>	160	144	154			458
BRekLLB ( <i>vir studente wat in 2022 en daarna geregistreer het</i> ) <i>Skool vir Rekeningkunde &amp; Fakulteit Regsgeleerdheid</i>	162	151	168	170	172	823
BRekLLB ( <i>vir studente voor 2022 geregistreer het</i> ) <i>Skool vir Rekeningkunde &amp; Fakulteit Regsgeleerdheid</i>	168	158	174	176	176	852
<b>Baccalaureusprogram wat aangebied word oor vier jaar (VKP)</b>						
BCom (Bestuurswetenskappe)-VKP <i>Dekaanskantoor</i>	98	104	102	120		424

## 1.2 Opsomming van minimum toelatings- en keuringsvereistes vir voorgraadse programme in 2025

Hierdie afdeling gee 'n oorsig van die minimum toelatingsvereistes vir al die voorgraadse programme in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Dit dui ook vlugtig aan waar programme 'n programspesifieke keuringsproses volg. Let egter op dat alle aansoeke deur 'n algemene keuringsproses gaan. Al voldoen jy dus aan die minimum toelatingsvereistes van 'n betrokke program, kan dit gebeur dat jy nie tot die program toegelaat word nie. Kyk hieronder by "Hoe die Universiteit voorgraadse inskrywingsgetalle bestuur" vir die beweegredes agter keuring. Die keuringskriteria wat deur die Fakulteit toegepas word, is ook beskikbaar op die Fakulteit se webblad by [www.sun.ac.za/ebw](http://www.sun.ac.za/ebw).

Punte behaal vir die skooleindsertifikaat van die Onafhanklike Eksamineringsraad (IEB) is gelykstaande aan punte behaal vir die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) en beide word deur Umalusi gesertifiseer. Jou IEB-punte hoef dus nie na NSS-punte omgeskakel te word om aan die Fakulteit se minimumtoelatingsvereistes te voldoen nie. IEB-punte kan onveranderd in plaas van NSS-punte gebruik word.

### Afkortings wat gebruik word

EBW: Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

NSS: Nasionale Senior Sertifikaat

### Minimum EBW-taaltoelatingsvereistes\*

\* Hierdie vereistes geld vir die meeste voorgraadse graadprogramme. By die toelatingsvereistes hieronder word jy met 'n asterisk (\*) hierheen terugverwys.

Een van die volgende:

- Afrikaans Huistaal 50% of
- Engels Huistaal 50% of
- Afrikaans Eerste Addisionele Taal 70% of
- Engels Eerste Addisionele Taal 70%

### Dip (Openbare Verantwoordbaarheid)

#### Toelatingsvereistes

- 'n NSS met een van die volgende:
  - Minstens vlak 3 (40%) in Engels (die taal van leer en onderrig) en in **drie** ander NSS-vakke, Lewensoriëntering uitgesluit; of
  - Minstens vlak 2 (30%) in Engels (die taal van leer en onderrig) en minstens vlak 3 (40%) in **vier** ander NSS-vakke, Lewensoriëntering uitgesluit, plus drie jaar relevante werkservaring;
- Enige hoëronderrig-kwalifikasie wat jy suksesvol voltooi het, met ander woorde 'n hoër sertifikaat, diploma of graad.

#### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word onder meer bepaal deur personeelkapasiteit en die Skool se beskikbare hulpbronne, asook akademiese meriete en die Universiteit se transformasiedoelwitte.

Indien die getal aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Skool se kapasiteit oorskry, sal verdere keuringskriteria en -prosesse toegepas word

### Dip (Volhoubare Ontwikkeling)

#### Toelatingsvereistes

- 'n NSS-gemiddelde van minstens 55%, Lewensoriëntering uitgesluit
- Wiskunde 50% *of*  
Wiskundige Geletterdheid 60% *of*  
Wiskunde 40% *of* Wiskunde Geletterdheid 50% en 60% vir Besigheidstudies of Ekonomie of Rekeningkunde
- Engels Huistaal 50% *of*  
Engels Eerste Addisionele Taal 60%

#### Keuring

Keuring word intern deur die Skool vir Publieke Leierskap hanteer. Die getal studente wat gekeur word, word onder meer bepaal deur personeelkapasiteit en die Skool se beskikbare hulpbronne, asook akademiese meriete en die Universiteit se transformasiedoelwitte.

'n Komitee keur aansoekers op grond van 'n gekombineerde telling. Die gekombineerde telling word bepaal deur jou akademiese meriete (NSS-gemiddeld), en die belangstelling en ervaring wat jy demonstreer in sleutelareas (soos aangedui op die Skool se aansoekvorm). Sleutelareas sluit in: volhoubare ontwikkeling, sosiale en omgewingsgeregtigheid, entrepreneursgesindheid, kreatiwiteit en leierskap.

### Gevorderde Dip (Publieke Verantwoordbaarheid)

#### Toelatingsvereistes

- Diploma in Publieke Verantwoordbaarheid (240 krediete) *plus* werk-geïntegreerde leer gelykstaande (120 krediete);  
*of*
- Enige openbaresektor-verwante diploma of graad;  
*of*
- 'n Diploma of graad in enige rigting *met* toepaslike werkservaring en opleiding in die openbare sektor. Jou werkservaring en opleiding sal met behulp van 'n proses vir die erkenning van vorige leer (EVL) bepaal word.

#### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word onder meer bepaal deur personeelkapasiteit en die Skool se beskikbare hulpbronne, asook akademiese meriete en die Universiteit se transformasiedoelwitte.

Indien die getal aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Skool se kapasiteit oorskry, sal verdere keuringskriteria en -prosesse toegepas word

### Gevorderde Dip (Volhoubare Ontwikkeling)

#### Toelatingsvereistes

- 'n Diploma (NKR-vlak 6) of baccalaureusgraad (NKR-vlak 7) van 'n erkende tersiêre instelling waarvan die vakke/veld bely is met die fokus van die Gevorderde Diploma, byvoorbeeld volhoubare ontwikkeling, entrepreneurskap, besigheidstudies, ekonomie of innovasie.

#### Verdere vereiste

- Toegang tot 'n rekenaar en stabiele internetverbinding vir aanlyn leer.

#### Keuring

Keuring word intern deur die Skool vir Publieke Leierskap hanteer. Die getal studente wat gekeur word, word onder meer bepaal deur personeelkapasiteit en die Skool se beskikbare hulpbronne, asook akademiese meriete en die Universiteit se transformasiedoelwitte.

'n Komitee keur aansoekers op grond van 'n gekombineerde telling. Die gekombineerde telling word bepaal deur jou akademiese meriete en die ervaring wat jy demonstreer in sleutelareas. Sleutelareas sluit in: volhoubare ontwikkeling, sosiale en omgewingsgeregtigheid, entrepreneursgesindheid, kreatiwiteit en leierskap.

### BCom (Bestuurswetenskappe), BCom (Ekonomiese Wetenskappe) en BCom (Bedryfsielkunde)

#### Toelatingsvereistes

- 'n NSS-gemiddelde van minstens 65%, Lewensoriëntering uitgesluit
- Wiskunde 60%
- Minimum EBW-taaltoelatingsvereistes\*

### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word bepaal deur die Fakulteit se inskrywingsplan en kan jaarliks verskil.

Indien die getal aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Fakulteit se inskrywingsplan oorskry, sal verdere keuringskriteria en -prosesse toegepas word.

### BCom (Bestuursrekeningkunde) en BCom (Finansiële Rekeningkunde)

#### Toelatingsvereistes

- 'n NSS-gemiddelde van minstens 65%, Lewensoriëntering uitgesluit
- Wiskunde 60%
- Minimum EBW-taaltoelatingsvereistes\*

### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word bepaal deur die Fakulteit se inskrywingsplan en kan jaarliks verskil.

Indien die getal aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Fakulteit se inskrywingsplan oorskry, sal verdere keuringskriteria en -prosesse toegepas word.

### BCom (Bestuurswetenskappe) Verlengdekurrikulumprogram (VKP)

#### Toelatingsvereistes

- 'n NSS-gemiddelde van minstens 60%, Lewensoriëntering uitgesluit
- Wiskunde 50%
- Minimum EBW-taaltoelatingsvereistes\*

### Keuring

Jy moet aan die minimum toelatingsvereistes van die VKP voldoen en jy sal voorkeur kry as jy ook voldoen aan die sosio-ekonomiese-status- (SES-)vereistes van die Universiteit se toelatingsbeleid en aan die SES-vlak wat deur die Universiteit bepaal word.

Ongeveer 100 studente kan per jaar vir hierdie program gekeur word. Die getal studente wat gekeur word, word bepaal deur die Fakulteit se inskrywingsplan en kan jaarliks verskil.

Indien die getal aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Fakulteit se inskrywingsplan oorskry, sal verdere keuringskriteria en -prosesse toegepas word.

#### *Let asseblief op:*

- Slegs Suid-Afrikaanse burgers mag vir hierdie program registreer.
- As jy van jou graad 12-vakke (NSS of 'n gelykstaande kurrikulum) herhaal het om jou punte te verbeter (deur 'n oorbruggingsprogram of op enige ander manier), sal jy nie toegelaat word om vir die VKP te registreer nie.

### BCom (Internasionale Besigheid)

#### Toelatingsvereistes

- 'n NSS-gemiddelde van minstens 80%, Lewensoriëntering uitgesluit
- Wiskunde 70%
- Engels Huistaal 70% of  
Engels Eerste Addisionele Huistaal 80%

### Keuring

Die program BCom (Internasionale Besigheid) is 'n keuringsprogram met vaste kriteria waaraan jy moet voldoen om van een akademiese jaar na die volgende te vorder.

Die getal studente wat gekeur word, word bepaal deur die Fakulteit se inskrywingsplan en kan jaarliks verskil. Indien die getal aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Fakulteit se inskrywingsplan oorskry, sal verdere keuringskriteria en -prosesse toegepas word.

#### *Let asseblief op:*

Dit is slegs moontlik om vanaf 'n ander program na die BCom (Internasionale Besigheid)-program oor te skakel (1) indien jy aan die minimum toelatingsvereistes voldoen en (2) indien die maksimum aantal inskrywings nie oorskry word nie. Indien jy wil oorskakel na hierdie program en jy voldoen aan die minimum toelatingsvereistes, stuur asseblief jou versoek na me Lauren Delpont (registrarems@sun.ac.za) vir oorweging.

## BCom (Aktuariële Wetenskap)

### Toelatingsvereistes

- 'n NSS-gemiddelde van minstens 80% gebaseer op die ses beste vakke, Lewensoriëntering uitgesluit
- Wiskunde 80%
- Huistaal 60%
- Indien die Huistaal (van die vereiste hierbo) nie Engels is nie, dan ook Engels Eerste Addisionele Taal 75%

### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word bepaal deur die Fakulteit se inskrywingsplan en kan jaarliks verskil.

Indien die getal aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Fakulteit se inskrywingsplan oorskry, sal verdere keuringskriteria en -prosesse toegepas word.

## BCom (Wiskundige Wetenskappe)

### Toelatingsvereistes

- 'n NSS-gemiddelde van minstens 70%, Lewensoriëntering uitgesluit
- Wiskunde 75%
- Minimum EBW-taaltoelatingsvereistes\*

### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word bepaal deur die Fakulteit se inskrywingsplan en kan jaarliks verskil.

Indien die getal aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Fakulteit se inskrywingsplan oorskry, sal verdere keuringskriteria en -prosesse toegepas word.

## BDatSci

### Toelatingsvereistes

- Algemene NSS-gemiddelde van ten minste 80%, uitgesluit Lewensoriëntering
- Wiskunde 80%
- Een van die volgende:
  - Afrikaans Huistaal 60% of
  - Engels Huistaal 60% of
  - Afrikaans Eerste addisionele taal 75% of
  - Engels Eerste addisionele taal 75%

### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word bepaal deur die Fakulteit se inskrywingsplan en kan jaarliks verskil.

Indien die getal aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Fakulteit se inskrywingsplan oorskry, sal verdere keuringskriteria en -prosesse toegepas word.

## BRek

### Toelatingsvereistes

- 'n NSS-gemiddelde van minstens 70%, Lewensoriëntering uitgesluit
- Wiskunde 70% of  
Wiskunde 60% en Rekeningkunde 70%
- Minimum EBW-taaltoelatingsvereistes\*

### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word bepaal deur die Fakulteit se inskrywingsplan en kan jaarliks verskil.

Indien die getal aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Fakulteit se inskrywingsplan oorskry, sal verdere keuringskriteria en -prosesse toegepas word.

**BCom (Regsgeleerdheid)**

*Let asseblief op:* Die minimum toelatingsvereistes is dieselfde vir studente wat voor 2022 met die BCom (Regsgeleerdheid)-program begin het as vir studente wat in 2022 en daarna begin.

**Toelatingsvereistes**

- 'n Algehele gemiddeld van minstens 70%, Lewensorientering uitgesluit, in die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of skoleindsertifikaat van die Onafhanklike Eksamenraad (IEB)
- Wiskunde 60%
- Een van die volgende:
  - Engels Huistaal 60% of
  - Afrikaans Huistaal 60% of
  - Engels Eerste Addisionele Taal 70% of
  - Afrikaans Eerste Addisionele Taal 70%

**Keuring**

Hierdie program is 'n spesifieke keuringsprogram. Die Fakulteit Regsgeleerdheid doen die keuring.

**BRekLLB****Toelatingsvereistes**

- 'n Algehele gemiddeld van minstens 80%, Lewensorientering uitgesluit, in die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of skoleindsertifikaat van die Onafhanklike Eksamenraad (IEB)
- Wiskunde 70% of  
Wiskunde 60% en Rekeningkunde 70%
- Een van die volgende:
  - Engels Huistaal 60% of
  - Afrikaans Huistaal 60% of
  - Engels Eerste Addisionele Taal 70% of
  - Afrikaans Eerste Addisionele Taal 70%

**Keuring**

Hierdie program is 'n spesifieke keuringsprogram. Die Fakulteit Regsgeleerdheid doen die keuring.

### 1.3 Hoe die Universiteit voorgaadse inskrywingsgetalle bestuur

Die Universiteitsraad stel sekere teikens ten opsigte van die studierigtings en die diversiteitsprofiel van die Universiteit Stellenbosch se studentebevolking, en vir die totale getal studente aan die Universiteit. Die Universiteit bestuur dan die inskrywings van voornemende voorgaadse studente om hierdie teikens te bereik en om te verseker dat die totale getal inskrywings binne die beskikbare kapasiteit val.

Omdat die Universiteit inskrywings strategies en doelgerig bestuur, is plekke aan die Universiteit, en daarom ook die Fakulteit, beperk. Dit beteken dat, selfs al voldoen jy aan die minimum toelatingsvereistes van jou gekose program, jy nie noodwendig tot die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe toegelaat sal word nie. .

Besoek die Fakulteit se webblad by die webadres [www.sun.ac.za/ebw](http://www.sun.ac.za/ebw) vir die **keuringskriteria** wat deur die Fakulteit toegepas word.

Jy kan meer besonderhede oor die **keuringsprosedures en minimum toelatingsvereistes** vir 'n spesifieke voorgaadse program verduidelik in hierdie hoofstuk, onder die beskrywing van daardie program, kry.

### 1.4 Nasionale Normtoetse (NNT's)

Die NNT's (*NBT's* in Engels) is onafhanklike toetse wat deur hoërondewysinstellings, soos universiteite, gebruik word om eerstejaaraanzoekers te assesser. Die toetse is ontwerp om te bepaal of jy jou akademiese geletterdheid (taalvaardigheid), kwantitatiewe geletterdheid (syfervaardigheid) en wiskundige kennis op tersiêre (hoërondewys-)vlak sal kan toepas.

Jy moet al die beskikbare NNT's skryf as jy in een of meer van die volgende kategorieë val:

1. School of Tomorrow:
 

As jy 'n School of Tomorrow-aanseeker is, moet jy die NNT's aflê voor die einde van die jaar wat jou voorgenome studie voorafgaan, om te verseker dat die resultate beskikbaar is voor registrasie.
2. Fakulteit Regsgeleerdheid:
 

Indien jy aansoek doen by die Fakulteit Regsgeleerdheid moet jy die betrokke NNT's voor 16 Julie aflê:

  - BCom Regsgeleerdheid, BRekLLB – AQL & MAT
  - BA Regsgeleerdheid, LLB – AQL

Jy kan die NNT's landwyd by verskeie sentra aflê. Besoek die NNT-webblad ([www.nbt.ac.za](http://www.nbt.ac.za)) of die US se webblad ([www.maties.com](http://www.maties.com)) vir meer inligting hieroor.

## 1.5 Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Al die voorgraadse programme in die Fakulteit het dieselfde aansoekprosedure en -sluitingsdatum, behalwe waar pertinent anders gestel. Dit sluit die diplomaprogramme en verlengdekurrikulumprogram in (sien die betrokke programinskrywings vir meer inligting):

- Doen elektronies aansoek by [www.maties.com](http://www.maties.com) in die jaar voor jou voorgenome studie. Aansoeke open in April. Let asseblief op dat jy vir die Diploma in Volhoubare Ontwikkeling ook 'n departementele aansoekvorm moet voltooi.
- Alle aansoeke sluit **31 Julie**, behalwe vir die Diploma in Openbare Verantwoordbaarheid en die Gevorderde Diploma in Publieke Verantwoordbaarheid, wat **15 Desember** sluit en die Diploma in Volhoubare Ontwikkeling, wat **30 September** sluit.
- Die sluitingsdatums beteken dat jou aansoek teen hierdie datums gefinaliseer en **alle** dokumentasie ingehandig moet wees. Geen aansoeke wat die Universiteit ná die sluitingsdatum bereik, sal oorweeg word nie.

## 1.6 Kies die regte modules vir jou program en e-registrasie

Jy moet seker maak dat jy die regte aantal krediete kies vir die graad wat jy wil verwerf (kyk die tabel hierbo onder "Opsomming van voorgraadse programme en hulle kredietladings" vir die minimum aantal krediete wat per jaar vereis word). Jy moet ook seker maak dat jy elke jaar die regte voorvereiste-, newevereiste- en slaagvoorvereistemodules neem. Die tabel in Bylaag A kan jou hiermee help.

Indien jy dit oorweeg om nagraads te studeer nadat jy jou kwalifikasie verwerf het, moet jy seker maak dat jy die nodige voorgraadse modules neem vir die nagraadse program wat jy in gedagte het. Kyk die tabel in Bylaag D vir die voorvereiste voorgraadse modules vir nagraadse studie.

### 1.6.1 Fokusareas en ander modulekombinasies

Die doel van fokusareas is om jou te help om 'n spesifieke loopbaanfokus binne 'n breë program te kies. Die fokusarea is nie 'n program nie, en die modulekombinasie daarvan is slegs 'n aanbeveling sodat jy meer gefokusde modulekeuses kan maak. Indien jy ál die verpligte modules in 'n fokusarea voltooi het (vir elke jaar van studie soos aangedui in hierdie Jaarboekdeel), word die fokusarea op jou akademiese rekord aangedui. Verwys na Bylaag C vir die BDatSci-program se spesifieke vereistes vir oorskakeling (artikulasie) tussen fokusareas.

*Neem asseblief kennis:* Indien jy ander keusemodules uit die algemene program wil kies, kan jy dit slegs doen as die roosters dit toelaat – gaan dus die roosters vooraf deeglik na. Jy sal dan ook op die dag van geassisteerde registrasie persoonlik by die fakulteitsadministrateurs moet registreer. Kyk 1.6.2 hieronder vir meer oor roosterbotsings.

### 1.6.2 Roosterbotsings

Voordat jy jou modules vir 'n spesifieke akademiese jaar finaal kies, moet jy die klas-, en assesserings-roosters sorgvuldig nagaan. Indien twee modules in dieselfde tydgleuf op enige van die roosters val, mag jy slegs vir een van die twee modules registreer, selfs al sou die elektroniese stelsel jou toelaat om vir albei te registreer.

Vanuit 'n roosterperspektief, raai ons jou aan om ál die modules van 'n bepaalde vakgroep te kies. Kies, byvoorbeeld, Bedryfsielkunde 114 en 144; Ekonomie 214 en 244; Finansiële bestuur 314, 332, 352 en 354 om roosterbotsings te vermy. As jy modules uit verskillende vakgroepe kies, is daar 'n groter moontlikheid dat roosterbotsings kan voorkom. In sulke gevalle moet jy asseblief jou modulekombinasie eers op die US-roosterstelsel toets voordat jy dit finaal kies: besoek My.SUN (die skakel is bo-aan die US- en Maties-webblaaie) en kry die roosters onder "Studies".

## 1.7 Geleentheidsmodules

Vir die beperkings op die neem van geleentheidsmodules (modules wat nie vir graaddoeleindes is nie) verwys na die toepaslike subopskrifte onder "Toelating en Registrasie" en "Assesserings en Promoverings" in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek.

## 1.8 Voorgraadse assessering

### 1.8.1 Assesseringsreëls

Die Fakulteit se voorgraadse assesseringsreëls, tesame met die Universiteit Stellenbosch se assesseringsreëls geld vir alle modules:

- Vir die assesseringsriglyne vir 'n spesifieke module kan jy daardie moduleraamwerk raadpleeg.



- Vir die voorgraadse assesseringsreëls kan jy die Fakulteitswebtuiste raadpleeg by [www.sun.ac.za/ebw](http://www.sun.ac.za/ebw) en onder "Huidige studente" en "Algemene inligting" kyk om die skakel "EBW Voorgraadse Asseseringsreëls" te kry.
- Vir meer inligting en die algemene reëls vir assessering, kyk in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek, onder "Asseserings en Promoverings".

## 1.8.2 Vereistes om 'n hoofvak te slaag

'n Hoofvak begin in die tweede jaar van studie en dit word voortgesit in die derde jaar. In die derde jaar bestaan elke hoofvak uit 'n kombinasie derdejaarsmodules met 'n totale kredietwaarde van minstens 48, behalwe in die volgende gevalle, waar die minimum totale kredietwaarde 64 is:

- Aktuariële Wetenskap,
- Operasionele Navorsing,
- Rekenaarwetenskap,
- Wiskunde, en
- Wiskundige Statistiek.

*Let asseblief op:* Die kombinasie van Finansiële Bestuur 214 en Beleggingsbestuur 254 in jou tweede jaar, saam met Beleggingsbestuur 314, 324, 344 en 349 in jou derde jaar, sal as 'n hoofvak beskou word.

## 1.9 Seisoenale skole in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe **kan** seisoenale skole (óf somer- óf winterskole) in die volgende modules aanbied:

- Bemerkingsbestuur 214
- Bestuursrekeningkunde 288
- Ekonomie 114
- Ekonomie 144
- Ekonomie 214
- Finansiële Bestuur 214
- Finansiële Rekeningkunde 178
- Finansiële Rekeningkunde 179
- Finansiële Rekeningkunde 188
- Finansiële Rekeningkunde 278
- Ondernemingsbestuur 113
- Ondernemingsbestuur 142
- Renterekoning 152

Die doel van seisoenale skole is om studente wat in die voorafgaande semester(s) of jaar 'n module gesak het, 'n kans te gee om die module te slaag sonder om weer in die volgende semester of jaar vir die module te moet registreer. Indien jy so 'n student is, kan jy toegelaat word om vir die module van die seisoenale skool te registreer.

Jy kwalifiseer slegs om aan 'n seisoenale skool deel te neem as jy 'n spesifieke (sak-)punt vir die module behaal het. Hierdie punt word uiteengesit in die toelatingsvereistes vir die seisoenaleskoolmodule.

Seisoenale skole is nie daar om jou punte te verbeter nie; daarom kan jy nie daaraan deelneem as jy reeds die module geslaag het nie. Die enigste uitsondering op hierdie reël is BCom (Aktuariële Wetenskap)-studente. Hulle kan toegelaat word om vir die seisoenale skool in Finansiële Rekeningkunde 188 te registreer.

Indien jy vir seisoenale skole kwalifiseer, sal jy 'n e-pos met registrasie-inligting ontvang. Dit is jôu verantwoordelikheid om suksesvol in te skryf en die fooie teen die sperdatum te betaal.

*Let asseblief op:*

- Dit is moontlik dat daar geen seisoenale skool in 'n spesifieke module in 'n spesifieke jaar aangebied word nie. Die verantwoordelike akademiese omgewing besluit of 'n seisoenale skool in 'n spesifieke jaar aangebied gaan word of nie. Jy het nie die reg om 'n seisoenale skool in enige betrokke akademiese jaar te eis nie.
- Seisoenale skole word gewoonlik jaarliks in Januarie en gedurende die reses in die middel van die jaar gehou.
- Jy kan nie terselfdertyd vir twee seisoenale skole wat op dieselfde tyd gehou word, inskryf nie.
- Seisoenale skole word van aangesig tot aangesig op kampus aangebied en/of aanlyn. Die departement besluit op die modus van aanbieding.

- Alle leeraktiwiteite, lesings en assesserings tydens 'n seisoenale skool is verpligtend. Indien jy afwesig is van enige leeraktiwiteit, lesing of assessering sal jy nie 'n finale punt kry nie.
- Om 'n module met behulp van 'n seisoenale skool te slaag, moet jy 'n finale punt van minstens 50% behaal. Jy kan ook 'n finale punt van meer as 50% behaal.
- Indien jy vir 'n seisoenale skool registreer, kan jy ook vir hertoelating aansoek doen, indien nodig. Let op dat die slaag van 'n seisoenale skool nie hertoelating waarborg nie. Vir meer inligting oor hertoelating ná onsuksesvolle studie, sien asseblief Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek.
- Elke seisoenale skool het beperkte plekke beskikbaar. Registrasie sluit wanneer die maksimum getal studente toegelaat is.
- Die taal waarin die seisoenale skool aangebied word, hang van die volgende af:
  - die modulespesifikasie soos uiteengesit in die Taalimplementeringsplan van die Fakulteit en die taalspesifikasie van die geassosieerde hoofstroommodule,
  - die beskikbaarheid van akademiese personeel en
  - die getal studente wat verkies om die skool in Engels of in Afrikaans by te woon.
- Indien jy die seisoenale skool bywoon, moet jy jou eie verblyfreëlings tref. Die Universiteit Stellenbosch kan verblyf beskikbaar stel waarvoor jy moet betaal indien jy dit gebruik.

Vir verdere inligting oor seisoenale skole, kontak asb. die modulekoördineer.

## 1.10 Dekaaansvergunningsassesserings (DVA's)

Kyk asseblief in die Jaarboek Deel 1 (Algemene Reëls), afdeling 7, vir die reëls oor Dekaaansvergunningsassesserings (DVA's).

## 1.11 Hertoelating na afloop van onsuksesvolle studie

Kyk asseblief in die Jaarboek Deel 1 (Algemene Reëls) vir die reëls oor hertoelating.

## 1.12 Registrasie vir nie-graaddoeleindes by 'n ander universiteit

- **Jy moet** vir die akademiese jaar waarin jou studie voltooi gaan word, aan die Universiteit Stellenbosch registreer. Dus, as jy in 'n gegewe jaar slegs 'n enkele uitstaande module by 'n ander universiteit voltooi om aan die einde van daardie jaar die graad te behaal, moet jy by albei universiteite registreer.
- **Jy mag nie** gelyktydig vir modules aan meer as een universiteit geregistreer wees om dieselfde kwalifikasie te verwerf nie.
- **Jy mag nie** gelyktydig vir meer as een kwalifikasie by meer as een universiteit registreer nie.
- Indien jy inskryf vir 'n finalejaarsmodule by 'n ander hoëronderwysinstelling, **moes jy** die module na afloop van die amptelike assesseringsgeleentheid aan die Universiteit Stellenbosch gesak het (finale punt < 50%). In daardie geval sal jy nie registreer om 'n graad van 'n ander hoëronderwysinstelling te ontvang nie, maar slegs om die betrokke module te voltooi.  
**Jy mag** as 'n finalejaarstudent 'n enkele module deur 'n ander hoëronderwysinstelling volg, mits jy die betrokke module en/of inhoude met die betrokke departement uitgeklaar het en dit deur die Universiteit Stellenbosch erken word.

## 1.13 Erkenning van voltooide modulekrediete vir meer as een graad

Nie meer as 50% van die krediete vir modules wat vir een graad voltooi is, kan geakkumuleer of na 'n ander graad oorgedra word nie. Kredietakkumulاسie en -oordrag (KAO) sal nie outomaties toegestaan word nie. Jy moet dus vir KAO aansoek doen waar dit van toepassing is. Sien asseblief die Fakulteit se Bylaag tot Erkenning van Vorige Leer (EVL) en Kredietakkumulاسie en Oordrag (KAO)-prosedures op die Fakulteitswebblad ([www.sun.ac.za/ebw](http://www.sun.ac.za/ebw)) vir meer inligting oor die proses wat gevolg moet word om vir KAO aansoek te doen.

## 1.14 Navrae oor voorgraadse programme

Om meer uit te vind oor toelatings-, keurings- en registrasieprosedures, module-opsies en kredietvereistes, kontak een van die fakulteitsadministrateurs:

Me Lauren Delport, mnr Meyrick Balie of me Nadia Cassiem  
 Administrasiegebou A  
 Tel: 021 808 9111  
 E-pos: [registrarems@sun.ac.za](mailto:registrarems@sun.ac.za)

Indien jy navrae het oor spesifieke modules, maak gerus kontak met die Fakulteit se studentesakebeampte, Me Ilse Frans, by [emsinfo@sun.ac.za](mailto:emsinfo@sun.ac.za).

## 2. Voorgraadse Diplomaprogramme

### 2.1 Diploma in Openbare Verantwoordbaarheid

#### Toelatingsvereistes

- 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) met een van die volgende:
  - Minstens vlak 3 (40%) in Engels (die taal van leer en onderrig) *en* in **drie** ander NSS-vakke, Lewensoriëntering uitgesluit; *of*
  - Minstens vlak 2 (30%) in Engels (die taal van leer en onderrig) *en* minstens vlak 3 (40%) in **vier** ander NSS-vakke, Lewensoriëntering uitgesluit, *plus* drie jaar relevante werkservaring;
- Enige hoërondewyskwalifikasie wat jy suksesvol voltooi het, met ander woorde enige hoër sertifikaat, diploma of graad.

#### Erkenning van vorige leer (EVL) en kredietakkumulاسie en -oordrag (KAO)

Indien jy geakkrediteerde kursusse, soos die eenheidstandaarde van die Munisipale Minimum Bevoegdheid-program, suksesvol voltooi het, mag jy vir KAO aansoek doen, met ander woorde dat daardie krediete oorgedra word. Tot hoogstens 50% van die kredietwaarde van die Diploma in Openbare Verantwoordbaarheid kan oorgedra word. 'n Suksesvolle KAO-aansoek kan die minimum duur van die program met een jaar verkort.

Vir meer oor EVL en KAO sien die hoofstuk "Algemene Inligting" aan die begin van hierdie boek.

#### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word onder meer bepaal deur personeelkapasiteit en die Skool se beskikbare hulpbronne, asook akademiese meriete en die Universiteit se transformasiedoelwitte.

Indien die getal aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Skool se kapasiteit oorskry, sal verdere keuringskriteria en -prosesse toegepas word. Besoek die Fakulteit se webblad by [www.sun.ac.za/ebw](http://www.sun.ac.za/ebw) vir die keuringskriteria wat deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe toegepas word.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Jy moet by [www.maties.com](http://www.maties.com) aansoek doen – slegs aanlyn aansoeke sal aanvaar word. Doen aansoek teen **15 Desember** in die jaar voor jou voorgename studie.

#### Duur en tipe programaanbod

Voltyds (minimum twee jaar).

#### Aanbiedingsmetode van die program

Hibriediese leer.

#### Verdere studiemoontlikhede

Nadat jy die Diploma in Openbare Verantwoordbaarheid (240 krediete) *en* werk-geïntegreerde leer gelykstaande aan 120 krediete voltooi het, mag jy aansoek doen vir die een-jaar Gevorderde Diploma in Publieke Verantwoordbaarheid.

#### Programstruktuur

Vir die eerste studiejaar moet jy twee weke van kontaktyd per semester bywoon, dus in totaal vier kontakweke vir die eerste jaar. Vir die tweede studiejaar moet jy een kontakweek per semester bywoon, dus in totaal twee kontakweke vir die tweede jaar.

Blokweke met kontak van aangesig tot aangesig word op die Belvillepark-kampus gehou. Indien daar genoeg studente uit 'n bepaalde streek vir die diploma registreer, kan kontakweke ook in daardie streek aangebied word.

Kontakweke word verder aangevul met video-opnames van lesings en interaktiewe aanlyn sessies. Aangesien verskeie vorme van e-leer gebruik word, sluit die studentepakket 'n rekenaar en e-leermateriaal in.

## Navrae en programleier

### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Me Tharia Louw  
 Programadministrateur  
 Skool vir Publieke Leierskap  
 Tel: 021 918 4121  
 E-pos: dipaccountability@sun.ac.za  
 Webtuiste: www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/economy/spl

### Programleier

Mnr Werner Burger  
 Skool vir Publieke Leierskap

### Programinhoud

Jy moet minstens 240 krediete verwerf.

#### EERSTE JAAR (120 KREDIETE)

##### Verpligte modules

Institusionele Gedrag	142(15)
Institusionele Kapasiteitsbestuur	171(20)
Institusionele Prestasiebestuur	191(20)
Institusionele Samewerking	182(15)
Openbare Aanspreeklikheid	161(20)
Voldoening en Beheer: Bate- en Aankopebestuur	122(15)
Voldoening en Beheer: Begrotings	121(15)

#### TWEDE JAAR (120 KREDIETE)

##### Verpligte modules

Institusionele Gedrag	241(20)
Institusionele Kapasiteitsbestuur	271(20)
Institusionele Prestasiebestuur	291(20)
Institusionele Samewerking	281(20)
Openbare Aanspreeklikheid	261(20)

##### Keusemodules

Kies **een** van die volgende modules:

Openbare Finansiële Rekeningkunde	231(20)
Voldoening en Beheer	251(20)

## 2.2 Diploma in Volhoubare Ontwikkeling

### Toelatingsvereistes

- 'n Nasionale Senior Sertifikaat-gemiddeld van minstens 55%, Lewensoriëntering uitgesluit.
- Wiskunde 50% *of*  
 Wiskundige Geletterdheid 60% *of*  
 Wiskunde 40% *of* Wiskunde Geletterdheid 50% en 60% vir Besigheidstudies of Ekonomie of Rekeningkunde
- Engels Huistaal 50% *of*  
 Engels Eerste Addisionele Taal 60%

### Keuring

Keuring word intern deur die Skool vir Publieke Leierskap hanteer. Die getal studente wat gekeur word, word onder meer bepaal deur personeelkapasiteit en die Skool se beskikbare hulpbronne, asook akademiese meriete en die Universiteit se transformasiedoelwitte.

'n Komitee keur aansoekers op grond van 'n gekombineerde telling. Die gekombineerde telling word bepaal deur jou akademiese meriete (NSS-gemiddeld), en die belangstelling en ervaring wat jy demonstreer in

sleutelareas (soos aangedui op die Skool se departementele aansoekvorm). Sleutelareas sluit in: volhoubare ontwikkeling, sosiale en omgewingsgeregtigheid, entrepreneursgesindheid, kreatiwiteit en leierskap.

## Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aansoek teen **31 Julie** van die jaar voor jou voorgenome studie. Jy moet twee aansoekvorms voltooi:

1. Die amptelike aansoekvorm van die Universiteit, beskikbaar by [www.maties.com](http://www.maties.com), en
2. Die skool se aansoekvorm, wat per e-pos aan jou gestuur sal word binne drie weke nadat jy die Universiteits-aansoekvorm voltooi het.

## Duur en tipe programaanbod

Voltyds (minimum drie jaar).

## Aanbiedingsmetode van die program

Volkontakleer (van aangesig tot aangesig).

## Navrae en programleier

### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Me Rosslyn Abrahams

Programadministrateur

Skool vir Publieke Leierskap

Tel: 021 881 3952

E-pos: [diploma@sun.ac.za](mailto:diploma@sun.ac.za)

Webtuiste: [www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/economy/spl](http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/economy/spl)

### Programleier

Dr Ruenda Loots

Skool vir Publieke Leierskap

## Programstruktuur

Alle klasse word van aangesig tot aangesig by die Volhoubaarheidsinstituut in Lynedoch en op die Stellenbosch-kampus aangebied. Die doel is dat jy deur veldbesoeke en vanuit 'n geleefde ervaring by die Lynedoch EkoDorp prakties by die wêreld van volhoubaarheid betrokke kan raak. Jy sal aktief deelneem aan verskeie volhoubare take en projekte. Vervoer is beskikbaar vanaf die Stellenbosch-kampus.

'n Interaktiewe onderrigbenadering word tydens kontaksessies gevolg. Dit sluit die volgende in: formele lesings, leer deur gefasiliteerde gesprekvoering, leer deur die gevallestudiemetode en verskeie soorte gestruktureerde groepwerk. Die hoofogmerk van hierdie onderrigbenadering is om teorie met ervarings-gebaseerde leer aan te vul. Dit bou jou vermoë tot kritiese denke, kreatiwiteit, samewerking en praktiese wysheid. Al die bogenoemde komponente van die onderrigdae, insluitende die praktiese take en groepwerk, is kredietdraend en bywoning is dus verpligtend.

## Programinhoud

Jy moet minstens 360 krediete verwerf.

### EERSTE JAAR (120 KREDIETE)

#### Alle modules is verpligtend.

Ekologiese Geletterdheid	177(20)
Regeneratiewe Leierskap	177(10)
Sosiale Entrepreneurskap	177(20)
Strategiese Kommunikasie	177(20)
Volhoubaarheidspektiewe	177(15)
Volhoubare Ontwerp	177(20)
Wêreldsiening	177(15)

**TWEDE JAAR (120 KREDIETE)****Alle modules is verpligtend.**

Groen Ekonomie	278(15)
Regeneratiewe Leierskap	278(15)
Sosiale Entrepreneurskap	278(40)
Sosiale Veranderinge	278(15)
Strategiese Kommunikasie	278(15)
Volhoubare Ontwerp	278(20)

**DERDE JAAR (120 KREDIETE)****Alle modules is verpligtend.**

Internskap	379(40)
Regeneratiewe Leierskap	379(10)
Sosiale Entrepreneurskap	379(40)
Strategiese Kommunikasie	379(15)
Volhoubaarheidsverslagdoening	379(15)

*Let asseblief op:*

- Die bogenoemde lys van modules word in 2025 vir die eerste keer aangebied. Indien jy voor of in 2024 geregistreer het, en een van die volgende modules moet herhaal, moet jy vir die vervangende module registreer soos hieronder aangedui:
  - Kommunikasie-en-skakelingstudies 371 word vervang deur Strategiese Kommunikasie 379.
  - Mentorskap en Fasilitering 371 word vervang deur Regeeratiewe Leierskap 379.
  - Sosiale Innovasie en Entrepreneurskap 2 (371) word vervang deur Sosiale Entrepreneurskap 379
  - Volhoubare Ontwikkeling en Internskap 371 word vervang deur Internskap 379.
  - Volhoubare Verslagdoening, Monitering en Evaluering 371 word vervang deur Volhoubare Verslagdoening 379.
- Die volgende modules sal alleenlik vir studente wat die module moet herhaal, aangebied word. Vanaf 2026 word hierdie modules nie meer aangebied nie:
  - Ontwikkeling en Volhoubare Stede 371
  - Sosiale Entrepreneurskap 2 371

## 3. Gevorderde diplomaprogramme

### 3.1 Gevorderde Diploma in Publieke Verantwoordbaarheid

#### Toelatingsvereistes

- Diploma in Publieke Verantwoordbaarheid (240 krediete) *plus* werk-geïntegreerde leer gelykstaande (120 krediete)  
*of*
- Enige openbaresektor-verwante diploma of graad  
*of*
- 'n Diploma of graad in enige rigting *met* toepaslike werkservaring en opleiding in die openbare sektor. Jou werkservaring en opleiding sal met behulp van 'n proses vir die erkenning van vorige leer (EVL) bepaal word.

#### Erkenning van vorige leer (EVL) en kredietakkumulاسie en -oordrag (KAO)

Indien jy 'n middelvlak-bestuursontwikkelingsprogram (MMDP) voltooi het, mag jy aansoek doen dat daardie krediete oorgedra word, tot hoogstens 50% van die krediete van die Gevorderde Diploma in Publieke Verantwoordbaarheid.

Vir meer oor EVL en KAO sien die hoofstuk "Algemene Inligting" aan die begin van hierdie boek.

#### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word onder meer bepaal deur personeelkapasiteit en die Skool se beskikbare hulpbronne, asook akademiese meriete en die Universiteit se transformasiedoelwitte.

Indien die getal aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Skool se kapasiteit oorskry, sal verdere keuringskriteria en -prosesse toegepas word. Besoek die Fakulteit se webblad by [www.sun.ac.za/ebw](http://www.sun.ac.za/ebw) vir die keuringskriteria wat deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe toegepas word.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Jy moet by [www.maties.com](http://www.maties.com) aansoek doen – slegs aanlyn aansoeke sal aanvaar word. Doen aansoek teen **15 Desember** van die jaar voor jou voorgenome studie.

#### Duur en tipe programaanbod

Voltyds (minimum een jaar).

Deeltyds (twee jaar).

#### Aanbiedingsmetode van die program

Hibriediese leer; daarom is dit ook moontlik om deelyds vir hierdie program in te skryf.

#### Verdere studiemoontlikhede

Nadat jy die Gevorderde Diploma in Publieke Verantwoordbaarheid voltooi het, mag jy aansoek doen vir die HonsBPubAdmin.

#### Programstruktuur

Jy moet in elk van die twee semesters twee weke aaneenlopende kontaktyd op die Bellvillepark-kampus bywoon. Kontakweke word ook aangevul deur interaktiewe aanlyn sessies deur middel van toepaslike interaktiewe e-leerplatforms.

#### Navrae en programleier

##### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Me Silindile Hlongwane

Programadministrateur

Skool vir Publieke Leierskap

Tel: 021 918 4122

E-pos: [advanced-diploma@sun.ac.za](mailto:advanced-diploma@sun.ac.za)

Webtuiste: [www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/economy/spl](http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/economy/spl)

##### Programleier

Me Deyana Isaacs

Skool vir Publieke Leierskap

## Programinhoud

Jy moet minstens 120 krediete verwerf.

### Verpligte modules

Toegepaste Institusionele Prestasiebestuur	172(20)
Persoonlike Gedrag en Integriteit	174(20)
Toegepaste Institusionele Kapasiteitsbestuur	173(20)
Toegepaste Institusionele Samewerking	175(20)
Toegepaste Openbare Aanspreeklikheid	171(20)

### Keusemodules

Kies **een** van die volgende modules:

Toegepaste Openbare Finansiële Rekeningkunde	177(20)
Toegepaste Voldoening en Beheer	176(20)

## 3.2 Gevorderde Diploma in Volhoubare Ontwikkeling

### Toelatingsvereistes

- 'n Diploma (NKR-vlak 6) of baccalaureusgraad (NKR-vlak 7) van 'n erkende tersiêre instelling waarvan die vakke/veld bely is met die fokus van die Gevorderde Diploma, byvoorbeeld volhoubare ontwikkeling, entrepreneurskap, besigheidstudies, ekonomie of innovasie.

### Verdere vereiste

Jy moet toegang hê tot 'n rekenaar en stabiele internetverbinding vir aanlyn leer.

### Keuring

Keuring word intern deur die Skool vir Publieke Leierskap hanteer. Die getal studente wat gekeur word, word onder meer bepaal deur personeelkapasiteit en die Skool se beskikbare hulpbronne, asook akademiese meriete en die Universiteit se transformasiedoelwitte.

'n Komitee keur aansoekers op grond van op 'n gekombineerde telling. Die gekombineerde telling word bepaal deur jou akademiese meriete en die ervaring wat jy demonstreer in sleutelareas. Sleutelareas sluit in: volhoubare ontwikkeling, sosiale en omgewingsgeregtigheid, entrepreneursgesindheid, kreatiwiteit en leierskap.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Die getal aansoekers wat belangstel om in 'n spesifieke jaar vir hierdie program te registreer, sal bepaal of hierdie program aangebied word of nie. Aansoeke maak in April oop en ons sal teen 30 Oktober bevestig of die program aangebied gaan word of nie.

Doen aansoek teen **30 September** van die jaar voor jou voorgenome studie.

### Duur en tipe programaanbod

Voltyds (minimum een jaar).

### Aanbiedingsmetode van die program

Hibriedse leer (drie verpligte kontakblokke van aangesig tot aangesig in Stellenbosch, met verpligte aanlyn sessies en selfgerigte aanlyn leer deur die jaar).

### Navrae en programleier

#### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Me Rosslyn Abrahams  
Programadministrateur  
Skool vir Publieke Leierskap  
Tel: 021 881 3952  
E-pos: diploma@sun.ac.za

Webtuiste: [www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/economy/spl](http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/economy/spl) of <https://hybridlearning.sun.ac.za/sustainable>

#### Programleier

Dr Ruenda Loots  
Skool vir Publieke Leierskap



## Programstruktuur

Hierdie program word vanaf Februarie tot November aangebied en het drie instruksiemodusse:

- Selfgerigte aanlyn leer teen jou eie pas, *met*
- Sinchroniese aanlyn sessies tydens die program, *en*
- Verpligte kontakblokke van aangesig tot aangesig (drie-vyf dae elk, drie blokke per jaar).

**Aanlyn leer:** Jy moet ongeveer ses ure per dag toeken aan aanlyn leer. Daar sal 'n reeks sinchrone aktiwiteite en selfstudie wees.

**Leer van aangesig tot aangesig:** Jy moet drie keer per jaar in persoon klasse in Stellenbosch bywoon (vroeg Maart, middel Augustus en middel November). Die doel hiervan is dat jy vanuit geleefde ervarings prakties by die wêreld van volhoubaarheid betrokke sal raak. Kontak sessies word interaktief aangebied. Dit sluit gefasiliteerde uitstappies, gesprekke, gevallestudies en verskeie soorte gestruktureerde groepwerk in. Die hoofdoelmerk van hierdie onderrigbenadering is om teoretiese leer met ervaringsgebaseerde leer aan te vul om sodoende jou vermoë tot kritiese denke, kreatiwiteit, samewerking en praktiese wysheid te ontwikkel.

## Programinhoud

Jy moet minstens 120 krediete verwerf.

### Alle modules is verpligtend.

Entrepreneurskap-inkubator	<i>Nuwe module wat vanaf 2026 aangebied word (30)</i>
Navorsingsbenaderings	131(15)
Sakeplanne en -strategieë	121(15)
Sosiale Entrepreneurskap	<i>Nuwe module wat vanaf 2026 aangebied word (30)</i>
Volhoubaarheid in die Digitale Era	111(30)

*Let asseblief op:*

Indien jy Entrepreneurskap-inkubator 151 in of voor 2024 gesak het, moet jy vir *albei* die nuwe modules, Sosiale Entrepreneurskap *en* Entrepreneurskap-inkubator, registreer. Entrepreneurskap-inkubator 151 alleen of albei die nuwe modules, Sosiale Entrepreneurskap *en* Entrepreneurskap-inkubator, sal vir graaddoeleindes tel.

## 4. Breë graadprogramme

### 4.1 BCom

Hierdie program is die breedste program wat deur die Fakulteit aangebied word. Die BCom-graad word aan studente toegeken wat vanuit enige ander Ekonomiese en Bestuurswetenskappe-program na die BCom wil oorskakel (artikuleer). Dit beteken dat eerstejaarstudente nie vir die program kan registreer nie. As jy in 'n breë program belangstel, raai ons jou aan om vir BCom (Bestuurswetenskappe) te registreer.

Indien jy in jou tweede of derdejaar (voor Julie) sou besluit om na die BCom te artikuleer moet jy dit met die fakulteitsadministrateur bespreek. Jy sal die BCom-graad verwerf indien jy aan die volgende minimum vereistes voldoen:

- Jy moet die minimum voorgeskrewe krediete per jaar voltooi (sien "Opsomming van voorgraadse programme en hulle kredietladings" hierbo):
  - 120 krediete in Jaar 1
  - 120 krediete in Jaar 2
  - 120 krediete in Jaar 3
- Jy moet die voorgeskrewe modules van die eerste jaar slaag (sien BCom (Bestuurswetenskappe)-program);
- Jy moet een hoofvak van die derde jaar slaag.

Vra asseblief een van die fakulteitsadministrateurs as jy verder raad nodig het oor artikulasie (dit wil sê, om van 'n ander program na die BCom oor te skakel):

Me Lauren Delpont, mnr Meyrick Balie of me Nadia Cassiem  
 Administrasiegebou A  
 Tel: 021 808 9111  
 E-pos: registrarems@sun.ac.za

### 4.2 BCom (Bestuurswetenskappe)

#### 4.2.1 BCom (Bestuurswetenskappe): Algemeen

##### Toelatingsvereistes

- 'n Nasionale Senior Sertifikaat-gemiddelde van minstens 65%, Lewensoriëntering uitgesluit
- Wiskunde 60%
- Een van die volgende:
  - Afrikaans Huistaal 50% *of*
  - Engels Huistaal 50% *of*
  - Afrikaans Eerste Addisionele Taal 70% *of*
  - Engels Eerste Addisionele Taal 70%

##### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word bepaal deur die Fakulteit se inskrywingsplan en kan jaarliks verskil.

Indien die getal aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Fakulteit se inskrywingsplan oorskry, sal verdere keuringskriteria en -prosesse toegepas word. Besoek die Fakulteit se webblad by [www.sun.ac.za/ebw](http://www.sun.ac.za/ebw) vir die keuringskriteria wat deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe toegepas word.

##### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen elektronies aansoek by [www.maties.com](http://www.maties.com) teen **31 Julie** van die jaar voor jou voorgenome studie. Vir meer oor die aansoek- en toelatingsproses, sien afdeling 1 van hierdie hoofstuk.

##### Duur en tipe programaanbod

Drie jaar, voltyds.

##### Aanbiedingsmetode van die program

Volkontakleer (van aangesig tot aangesig).

## Navrae en programleiers

### Navrae

*Vir navrae oor toelating, keuring en registrasieprosedures, module keuses en kredietvereistes, kontak asseblief:*

Me Lauren Delpont, mnr Meyrick Balie of me Nadia Cassiem  
Fakulteitsadministrateur  
Administrasiegebou A  
Tel: 021 808 9111  
E-pos: registrarems@sun.ac.za

*Vir algemene navrae oor die akademiese inhoud van die program en fokusareas, kontak asseblief:*

Me Ilse Frans  
Studentesakebeampte  
Tel: 021 808 9525  
E-pos: emsinfo@sun.ac.za  
[www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/economy/business-management](http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/economy/business-management)

### Program- en fokusarealeiers

#### Programleiers

Prof Edwin Theron en mev Lomari Theart  
Departement Ondernemingsbestuur

#### Beleggingsbestuur as fokusarea

Mev Lomari Theart  
Departement Ondernemingsbestuur

#### Bemarkingsbestuur as fokusarea

Prof Chris Pentz  
Departement Ondernemingsbestuur

#### Besigheidsanalities as fokusarea

Dr Isabelle Nieuwoudt  
Departement Logistiek

#### Entrepreneurskap en Innovasiebestuur as fokusarea

Me Lelani Maree  
Departement Ondernemingsbestuur

#### Finansiële Bestuur as fokusarea

Dr Annalien de Vries  
Departement Ondernemingsbestuur

#### Finansiële Beplanning as fokusarea

Me Elze-Mari Roux  
Departement Ondernemingsbestuur

#### Informasiestelselbestuur as fokusarea

Me Thania Gill  
Departement Inligtingswetenskap, Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe

#### Landbou-ekonomie as fokusarea

Dr Willem Hoffmann  
Departement Landbou-ekonomie

#### Logistiek en Voorsieningskettingbestuur as fokusarea

Me Anneke de Bod  
Departement Logistiek

#### Menslikehulpbronbestuur as fokusarea

Me Marietha de Wet  
Departement Bedryfsielkunde

#### Openbare en Ontwikkelingsbestuur as fokusarea

Me Ashlene van der Berg-Ross  
Skool vir Publieke Leierskap

## Programstruktuur

Die program BCom (Bestuurswetenskappe) bied jou breë en vrye modulekeuses. Let asseblief op die bepalings rakende roosterbetsings in die algemene afdeling aan die begin van hierdie hoofstuk, wanneer jy jou modules kies.

Dit is ook moontlik om op spesifieke areas, genaamd fokusareas, te konsentreer.

### Fokusareas

Die doel van fokusareas is om jou te help om 'n spesifieke loopbaanfokus binne die BCom (Bestuurswetenskappe)-program te kies. Die fokusarea is nie 'n program nie, en die modulekombinasie is slegs 'n aanbeveling sodat jy meer gefokusde modulekeuses kan maak. Die modulekeuses in die tabelle by die fokusareabeskrywings hieronder pas in by die klas- en assesseringsroosters, maar dit staan jou steeds vry om ander modulekombinasies in die breë program te neem indien die klas- en assesseringsroosters dit toelaat.

As eerstejaarstudent kan jy e-registreer vir 'n fokusarea in die breë program. Indien jy al die verpligte modules in die fokusarea voltooi het (vir elke akademiese jaar van die program soos in hierdie jaarboekdeel aangedui), word die fokusarea op jou akademiese rekord aangedui. Indien jy egter ander keusemodules wil kies (soos gelys in die algemene programopsie), kan jy dit slegs doen indien die roosters dit toelaat. Jy sal dan ook persoonlik by die fakulteitsadministrateurs in Admin A op die dag van registrasie moet registreer.

Daar is elf fokusareas in die BCom (Bestuurswetenskappe)-program en elkeen word hieronder by "Fokusareas in die BCom (Bestuurswetenskappe)-program" beskryf. Hulle is:

- Beleggingsbestuur,
- Bemerkingsbestuur,
- Besigheidsanalities,
- Entrepreneurskap en Innovasiebestuur,
- Finansiële Beplanning,
- Finansiële Bestuur;
- Informasiestelselbestuur,
- Landbou-ekonomie,
- Logistiek en Voorsieningskettingbestuur,
- Menslikehulpbronbestuur, en
- Openbare en Ontwikkelingsbestuur.

## Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 374 krediete verwerf.

Die tabelle hieronder wys al die verpligte en keusemodules vir elke jaar van die breë BCom (Bestuurswetenskappe)-program. Verder ondertoe sal jy die beskrywings van die verskillende fokusareas aantref, met die voorgestelde modules vir elk.

Vir 'n beskrywing van die inhoud van afsonderlike modules, sien die hoofstuk "Vakke, Modules en Module-inhoude" aan die einde van hierdie boek.

### EERSTE JAAR (MINSTENS 126 KREDIETE)

#### Verpligte modules

Ekonomie	114(12), 144(12)
Finansiële Rekeningkunde	188(24)
Inligtingstelsels	112(6)
Ondernemingsbestuur	113(12), 142(6)
Professionele Kommunikasie vir EBW	144(6)
Renterekening	152(6)
Statistiek en Datawetenskap	188(18)

## Keusemodules

Kies minstens 24 krediete uit die volgende om die vereiste 126 krediete op te maak.

Bedryfsielkunde	114(12), 144(12)
Filosofie	114(12), 144(12)
Inleiding tot Vervoer- en Logistieke Stelsels	144(12)
Openbare en Ontwikkelingsbestuur	114(12), 144(12)
Politieke Wetenskap	114(12), 144(12)
Sosiologie	114(12), 144(12)

## TWEDE JAAR (MINSTENS 128 KREDIETE)

### Keusemodules

- Kies minstens drie volledige hoofvakke waarvan jy al die modules volg. Let asseblief op dat die hoofvakke wat jy in jou tweede jaar kies in jou derde jaar voortgesit word en dat voorvereistes, newevereistes en slaagvoorvereistes mag geld.
- Jou drie hoofvakke moet altesaam minstens 96 krediete werd wees.
- Plus enige van die volgende modules om ten minste 128 krediete op te maak.
- Kies minstens 32 krediete uit die skryf- en inligtingsverrykte modules (gemerkt met 'n \*).
- As jy Bemerkingsbestuur 214 en 244 neem, moet jy Finansiële Bestuur 214 neem (gemerkt met 'n Δ). Sien ook die voorvereistes vir Bemerkingsbestuur 214 en 244 in Bylaag A agter in hierdie boek.

Bedryfsielkunde	214(16), 224(16)*, 252(8), 262(8)
Beleggingsbestuur	254(16)
Bemerkingsbestuur	214(16)*Δ, 244(16)*Δ
Besigheidsanalities	214(16), 244(16)
Ekonomie	214(16)*, 244(16)*, 281(32)*
Entrepreneurskap en Innovasiebestuur	214(16)*, 244(16)*
Finansiële Bestuur	214(16) Δ, 244(16)*
Finansiële Rekeningkunde	288(32)
Handelsreg (Handel)	285(32)
Landbou-ekonomie	234(16), 242(8), 262(8)
Logistiek en Voorsieningskettingbestuur	214(16)*, 244(16)*
Organisatoriese Informatika	214(16), 244(16)
Openbare en Ontwikkelingsbestuur	212(8)*, 222(8)*, 242(8)*, 252(8)*
Sosio-informatika	214(16), 244(16)
Statistiek	214(16), 224(16), 244(16)
Vervoerekonomie	214(16), 244(16)

*Let asseblief op:*

Indien jy die module in die linkerkantste kolom voor of in 2023 gesak het, moet jy vir die module wat in die regterkantste kolom gespesifiseer word, registreer.

Modules voor of in 2023 gesak	Modules waarvoor jy in 2025 moet registreer
Informasiestelselbestuur 212	Organisatoriese Informatika 214
Informasiestelselbestuur 224	Organisatoriese Informatika 244
Informasiestelselbestuur 254	Sosio-informatika 214
Informasiestelselbestuur 262	Sosio-informatika 244

## DERDE JAAR (MINSTENS 120 KREDIETE)

### Keusemodules

- Kies ten minste twee volledige hoofvakke (48 krediete elk).
- Kies verdere modules om minstens 120 krediete op te maak.

Bedryfsielkunde	314(12), 324(12), 348(24)
Belasting	388(24)
Beleggingsbestuur	314(12), 324(12), 344(12), 349(12)
Bemarkingsbestuur	314(12), 324(12), 344(12), 354(12)
Besigheidsanalities	318(24), 348(24)
Bestuur van Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid	314(12)
Ekonomie	318(24), 348(24)
Entrepreneurskap en Innovasiebestuur	318(24), 348(24)
Finansiële Bestuur	314(12), 332(12), 352(12), 354(12)
Finansiële Beplanning	314(24), 344(24)
Finansiële Rekeningkunde	389(48)
Inleiding tot Interkulturele Kommunikasie	344(12) †
Landbou-ekonomie	314(16), 334(16), 354(16), 364(16)
Logistiek en Voorsieningskettingbestuur	314(12), 324(12), 344(12), 354(12)
Mensekapitaalberekening	344(12)
Openbare en Ontwikkelingsbestuur	314(12), 324(12), 348(24)
Organisatoriese Informatika	318(24), 348(24)
Projekbestuur	314(24)
Sosio-informatika	348(24)
Statistiek	318(24), 348(24)
Strategiese Bestuur	344(12)
Vervoerekonomie	318(24), 348(24)

† Hierdie module sal nie in 2025 aangebied word nie.

#### Let asseblief op:

Indien jy die module in die linkerkantste kolom voor of in 2023 gesak het, moet jy vir die module wat in die regterkantste kolom gespesifiseer word, registreer.

Modules voor of in 2023 gesak	Modules waarvoor jy in 2025 moet registreer
<b>Een van</b> Beleggingsbestuur 348 of 354	Beleggingsbestuur 349
<b>Beide</b> Beleggingsbestuur 348 en 354	Beleggingsbestuur 349 en Strategiese Bestuur 344 (of enige ander keusemodule)
<b>Een van</b> Informasiestelselbestuur 314 of 334	Organisatoriese Informatika 318
Informasiestelselbestuur 354	Organisatoriese Informatika 348
Informasiestelselbestuur 364	Sosio-informatika 348
<b>Beide</b> Informasiestelselbestuur 314 en 334	Organisatoriese Informatika 348 en Sosio-informatika 348
<b>Drie of meer</b> van Informasiestelselbestuur 314, 334, 354 en 364	Organisatoriese Informatika 318, 348 en Sosio-informatika 348

## 4.2.2 Fokusareas in die BCom (Bestuurswetenskappe)-program

### 4.2.2.1 Beleggingsbestuur

#### Beskrywing van fokusarea

Die fokusarea Beleggingsbestuur is spesifiek ontwikkel sodat jy ná afloop van jou studie vir BCom (Bestuurswetenskappe) met hierdie fokusarea, suksesvol vir vlak 1 (Level 1) van die eindeksamen vir die internasionale kwalifikasie Chartered Financial Analyst® (CFA®) kan studeer. Die internasionale CFA is 'n kwalifikasie wat afgestem is op portefeuljebestuur en beleggingsontleding (aandele, effekte, afgeleide instrumente en eiendom). Die leeuikomste van vlak 1 van die CFA-eksamen word volledig gedek in die tweede- en derdejaarsmodules in Beleggingsbestuur, tweedejaarsmodules in Ekonomie, Finansiële Bestuur en Finansiële Rekeningkunde en die modules van die generiese eerste jaar van die BCom (Bestuurswetenskappe)-program. As jy 'n BCom (Bestuurswetenskappe)-program wat hierdie modules bevat, suksesvol voltooi, kan jy oorweeg word vir honneursstudie. Die honneursprogram dek die leeuikomste van vlakke 2 en 3 van die internasionale CFA-eksamen. Volledige inligting oor die CFA-program is beskikbaar by [www.cfainstitute.org](http://www.cfainstitute.org) (klik op "CFA program").

BCom (Bestuurswetenskappe)		
Fokusarea: Beleggingsbestuur		
Eerste jaar (126 krediete)	Tweede jaar*** (144 krediete)	Derde jaar (minstens 120 krediete)
<b>Verpligte modules</b> Ekonomie 114(12), 144(12) Finansiële Rekeningkunde 188(24) Inligtingstelsels 112(6) Ondernemingsbestuur 113(12), 142(6) Professionele Kommunikasie vir EBW 144(6) Renterekening 152(6) Statistiek en Datawetenskap 188(18)  <b>Aanbevole keusemodules</b> <i>Kies enige 24 krediete uit die volgende:</i> Bedryfsielkunde 114(12), 144(12) Filosofie 114(12), 144(12) Inleiding tot Vervoer- en Logistieke Stelsels 144(12) Openbare en Ontwikkelingsbestuur 114(12), 144(12) Politieke Wetenskap 114(12), 144(12) Sosiologie 114(12)	<b>Verpligte modules</b> Beleggingsbestuur 254(16) Ekonomie 214(16)*, 244(16)* Finansiële Bestuur 214(16) Finansiële Rekeningkunde 288(32) Statistiek 214(16), 224(16), 244(16)	<b>Verpligte modules</b> Beleggingsbestuur 314(12), 324(12), 344(12), 349(12)  <b>Aanbevole keusemodules</b> <i>'n Verdere 72 krediete uit die lys hieronder, waarvan 'n minimum van 48 krediete vanuit 'n enkele vak kom:</i>  Ekonomie 318(24), 348(24) Finansiële Beplanning 314(24), 344(24) Finansiële Bestuur 314(12)#, 332(12)#, 352(12), 354(12) Statistiek 318(24)§, 348(24)§

\*\*\* Kies minstens 32 krediete uit die skryf- en inligtingverrykte modules (gmerk met 'n \*).

# As jy Finansiële Bestuur 314(12) en 332(12) kies, kan jy hierdie program gebruik om vir die HonsBCom (Ondernemingsbestuur): Spesialisering in Finansiële Analise-program te kwalifiseer. Sien ook Bylaag D agter in hierdie boek vir die voorvereistes vir die HonsBCom (Ondernemingsbestuur): Spesialisering in Finansiële Analise.

§ As jy Statistiek 318(24) en 348(24) kies, kan jy hierdie program gebruik om vir die HonsBCom (Statistiek)-program te kwalifiseer. Sien ook die voorvereistes vir die HonsBCom (Statistiek) in Bylaag D agter in hierdie boek.

*Let asseblief op:*

Indien jy die module in die linkerkantste kolom voor of in 2023 gesak het, moet jy vir die module wat in die regterkantste kolom gespesifiseer word, registreer.

Modules voor of in 2023 gesak	Modules waarvoor jy in 2025 moet registreer
<b>Een van</b> Beleggingsbestuur 348 of 354	Beleggingsbestuur 349
<b>Beide</b> Beleggingsbestuur 348 en 354	Beleggingsbestuur 349 en Strategiese Bestuur 344 (of enige ander keusemodule)

## 4.2.2.2 Bemerkingsbestuur

### Beskrywing van fokusarea

Die fokusarea Bemerkingsbestuur en onderrig daarin is op die volgende gebaseer: teorie van bemerking; verbruikersgedrag; die toepassing van teorie op verskeie bemerkingsterreine, met spesiale klem op kleinhandel, dienste, reklame en bemerkingsnavorsing; en die ontwikkeling van 'n bestuursoriëntasie tot die benadering van bemerkingsuitdagings. Beroepsmoontlikhede is: bemerkingsbestuurder; reklamebestuurder; promosiebestuurder; handelsmerkbestuurder; bemerkingsnavorsers. Die fokusarea word voortdurend aangepas om tred te hou met moderne tegnologie soos die internet se impak op en voordele vir bemerking. Modules uit ander terreine is onder die verpligte modules of kan as keusemodules ingesluit word.

BCom (Bestuurswetenskappe)		
Fokusarea: Bemerkingsbestuur		
Eerste jaar (126 krediete)	Tweede jaar*** (minstens 128 krediete)	Derde jaar (minstens 120 krediete)
<b>Verpligte modules</b> Bedryfsielkunde 114(12), 144(12) Ekonomie 114(12), 144(12) Finansiële Rekeningkunde 188(24) Inligtingstelsels 112(6) Ondernemingsbestuur 113(12), 142(6) Professionele Kommunikasie vir EBW 144(6) Renterekening 152(6) Statistiek en Datawetenskap 188(18)	<b>Verpligte modules</b> Bemerkingsbestuur <sup>Δ</sup> 214(16)*, 244(16)*  <b>Aanbevole keusemodules</b> <i>Plus 96 krediete waarvan ten minste 64 krediete vanuit twee vakke kom:</i> Bedryfsielkunde 224(16)* Ekonomie 214(16)*, 244(16)* Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 214(16)*, 244(16)* Finansiële Bestuur 214(16) <sup>Δ</sup> , 244(16)* Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 214(16)*, 244(16)*	<b>Verpligte modules</b> Bemerkingsbestuur 314(12), 324(12), 344(12), 354(12)  <b>Aanbevole keusemodules</b> <i>'n Verdere 72 krediete uit die lys hieronder, waarvan ten minste 48 krediete vanuit 'n enkele vak kom:</i> Bedryfsielkunde 314(12), 324(12), 348(24) Bestuur van Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid 314(12) Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 318(24), 348(24) Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 314(12), 324(12), 344(12), 354(12) Strategiese Bestuur 344(12)

\*\*\* Kies minstens 32 krediete uit die skryf- en inligtingsverrykte modules (gemark met 'n \*).

<sup>Δ</sup> As jy Bemerkingsbestuur 214 en 244 neem, moet jy Finansiële Bestuur 214 neem. Sien ook die voorvereistes vir Bemerkingsbestuur 214 en 244 in Bylaag A agter in hierdie boek.



### 4.2.2.3 Besigheidsanalities

#### Beskrywing van fokusarea

Met studie in hierdie fokusarea word jy toegerus om met 'n kombinasie van bestuurs- en analitiese vermoëns hoogs mededingend in die bedryfslewe te funksioneer. Die doelwit is om bestuurders en ontleders op te lei wat ná voldoende praktykervaring bedryfsfunksies en -prosesse in ondernemings op strategiese, taktiese en operasionele vlak kan ontleed, insig uit data kan verskaf en bestuur. Hulle sal ook besluite kwantitatief kan funder om die welvaart van die onderneming te help maksimeer.

BCom (Bestuurswetenskappe)		
Fokusarea: Besigheidsanalities		
Eerste jaar (126 krediete)	Tweede jaar*** (minstens 128 krediete)	Derde jaar (minstens 120 krediete)
<b>Verpligte modules</b> Ekonomie 114(12), 144(12) Finansiële Rekeningkunde 188(24) Inligtingstelsels 112(6) Ondernemingsbestuur 113(12), 142(6) Professionele Kommunikasie vir EBW 144(6) Renterekening 152(6) Statistiek en Datawetenskap 188(18)	<b>Verpligte module</b> Besigheidsanalities 214(16), 244(16)	<b>Verpligte module</b> Besigheidsanalities 318(24), 348(24)
<b>Aanbevole keusemodules</b> <i>Plus enige 24 krediete uit die volgende:</i> Bedryfsielkunde 114(12), 144(12) Inleiding tot Vervoer- en Logistieke Stelsels 144(12)	<b>Aanbevole keusemodules</b> <i>Plus 96 krediete waarvan ten minste 64 vanuit twee vakke kom:</i> Bemerkingsbestuur <sup>Δ</sup> 214(16)*, 244(16)* Finansiële Bestuur <sup>f</sup> 214(16) <sup>Δ</sup> , 244(16)* Finansiële Rekeningkunde 288(32) Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 214(16)*, 244(16)* Vervoerekonomie <sup>f</sup> 214(16), 244(16)	<b>Aanbevole keusemodules</b> <i>'n Verdere 72 krediete uit die lys hieronder, waarvan 48 krediete vanuit 'n enkele vak gekies moet word:</i> Bemerkingsbestuur 314(12), 324(12), 344(12), 354(12) Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 314(12), 324(12), 344(12), 354(12) Projekbestuur 314(24) Vervoerekonomie 318(24), 348(24)

\*\*\* Kies minstens 32 krediete uit die skryf- en inligtingsverrykte modules (gemark met 'n \*).

<sup>Δ</sup> As jy Bemerkingsbestuur 214 en 244 neem, moet jy Finansiële Bestuur 214 neem. Sien ook die voorvereistes vir Bemerkingsbestuur 214 en 244 in Bylaag A agter in hierdie boek.

<sup>f</sup> Finansiële Bestuur 214(16) en 244(16) kan nie saam met Vervoerekonomie 214(16) en 244(16) geneem word nie.

#### 4.2.2.4 Entrepreneurskap en Innovasiebestuur

##### Beskrywing van fokusarea

Hierdie fokusarea help jou om nie bloot na sogenaamde werksekuriteit in die vorm van 'n vaste betrekking te strewe nie, maar om die moontlikheid van 'n eie onderneming in die toekoms te oorweeg. Die fokusarea bestaan uit vier modules wat in die tweede jaar begin: Inleiding tot Entrepreneurskap; Kleinsakebestuur; Kreatiwiteits- en Innovasiebestuur; Strategiese en Korporatiewe Entrepreneurskap.

BCom (Bestuurswetenskappe)		
Fokusarea: Entrepreneurskap en Innovasiebestuur		
Eerste jaar (126 krediete)	Tweede jaar*** (minstens 128 krediete)	Derde jaar (minstens 120 krediete)
<b>Verpligte modules</b> Ekonomie 114(12), 144(12) Finansiële Rekeningkunde 188(24) Inligtingstelsels 112(6) Ondernemingsbestuur 113(12), 142(6) Professionele Kommunikasie vir EBW 144(6) Renterekening 152(6) Statistiek en Datawetenskap 188(18)	<b>Verpligte modules</b> Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 214(16)*, 244(16)*	<b>Verpligte modules</b> Bestuur van Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid 314(12) Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 318(24), 348(24) Strategiese Bestuur 344(12) <sup>f</sup>
<b>Verpligte modules</b> Aktuariële Wetenskap 112(8) Ekonomie 114(12), 144(12) Finansiële Rekeningkunde 188(24) Rekenaarwetenskap 114(16), 144(16) Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144(16) Wiskunde 114(16), 144(16)	<b>Verpligte modules</b> Ondernemingsbestuur 113(12) Operasionele Navorsing 244(16) Rekenaarwetenskap 214(16), 244(16) Wiskunde 214(16), 244(16) Wiskundige Statistiek 214(16), 245(8), 246(8)	<b>Verpligte module</b> Ondernemingsbestuur 142(6)  <b>Aanbevole keusemodules</b> <i>Kies enige twee vakke (al die modules per vak):</i> Operasionele Navorsing 314(16), 322(16), 344(16), 352(16) Rekenaarwetenskap 313(16) of 315(16), 314(16), 343(16), 344(16) Wiskundige Statistiek 312(16), 316(16), 344(16), 364(16)

## 4.4.2.2 Finansiële Risikobestuur

### Beskrywing van fokusarea

Persone met opleiding in Finansiële Risikobestuur, Wiskundige Statistiek en Finansiële Wiskunde word deur groot finansiële instellings in diens geneem as kwantitatiewe finansiële analiste, waaronder finansiële risiko-bestuurders, portefeuljebestuurders en finansiële-instrumenthandelaars. Hierdie opleiding gee jou die nodige agtergrond om 'n stimulerende en finansiële lonende loopbaan in die finansiële wêreld te bou.

BCom (Wiskundige Wetenskappe)		
Fokusarea: Finansiële Risikobestuur		
Eerste jaar (136 of 138 krediete)	Tweede jaar (136 of 154 krediete)	Derde jaar (144 krediete)
<p><b>Verpligte modules</b>                      Aktuariële Wetenskap 112(8)                      Ekonomie 114(12), 144(12)                      Finansiële Rekeningkunde 188(24)                      Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144(16)                      Wiskunde 114(16), 144(16)</p> <p><b>Plus</b>                      Rekenaarwetenskap 113(16) <i>en</i>                      Ondernemingsbestuur 113(12), 142(6)  <i>of</i>                      Rekenaarwetenskap 114(16), 144(16)</p> <p><i>Let op:</i>                      Jy moet Ondernemingsbestuur 113(12) en 142(6) in die tweede jaar volg indien jy kies om Rekenaarwetenskap 114(16) en 144(16) in die eerste jaar te neem.</p>	<p><b>Verpligte modules</b>                      Aktuariële Wetenskap 211(18)*                      Finansiële Risikobestuur 212(8), 242(8), 252(6)                      Wiskundige Statistiek 214(16), 245(8), 246(8)                      Wiskunde 214(16), 244(16)                      Ekonomie 214(16), 244(16) <i>of</i>                      Finansiële Rekeningkunde 288(32)  <i>of</i>                      Operasionele Navorsing 214(16), 244(16)</p> <p><i>Let op:</i>                      Indien Rekenaarwetenskap 114(16) en 144(16) in die eerste jaar gevolg en geslaag is, moet Ondernemingsbestuur 113(12) en 142(6) gevolg word plus die verpligte modules soos hierbo.</p>	<p><b>Verpligte modules</b>                      Finansiële Risikobestuur 314(24), 344(24)                      Finansiële Wiskunde 378(32)                      Wiskundige Statistiek 312(16), 316(16), 344(16), 364(16)</p>

\* Aktuariële Wetenskap 211(18) is verpligtend vir die Finansiële Risikobestuur-fokusarea.

### 4.4.2.3 Operasionele Navorsing

#### Beskrywing van fokusarea

In Operasionele Navorsing leer jy 'n sistematiese en rasonale (wetenskaplike) benadering aan om die beste (optimale) antwoorde te bereken vir situasies waarvan die kompleksiteit of die onsekerheid, of albei, hoog is en daar konflik tussen die verskillende uitkomst bestaan. Die operasionele navorsing se benadering tot probleemoplossing sluit in die soeke na wiskundige modelle wat optimale antwoorde vir verskillende tipes situasies bied. Hierdie fokusarea bied kragtige instrumente om werklike praktiese bestuursprobleme waarvoor ondernemings te staan kom, op te los.

BCom (Wiskundige Wetenskappe)		
Fokusarea: Operasionele Navorsing		
Eerste jaar (128 of 136 of 138 krediete)	Tweede jaar (128 of 146 krediete)	Derde jaar (minstens 120 krediete)
<p><b>Verpligte modules</b>                      Aktuariële Wetenskap 112(8)                      Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144(16)                      Wiskunde 114(16), 144(16)</p> <p><b>Plus</b>                      Ekonomie 114(12), 144(12)                      Finansiële Rekeningkunde 188(24)                      Ondernemingsbestuur 113(12), 142(6)                      Rekenaarwetenskap 113(16) of                      Inligtingstelsels 112(6)</p> <p><b>Of</b>                      Ekonomie 114(12), 144(12)                      Finansiële Rekeningkunde 188(24)                      Rekenaarwetenskap 114(16), 144(16)</p> <p><i>Let op:</i> Ondernemingsbestuur 113(12) en 142(6) word in die tweede jaar gevolg indien jy kies om Rekenaarwetenskap 114(16) en 144(16) in die eerste jaar te neem.</p>	<p><b>Verpligte modules</b>                      Operasionele Navorsing 214(16), 244(16)                      Wiskunde 214(16), 244(16)                      Wiskundige Statistiek 214(16), 245(8), 246(8)</p> <p><b>Aanbevole keusemodules</b>                      Besigheidsanalities 214(16), 244(16)</p> <p><b>Of</b>                      enige ander module(s) met 'n totaal van 32 krediete wat op die roosters inpas.</p> <p><i>Let op:</i>                      Indien Rekenaarwetenskap 114(16) en 144(16) in die eerste jaar gevolg en geslaag is, moet Ondernemingsbestuur 113(12) en 142(6) gevolg word plus die verpligte modules soos hierbo.</p>	<p><b>Verpligte modules</b>                      Operasionele Navorsing 314(16), 326(16), 344(16), 354(16)</p> <p><b>Aanbevole keusemodules</b>  <i>Plus modules tot minstens 120 krediete en wat volg op tweedajaars-modules.</i>                      Besigheidsanalities 318(24), 348(24)                      Finansiële Wiskunde 378(32)                      Projekbestuur 314(24)                      Wiskundige Statistiek 312(16), 316(16), 344(16), 364(16)</p>

## 4.5 BCom (Internasionale Besigheid)

### Toelatingsvereistes

Dit is 'n 4-jaar keuringsprogram wat 'n internasionale uitrustydperk van 6 maande insluit.

- 'n Nasionale Senior Sertifikaat-gemiddelde van minstens 80%, Lewensorientering uitgesluit
- Wiskunde 70%
- Engels Huistaal 70% *of*  
Engels Eerste Addisionele Huistaal 80%

### Keuring

Die program BCom (Internasionale Besigheid) is 'n keuringsprogram met vaste kriteria waaraan jy moet voldoen om van een akademiese jaar na die volgende te vorder.

Die getal studente wat gekeur word, word bepaal deur die Fakulteit se inskrywingsplan en kan jaarliks verskil. Indien die getal aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Fakulteit se inskrywingsplan oorskry, sal verdere keuringskriteria en -prosesse toegepas word. Besoek die Fakulteit se webblad by [www.sun.ac.za/ebw](http://www.sun.ac.za/ebw) vir die keuringskriteria wat deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe toegepas word.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen elektronies aansoek by [www.maties.com](http://www.maties.com) teen **31 Julie** van die jaar voor jou voorgenome studie. Vir meer oor die aansoek- en toelatingsproses, sien afdeling 1 van hierdie hoofstuk.

### Duur en tipe programaanbod

Vier jaar, voltyds.

### Aanbiedingsmetode van die program

Volkontakleer (van aangesig tot aangesig).

### Bepalings rakende die voortsetting en beëindiging van studie

Die program BCom (Internasionale Besigheid) is 'n keuringsprogram met vaste kriteria waaraan jy moet voldoen om van een akademiese jaar na die volgende te vorder. Dit beteken jy moet al die voorafgaande modules suksesvol afhandel voordat jy vir die derde jaar van die BCom (Internasionale Besigheid) kan registreer. As jy aan die begin van die derde akademiese jaar modules agterstallig is, sal jy jou program moet verander na BCom (Bestuurswetenskappe). Let op dat jy die uitrustemester binne twee jaar na die afhandeling van die ander modules moet voltooi. Indien jy dit nie binne hierdie tydraamwerk voltooi nie, sal jy met BCom (Bestuurswetenskappe) gradueer.

### Oorskakeling na BCom (Internasionale Besigheid)

Dit is slegs moontlik om uit 'n ander program na die BCom (Internasionale Besigheid)-program oor te skakel (te artikuleer) indien

- jy aan die minimum toelatingsvereistes voldoen en
- die maksimum aantal inskrywings vir die program nie oorskry word nie.

Sien Bylaag B vir 'n tabel wat modulespesifieke inligting aandui wat relevant is tydens artikulering tussen programme.

### Navrae en programleier

#### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Me Ilse Frans

Studentesakebeampte

Tel: 021 808 9525

E-pos: [emsinfo@sun.ac.za](mailto:emsinfo@sun.ac.za)

Webtuiste: [www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/economy/business-management](http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/economy/business-management)

#### Programleier

Prof Pierre Erasmus

Departement Ondernemingsbestuur



## Programstruktuur

Hierdie program volg 'n interdisiplinêre benadering en laat jou toe om modules uit die Bestuurswetenskappe sowel as die Sosiale Wetenskappe te kombineer. Dit gee jou ook internasionale blootstelling deur middel van 'n internasionale uitruilsemester in die derde jaar. Let asseblief op dat slegs studente wat vir die volle graadprogram ingeskryf is (nie vir kort-termyn doeleindes wat nie op 'n graad gemik is nie), deel mag neem aan die uitruiling.

Die kombinasie van modules uit beide die Bestuurs- en Sosiale Wetenskappe stem ooreen met die aanbod in buitelandse programme en is in pas met die vereistes van die programme van ons uitruilvennote. Die BCom (Internasionale Besigheid) is dus geskik vir internasionale studente, vir graad- én nie-graaddoeleindes.

## Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 516 krediete verwerf.

Vir die module-inhoude, sien die hoofstuk "Vakke, modules en module-inhoude" aan die einde van hierdie jaarboekdeel.

### EERSTE JAAR (120 KREDIETE)

#### Verpligte modules

Ekonomie	114(12), 144(12)
Finansiële Rekeningkunde	188(24)
Inligtingstelsels	112(6)
Ondernemingsbestuur	113(12), 142(6)
Renterekening	152(6)
Statistiek en Datawetenskap	188(18)

#### Keusemodules

Plus modules uit die lys hieronder om saam met die modules hierbo minstens 120 krediete op te maak:

Bedryfsielkunde	144(12)
Filosofie	114(12), 144(12)
Professionele Kommunikasie vir EBW	144(6)
Sosiologie	114(12), 144(12)

### TWEDE JAAR (144 KREDIETE)

#### Verpligte modules

Ekonomie	214(16), 244(16)
Politiese Wetenskap	114(12), 144(12)

Plus ten minste een van die volgende taalvakke van 24 krediete:

Chinees	178 (24) <i>of</i>
Duits	178 (24) [Kies 188 (24) as jy Duits op graad 12-vlak geslaag het] <i>of</i>
Frans	178 (24) [Kies 188 (24) as jy Frans op graad 12-vlak geslaag het]

Plus ten minste een van die volgende vakke (alle modules):

Bemarkingsbestuur	214(16) <sup>§</sup> , 244(16) <sup>§</sup> <i>of</i>
Finansiële Bestuur	214(16), 244(16) <sup>#</sup> <i>of</i>
Entrepreneurskap en Innovasiebestuur	214(16) <sup>f</sup> , 244(16) <sup>f</sup>

## Keusemodules

Plus ten minste 32 krediete uit die volgende:

Beleggingsbestuur	254(16) #
Bemarkingsbestuur	214(16) <sup>§</sup> , 244(16) <sup>§</sup>
Entrepreneurskap en Innovasiebestuur	214(16) <sup>f</sup> , 244(16) <sup>f</sup>
Finansiële Bestuur	214(16), 244(16) #
Sosiologie	212(8) <sup>f</sup> , 222(8) <sup>f</sup> , 242(8) <sup>f</sup> , 252(8) <sup>f</sup>

# Finansiële Bestuur 244 kan nie saam met die keusemodule Beleggingsbestuur 254 geneem word nie weens roosterbotsings.

§ Indien jy die Bemarkingsbestuurbaan kies, dan is Bedryfsielkunde 224 verpligtend en kan jy dit in die derde of vierde jaar kies.

f Indien jy Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 214 en 244 kies, mag jy nie Sosiologie 212, 222, 242 en 252 ook kies nie, weens roosterbotsings.

## DERDE JAAR (MINSTENS 132 KREDIETE)\*

### Verpligte modules

Bestuur van Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid	314(12)
Inleiding tot Interkulturele Kommunikasie	312(12)
Politiese Wetenskap	222(8)
Regsaspekte van Internasionale Besigheidstransaksies	314(12)
Uitruilsemester	342(60) [Slegs as jy vir die BCom (Internasionale Besigheid)-graad by die Universiteit Stellenbosch geregistreer is]

Plus een van die volgende modules wat jy **nie** in die tweede jaar geneem het nie:

Bemarkingsbestuur	214(16) <sup>Δ</sup> of
Entrepreneurskap en Innovasiebestuur	214(16) of
Finansiële Bestuur	214(16)

**Of minstens 24 krediete uit die volgende vierdejaar-keusemodules, op voorwaarde dat jy die nodige voorvereistemodulekrediete vir toelating het:**

Beleggingsbestuur	314(12), 324(12)
Bemarkingsbestuur	314(12) <sup>Δ</sup> , 324(12) <sup>Δ</sup>
Ekonomie	318(24)
Entrepreneurskap en Innovasiebestuur	318(24)
Finansiële Bestuur	314(12) <sup>#</sup> , 332(12) <sup>#</sup>

## Keusemodules

Plus ten minste 12 krediete uit die volgende:

Bedryfsielkunde	224(16) <sup>Δ</sup>
Politiese Wetenskap	212(8)
Sosiale Antropologie	324(12) <sup>#</sup>

<sup>Δ</sup> Indien jy die Bemarkingsbestuurbaan kies, dan is Bedryfsielkunde 224 verpligtend en kan jy dit in die derde of vierde jaar kies.

# Indien jy Finansiële Bestuur 314 en 332 kies, mag jy nie Sosiale Antropologie 324 ook kies nie, weens roosterbotsings.

\* Die omstandighede van 'n gegewe jaar (byvoorbeeld Covid-19 en uitruilgeleenthede) kan tot gevolg hê dat jy die geleentheid kry om die uitruilsemester in jou vierde jaar te neem, of om studiejare 3 en 4 om te ruil.

## VIERDE JAAR (120 KREDIETE)\*

### Verpligte modules

Strategiese Bestuur	344(12)
---------------------	---------

Plus een van die volgende vakke (alle modules) om jou fokusarea uit die tweede en derde jaar voort te sit:

Beleggingsbestuur	314(12), 324(12), 344(12), 349(12) <i>of</i>
Bemarkingsbestuur <sup>§</sup>	314(12) <sup>f</sup> , 324(12) <sup>f</sup> , 344(12), 354(12) <i>of</i>
Entrepreneurskap en Innovasiebestuur	318(24), 348(24) <i>of</i>
Finansiële Bestuur	314(12) <sup>#</sup> , 332(12) <sup>#</sup> , 352(12), 354(12)

### Keusemodules

Plus modules uit die lys hieronder om saam met die modules hierbo minstens 120 krediete op te maak:

Beleggingsbestuur	314(12), 324(12), 344(12), 349(12)
Bemarkingsbestuur <sup>§</sup>	314(12) <sup>f</sup> , 324(12) <sup>f</sup> , 344(12), 354(12)
Bedryfsielkunde	224(16) <sup>Δ</sup>
Ekonomie	318(24), 348(24)
Entrepreneurskap en Innovasiebestuur	318(24), 348(24)
Finansiële Bestuur	314(12) <sup>#</sup> , 332(12) <sup>#</sup> , 352(12), 354(12)
Politiese Wetenskap	242(8), 324(12) <sup>f</sup>
Sosiale Antropologie	324(12) <sup>#</sup>

<sup>Δ</sup> Indien jy die Bemarkingsbestuurbaan kies, dan is Bedryfsielkunde 224 verpligtend en kan jy dit in die derde of vierde jaar kies.

<sup>f</sup> Indien jy Bemarkingsbestuur 314 en 324 kies, mag jy nie Politieke Wetenskap 324 ook kies nie, weens roosterbotsings.

<sup>#</sup> Indien jy Finansiële Bestuur 314 en 332 kies, mag jy nie Sosiale Antropologie 324 ook kies nie, weens roosterbotsings.

\* Die omstandighede van 'n gegewe jaar (byvoorbeeld Covid-19 en uitruilgeleenthede) kan tot gevolg hê dat jy die geleentheid kry om die uitruilsemester in jou vierde jaar te neem, of om studiejare 3 en 4 om te ruil.

*Let asseblief op:*

Indien jy die module in die linkerkantste kolom voor of in 2023 gesak het, moet jy vir die module wat in die regterkantste kolom gespesifiseer word, registreer.

Modules voor of in 2023 gesak	Modules waarvoor jy in 2025 moet registreer
<b>Een van</b> Beleggingsbestuur 348 of 354	Beleggingsbestuur 349
<b>Beide</b> Beleggingsbestuur 348 en 354	Beleggingsbestuur 349 en Strategiese Bestuur 344 (of enige ander keusemodule)

## 4.6 BDatSci

### 4.6.1 BDatSci: Algemene inligting

#### Interdepartementele en interfakulteitsamewerking

Hierdie program word in vier fakulteite aangebied, naamlik Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Natuurwetenskappe, AgriWetenskappe en Lettere en Sosiale Wetenskappe. Die fakulteit waar jy geregistreer is ken die graad toe.

#### Toelatingsvereistes

- Algemene NSS-gemiddelde van ten minste 80%, uitgesluit Lewensoriëntering
- Wiskunde 80%
- Een van die volgende:
  - Afrikaans Huistaal 60% *of*
  - Engels Huistaal 60% *of*
  - Afrikaans Eerste addisionele taal 75% *of*
  - Engels Eerste addisionele taal 75%

#### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word bepaal deur die Fakulteit se inskrywingsplan en kan jaarliks verskil.

Indien die getal aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Fakulteit se inskrywingsplan oorskry, sal verdere keuringskriteria en -prosesse toegepas word. Besoek die Fakulteit se webblad by [www.sun.ac.za/ebw](http://www.sun.ac.za/ebw) vir die keuringskriteria wat deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe toegepas word.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen elektronies aansoek by [www.maties.com](http://www.maties.com) teen **31 Julie** van die jaar voor jou voorgenome studie. Vir meer oor die aansoek- en toelatingsproses, sien afdeling 1 van hierdie hoofstuk.

#### Duur en tipe programaanbod

Vier jaar, voltyds.

#### Aanbiedingsmetode van die program

Volkontakleer (van aangesig tot aangesig).

#### Navrae en programleiers

##### Navrae

Vir verdere inligting oor die BDatSci-program, besoek [www.sun.ac.za/afrikaans/datascience](http://www.sun.ac.za/afrikaans/datascience) of stuur 'n epos aan [datascience@sun.ac.za](mailto:datascience@sun.ac.za).

#### Program en fokusarealeiers

##### Programleier

Prof Paul Mostert  
Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap

##### Analitika en Optimering as fokusarea

Prof Stephan Visagie  
Departement Logistiek

##### Gedragseconomie as fokusarea

Prof Rulof Burger  
Departement Ekonomie

##### Statistiese Leer as fokusarea

Prof Danie Uys  
Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap

## Programstruktuur

Die datawetenskapprogram, BDatSci, bestaan uit 'n aantal fokusareas wat elkeen oor vier jaar strek. Vir elke jaar is daar vasgestelde verpligte modules wat vir al die fokusareas geld. Daar kan ook in elke jaar verdere verpligte en/of keusemodules wees wat eie is aan die spesifieke fokusarea. Jy registreer vir die BDatSci-program in die fakulteit wat die fokusarea van jou keuse aanbied. Aangesien die BDatSci-graad 'n vierjarige kwalifikasie op honneursvlak (NKR-vlak 8) is, kan jy nagraads vir 'n magisterprogram aansoek doen.

Dit is moontlik om vanaf ander bestaande akademiese programme na die BDatSci-program oor te skakel (te artikuleer), maar jy moet eers die goedkeuring van die programkomitee van die BDatSci-program verkry. Indien jy van voorneme is om na die BDatSci-program oor te skakel, kontak die programleier by [datascience@sun.ac.za](mailto:datascience@sun.ac.za) kontak vir goedkeuring.

## Fokusareas

Die doel van die fokusareas is om jou te help om 'n loopbaan-fokus binne die BDatSci-program te ontwikkel. Die fokusarea is nie 'n program nie, en die modulekombinasie is slegs 'n aanbeveling sodat jy meer gefokusde modulekeuses kan maak. Nietemin is daar heelwat verpligte modules wat binne elke fokusarea geneem moet word. Die modulekeuses in die tabelle by die fokusareabeskrywings hieronder pas in by die klas- en assesseringsroosters.

Daar is agt fokusareas in die BDatSci-program, en drie van hierdie fokusareas val binne die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Hierdie drie fokusareas word onder "Fokusareas in die BDatSci-program" verder beskryf. Al agt fokusareas word nou ter wille van volledigheid gelys met (in hakies) die fakulteit waar dit aangebied word. Jy sal 'n beskrywing van elke fokusarea in die betrokke fakulteit se Jaarboekdeel kry:

- Analitika en Optimering (Ekonomiese en Bestuurswetenskappe),
- Gedragsekonomie (Ekonomiese en Bestuurswetenskappe),
- Statistiese Leer (Ekonomiese en Bestuurswetenskappe),
- Rekenaarwetenskap (Natuurwetenskappe),
- Statistiese Fisika (Natuurwetenskappe),
- Toegepaste Wiskunde (Natuurwetenskappe),
- Statistiese Genetika (AgriWetenskappe), en
- Geoinformatika (Lettere en Sosiale Wetenskappe).

## Oorskakeling na 'n ander fokusarea in die BDatSci-program

Verwys na Bylaag C vir meer inligting oor die oorskakeling van een fokusarea na 'n ander in die BDatSci-program.

## 4.6.2 Fokusareas in die BDatSci-program

### 4.6.2.1 Analitika en Optimering

Tuisdepartement: Logistiek

Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

#### Beskrywing van fokusarea

Operasionele Navorsing is 'n analitiese benadering tot data-gedrewe probleemoplossing en besluitneming. Probleme word afgebreek in basiese komponente en in gedefinieerde stappe met wiskundige metodes opgelos. Operasionele navorsers gebruik wiskundige optimering om die beste uitkomst, gegewe die omstandighede, te bepaal. Hulle gebruik simulاسie om te eksperimenteer en oplossings te toets voordat dit geïmplementeer word. Analities word gebruik om risiko te identifiseer en bruikbare insigte te vind, en om betroubare vooruitskattings te maak. Die tegnieke wat in hierdie fokusarea aangebied word, gee data-wetenskaplikes 'n unieke voordeel om optimale oplossings vir regterewêreldprobleme te vind en maak deure oop na loopbane in rigtings soos besigheidsanalise en konsultasie.

BDatSci			
Fokusarea: Analitika en Optimering			
Eerste jaar (120 krediete)	Tweede jaar (128 krediete)	Derde jaar (128 krediete)	Vierde jaar* (128 krediete)
<b>Verpligte modules</b> Datawetenskap 141(16) Rekenaarwetenskap 113(16) of 114(16), 144(16) Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114(16) Wiskunde 114(16), 144(16) <b>Plus</b> Aktuariële Wetenskap 112(8) <i>en</i> Toegepaste Wiskunde 144(16) <b>Of</b> Ekonomie 114(12), 144(12)	<b>Verpligte modules</b> Datawetenskap 241(16) Operasionele Navorsing 214(16), 244(16) Rekenaarwetenskap 214(16), 244(16) Wiskunde 214(16) Wiskundige Statistiek 214(16), 245(8), 246(8)	<b>Verpligte modules</b> Datawetenskap 316(16), 346(16) Operasionele Navorsing 314(16), 352(16), 344(16) Rekenaarwetenskap 315(16), 343(16) Wiskundige Statistiek 312(16)	<b>Verpligte modules</b> Datawetenskapnavorsing in Analitika en Optimering 471 (40) Inleiding tot Statistiese Leerteorie 441(12) Gevorderde Lineêre Programmering 441(15) Masjienleer 441(16) Metaheuristieke 441(15) Metodes in Operasionele Navorsing 441(15) Stelseldinamika 441(15)

\* Let asseblief op dat die modules van die vierde jaar in semester 1 of semester 2 aangebied kan word. Die rooster word jaarliks deur die betrokke departement bepaal.

## 4.6.2.2 Gedragseconomie

Tuisdepartement: Ekonomie

Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

### Beskrywing van fokusarea

Datawetenskaplikes werk dikwels met data wat aspekte van menslike gedrag vaslê en die besluite van beleggers, verbruikers, werkers, politici, ondernemings en bestuurders weerspieël. Gedragseconomie bestudeer hoe sielkundige en ekonomiese faktore hierdie besluite beïnvloed. Hierdie fokusarea sal jou toerus met die vaardighede, modelle en teorieë om menslike gedrag te verstaan, te voorspel en te beïnvloed.

BDatSci			
Fokusarea: Gedragseconomie			
Eerste jaar (120 krediete)	Tweede jaar (128 krediete)	Derde jaar (128 krediete)	Vierde jaar* (122 krediete)
<b>Verpligte modules</b> Datawetenskap 141(16) Ekonomie 114(12), 144(12) Rekenaarwetenskap 114(16), 144(16) Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114(16) Wiskunde 114(16), 144(16)	<b>Verpligte modules</b> Datawetenskap 241(16) Ekonomie 214(16), 244(16) Rekenaarwetenskap 214(16), 244(16) Wiskunde 214(16) Wiskundige Statistiek 214(16), 245(8), 246(8)	<b>Verpligte modules</b> Datawetenskap 316(16), 346(16) Ekonomie 318(24), 388(24) Rekenaarwetenskap 315(16), 343(16) Wiskundige Statistiek 312(16)	<b>Verpligte modules</b> Datawetenskapnavorsing in Gedragseconomie 471(40) Ekonometrie 441(20) Gedragseconomie 441(10) Inleiding tot Statistiese Leerteorie 441(12) Makro-ekonomie 441(12) Masjienteer 441(16) Mikro-ekonomie 441(12)

\* Let asseblief op dat die modules van die vierde jaar in semester 1 of semester 2 aangebied kan word. Die rooster word jaarliks deur die betrokke departement bepaal.

### 4.6.2.3 Statistiese Leer

Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap  
 Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

#### Beskrywing van fokusarea

In bykans alle omgewings berus besluitneming op massiewe hoeveelhede data. Dit beteken daar is 'n dringende behoefte aan kundige individue wat die vloedgolf van data kan interpreteer. In die algemeen behels datawetenskap die insameling en stoor van data, die transformasie en grafiese voorstelling van data, en die ontleding van data vir voorspelling en inferensie. Die fokusarea Statistiese Leer in die besonder behels die identifisering van tendense en patrone in data. Hierdie tendense en patrone word dan gebruik om statistiese modelle te ontwikkel wat vir voorspelling of klassifisering gebruik kan word. Hierdie is 'n belangrike taak in alle industrieë, wat beteken dat individue met hierdie vaardighede praktiese probleme in verskeie velde sal kan oplos.

BDatSci			
Fokusarea: Statistiese Leer			
Eerste jaar (120 krediete)	Tweede jaar (128 krediete)	Derde jaar (128 krediete)	Vierde jaar* (124 krediete)
<b>Verpligte modules</b> Datawetenskap 141(16) Rekenaarwetenskap 113(16) of 114(16), 144(16) Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114(16) Wiskunde 114(16), 144(16) <b>Plus</b> Aktuariële Wetenskap 112(8) en Toegepaste Wiskunde 144(16) <b>Of</b> Ekonomie 114(12), 144(12)	<b>Verpligte modules</b> Datawetenskap 241(16) Operasionele Navorsing 214(16) Rekenaarwetenskap 214(16), 244(16) Wiskunde 214(16), 244(16) Wiskundige Statistiek 214(16), 245(8), 246(8)	<b>Verpligte modules</b> Datawetenskap 316(16), 346(16) Rekenaarwetenskap 315(16), 343(16) Wiskundige Statistiek 312(16), 316(16), 344(16), 364(16)	<b>Verpligte modules</b> Datawetenskapnavorsing in Statistiese Leer 471(40) Inleiding tot Statistiese Leerteorie 441(12) Masjienleer 441(16) <b>Keuse modules</b> <i>Kies ten minste 56 krediete.</i> Bayes-statistiek 441(16) Meerveranderlike Statistiese Analise A 441(16)** Meerveranderlike Statistiese Analise B 441(16)** Stogastiese Simulasie 441(12) Tydreeksanalise 441(12)

\* Let asseblief op dat die modules van die vierde jaar in semester 1 of semester 2 aangebied kan word. Die rooster word jaarliks deur die betrokke departement bepaal.

\*\* Meerveranderlike Statistiese Analise A 441 (16) is 'n voorvereiste vir Meerveranderlike Statistiese Analise B 441(16). Jy kan by die programleier van BDatSci (datascience@sun.ac.za) toestemming vra om hoogstens 16 krediete uit ander toepaslike modules wat in die ander fokusareas van BDatSci-program aangebied word, te neem.



## 5. Professionele graadprogramme

Al die professionele programme bied jou die geleentheid om by beroepsrade en/of professionele verenigings te registreer of om die kwalifiserende eksamen af te lê.

### 5.1 BCom (Aktuariële Wetenskap)

#### Toelatingsvereistes

Minimumvereistes vir toelating:

- Algemene NSS-gemiddelde van ten minste 80%, uitgesluit Lewensoriëntering
- Wiskunde 80%
- Huistaal 60%
- Indien die Huistaal (van die vereiste hierbo) nie Engels is nie, dan ook Engels Eerste Addisionele Taal 75%

#### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word bepaal deur die Fakulteit se inskrywingsplan en kan jaarliks verskil.

Indien die getal aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Fakulteit se inskrywingsplan oorskry, sal verdere keuringskriteria en -prosesse toegepas word. Besoek die Fakulteit se webblad by [www.sun.ac.za/ebw](http://www.sun.ac.za/ebw) vir die keuringskriteria wat deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappetoegepas word.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen elektronies aansoek by [www.maties.com](http://www.maties.com) teen **31 Julie** van die jaar voor jou voorgenome studie. Vir meer oor die aansoek- en toelatingsproses, sien afdeling 1 van hierdie hoofstuk.

#### Duur en tipe programaanbod

Drie jaar, voltyds.

#### Aanbiedingsmetode van die program

Volkontakleer (van aangesig tot aangesig).

#### Professionele kwalifikasie en vrystelling van professionele eksamens

Hierdie program is daarop gerig om jou voor te berei om as aktuaris te kwalifiseer. Die kurrikulum is só gestruktureer dat jy vrystellings by die Aktuariële Genootskap van Suid-Afrika kan verkry, op grond van jou akademiese prestasie in die ooreenkomstige universiteitsvakke.

#### Navrae en programleier

##### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Me Lucia Rhode  
 Programadministrateur  
 Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap  
 Tel: 021 808 3952  
 E-pos: [actuarial@sun.ac.za](mailto:actuarial@sun.ac.za)  
 Webtuiste: [www.sun.ac.za/statistiek](http://www.sun.ac.za/statistiek)

##### Programleier

Prof Garrett Slattery  
 Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap

## Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 434 krediete verwerf, soos hieronder uiteengesit. Vir 'n beskrywing van die inhoud van afsonderlike modules, sien die hoofstuk "Vakke, Modules en Module-inhoude" in hierdie boek.

### EERSTE JAAR (154 KREDIETE)

#### Alle modules is verpligtend.

Aktuariële Wetenskap	112(8), 142(16)
Ekonomie	114(12), 144(12)
Finansiële Rekeningkunde	188(24)
Rekenaarwetenskap	113(16)
Ondernemingsbestuur	113(12), 142(6)
Waarskynlikheidsleer en Statistiek	144(16)
Wiskunde	114(16), 144(16)

### TWEDE JAAR (136 OF 144 KREDIETE)

#### Verpligte modules

Aktuariële Wetenskap	211(18), 241(22)
Ekonomie	214(16)
Finansiële Risikobestuur	212(8)
Wiskunde	214(16), 244(16)
Wiskundige Statistiek	214(16), 245(8), 246(8)

#### Keusemodules

Plus een van die volgende (minstens 8 krediete):

Ekonomie	244(16)
Finansiële Risikobestuur	242(8)

### DERDE JAAR (144 KREDIETE)

#### Alle modules is verpligtend.

Aktuariële Wetenskap	311(24), 341(24), 371(32)
Wiskundige Statistiek	312(16), 316(16), 344(16), 364(16)

## 5.2 BCom (Bedryfsielkunde)

### Toelatingsvereistes

- 'n Nasionale Senior Sertifikaat-gemiddelde van minstens 65%, Lewensoriëntering uitgesluit
- Wiskunde 60%
- Een van die volgende:
  - Afrikaans Huistaal 50% *of*
  - Engels Huistaal 50% *of*
  - Afrikaans Eerste Addisionele Taal 70% *of*
  - Engels Eerste Addisionele Taal 70%

### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word bepaal deur die Fakulteit se inskrywingsplan en kan jaarliks verskil.

Indien die getal aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Fakulteit se inskrywingsplan oorskry, sal verdere keuringskriteria en -prosesse toegepas word. Besoek die Fakulteit se webblad by [www.sun.ac.za/ebw](http://www.sun.ac.za/ebw) vir die keuringskriteria wat deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe toegepas word.

## Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen elektronies aansoek by [www.maties.com](http://www.maties.com) teen **31 Julie** van die jaar voor jou voorgenome studie. Vir meer oor die aansoek- en toelatingsproses, sien afdeling 1 van hierdie hoofstuk.

## Duur en tipe programaanbod

Drie jaar, voltyds.

## Aanbiedingsmetode van die program

Volkontakleer (van aangesig tot aangesig).

## Professionele registrasie

Jy kwalifiseer vir statutêre registrasie by die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika (HPCSA) as Psigometris (Onafhanklike Praktyk) (*Psychometrist (Independent Practice)*) nadat jy die volgende almal suksesvol voltooi het:

- graad BCom (Bedryfsielkunde),
- graad HonsBCom (Bedryfsielkunde),
- BPsig-ekwivalensieprogram, en
- 'n professionele raadseksamen.

Statutêre registrasie as Bedryfsielkundige by die HPCSA is moontlik nadat jy die graad MCom (Bedryfsielkunde) en 'n internskap voltooi het en professionele raadseksamen suksesvol afgelê het.

## Navrae en programleier

### Navrae

*Vir navrae oor toelating, keuring en registrasieprosedures, module keuses en kredietvereistes, kontak asseblief:*

Me Lauren Delpont, mnr Meyrick Balie of me Nadia Cassiem  
 Fakulteitsadministrateur  
 Administrasiegebou A  
 Tel: 021 808 9111  
 E-pos: [registrarems@sun.ac.za](mailto:registrarems@sun.ac.za)

*Vir algemene navrae oor die akademiese inhoud van die program, kontak asseblief:*

Me Ilse Frans  
 Studentesakebeampte  
 Tel: 021 808 9525  
 E-pos: [emsinfo@sun.ac.za](mailto:emsinfo@sun.ac.za)

Webtuiste: [www.sun.ac.za/industrial\\_psychology](http://www.sun.ac.za/industrial_psychology) (klik regs bo vir Afrikaans)

### Programleier

Me Marietha de Wet  
 Departement Bedryfsielkunde

## Programinhoud

Jy moet altesaam 410 krediete verwerf, soos hieronder uiteengesit. Vir 'n beskrywing van die inhoud van afsonderlike modules, sien die hoofstuk "Vakke, Modules en Module-inhoude" in hierdie boek.

### EERSTE JAAR (138 KREDIETE)

#### Alle modules is verpligtend.

Bedryfsielkunde	114(12), 144(12)
Ekonomie	114(12), 144(12)
Finansiële Rekeningkunde	188(24)
Ondernemingsbestuur	113(12), 142(6)
Renterekening	152(6)
Sielkunde	114(12), 144(12)
Statistiek en Datawetenskap	188(18)

## TWEDE JAAR (128 KREDIETE)

### Verpligte modules

Bedryfsielkunde	214(16), 224(16)*, 252(8), 262(8)
Sielkunde	213(8), 223(8), 243(8), 253(8)

### Keusemodules

- Kies een volle vak van twee modules plus een ander module van 16 krediete.
- Die modules wat met 'n hutsteken (#) gemerk is kan nie saam geneem word nie weens roosterbotsings.
- Neem die voorvereistes vir tweede- en derdejaarsmodules in ag. (Kyk Bylaag A vir die voorvereistes.)
- As jy Bemerkingsbestuur 214 en 244 neem, moet jy Finansiële Bestuur 214 neem (gemerk met 'n <sup>Δ</sup>). Sien ook die voorvereistes vir Bemerkingsbestuur 214 en 244 in Bylaag A agter in hierdie boek.

Beleggingsbestuur	254(16)#
Bemerkingsbestuur	214(16) <sup>Δ</sup> , 244(16) <sup>Δ</sup>
Entrepreneurskap en Innovasiebestuur	214(16), 244(16)
Finansiële Bestuur	214(16) <sup>Δ</sup> , 244(16)#

## DERDE JAAR (144 KREDIETE)

### Verpligte modules

Bedryfsielkunde	314(12), 324(12), 348(24)
Sielkunde	314(12), 324(12), 348(24)

### Keusemodules

Plus 48 krediete (al die modules) uit een van die volgende drie vakke.

Bemerkingsbestuur	314(12), 324(12), 344(12), 354(12) <i>of</i>
Entrepreneurskap en Innovasiebestuur	318(24), 348(24) <i>of</i>
Finansiële Bestuur	314(12), 332(12), 352(12), 354(12)

## 5.3 BCom (Bestuursrekeningkunde)

### Toelatingsvereistes

- 'n Nasionale Senior Sertifikaat-gemiddelde van minstens 65%, Lewensoriëntering uitgesluit
- Wiskunde 60%
- Een van die volgende:
  - Afrikaans Huistaal 50% *of*
  - Engels Huistaal 50% *of*
  - Afrikaans Eerste Addisionele Taal 70% *of*
  - Engels Eerste Addisionele Taal 70%

### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word bepaal deur die Fakulteit se inskrywingsplan en kan jaarliks verskil.

Indien die getal aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Fakulteit se inskrywingsplan oorskry, sal verdere keuringskriteria en -prosesse toegepas word. Besoek die Fakulteit se webblad by [www.sun.ac.za/ebw](http://www.sun.ac.za/ebw) vir die keuringskriteria wat deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe toegepas word.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen elektronies aansoek by [www.maties.com](http://www.maties.com) teen **31 Julie** van die jaar voor jou voorgename studie. Vir meer oor die aansoek- en toelatingsproses, sien afdeling 1 van hierdie hoofstuk.

### Duur en tipe programaanbod

Drie jaar, voltyds.

### Aanbiedingsmetode van die program

Volkontakleer (van aangesig tot aangesig).

## Professionele kwalifikasie

Hierdie program bied professionele opleiding wat gerig is op die kwalifikasie Geoktrooieerde Bestuursrekenmeester (CIMA-kwalifikasie).

## Navrae en programleier

### Navrae

*Vir navrae oor toelating, keuring en registrasieprosedures, module keuses en kredietvereistes, kontak asseblief:*

Me Lauren Delpont, mnr Meyrick Balie of me Nadia Cassiem  
Fakulteitsadministrateur  
Administrasiegebou A  
Tel: 021 808 9111  
E-pos: registrarems@sun.ac.za

*Vir algemene navrae oor die akademiese inhoud, kontak asseblief:*

Me Ilse Frans  
Studentesakebeampte  
Tel: 021 808 9525  
E-pos: emsinfo@sun.ac.za  
Webtuiste: www.sun.ac.za/rekeningkunde

### Programleier

Mnr Roelof Baard  
Skool vir Rekeningkunde

### Programinhoud

Jy moet altesaam 391 krediete verwerf, soos hieronder uiteengesit. Vir 'n beskrywing van die inhoud van afsonderlike modules, sien die hoofstuk "Vakke, Modules en Module-inhoude" in hierdie boek.

### EERSTE JAAR (120 KREDIETE)

#### Alle modules is verpligtend.

Digitale- en Leierskapsvernuf	112(6), 122(6), 142(6), 152(6), 162(6)
Ekonomie	114(12), 144(12)
Finansiële Rekeningkunde	188(24)
Ondernemingsbestuur	113(12), 142(6)
Renterekening	152(6)
Statistiek en Datawetenskap	188(18)

*Let asseblief op:*

- Indien jy Inligtingstelsels 114 in of voor 2022 gesak het, moet jy vir Digitale- en Leierskapsvernuf 112 en 142 registreer. Inligtingstelsels 114 of beide Digitale- en Leierskapsvernuf 112 en 142 sal vir graaddoeleindes tel.
- Indien jy Inligtingstelsels 144 in of voor 2022 gesak het, moet jy vir Digitale- en Leierskapsvernuf 122 en 152 registreer. Inligtingstelsels 144 of beide Digitale- en Leierskapsvernuf 122 en 152 sal vir graaddoeleindes tel.
- Indien jy Inligtingstelsels 152 in of voor 2022 gesak het, moet jy vir Digitale- en Leierskapsvernuf 162 registreer. Inligtingstelsels 152 of Digitale- en Leierskapsvernuf 162 sal vir graaddoeleindes tel.

### TWEDE JAAR (128 KREDIETE)

#### Alle modules is verpligtend.

Bedryfsielkunde (Spesiaal)	244(12)
Bemarkingsbestuur	214(16)
Bestuursrekeningkunde	288(24)
Digitale- en Leierskapsvernuf	212(6), 246(6)
Finansiële Rekeningkunde	288(32)
Handelsreg (Handel)	285(32) [Studente wat Handelsreg (Rek) 193 geslaag het skryf nie in vir Handelsreg (Handel) 285 nie, maar wel vir Handelsreg (Handel) 253.]

*Let asseblief op:*

- Indien jy Inligtingstelsels 214 in of voor 2022 gesak het, moet jy vir Digitale- en Leierskapsvernuf 212 registreer. Inligtingstelsels 214 of Digitale- en Leierskapsvernuf 212 sal vir graaddoeleindes tel.

- Indien jy Inligtingstelsels 242 óf Digitale- en Leierskapsvernuf 242 in of voor 2024 gesak het, moet jy vir Digitale- en Leierskapsvernuf 246 registreer. Enige een van Inligtingstelsels 242, Digitale- en Leierskapsvernuf 242 of Digitale- en Leierskapsvernuf 246 sal vir graaddoeleindes tel.

## DERDE JAAR (143 KREDIETE)

### Alle modules is verpligtend.

Belasting	388(24)
Bestuursrekeningkunde	388(48)
Finansiële Rekeningkunde	389(48)
Ouditkunde	388(23) <sup>#</sup>

<sup>#</sup> Die krediete vir hierdie module is in 2024 aangepas. Indien jy egter reeds die module in 'n vorige jaar geslaag het, sal jy dit vir graaddoeleindes mag aanbied en hoef jy nie die module met die aangepaste kredietlading aan te bied nie.

## 5.4 BCom (Finansiële Rekeningkunde)

### Toelatingsvereistes

- 'n Nasionale Senior Sertifikaat-gemiddelde van minstens 65%, Lewensoriëntering uitgesluit
- Wiskunde 60%
- Een van die volgende:
  - Afrikaans Huistaal 50% of
  - Engels Huistaal 50% of
  - Afrikaans Eerste Addisionele Taal 70% of
  - Engels Eerste Addisionele Taal 70%

### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word bepaal deur die Fakulteit se inskrywingsplan en kan jaarliks verskil.

Indien die getal aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Fakulteit se inskrywingsplan oorskry, sal verdere keuringskriteria en -prosesse toegepas word. Besoek die Fakulteit se webblad by [www.sun.ac.za/ebw](http://www.sun.ac.za/ebw) vir die keuringskriteria wat deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappetoegepas word.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen elektronies aansoek by [www.maties.com](http://www.maties.com) teen **31 Julie** van die jaar voor jou voorgenome studie. Vir meer oor die aansoek- en toelatingsproses, sien afdeling 1 van hierdie hoofstuk.

### Duur en tipe programaanbod

Drie jaar, voltyds.

### Aanbiedingsmetode van die program

Volkontakleer (van aangesig tot aangesig).

### Professionele registrasie

Hierdie program bied professionele opleiding wat gerig is op die kwalifikasie as Geoktrooieerde Gesertifiseerde Rekenmeester wat deur die Association of Chartered Certified Accountants (ACCA) aangebied word.

### Navrae en programleier

#### Navrae

*Vir navrae oor toelating, keuring en registrasieprosedures, module keuses en kredietvereistes, kontak asseblief een van die volgende persone:*

Me Lauren Delport, mnr Meyrick Balie of me Nadia Cassiem  
 Fakulteitsadministrateur  
 Administrasiegebou A  
 Tel: 021 808 9111  
 E-pos: [registrarems@sun.ac.za](mailto:registrarems@sun.ac.za)

*Vir algemene navrae oor die akademiese inhoud van die program, kontak asseblief:*

Me Ilse Frans  
 Studentesakebeampte  
 Tel: 021 808 9525  
 E-pos: emsinfo@sun.ac.za  
 Webtuiste: www.sun.ac.za/rekeningkunde

## Programleier

Prof George Nel  
 Skool vir Rekeningkunde

## Programinhoud

Jy moet altesaam 390 krediete verwerf, soos hieronder uiteengesit. Vir 'n beskrywing van die inhoud van afsonderlike modules, sien die hoofstuk "Vakke, Modules en Module-inhoude" aan die einde van hierdie boek.

### EERSTE JAAR (120 KREDIETE)

#### Alle modules is verpligtend.

Digitale- en Leierskapsvernuif	112(6), 122(6), 142(6), 152(6), 162(6)
Ekonomie	114(12), 144(12)
Finansiële Rekeningkunde	188(24)
Ondernemingsbestuur	113(12), 142(6)
Renterekening	152(6)
Statistiek en Datawetenskap	188(18)

*Let asseblief op:*

- Indien jy Inligtingstelsels 114 in of voor 2022 gesak het, moet jy vir Digitale- en Leierskapsvernuif 112 en 142 registreer. Inligtingstelsels 114 of beide Digitale- en Leierskapsvernuif 112 en 142 sal vir graaddoeleindes tel.
- Indien jy Inligtingstelsels 144 in of voor 2022 gesak het, moet jy vir Digitale- en Leierskapsvernuif 122 en 152 registreer. Inligtingstelsels 144 of beide Digitale- en Leierskapsvernuif 122 en 152 sal vir graaddoeleindes tel.
- Indien jy Inligtingstelsels 152 in of voor 2022 gesak het, moet jy vir Digitale- en Leierskapsvernuif 162 registreer. Inligtingstelsels 152 of Digitale- en Leierskapsvernuif 162 sal vir graaddoeleindes tel.

### TWEDE JAAR (127 KREDIETE)

#### Alle modules is verpligtend.

Bemarkingsbestuur	214(16)
Bestuursrekeningkunde	288(24)
Finansiële Rekeningkunde	288(32)
Handelsreg (Handel)	285(32) [ <i>Studeer wat Handelsreg (Rek) 193 geslaag het, skryf nie in vir Handelsreg (Handel) 285 nie, maar wel vir Handelsreg (Handel) 253.</i> ]
Ouditkunde	288(23) <sup>#</sup>

<sup>#</sup> Die krediete vir hierdie module is in 2024 aangepas. Indien jy egter reeds die module in 'n vorige jaar geslaag het, sal jy dit vir graaddoeleindes mag aanbied en hoef jy nie die module met die aangepaste kredietlading aan te bied nie.

### DERDE JAAR (143 KREDIETE)

#### Alle modules is verpligtend.

Belasting	388(24)
Bestuursrekeningkunde	388(48)
Finansiële Rekeningkunde	389(48)
Ouditkunde	378(23) <sup>#</sup>

<sup>#</sup> Die krediete vir hierdie module is in 2024 aangepas. Indien jy egter reeds die module in 'n vorige jaar geslaag het, sal jy dit vir graaddoeleindes mag aanbied en hoef jy nie die module met die aangepaste kredietlading aan te bied nie.

## 5.5 BRek

### Toelatingsvereistes

- 'n Nasionale Senior Sertifikaat-gemiddelde van 70%, Lewensoriëntering uitgesluit
- Wiskunde 70% of  
Wiskunde 60% en Rekeningkunde 70%
- Een van die volgende:
  - Afrikaans Huistaal 50% of
  - Engels Huistaal 50% of
  - Afrikaans Eerste Addisionele Taal 70% of
  - Engels Eerste Addisionele Taal 70%

*Neem asseblief kennis:* Hierdie program word in Afrikaans en Engels aangebied. Daar is aparte Afrikaanse en Engelse groepe vir die eerstejaarmodules. In latere studiejare word sommige modules in Engels aangebied met intydse tolking in Afrikaans.

### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word bepaal deur die Fakulteit se inskrywingsplan en kan jaarliks verskil.

Indien die getal aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Fakulteit se inskrywingsplan oorskry, sal verdere keuringskriteria en -prosesse toegepas word. Besoek die Fakulteit se webblad by [www.sun.ac.za/ebw](http://www.sun.ac.za/ebw) vir die keuringskriteria wat deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe toegepas word.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen elektronies aansoek by [www.maties.com](http://www.maties.com) teen **31 Julie** van die jaar voor jou voorgenome studie. Vir meer oor die aansoek- en toelatingsproses, sien afdeling 1 van hierdie hoofstuk.

### Duur en tipe programaanbod

Drie jaar, voltyds.

### Aanbiedingsmetode van die program

Volkontakleer (van aangesig tot aangesig).

### Professionele kwalifikasie

Hierdie program bied professionele onderrig wat gerig is op die kwalifikasie Geoktrooieerde Rekenmeester.

### Navrae en programleiers

#### Navrae

*Vir navrae oor toelating, keuring en registrasieprosedures, module keuses en kredietvereistes, kontak asseblief:*

Me Lauren Delpont, mnr Meyrick Balie of me Nadia Cassiem  
Fakulteitsadministrateur  
Administrasiegebou A  
Tel: 021 808 9111  
E-pos: [registrarems@sun.ac.za](mailto:registrarems@sun.ac.za)

*Vir algemene navrae oor die akademiese inhoud van die program, kontak asseblief:*

Me Ilse Frans  
Studentesakebeampte  
Tel: 021 808 9525  
E-pos: [emsinfo@sun.ac.za](mailto:emsinfo@sun.ac.za)

Webtuiste: [www.sun.ac.za/rekeningkunde](http://www.sun.ac.za/rekeningkunde)



## Programleiers

Prof Stiaan Lamprecht en Prof Pieter von Wielligh  
Skool vir Rekeningkunde

## Programinhoud

Jy moet altesaam 452 krediete verwerf, soos hieronder uiteengesit. Vir 'n beskrywing van die inhoud van afsonderlike modules, sien die hoofstuk "Vakke, Modules en Module-inhoude" aan die einde van hierdie boek.

### EERSTE JAAR (138 KREDIETE)

#### Alle modules is verpligtend.

Digitale- en Leierskapsvernuf	112(6), 122(6), 142(6), 152(6)
Ekonomie	114(12), 144(12)
Finansiële Rekeningkunde	178(24)*
Handelsreg (Rek)	193(24)
Ondernemingsbestuur	113(12), 142(6)
Renterekening	152(6)
Statistiek en Datawetenskap	188(18)

\* Indien jy nie Rekeningkunde in graad 12 geslaag het nie, moet jy registreer vir Finansiële Rekeningkunde 188 in plaas van Finansiële Rekeningkunde 178.

#### Let asseblief op:

- Indien jy Inligtingstelsels 114 in of voor 2022 gesak het, moet jy vir Digitale- en Leierskapsvernuf 112 en 142 registreer. Inligtingstelsels 114 of beide Digitale- en Leierskapsvernuf 112 en 142 sal vir graaddoeleindes tel.
- Indien jy Inligtingstelsels 144 in of voor 2022 gesak het, moet jy vir Digitale- en Leierskapsvernuf 122 en 152 registreer. Inligtingstelsels 144 of beide Digitale- en Leierskapsvernuf 122 en 152 sal vir graaddoeleindes tel.

### TWEDE JAAR (156 KREDIETE)

#### Alle modules is verpligtend.

Belasting	298(24)
Bestuursrekeningkunde	278(30)
Finansiële Rekeningkunde	278(30)#
Handelsreg (Rek)	292(21)#
Digitale- en Leierskapsvernuf	212(6), 246(6), 245(8)
Ouditkunde	288(23)#
Sake-etiek	214(8)

# Die krediete vir hierdie module is in 2024 aangepas. Indien jy egter reeds die module in 'n vorige jaar geslaag het, sal jy dit vir graaddoeleindes mag aanbied en hoef jy nie die module met die aangepaste kredietlading aan te bied nie.

#### Let asseblief op:

- Indien jy Inligtingstelsels 214 in of voor 2022 gesak het, moet jy vir Digitale- en Leierskapsvernuf 212 registreer. Inligtingstelsels 214 of Digitale- en Leierskapsvernuf 212 sal vir graaddoeleindes tel.
- Indien jy inligtingstelsels 242 óf Digitale- en Leierskapsvernuf 242 in of voor 2024 gesak het, moet jy vir Digitale- en Leierskapsvernuf 246 registreer. Enige een van Inligtingstelsels 242, Digitale- en Leierskapsvernuf 242 of Digitale- en Leierskapsvernuf 246 sal vir graaddoeleindes tel.
- Alle studente wat vanaf 2025 gradueer, sal Digitale- en Leierskapsvernuf 245 vir graaddoeleindes moet aanbied.

**DERDE JAAR (158 KREDIETE)****Alle modules is verpligtend.**

Belasting	399(36)
Bestuursrekeningkunde	378(36)
Bewysportefeulje: Rekeningkunde	378(2)
Digitale- en Leierskapsvernuf	312(8), 352(8)
Finansiële Rekeningkunde	379(45)#
Ouditkunde	378(23)#

# Die krediete vir hierdie module is in 2024 aangepas. Indien jy egter reeds die module in 'n vorige jaar geslaag het, sal jy dit vir graaddoeleindes mag aanbied en hoef jy nie die module met die aangepaste kredietlading aan te bied nie.

**Let asseblief op:**

- Vanaf 2024 tel Digitale- en Leierskapsvernuf 312 en 352 vir graaddoeleindes. Indien jy egter Inligtingstelsels 312 of Digitale- en Leierskapsvernuf 324 voor 2024 suksesvol voltooi het, kan jy enige van daardie twee modules vir graaddoeleindes aanbied in die plek van Digitale- en Leierskapsvernuf 312, en sal jy nie vir Digitale- en Leierskapsvernuf 312 hoef te registreer nie.
- Indien jy Finansiële Rekeningkunde 278 gesak het en dit in jou derde jaar herhaal, mag jy slegs vir die derdejaarsmodules Digitale- en Leierskapsvernuf 312 en 352 en Ouditkunde 378 registreer (mits jy aan die voorvereistes, slaagvereistes en newevereistes voldoen) terwyl jy Finansiële Rekeningkunde 278 herhaal. Jy kan eers vir die oorblywende derdejaar modules registreer wanneer jy Finansiële Rekeningkunde 278 geslaag het.

## 6. Graadprogramme wat studie in Regsgeleerdheid insluit

### 6.1 BCom (Regsgeleerdheid) (vanaf 2022)

Die program soos hieronder aangedui word sedert 2022 ingefaseer. Die program is slegs van toepassing op studente wat in 2022 en daarna vir die BCom (Regsgeleerdheid) ingeskryf het. Studente wat voor 2022 vir die BCom (Regsgeleerdheid) program geregistreer het, moet die program soos uiteengesit onder paragraaf 6.2 volg.

Indien jy as 'n student in hierdie program nie 'n regsmodule in die relevante jaar slaag nie, moet jy kennis neem van die oorbruggingsreëls wat in die Jaarboekdeel van die Fakulteit Regsgeleerdheid uiteengesit word.

### Interdepartementele en interfakulteitsamewerking

Hierdie program word in samewerking met die Fakulteit Regsgeleerdheid aangebied. Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe ken die graad toe.

### Toelatingsvereistes

- 'n Algehele gemiddeld van minstens 70%. Lewensoriëntering uitgesluit, in die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of skooleindsertifikaat van die Onafhanklike Eksamenraad (IEB)
- Wiskunde 60%
- Een van die volgende:
  - Engels Huistaal 60% of
  - Afrikaans Huistaal 60% of
  - Engels Eerste Addisionele Taal 70% of
  - Afrikaans Eerste Addisionele Taal 70%

### Keuring

Die Fakulteit Regsgeleerdheid keur studente vir hierdie program. Kyk in die Jaarboekdeel vir Regsgeleerdheid vir meer inligting.

### Duur en tipe programaanbod

Drie jaar, voltyds.

### 3.1 HonsBCom

#### 3.1.1 HonsBCom (Aktuariële Wetenskap)

##### Toelatingsvereistes

- 'n BCom (Aktuariële Wetenskap)-graad of gelykstaande graad met Aktuariële Wetenskap en Wiskundige Statistiek as hoofvakke; en
- 'n Slaagpunt in universiteitsmodules gelykstaande aan minstens ses van die sewe grondslag-tegniese en intermediêre tegniese vakke van die Aktuariële Genootskap van Suid-Afrika (of kernbeginselsvakke van die Institute and Faculty of Actuaries); en
- Vrystelling van (of 'n slaagpunt in die professionele eksamens vir) minstens vyf van die grondslag-tegniese en intermediêre tegniese vakke van die Aktuariële Genootskap van Suid-Afrika (of kernbeginselsvakke van die Institute and Faculty of Actuaries). Jou vyf vakke moet ten minste A211 of A213 (CM1) insluit.

*Let asseblief op:*

1. Indien jy nie die baccalaureusgraad in die minimum driejaartydperk voltooi het nie, moet jy 'n bykomende vrystelling verkry vir elke bykomende jaar.
2. As jy net vier vrystellings het (na 'n driejaarbaccalaureus) of vyf vrystellings (na 'n vierjaarbaccalaureus) mag jy oorweeg word vir 'n verlengde (tweejaar-)honneursprogram.
3. 'n Gemiddelde punt van minstens 60% vir beide derdejaars-Aktuariële Wetenskap en derdejaars-Wiskundige Statistiek word van jou verwag.

##### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word onder meer bepaal deur personeelkapasiteit en die Departement se beskikbare hulpbronne, asook akademiese meriete en die Universiteit se transformasiedoelwitte. Aangesien personeelkapasiteit en hulpbronne van jaar tot jaar kan verskil, kan die getal studente wat gekeur word ook jaarliks verskil.

Indien die aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Departement se kapasiteit oorskry, sal die aansoekers ooreenkomstig met die kriteria van die toelatingsvereistes beoordeel word om die mees geskikte aansoekers te bepaal en die lys gekeurde aansoekers te finaliseer.

##### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Aansoekprosedures en -datums word in Desember en Junie elke jaar deur die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap geadverteer. Vir meer inligting, kontak die Departement by die besonderhede hieronder by "Navrae".

##### Duur, tipe programaanbod en aanvangsdatum

**Duur:** 'n Minimum van een jaar, voltyds.

**Aanvangsdatum:** Januarie.

##### Aanbiedingsmetode van die program

Volkontakleer (van aangesig tot aangesig).

##### Vrystelling van professionele eksamens

Die graad verleen aan suksesvolle studente vrystellings van die professionele eksamens tot en met die vlak van mede-aktuaris (*associate actuary*).

## Navrae en programmeier

### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Me Lucia Rhode  
 Programadministrateur  
 Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap  
 Tel: 021 808 3952  
 E-pos: actuarial@sun.ac.za

Webtuiste: [www.sun.ac.za/statistiek](http://www.sun.ac.za/statistiek) (klik op "Programme", "Aktuariële Wetenskap", "Nagraads")

### Programleier

Prof Garrett Slattery  
 Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap

### Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 120 krediete vir hierdie program verwerf.

*Let asseblief op:*

Nie al die keusemodules hieronder word noodwendig elke jaar aangebied nie. Raadpleeg die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap om uit te vind watter modules in 'n betrokke jaar aangebied word.

### Verpligte modules (90 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
12302	774	60	Aktuariële Risiko Bestuur (A311)	Beide
12991	791	30	Navorsingswerkstuk: Aktuariële Wetenskap	Beide

### Keusemodules (ten minste 30 krediete)

- Kies modules van minstens 24 krediete uit die onderwerpe wat aangebied word in die nagraadse programme in Wiskundige Statistiek of Finansiële Risikobestuur (soos van tyd tot tyd goedgekeur deur die Hoof van Aktuariële Wetenskap).
- Ander keusemodules mag insluit:

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
14224	741	6	Capita Selecta: Aktuariële Beginsels A	Beide
14225	742	15	Capita Selecta: Aktuariële Beginsels B	2
14226	743	30	Capita Selecta: Aktuariële Beginsels C	2
10371	773	6	Kommunikasie (N211)	2

## 3.1.2 HonsBCom (Bedryfsielkunde)

### Toelatingsvereistes

Een van die volgende:

- 'n BCom (Bedryfsielkunde)-graad of gelykwaardige baccalaureusgraad wat tot statutêre registrasie as Psigometris (Onafhanklike Praktyk) en bedryfsielkundige lei; *of*
- 'n BA-graad met Sielkunde en Bedryfsielkunde tot op derdejaarsvlak, met 'n gemiddelde van minstens 65% vir Bedryfsielkunde 314, 324 en 348; *of*
- 'n BCom-kwalifikasie met Bedryfsielkunde en modules uit Ondernemingsbestuur tot op derdejaarsvlak, met 'n gemiddelde van minstens 65% vir Bedryfsielkunde 314, 324 en 348.

### Aanbevelings vir toelating

Die volgende Ondernemingsbestuur-keusemodules op tweedejaarsvlak word aanbeveel:

- Finansiële Bestuur 214 en Beleggingsbestuur 254,
- Bemerkingsbestuur 214 en 244, *of*  
 Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 214 en 244.

Die volgende keusemodules op derdejaarsvlak word aanbeveel:

- Finansiële Bestuur 314, 332, 352 en 354,
- Bemerkingsbestuur 314, 324, 344 en 354, *of*  
 Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 318 en 348.

## Verdere vereistes

Benewens die vereistes hierbo, geld die volgende ook:

- Indien jy 'n baccalaureusgraad sonder Bedryfsielkunde as hoofvak het, moet jy eers as geleentheidstudent alle ontbrekende voorgraadse Bedryfsielkunde-modules slaag voordat jy vir keuring in aanmerking kom. Indien jy vergelykbare modules elders geslaag het, moet jy eers vrystelling daarvan kry. Die volgende Bedryfsielkunde-modules word vereis:
  - 114 en 144,
  - 214, 224, 252 en 262,
  - 314, 324 en 348.
- Indien jy gekeur word, moet jy, voor die begin van klasse, verpligte skaduwerk van vyf werksdae in 'n goedgekeurde organisasie doen. Voordat die program begin, moet jy 'n konsepverslag oor hierdie werkservaring skryf (in Engels). Sien die departementele webtuiste vir verdere besonderhede: [www.sun.ac.za/industrial\\_psychology](http://www.sun.ac.za/industrial_psychology).

## Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word onder meer bepaal deur personeelkapasiteit en die Departement se beskikbare hulpbronne, asook akademiese meriete en die Universiteit se transformasiedoelwitte. Aangesien personeelkapasiteit en hulpbronne van jaar tot jaar kan verskil, kan die getal studente wat gekeur word ook jaarliks verskil.

Keuringsbesluite word geneem deur 'n keurkomitee wat die volgende oorweeg:

- Keuring is hoofsaaklik gebaseer op akademiese prestasie.
- Bo en behalwe toelatingsvereistes, word 'n minimum punt van 60% vir die derdejaar-modules in Bedryfsielkunde of Menslikehulpbronnbestuur oorweeg.
- Akademiese rekords word holisties geëvalueer (bv. punte, studietydperk, modules herhaal).

## Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aansoek by [www.sun.ac.za/pgstudies](http://www.sun.ac.za/pgstudies). Suid-Afrikaanse studente moet teen **30 September** van die jaar voor hulle voorgename studie aansoek doen en internasionale studente teen **01 September**.

## Duur, tipe programaanbod en aanvangsdatum

**Duur:** Een jaar, voltyds.

**Aanvangsdatum:** Die eerste byeenkoms is een week voordat klasse amptelik vir voorgraadse studente begin.

## Aanbiedingsmetode van die program

Volkontakleer (van aangesig tot aangesig).

## Assessering

### Erkenningstydperk van modules

Jy moet elke vereistemodule slaag. Indien jy 'n module sak, mag jy daardie module slegs een keer herhaal. Honneursmodules word normaalweg vir vyf jaar erken vir graaddoeleindes. Ná vyf jaar verval die modules, tensy jy vooraf skriftelike toestemming van die departementele voorsitter verkry om die erkenningsperiode te verleng.

## Registrasie as Psigometris (Onafhanklike Praktijk)

Volgens die vereistes van die Beroepsraad vir Sielkunde van die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika (HPCSA) sal 'n persoon vir statutêre registrasie as Psigometris (Onafhanklike Praktijk) (in Engels *Psychometrist (Independent Practice)*) kwalifiseer na:

- voltooiing van die graad BCom (Bedryfsielkunde),
- voltooiing van die graad HonsBCom (Bedryfsielkunde),
- voltooiing van die goedgekeurde BPsig-ekwivalensieprogram, *en*
- die suksesvolle aflegging van 'n professionele raadseksamen, afgeneem deur die Psigometriekomitee van die Beroepsraad vir Sielkunde van die HPCSA.

Kry meer uitvoerige besonderhede op die HPCSA se webtuiste ([www.hpcsa.co.za](http://www.hpcsa.co.za)). Besoek ook dieselfde webtuiste vir besonderhede oor die vereistes vir statutêre registrasie as bedryfsielkundige.

## Navrae en programmeier

### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Me Coreli Cillie

Programadministrateur

Departement Bedryfsielkunde

Tel: 021 808 3005

E-pos: cmcillie@sun.ac.za

Webtuiste: [www.sun.ac.za/industrial\\_psychology](http://www.sun.ac.za/industrial_psychology) (klik regs bo vir Afrikaans)

### Programleier

Ms Michele Boonzaier

Departement Bedryfsielkunde

### Programstruktuur

Die program bestaan uit nege verpligte modules waarvan een die navorsingswerkstuk behels.

### Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 120 krediete vir hierdie program verwerf.

**Alle modules is verpligtend.**

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10387	772	12	Arbeidsverhoudinge en -wetgewing	2
10403	774	12	Beroep- en Loopbaansielkunde	1
11344	773	30	Navorsingswerkstuk: Bedryfsielkunde	Beide
51764	776	12	Navorsingsmetodologie	1
12942	775	12	Organisasie Sielkunde: Kontemporêre Uitdagings	2
10665	776	12	Psigometrika: Metingsteorie, Toetskonstruksie en Besluitneming	2
11915	785	12	Strategiese Menslikehulpbronbestuur I	1
11917	786	6	Strategiese Menslikehulpbronbestuur II	2
10744	771	12	Toegepaste Sielkundige- en Prestasie-meting en Professionele Etiek	Beide

### 3.1.3 HonsBCom (Bestuursrekeningkunde)

#### Toelatingsvereistes

Een van die volgende twee stelle kwalifikasies:

Stel 1:

- 'n BCom (Bestuursrekeningkunde)-graad van die Universiteit Stellenbosch, *of*  
'n BCom (Finansiële Rekeningkunde)-graad van die Universiteit Stellenbosch, *of*  
'n Gelykwaardige kwalifikasie van 'n ander universiteit;
- en*

- 'n Finale punt van minstens 57% in Bestuursrekeningkunde 388 en Finansiële Rekeningkunde 389;

Stel 2:

- Die graad BRek van die Universiteit Stellenbosch, *of*  
Die graad BRekLLB van die Universiteit Stellenbosch;
- en*

- 'n Finale punt van minstens 57% in Bestuursrekeningkunde 378;
- 'n Finale punt van minstens 53% in Finansiële Rekeningkunde 379.

#### Keuring

Alle studente wat aan die toelatingsvereistes voldoen word toegelaat in die program. Indien die aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Skool se kapasiteit oorskry in terme van fisiese en/of menslike hulpbronne, sal keuring gebaseer word op die punt vereistes soos uiteengesit in die toelatingsvereistes.

## Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aansoek by [www.sun.ac.za/pgstudies](http://www.sun.ac.za/pgstudies) teen **31 Oktober** van die jaar voor jou voorgenome studie.

## Duur, tipe programaanbod en aanvangsdatum

**Duur:** Een jaar, voltyds.

**Aanvangsdatum:** Saam met die ander klasse aan die Universiteit.

## Aanbiedingsmetode van die program

Volkontakleer (van aangesig tot aangesig).

## Kwalifikasie as Geoktrooieerde Bestuursrekenmeester

Die professionele bestuursrekeningkundige kwalifikasie Geoktrooieerde Bestuursrekenmeester word internasionaal erken. Die Chartered Institute of Management Accountants (CIMA), met hoofkantoor in Londen, ken die kwalifikasie toe aan persone wat CIMA se eksamens geslaag het en die nodige praktiese ervaring opgedoen het. CIMA erken die programme BCom (Bestuursrekeningkunde) en HonsBCom (Bestuursrekeningkunde), soos deur die Universiteit Stellenbosch aangebied, vir die doel van kwalifikasie as Geoktrooieerde Bestuursrekenmeester.

## Navrae en programleier

### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Mnr Kyle Gordon

Programadministrateur

Skool vir Rekeningkunde

Tel: 021 808 3845

E-pos: [kdgordon@sun.ac.za](mailto:kdgordon@sun.ac.za)

Webtuiste: [www.sun.ac.za/rekeningkunde](http://www.sun.ac.za/rekeningkunde)

### Programleier

Mnr Roelof Baard

Skool vir Rekeningkunde

## Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 120 krediete vir hierdie program verwerf.

### Alle modules is verpligtend.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10496	715	15	Gevorderde Bestuursrekeningkunde	1
10500	716	15	Gevorderde Finansiële Rekeningkunde	1
11159	786	30	Navorsingswerkstuk: Bestuursrekeningkunde	Beide
10680	784	20	Risiko- en Inligtingsbestuur	Beide
10710	783	20	Strategiese Bestuursrekeningkunde	Beide
10712	782	20	Strategiese Finansiële Bestuur	Beide

## 3.1.4 HonsBCom (Ekonomie)

### Toelatingsvereistes

- Baccalaureusgraad (NKR vlak 7) met 'n gemiddelde punt van minstens 60% in Ekonomie as hoofvak (gelykstaande aan inhoud en fokus van Universiteit Stellenbosch se Ekonomie 318 en 348 modules).
- 'n Finale punt van minstens 60% in die intensiewe Wiskundekursus wat die formele program voorafgaan.
- Jy moes 'n Nasionale Senior Sertifikaat- (graad 12-)wiskundepunt van minstens 60% behaal het, of 'n universiteit-geakkrediteerde wiskundemodule wat deur die Departement Ekonomie goedgekeur is, geslaag het.

### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word onder meer bepaal deur personeelkapasiteit en die Departement se beskikbare hulpbronne, asook akademiese meriete en die Universiteit se transformasiedoelwitte. Aangesien personeelkapasiteit en hulpbronne van jaar tot jaar kan verskil, kan die getal studente wat gekeur word ook jaarliks verskil.



Indien die aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Departement se kapasiteit oorskry, sal die aansoekers ooreenkomstig met die kriteria van die toelatingsvereistes beoordeel word om die mees geskikte aansoekers te bepaal en die lys gekeurde aansoekers te finaliseer.

## Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aansoek by [www.sun.ac.za/pgstudies](http://www.sun.ac.za/pgstudies). Die sluitingsdatum vir Suid-Afrikaanse aansoeke is **31 Oktober** van die jaar voor jou voorgenome studie; vir internasionale aansoeke is dit **30 September**.

## Duur, tipe programaanbod en aanvangsdatum

**Duur:** Een jaar, voltyds. Jy moet die program binne drie jaar voltooi, anders sal jy die verpligte modules moet herhaal.

**Aanvangsdatum:** Jy moet 'n drie week lange intensiewe Wiskundekursus volg voor die program formeel begin. Die intensiewe kursus begin vroeg in Januarie.

## Aanbiedingsmetode van die program

Volkontakleer (van aangesig tot aangesig).

## Navrae en programleier

### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Me Carina Smit  
 Programadministrateur  
 Departement Ekonomie  
 Tel: 021 808 2898  
 E-pos: [carina@sun.ac.za](mailto:carina@sun.ac.za)  
 Webtuiste: [www.ekon.sun.ac.za](http://www.ekon.sun.ac.za)

### Programleier

Prof. Dieter von Fintel  
 Departement Ekonomie

## Programstruktuur

Hierdie program bestaan uit verpligte modules en 'n vrye keuse uit die modules wat in die relevante keusemoduletablelle hieronder gelys word.

Jy mag die fokusarea Finansiële Ekonomie kies. Hierdie fokusarea bestaan grotendeels uit verpligte modules, maar jy mag ook een module kies uit die lys van aanbevole keusemodules vir die fokusareas, of uit die lys van algemene keusemodules in die breë program wat hierbo verskyn.

Die program vereis voltydse klasbywoning.

## Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 120 krediete vir hierdie program verwerf.

Jy kan hoogstens 20 krediete uit verwante studierigtings wat deur die Departement Ekonomie goedgekeur is volg.

*Let asseblief op:* Die semester waarin modules aangebied word, kan van jaar tot jaar op kort kennisgewing verander.

## Verpligte modules

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10541	771	12	Inleidende Ekonometrie	1
10595	771	12	Makro-ekonomie	2
10605	771	12	Mikro-ekonomie	1
11216	771	30	Navorsingswerkstuk: Ekonomie	Beide
10760	771	14	Wiskundige Metodes vir Ekonomie	1

## Keusemodules

Kies minstens vier keusemodules. Nie al die modules word noodwendig elke jaar aangebied nie.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
51861	771	10	Arbeidsekonomie*	2
52000	771	14	Capita Selecta: Ekonomie	1 of 2
10436	771	10	Ekonomiese Geskiedenis	1
10432	771	10	Ekonomie van Onderwys I	2
10434	771	10	Ekonomie van Tegnologiese Verandering*	2
14933	712	10	Ekonomie van Uitsluiting*	1
12228	771	10	Finansiële Ekonomie	2
14377	771	10	Gedragsekonomie†	2
13469	771	10	Gesondheidsekonomie*	2
11263	771	10	Industriële Organisasie	2
64041	771	10	Institusionele Ekonomie*	2
10554	771	10	Internasionale Finansies	2
10555	771	10	Internasionale Handelsteorie en -beleid	2
64033	771	10	Monetêre Ekonomie	2
59617	771	10	Omgewingsekonomie*	1
10635	771	10	Ontwikkelingsekonomie	1
11143	771	10	Owerheidsekonomie	1
10742	771	10	Toegepaste Makro-ekonomie I	1 of 2
10743	772	10	Toegepaste Makro-ekonomie II	1 of 2
10745	771	10	Toegepaste Mikro-ekonomie I	1 of 2
10746	771	10	Toegepaste Mikro-ekonomie II	1 of 2

\* Hierdie modules word normaalweg slegs elke tweede jaar aangebied. Doen by die Departement Ekonomie navraag oor watter modules in 'n bepaalde jaar aangebied word.

† Let op dat slegs tien (10) studente uit alle honneursprogramme in die Departement Ekonomie toegelaat sal word tot Gedragsekonomie 771. Studente in hierdie program word gekeur op grond van hul gemiddelde punt in Wiskundige Metodes vir Ekonomie 771 en Mikro-ekonomie 771.

*Let asseblief op*

Indien jy Ekonomie van Diskriminasie 771 in of voor 2024 gesak het, moet jy vir Ekonomie van Uitsluiting 712 registreer. Ekonomie van Diskriminasie 771 óf Ekonomie van Uitsluiting 712 sal vir graaddoeleindes tel.

### 3.1.4.1 Fokusarea: Finansiële Ekonomie

#### Verpligte modules (110 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
12228	771	10	Finansiële Ekonomie	2
10541	771	12	Inleidende Ekonometrie	1
10554	771	10	Internasionale Finansies	2
10595	771	12	Makro-ekonomie	2
10605	771	12	Mikro-ekonomie	1
64033	771	10	Monetêre Ekonomie	2
11216	771	30	Navorsingswerkstuk: Ekonomie	Beide
10760	771	14	Wiskundige Metodes vir Ekonomie	1

#### Aanbevole♦ keusemodules (minimum van 10 krediete, maksimum van 18 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
11141	711	18	Afgeleide Finansiële Instrumente of	1
11144	745	18	Portefeuljebestuur	2
14377	771	10	Gedragsekonomie†	2
11263	771	10	Industriële Organisasie	2
11143	771	10	Owerheidsekonomie	1

♦ Jy mag ook krediete uit ander keusemodules in die program kies.

† Let op dat slegs tien (10) studente uit alle honneursprogramme in die Departement Ekonomie toegelaat sal word tot Gedragsekonomie 771. Studente in hierdie program word gekeur op grond van hul gemiddelde punt in Wiskundige Metodes vir Ekonomie 771 en Mikro-ekonomie 771.

### 3.1.5 HonsBCom (Ekonomie en Wiskundige Statistiek)

#### Interdepartementele samewerking

Die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap en die Departement Ekonomie bied die program gesamentlik aan.

#### Toelatingsvereistes

- Studente moet deur beide die Departement Ekonomie en die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap tot honneursstudie toegelaat word, met die volgende vereistes vir elk:
  - Departement Ekonomie: 'n gemiddelde van minstens 65% in Ekonomie as hoofvak (gelykstaande aan inhoud en fokus van Universiteit van Stellenbosch se Ekonomie 318 en 348 modules).
  - Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap: 'n gemiddelde van minstens 65% in Wiskundige Statistiek as hoofvak (gelykstaande aan inhoud en fokus van Universiteit Stellenbosch se Wiskundige Statistiek 312, 316, 344 en 364 modules).
- Graad 12-wiskunde minstens 70%.

#### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word onder meer bepaal deur personeelkapasiteit en die beskikbaarheid van departementele hulpbronne, asook akademiese meriete en die Universiteit se transformasiedoelwitte (binne die Departement Ekonomie en die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap). Aangesien personeelkapasiteit en hulpbronne van jaar tot jaar kan verskil, kan die getal studente wat gekeur word ook jaarliks verskil.

Indien die Ekonomie en Wiskundige Statistiek agtergrond van die aansoeker as onvoldoende geag word (na 'n geval-tot-geval evaluering), kan die Departement Ekonomie en die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap addisionele departementele assesserings oor Ekonomie en Wiskundige Statistiek op derdejaarsvlak vereis. Studente kan ook verwag word om addisionele voorgraadse modules in Ekonomie en Wiskundige Statistiek by die Universiteit Stellenbosch saam met hul honneursstudies te voltooi.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aansoek by [www.sun.ac.za/pgstudies](http://www.sun.ac.za/pgstudies). Die sluitingsdatum vir Suid-Afrikaanse aansoeke is **31 Oktober** van die jaar voor jou voorgenome studie; vir internasionale aansoeke is dit **30 September**.

#### Duur, tipe programaanbod en aanvangsdatum

**Duur:** Een jaar, voltyds. Jy moet die program binne drie jaar voltooi, anders sal jy die verpligte modules moet herhaal.

**Aanvangsdatum:** Vroeg in Januarie.

#### Aanbiedingsmetode van die program

Volkontakleer (van aangesig tot aangesig).

#### Navrae en programleier

##### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Me Carina Smit  
 Programadministrateur  
 Departement Ekonomie  
 Tel: 021 808 2898  
 E-pos: [carina@sun.ac.za](mailto:carina@sun.ac.za)

Webtuiste: [www.ekon.sun.ac.za](http://www.ekon.sun.ac.za)

##### Programleier

Prof Dieter von Fintel  
 Departement Ekonomie

#### Programstruktuur

Die kursuswerk bestaan uit vier modules elk uit wiskundige statistiek en ekonomie en 'n verdere twee modules uit enige een van die twee departemente. Die navorsingskomponent is 'n verpligte werkstuk wat bestaan uit 'n statistiese toepassing in 'n ekonomiese veld, met gesamentlike studieleiding uit albei departemente.

Hierdie program vereis voltydse klasbywoning.

## Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 148 krediete vir hierdie program verwerf.

Jy moet minstens 54 krediete se Ekonomie-modules en minstens 36 krediete se Wiskundige Statistiek-modules volg. Vir 'n verdere minimum van 16 krediete moet jy ten minste twee modules uit Ekonomie en/of Wiskundige Statistiek neem. Die werkstuk tel 42 krediete. Kyk die uiteensetting hieronder.

Let asseblief op:

- Jy moet die eerste semester van 'n jaarmodule slaag om dit in die tweede semester te mag voortsit.
- Die semester waarin die modules aangebied word, kan van jaar tot jaar op kort kennisgewing verander.

## Verpligte modules (98 of 118 krediete) en moontlike modulekombinasies

By die verpligte modules in die tabel hieronder kan jy tussen Stogastiese Simulasie en Meerveranderlike Statistiese Analise A en B kies. Ses moontlike modulekombinasies, wat al die verpligte en keuse-opsies in ag neem, word aangedui. Jy kan enige een van die ses kombinasies kies. Onder hierdie uiteensetting sal jy die volle lys van keusemodules aantref.

Ses moontlike modulekombinasie en hul kredietladings									
Kode	Module	Modulenaam	Semester	Kredietlading vir elke moontlike module kombinasie					
				1	2	3	4	5	6
10430	871	Ekonometrie	1	20	20	20	20	20	20
10595	771	Makro-ekonomie	2	12	12	12	12	12	12
10605	771	Mikro-ekonomie	1	12	12	12	12	12	12
10602	715	Meerveranderlike Statistiese Analise A*	1	16	16	16			
10603	745	Meerveranderlike Statistiese Analise B*	2	16	16	16			
65250	718	Stogastiese Simulasie	1				12	12	12
11217	772	Navorsingswerkstuk: Ekonomie en Wiskundige Statistiek**	Beide	42	42	42	42	42	42
Totaal vir verpligte modules se krediete				118	118	118	98	98	98
Keusemodules in Ekonomie#				30	20	10	30	20	10
Keusemodules in Wiskundige Statistiek##				12	24	24	24	40	40
Totale krediete vir keusemodules				42	44	34	54	60	50
<b>Totale krediete vir die program</b>				<b>160</b>	<b>162</b>	<b>152</b>	<b>152</b>	<b>158</b>	<b>148</b>

\* Meerveranderlike Statistiese Analise A 715(16) is 'n voorvereiste vir Meerveranderlike Statistiese Analise B 745(16).

\*\* Die navorsingswerkstuk vind onder studieleiding van beide die Departement Ekonomie en die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskappe plaas en behels 'n statistiese toepassing op ekonomiese data.

# Een tot drie modules teen 10 krediete per module uit die keusemodulelys hieronder.

## Een tot drie modules teen 12/16 krediete per module uit die keusemodulelys hieronder.

## Keusemodules in Ekonomie

- Kies minstens 10 krediete en hoogstens 30 krediete.
- Nie al die modules word noodwendig elke jaar aangebied nie.
- Let op dat al die modules gemerk met 'n asterisk (\*) normaalweg net elke tweede jaar aangebied word. Jy moet by die Departement Ekonomie uitvind watter modules in 'n bepaalde jaar aangebied word.
- Let op dat slegs tien (10) studente uit alle honneursprogramme in die Departement Ekonomie toegelaat sal word tot Gedragseconomie 771 (gemerk met ‡). Studente in hierdie program word gekeur op grond van hul punt in Mikro-ekonomie 771.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
51861	771	10	Arbeidseconomie*	2
10436	771	10	Ekonomiese Geskiedenis	1
10432	771	10	Ekonomie van Onderwys I	2
10434	771	10	Ekonomie van Tegnologiese Verandering*	2
14933	712	10	Ekonomie van Uitsluiting*	1

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
12228	771	10	Finansiële Ekonomie	2
14377	771	10	Gedragsekonomie <sup>‡</sup>	2
13469	771	10	Gesondheidsekonomie*	2
11263	771	10	Industriële Organisasie	2
64041	771	10	Institusionele Ekonomie*	1
10554	771	10	Internasionale Finansies	2
10555	771	10	Internasionale Handelsteorie en -beleid	2
64033	771	10	Monetêre Ekonomie	2
59617	771	10	Omgewingsekonomie*	1
10635	771	10	Ontwikkelingsekonomie	1
11143	771	10	Owerheidsekonomie	1
10742	771	10	Toegepaste Makro-ekonomie I	1 of 2
10743	772	10	Toegepaste Makro-ekonomie II	1 of 2
10745	771	10	Toegepaste Mikro-ekonomie I	1 of 2
10746	771	10	Toegepaste Mikro-ekonomie II	1 of 2

*Let op*

Indien jy Ekonomie van Diskriminasie 771 in of voor 2024 gesak het, moet jy vir Ekonomie van Uitsluiting 712 registreer. Ekonomie van Diskriminasie 771 óf Ekonomie van Uitsluiting 712 sal vir graaddoeleindes tel.

### Keusemodules in Wiskundige Statistiek

- Met verpligte modules 715 en 745 (Meerveranderlike Statistiese Analise A en B) hierbo, moet jy minstens 12 krediete en hoogstens 32 krediete kies.
- Met verpligte module 718 (Stogastiese Simulasie) hierbo, moet jy minstens 24 krediete en hoogstens 44 krediete kies.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10408	712	16	Biostatistiek	1
10636	746	16	Oorlewingsanalise	2
13360	771	12	Statistiese Leerteorie	1
10751	747	12	Tydreeksanalise	1

## 3.1.6 HonsBCom (Finansiële Risikobestuur)

### Toelatingsvereistes

- 'n BCom-graad met Finansiële Risikobestuur, Wiskundige Statistiek en Finansiële Wiskunde as derdejaarsvakke.
- 'n Gemiddelde punt van 60% vir Finansiële Risikobestuur 314 en 344.

### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word onder meer bepaal deur personeelkapasiteit en die Departement se beskikbare hulpbronne, asook akademiese meriete en die Universiteit se transformasiedoelwitte.

Aangesien personeelkapasiteit en hulpbronne van jaar tot jaar kan verskil, kan die getal studente wat gekeur word ook jaarliks verskil.

Indien die Finansiële Risikobestuur of Wiskundige Statistiek agtergrond van die aansoeker as onvoldoende geag word (na 'n geval-tot-geval evaluering), kan die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap addisionele departementele assesserings oor Finansiële Risikobestuur of Wiskundige Statistiek op derdejaarsvlak vereis. Studente kan ook verwag word om addisionele voorgraadse modules in Finansiële Risikobestuur of Wiskundige Statistiek by die Universiteit Stellenbosch saam met hul honneursstudies te voltooi.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aansoek by [www.sun.ac.za/pgstudies](http://www.sun.ac.za/pgstudies). Die sluitingsdatum vir Suid-Afrikaanse aansoeke is **31 Oktober** van die jaar voor jou voorgename studie; vir internasionale aansoeke is dit **30 September**.

### Duur, tipe programaanbod en aanvangsdatum

**Duur:** Een jaar, voltyds.

**Aanvangsdatum:** Een en 'n halwe week voor die ander klasse aan die Universiteit begin.

## Aanbiedingsmetode van die program

Volkontakleer (van aangesig tot aangesig).

## Navrae en programleier

### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Me Elizna Huysamen  
 Programadministrateur  
 Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap  
 Tel: 021 808 3244  
 E-pos: krugere@sun.ac.za  
 Webtuiste: [www.sun.ac.za/statistiek](http://www.sun.ac.za/statistiek)

### Programleier

Prof Daniel Polakow  
 Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap

## Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 120 krediete vir hierdie program verwerf.

### Verpligte modules (108 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10459	731	12	Finansiële Risikobestuur A	1
10460	761	12	Finansiële Risikobestuur B	2
11218	793	30	Navorsingswerkstuk: Finansiële Risikobestuur	Beide
10660	733	12	Portefeuljebestuurteorie A	2
10661	763	12	Portefeuljebestuurteorie B	1
11166	734	6	Praktiese Finansiële Modelling	1
65250	718	12	Stogastiese Simulasie	1
10751	747	12	Tydreeksanalise	1

### Keusemodules (minstens 12 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
11164	732	12	Finansiële Wiskundige Statistiek A	2
11165	762	12	Finansiële Wiskundige Statistiek B	2

## 3.1.7 HonsBCom (Logistieke Bestuur)

*Neem asseblief kennis:* 'n Aansoek is ingedien om die programnaam te verander na Honneurs-Baccalaureus in die Handelswetenskappe in Logistiek en Voorsieningskettingbestuur, afgekort as HonsBCom (Logistiek en Voorsieningskettingbestuur). Hierdie verandering sal geïmplementeer word sodra die gewysigde programnaam deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) en die Raad op Hoër Onderwys (RHO) goedgekeur is en die verandering deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO) geregistreer is. Wanneer die nuwe programnaam goedgekeur en geregistreer is, sal dit op die studenterekords verskyn van studente wat reeds vir hierdie program geregistreer was.

### Toelatingsvereistes

- Een van die volgende:
  - 'n BCom-graad, of
  - 'n Ander baccalaureusgraad as die BCom-graad.
- 'n Gesamentlike gemiddeld van ten minste 60% vir die derdejaarsmodules in Logistiek en Voorsieningskettingbestuur.

### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word onder meer bepaal deur personeelkapasiteit en die Departement se beskikbare hulpbronne, asook akademiese meriete en die Universiteit se transformasiedoelwitte. Aangesien personeelkapasiteit en hulpbronne van jaar tot jaar kan verskil, kan die getal studente wat gekeur word ook jaarliks verskil.

Studente word vir die program gekies hoofsaaklik op grond van:

- hul gemiddelde finale punt behaal vir Logistieke- en/of Voorsieningskettingbestuur hoofvak op derdejaarsvlak;
- algehele akademiese prestasie;
- hul navorsingspotensiaal soos aangedui in 'n voorgraadse navorsingsmodule;
- hul gesyferdeheidsvlak (bevredigende gesyferdeheid word beskou as 'n eerstejaar (een semester) universiteitskursus in wiskunde (suiwer of toegepas) of statistiek, of wiskunde op Nasionale Seniorcertifikaatvlak met 'n punt van 50% of hoër); en
- hul motivering om nagraadse studies in logistieke- en voorsieningskettingbestuur te wil volg.

In die geval dat daar 'n groot aantal aansoekers is, kan die Departement aansoekers versoek om 'n kort curriculum vitae, motiveringsbrief en navorsingsidee in te dien. Dit sal dan gebruik word om aansoekers te keur en 'n kortlys saam te stel vir aansoekers wat vir 'n keuringsonderhoud genooi sal word. Hierdie onderhoude sal dan gebruik word om die aansoekers in volgorde van geskiktheid te rangskik en om die lys van geselekteerde aansoekers te finaliseer.

## Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aansoek by [www.sun.ac.za/pgstudies](http://www.sun.ac.za/pgstudies). Aansoeke vir 'n gegewe jaar moet voor **30 September** van die vorige jaar ontvang word. Dit geld vir Suid-Afrikaanse sowel as internasionale aansoeke.

## Duur, tipe programaanbod en aanvangsdatum

**Duur:** Een jaar, voltyds.

**Aanvangsdatum:** Een week voor die ander klasse aan die Universiteit begin.

## Aanbiedingsmetode van die program

Volkontakleer (van aangesig tot aangesig).

## Navrae en programleier

### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Mnr Jacquin Flandorp  
 Programadministrateur  
 Departement Logistiek  
 Tel: 021 808 3911  
 E-pos: [loghons@sun.ac.za](mailto:loghons@sun.ac.za)  
 Webtuiste: [www.sun.ac.za/logistiek](http://www.sun.ac.za/logistiek)

### Programleier

Mnr Heinri Freiboth  
 Departement Logistiek

## Programstruktuur

Die program bestaan uit vyf verpligte en twee keusemodules. Een van die verpligte modules is 'n navorsingswerkstuk.

## Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 120 krediete vir hierdie program verwerf.

### Verpligte modules (90 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10911	723	15	Inleiding tot Vooruitskatting	1
11485	722	15	Kliëntediens en Logistieke Koppelvlakbestuur	Beide
14693	771	30	Navorsingswerkstuk: Logistiek en Voorsieningskettingbestuur	Beide
13077	714	15	Voorsieningsbestuur (Inkomend)	Beide
13078	714	15	Voorsieningsbestuur (Uitgaande)	Beide

## Keusemodules (minstens 30 krediete)

Let asseblief op:

Nie al die modules op die onderstaande lys word noodwendig elke jaar aangebied nie. Jy moet by die programleier uitvind watter modules beskikbaar sal wees.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
11571	771	15	Capita Selecta (Logistieke Bestuur)	Beide
59145	744	15	Padvervoerbestuur	1
13472	741	15	Pakhuisbedryfbestuur	Beide
11488	722	15	Verpakkingslogistieke Ontwikkeling	Beide
14227	773	15	Visuele Voorsieningskettingdata-analise	Beide
11483	722	15	Voorsieningsketting Prestasiebestuur en Tegnologie-ondersteuning	Beide
11481	722	15	Voorsieningsketting Vooruitskatting en Beplanning	Beide
11482	742	15	Voorsieningskettingstrategie Veranderingsbestuur en Regulering	Beide
10933	753	15	Vooruitskatting	2

Buiten die modules hierbo, kan jy 'n maksimum van 30 krediete kies uit 'n verwante rigting wat deur die Departement Logistiek goedgekeur is. Vir meer inligting, kontak asseblief die programleier.

### 3.1.8 HonsBCom (Menslikehulpbronbestuur)

#### Toelatingsvereistes

- 'n Erkende baccalaureusgraad met Bedryfsielkunde as hoofvak;
- 'n Gemiddeld van 65% vir Bedryfsielkunde 314, 324 en 348
- 'n Slaagpunt vir die volgende Bedryfsielkunde-modules:
  - 114 en 144,
  - 214, 224, 252 en 262,
  - 314, 324 en 348

#### Verdere vereistes

Benewens die vereistes hierbo, geld die volgende ook:

- Indien jy 'n baccalaureusgraad sonder Bedryfsielkunde as hoofvak het, moet jy eers as geleentheidstudent alle ontbrekende voorgraadse Bedryfsielkunde-modules (soos hierbo uiteengesit) slaag voordat jy vir keuring in aanmerking kom. Indien jy vergelykbare modules elders geslaag het, moet jy eers vrystelling daarvan kry.
- Indien jy gekeur word, moet jy, voor die begin van klasse, verpligte skaduwerk van vyf werksdae in 'n goedgekeurde organisasie doen. Voordat die program begin, moet jy 'n konsepverslag oor hierdie werkservaring skryf (in Engels). Sien die departementele webtuiste vir verdere besonderhede: [www.sun.ac.za/industrial\\_psychology](http://www.sun.ac.za/industrial_psychology).

#### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word onder meer bepaal deur personeelkapasiteit en die Departement se beskikbare hulpbronne, asook akademiese meriete en die Universiteit se transformasiedoelwitte. Aangesien personeelkapasiteit en hulpbronne van jaar tot jaar kan verskil, kan die getal studente wat gekeur word ook jaarliks verskil.

Keuringsbesluite word geneem deur 'n keurkomitee wat die volgende oorweeg:

- Keuring is hoofsaaklik gebaseer op akademiese prestasie.
- Bo en behalwe toelatingsvereistes, word 'n minimum punt van 60% vir die derdejaar modules in Bedryfsielkunde of Menslikehulpbronbestuur oorweeg.
- Akademiese rekords word holisties geëvalueer (bv. punte, studietydperk, modules herhaal).

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aansoek by [www.sun.ac.za/pgstudies](http://www.sun.ac.za/pgstudies). Suid-Afrikaanse studente moet teen **30 September** van die jaar voor hulle voorgenome studie aansoek doen en internasionale studente teen **01 September**.

#### Duur, tipe programaanbod en aanvangsdatum

**Duur:** Een jaar, voltyds.

**Aanvangsdatum:** Die eerste byeenkoms is een week voordat klasse vir voorgraadse studente begin.



## Aanbiedingsmetode van die program

Volkontakleer (van aangesig tot aangesig).

## Assessering

### Erkenningstydperk van modules

Jy moet elke vereise module slaag (die slaagpunt is 50%). Indien jy 'n module sak, mag jy daardie module slegs een keer herhaal.

Honneursmodules word normaalweg vir vyf jaar erken vir graaddoeleindes. Ná vyf jaar verval die modules, tensy jy vooraf skriftelike toestemming van die departementele voorsitter om die erkenningsperiode te verleng.

### Registrasie as Geoktrooieerde Menslikehulpbron-praktisyn

Die program HonsBCom (Menslikehulpbronbestuur) kan, ná goedgekeurde praktiese werk, lei tot registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad vir Mensepraktyke (SABPP) as Geoktrooieerde Menslikehulpbron-praktisyn. Meer besonderhede is beskikbaar op die webtuiste van die SABPP by [www.sabpp.co.za](http://www.sabpp.co.za).

## Navrae en programleier

### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Me Coreli Cillie  
Programadministrateur  
Departement Bedryfsielkunde  
Tel: 021 808 3005  
E-pos: [cmcillie@sun.ac.za](mailto:cmcillie@sun.ac.za)

Webtuiste: [www.sun.ac.za/industrial\\_psychology](http://www.sun.ac.za/industrial_psychology) (klik regs bo vir Afrikaans)

### Programleier

Ms Michele Boonzaaier  
Departement Bedryfsielkunde

## Programstruktuur

Hierdie program bestaan uit nege verpligte modules waarvan een die navorsingswerkstuk behels.

### Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 120 krediete vir hierdie program verwerf.

#### Verpligte modules (120 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
51829	783	12	Arbeidsreg	1
10388	781	12	Arbeidsverhoudingeteorie & -praktyk (Perspektiewe en Partye)	1
10389	782	12	Arbeidsverhoudingeteorie & -praktyk (Prosesse)	2
12943	773	30	Navorsingswerkstuk: Menslikehulpbronbestuur	Beide
51764	776	12	Navorsingsmetodologie	Beide
12942	775	12	Organisasie Sielkunde: Kontemporêre Uitdagings	Beide
11915	785	12	Strategiese Menslikehulpbronbestuur I	1
11917	786	6	Strategiese Menslikehulpbronbestuur II	2
10716	784	12	Strategiese Menslikehulpbronontwikkeling	2

### Opsionele keusemodule

Om hierdie module te neem, moes jy Bedryfsielkunde 224 geslaag het.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
13170	721	18	Verbruikersielkunde I	1

### 3.1.9 HonsBCom (Ondernemingsbestuur)

#### Toelatingsvereistes

Toelating word oorweeg tot een van vier fokusareas vir die eenjaar- voltydse BComHons (Ondernemingsbestuur)-programme indien jy:

- In besit is van 'n BCom, BA, of BAgriAdmin-graad (NKR-vlak 7) van hierdie Universiteit, of 'n soortgelyke handelsverwante baccalaureus-graad (NKR-vlak 7) wat deur die Senaat goedgekeur is.
- 'n Nasionale Senior Sertifikaat- (graad 12-)wiskundepunt van minstens 60% behaal het, of 'n geakkrediteerde universiteitswiskundemodule geslaag het wat deur die Departement Ondernemingsbestuur goedgekeur is.
- 'n Gemiddelde finale punt van minstens 60% behaal het in die voorgeskrewe derdejaarsmodules (NKR-vlak 7) in die onderskeie fokusareas wat deur die Departement Ondernemingsbestuur aangebied word of 'n goedgekeurde ekwivalent hiervan (raadpleeg asseblief Bylaag B in die Fakulteit se jaarboek en die departementele honneursbrochure op die Departement Ondernemingsbestuur se webblad vir verdere inligting).
- 'n Navorsingsmetodologiekursus of -module geslaag het wat deur die Departement Ondernemingsbestuur goedgekeur is (in die geval van US-studente, Bemerkingsnavorsing 344 of Finansiële Bestuur 352) of 'n soortgelyke module van ten minste 12 krediete wat deur die Departement Ondernemingsbestuur goedgekeur is. Aansoeke vir die HonsBCom (Ondernemingsbestuur): Spesialisering in Finansiële Analise word vrygestel van hierdie vereiste.
- 'n Finale punt van ten minste 50% in een van die volgende behaal het:
  - Statistiek en Datawetenskap 188(18), of
  - Statistiese Metodes 176(18), of
  - Inleiding tot Statistiek 186(18), of
  - Waarskynlikheidsteorie en Statistiek 114(16) of 144(16) en Renterekening 152(6) of
  - Soortgelyke statistiek modules wat deur die Departement Ondernemingsbestuur goedgekeur is.

#### Verdere vereiste

Toegelate studente moet 'n verpligte oriënteringsprogram bywoon gedurende die week voordat die amptelike akademiese program begin.

#### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word onder meer bepaal deur personeelkapasiteit en die Departement se beskikbare hulpbronne, asook akademiese meriete en die Universiteit se transformasiedoelwitte. Aangesien personeelkapasiteit en hulpbronne van jaar tot jaar kan verskil, kan die getal studente wat gekeur word ook jaarliks verskil.

Indien die aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Departement se kapasiteit oorskry, sal die aansoekers ooreenkomstig met die kriteria van die toelatingsvereistes beoordeel word om die mees geskikte aansoekers te bepaal en die lys gekeurde aansoekers te finaliseer.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aansoek by [www.sun.ac.za/pgstudies](http://www.sun.ac.za/pgstudies). Die sluitingsdatum vir Suid-Afrikaanse aansoeke is **31 Oktober** van die jaar voor jou voorgenome studie; vir internasionale aansoeke is dit **30 September**.

#### Duur, tipe programaanbod en aanvangsdatum

**Duur:** Een jaar, voltyds.

**Aanvangsdatum:** Een week voor die ander klasse aan die Universiteit begin.

#### Aanbiedingsmetode van die program

Volkontakleer (van aangesig tot aangesig).

#### Navrae en programleier

##### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Me Annali Maass  
 Programadministrateur  
 Departement Ondernemingsbestuur  
 Tel: 021 808 3415  
 E-pos: [apaint@sun.ac.za](mailto:apaint@sun.ac.za)

Webtuiste: [www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/economy/business-management](http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/economy/business-management)

## Programleier

Prof Gert Human  
Departement Ondernemingsbestuur

## Programstruktuur

Alle aansoek vir hierdie program sal deur die Departement gekanaliseer word na een van die volgende fokusareas:

- HonsBCom (Ondernemingsbestuur): Spesialisering in Bemerkingsbestuur
- HonsBCom (Ondernemingsbestuur): Spesialisering in Finansiële Analise
- HonsBCom (Ondernemingsbestuur): Spesialisering in Finansiële Bestuur
- HonsBCom (Ondernemingsbestuur): Spesialisering in Strategie en Innovasie

Vir verdere inligting, laai die honneursbrochure van die departementele webblad af.

## Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 120 krediete vir hierdie program verwerf.

Jy moet 84 van jou krediete verdien uit die rigtings wat deur die Departement Ondernemingsbestuur self aangebied word.

Jy mag 'n maksimum van 36 krediete verdien deur middel van gevorderde studie in die volgende departemente (die kredietwaarde van sodanige studie moet vooraf met die Voorsitter van die Departement Ondernemingsbestuur en die betrokke departemente afgespreek word):

- Bedryfsielkunde
- Ekonomie
- Landbou-ekonomie
- Stellenbosch Besigheidskool
- Rekeningkunde
- Statistiek en Aktuariële Wetenskap
- Logistiek

As alternatief kan jy 'n maksimum van 36 krediete verwerf uit modules uit 'n ander fakulteit of uit modules van 'n ander universiteit volgens bestaande uitruilooreenkomste van die Universiteit Stellenbosch. Bespreek jou voorneme met die Voorsitter van die Departement Ondernemingsbestuur.

Die onderstaande modules word deur die Departement Ondernemingsbestuur aangebied. Nie al die modules word noodwendig elke jaar aangebied nie.

### Verpligte module (30 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
12952	743	30	Navorsingswerkstuk: Ondernemingsbestuur* #	Beide

# Hierdie module is 'n voorvereiste vir Ondernemingsbestuur 879.

### Keusemodules (90 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
11141	711	18	Afgeleide Finansiële Instrumente*	1
65196	711	18	Bestuur van Innovasie en Deurbraakidees	1
13695	771	18	Capita Selecta: Bemerkingsbestuur*	Beide
13693	771	18	Capita Selecta: Entrepreneurskap en Innovasiebestuur*	Beide
13694	771	18	Capita Selecta: Finansiële en Beleggingsbestuur*	Beide
44024	746	18	Eiendomsbelegging en -finansiering*	1
51047	713	18	Finansiële Bestuur	1
11149	741	18	Gevorderde Bemerkingsbestuur*	2
62138	712	18	Gevorderde Bemerkingskommunikasie	2
10399	747	18	Gevorderde Bemerkingsnavorsing*	1
11151	742	18	Gevorderde Strategiese Bestuur	1
59595	713	18	Internasionale Bemaking	1
11155	744	18	Internasionale Besigheid	2
65226	711	18	Korporatiewe Projekontwikkeling	2
65234	711	18	Organisatoriese Diagnose en Mentorskap	2
11144	745	18	Portefeuljebestuur*	2
11147	717	9	Vasterentedraende Effekte	2
12234	717	9	Vasterentedraende Effekte Portefeuljebestuur	2
11268	771	18	Waardegebaseerde Finansiële Bestuur*	1

\* Modules gemerk met 'n asterisk (\*) is nie beskikbaar vir internasionale studente nie.

### 3.1.9.1 HonsBCom (Ondernemingsbestuur): Spesialisering in Bemarkingsbestuur

#### Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 120 krediete vir hierdie program verwerf.

#### Verpligte modules (84 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
11149	741	18	Gevorderde Bemarkingsbestuur*	2
62138	712	18	Gevorderde Bemarkingskommunikasie	2
10399	747	18	Gevorderde Bemarkingsnavorsing*	1
12952	743	30	Navorsingswerkstuk: Ondernemingsbestuur* #	Beide

# Hierdie module is 'n voorvereiste vir Ondernemingsbestuur 879.

#### Keusemodules (36 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
11141	711	18	Afgeleide Finansiële Instrumente*	1
65196	711	18	Bestuur van Innovasie en Deurbraakidees	1
13695	771	18	Capita Selecta: Bemarkingsbestuur*	Beide
13694	771	18	Capita Selecta: Finansiële en Beleggingsbestuur*	Beide
44024	746	18	Eiendomsbelegging en -finansiering*	1
51047	713	18	Finansiële Bestuur	1
11151	742	18	Gevorderde Strategiese Bestuur	1
59595	713	18	Internasionale Bemarking	1
11155	744	18	Internasionale Besigheid	2
65226	711	18	Korporatiewe Projekontwikkeling	1
65234	711	18	Organisatoriese diagnose en mentorskap	2
11144	745	18	Portefeuljebestuur*	2
11147	717	9	Vasterentedraende Effekte	2
12234	717	9	Vasterentedraende Effekte Portefeuljebestuur	2
11268	771	18	Waardegebaseerde Finansiële Bestuur*	1

\* Modules gemerk met 'n asterisk (\*) is nie beskikbaar vir internasionale studente nie.

#### En/of

Enige keusemodule(s) tot 'n maksimum gewig van 36 krediete vanuit:

- 'n ander departement binne of buite die Fakulteit, of
- 'n ander universiteit volgens bestaande uitruilooreenkomste van die Universiteit Stellenbosch.

Bespreek jou voorneme met die Voorsitter van die Departement Ondernemingsbestuur.

### 3.1.9.2 HonsBCom (Ondernemingsbestuur): Spesialisering in Finansiële Analise

#### Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 120 krediete vir hierdie program verwerf.

#### Verpligte modules

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
11141	711	18	Afgeleide Finansiële Instrumente*	1
44024	746	18	Eiendomsbelegging en -finansiering*	1
51047	713	18	Finansiële Bestuur <i>of</i>	1
11268	771	18	Waardegebaseerde Finansiële Bestuur*	1
12951	743	30	Navorsingswerkstuk: Finansiële Analise*	Beide
11144	745	18	Portefeuljebestuur*	2
11147	717	9	Vasterentedraende Effekte	2
12234	717	9	Vasterentedraende Effekte Portefeuljebestuur	2

\* Modules gemerk met 'n asterisk (\*) is nie beskikbaar vir internasionale studente nie.

### 3.1.9.3 HonsBCom (Ondernemingsbestuur): Spesialisering in Finansiële Bestuur

#### Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 120 krediete vir hierdie program verwerf.

#### Verpligte modules (84 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
13694	771	18	Capita Selecta: Finansiële en Beleggingsbestuur*	Beide
51047	713	18	Finansiële Bestuur	1
12952	743	30	Navorsingswerkstuk: Ondernemingsbestuur* [Hierdie module is 'n voorvereiste vir MCom Ondernemingsbestuur 879.]	Beide
11268	771	18	Waardegebaseerde Finansiële Bestuur*	1

#### Keusemodules (36 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
11141	711	18	Afgeleide Finansiële Instrumente*	1
65196	711	18	Bestuur van Innovasie en Deurbraakidees	1
44024	746	18	Eiendomsbelegging en -finansiering*	1
11149	741	18	Gevorderde Bemarkingsbestuur*	
62138	712	18	Gevorderde Bemarkingskommunikasie	
10399	747	18	Gevorderde Bemarkingsnavorsing*	1
11151	742	18	Gevorderde Strategiese Bestuur	1
59595	713	18	Internasionale Bemarking	1
11155	744	18	Internasionale Besigheid	2
65226	711	18	Korporatiewe Projekontwikkeling	2
65234	711	18	Organisatoriese Diagnose en Mentorskap	2
11144	745	18	Portefeuljebestuur*	2
11147	717	9	Vasterentedraende Effekte	2
12234	717	9	Vasterentedraende Effekte Portefeuljebestuur	2

\* Modules gemerk met 'n asterisk (\*) is nie beskikbaar vir internasionale studente nie.

#### En/of

Enige keusemodule(s) tot 'n maksimum gewig van 36 krediete vanuit:

- 'n ander departement binne of buite die Fakulteit, *of*
- 'n ander universiteit volgens bestaande uitruilooreenkomste van die Universiteit Stellenbosch.

Bespreek jou voorneme met die Voorsitter van die Departement Ondernemingsbestuur.

### 3.1.9.4 HonsBCom (Ondernemingsbestuur): Spesialisering in Strategie en Innovasie

#### Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 120 krediete vir hierdie program verwerf.

#### Verpligte modules (84 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
65196	711	18	Bestuur van Innovasie en Deurbraakidees	1
11151	742	18	Gevorderde Strategiese Bestuur	1
65226	711	18	Korporatiewe Projekontwikkeling	2
12952	743	30	Navorsingswerkstuk: Ondernemingsbestuur* #	Beide

# Hierdie module is 'n voorvereiste vir MCom Ondernemingsbestuur 879.

#### Keusemodules (36 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
11141	711	18	Afgeleide Finansiële Instrumente*	1
13693	771	18	Capita Selecta: Entrepreneurskap en Innovasiebestuur*	Beide
13694	771	18	Capita Selecta: Finansiële en Beleggingsbestuur*	Beide
44024	746	18	Eiendomsbelegging en -finansiering*	1
51047	713	18	Finansiële Bestuur	1
11149	741	18	Gevorderde Bemerkingsbestuur*	2
62138	712	18	Gevorderde Bemerkingskommunikasie	2
10399	747	18	Gevorderde Bemerkingsnavorsing*	1
59595	713	18	Internasionale Bemaking	1
11155	744	18	Internasionale Besigheid	2
65234	711	18	Organisatoriese Diagnose en Mentorskap	2
11144	745	18	Portefeuljebestuur*	2
11147	717	9	Vasterentedraende Effekte	2
12234	717	9	Vasterentedraende Effekte Portefeuljebestuur	2
11268	771	18	Waardegebaseerde Finansiële Bestuur*	1

\* Modules gemerk met 'n asterisk (\*) is nie beskikbaar vir internasionale studente nie.

#### En/of

Enige keusemodule(s) tot 'n maksimum gewig van 36 krediete vanuit:

- 'n ander departement binne of buite die Fakulteit, of
- 'n ander universiteit volgens bestaande uitruilooreenkomste van die Universiteit Stellenbosch.

Bespreek jou voorneme met die Voorsitter van die Departement Ondernemingsbestuur.

### 3.1.10 HonsBCom (Openbare en Ontwikkelingsbestuur)

#### Toelatingsvereistes

- 'n BA-, BAdmin-, BEcon-, of BCom-graad met Openbare en Ontwikkelingsbestuur op eerste-, tweede-, en derdejaarsvlak. Jy moet 'n gesamentlike gemiddelde van ten minste 60% vir die derdejaarsmodules van Openbare en Ontwikkelingsbestuur hê.
- Bo en behalwe die bostaande vereiste moet jy ook **drie** toelatingsmodules op NKR-vlak 7 slaag, naamlik:
  - Administratiewe Reg,
  - Oriëntering tot Navorsingsmetodes en Skryfvaardigheid vir Openbare en Ontwikkelingsbestuur, *en*
  - Rekenaarvaardigheid in Openbare en Ontwikkelingsbestuur.

#### Verdere vereiste

Jy moet toegang hê tot 'n rekenaar en stabiele internetverbinding vir aanlyn leer.

#### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word onder meer bepaal deur personeelkapasiteit en die Skool se beskikbare hulpbronne, asook akademiese meriete en die Universiteit se transformasiedoelwitte. Aangesien personeelkapasiteit en hulpbronne van jaar tot jaar kan verskil, kan die getal studente wat gekeur word ook jaarliks verskil.

Indien die aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Skool se kapasiteit oorskry, sal die aansoekers ooreenkomstig met die kriteria van die toelatingsvereistes beoordeel word om die mees geskikte aansoekers te bepaal en die lys gekeurde aansoekers te finaliseer.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Kontak die Skool vir Publieke Leierskap direk by die besonderhede onder "Navrae" hieronder om uit te vind oor die aansoekprosedure en sluitingsdatum vir aansoeke.

#### Duur, tipe programaanbod en aanvangsdatum

**Duur:** Een jaar.

**Aanvangsdatum:** Einde Januarie.

#### Aanbiedingsmetode van die program

Hibriediese leer.

#### Navrae en programleier

##### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Me Phila Mkhize

Programadministrateur

Skool vir Publieke Leierskap

Tel: 021 918 4132

E-pos: mkhizep@sun.ac.za

Webtuiste: [www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/economy/spl](http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/economy/spl)

##### Programleier

Prof Zwelinzima Ndevu

Skool vir Publieke Leierskap

#### Programstruktuur

Die program word aangebied deur middel van blokaanbiedings van aangesig tot aangesig en interaktiewe aanlyn sessies. Die blokaanbieding van lesings vind plaas op die Bellvillepark-kampus of, indien finansiëel haalbaar, in Tshwane. Die blokaanbiedings is een tot twee weke lank en vind in Februarie en Junie plaas. Vir die interaktiewe aanlyn sessies kan daar vereis word dat jy vir elke module een keer per kwartaal vir 'n dag lank lesinguitsendings by 'n elektroniese studiesentrum naby jou woonplek bywoon. Hierdie lesings word deur middel van toepaslike interaktiewe e-leerplatforms aangebied. Gedurende die uitsendings kan jy met die betrokke dosent skakel. Die res van die tyd studeer jy tuis en voltooi voorgeskrewe werkopdragte.

Eksamens word nie gesentraliseer op kampus afgelê nie, maar eerder in die verskillende studiesentra.



## Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 120 krediete vir hierdie program verwerf.

### Verpligte modules (120 krediete)

Alle modules is verpligtend, behalwe waar jy moet kies tussen die module Regeerkunde: Polities en die module Plaaslike Regeerkunde.

*Let asseblief op:*

Jy mag enige module van nege krediete vervang met 'n nagraadse module van gelykstaande krediete uit 'n ander vakgebied. Bespreek die moontlikhede met die programleier van die HonsBCom (Openbare en Ontwikkelingsbestuur) by die Skool vir Publieke Leierskap.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
60674	761	9	Finansiële Bestuur en Kosteverrekening	2
60682	761	9	Informasie- en Kommunikasietegnologie vir Bestuur	2
58661	761	9	Leierskap en Veranderingsbestuur	2
59250	761	9	Mensebestuur	1
11345	761	30	Navorsingswerkstuk: Openbare en Ontwikkelingsbestuur	Beide
12229	761	9	Openbare Beleidsbestuur	2
12529	761	9	Organisasieontwerp	1
51993	761	9	Projekbestuur	2
12586	761	9	Regeerkunde: Ekonomie	1
12587	761	9	Regeerkunde: Polities <i>of</i>	1
11648	761	9	Plaaslike Regeerkunde	1
58718	761	9	Volhoubare Ontwikkeling	1

### 3.1.11 HonsBCom (Operasionele Navorsing)

#### Toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureusgraad (NKR vlak 7) met 'n gemiddelde van minstens 60% vir Operasionele Navorsing op derdejaarsvlak;
- *of*
- 'n Kwalifikasie wat na die oordeel van die Departement Logistiek gelykstaande is. Indien die Departement Logistiek die Operasionele Navorsingsagtergrond van die aansoeker as onvoldoende ag, sal 'n addisionele departementele assessering van Operasionele Navorsingsonderwerpe op derdejaarsvlak as 'n addisionele toelatingskriterium gebruik word.

#### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word onder meer bepaal deur personeelkapasiteit en die Departement se beskikbare hulpbronne, asook akademiese meriete en die Universiteit se transformasiedoelwitte. Aangesien personeelkapasiteit en hulpbronne van jaar tot jaar kan verskil, kan die getal studente wat gekeur word ook jaarliks verskil.

Indien die aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Departement se kapasiteit oorskry, sal akademiese meriete primêr in Operasionele Navorsingsverwante modules en moontlike addisionele assessering, soos versoek deur die Departement, gebruik word om die aansoekers te rangskik om die mees geskikte aansoekers te bepaal en die lys gekeurde aansoekers te finaliseer.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aansoek by [www.sun.ac.za/pgstudies](http://www.sun.ac.za/pgstudies). Die sluitingsdatum vir Suid-Afrikaanse aansoeke is **31 Oktober** van die jaar voor jou voorgenome studie; vir internasionale aansoeke is dit **30 September**.

#### Duur, tipe programaanbod en aanvangsdatum

**Duur:** Een jaar, voltyds.

**Aanvangsdatum:** Op die laatste, een week voor die ander klasse aan die Universiteit begin.

#### Aanbiedingsmetode van die program

Volkontakleer (van aangesig tot aangesig).

## Navrae en programleier

### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Mnr Jacquin Flandorp  
 Programadministrateur  
 Departement Logistiek  
 Tel: 021 808 3911  
 E-pos: jacquin@sun.ac.za  
 Webtuiste: www.sun.ac.za/logistiek

### Programleier

Dr Isabelle Nieuwoudt  
 Departement Logistiek

### Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 120 krediete vir hierdie program verwerf.

#### Verpligte modules (65 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10906	712	15	Gevorderde Lineêre Programmering	1
11047	774	35	Navorsingswerkstuk: Operasionele Navorsing	Beide
10932	742	15	Voorraadbeheer	2

#### Keusemodules (minstens 55 krediete)

*Let asseblief op:*

Nie al die modules op die lys word noodwendig elke jaar aangebied nie. Jy moet by die programleier uitvind watter modules beskikbaar sal wees.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
14692	773	15	Agentgebaseerde Modelling	Beide
64009	771	15	Capita Selecta (Operasionele Navorsing)	Beide
12318	713	15	Metaheuristieke	1
11907	786	15	Metodes in Operasionele Navorsing	2
10925	742	15	Plasing van Fasiliteite	2
10931	743	15	Speleteorie	1
40541	774	15	Stelseldinamika	1
10933	753	15	Vooruitskatting	2

In plaas van die modules hierbo, kan jy 'n maksimum van 30 krediete kies uit 'n verwante rigting wat deur die Departement Logistiek goedgekeur is. Vir meer inligting, kontak asseblief die programleier.

### 3.1.12 HonsBCom (Statistiek)

#### Toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureusgraad met 'n gesamentlike gemiddelde punt van minstens 65% vir die derdejaarsmodules in Statistiek.

#### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word onder meer bepaal deur personeelkapasiteit en die Departement se beskikbare hulpbronne, asook akademiese meriete en die Universiteit se transformasiedoelwitte. Aangesien personeelkapasiteit en hulpbronne van jaar tot jaar kan verskil, kan die getal studente wat gekeur word ook jaarliks verskil.

Indien die Statistiek agtergrond van die aansoeker as onvoldoende geag word (na 'n geval-tot-geval evaluering), kan die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap addisionele departementele assesserings oor Statistiek op derdejaarsvlak vereis. Studente kan ook verwag word om addisionele voorgraadse modules in Statistiek by die Universiteit Stellenbosch saam met hul honneursstudies te voltooi.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aansoek by [www.sun.ac.za/pgstudies](http://www.sun.ac.za/pgstudies). Die sluitingsdatum vir Suid-Afrikaanse aansoeke is **31 Oktober** van die jaar voor jou voorgename studie; vir internasionale aansoeke is dit **30 September**.

## Duur, tipe programaanbod en aanvangsdatum

**Duur:** Een jaar, voltyds. Jy moet die program binne drie jaar voltooi. Indien nie, sal jy jou modules moet herhaal.

**Aanvangsdatum:** Een en 'n halwe weke voor die ander klasse aan die Universiteit begin.

## Aanbiedingsmetode van die program

Volkontakleer (van aangesig tot aangesig).

## Navrae en programleier

### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan :*

Me Elizna Huysamen  
 Programadministrateur  
 Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap  
 Tel: 021 808 3244  
 E-pos: krugere@sun.ac.za  
 Webtuiste: www.sun.ac.za/statistiek

### Programleier

Prof Sugnet Lubbe  
 Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap

## Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 120 krediete vir hierdie program verwerf.

*Let asseblief op:*

- Dit kan gebeur dat sommige van die onderstaande keusemodules nie in 'n gegewe jaar aangebied word nie en ook dat modules in ander semesters aangebied word as wat hieronder aangedui is. Dit hang van die omstandighede in die Departement af. Kontak asseblief die Departement.
- Die navorsingswerkstuk is verpligtend. Dit moet onder leiding van 'n studieleier voltooi word en vir eksaminering ingelewer word.
- Jy kan toestemming vra om hoogstens 16 krediete uit toepaslike nagraadse modules wat in ander programme aangebied word, te verwerf.

## Verpligte module (80 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
13074	723	6	Inleiding tot R Programming	1
10600	721	16	Meerveranderlike Metodes in Statistiek A	1
10601	751	16	Meerveranderlike Metodes in Statistiek B	2
11226	792	30	Navorsingswerkstuk: Statistiek	Beide
10748	722	12	Toegepaste Tydreeksanalise	1

*Let op die volgende voorvereiste:*

Meerveranderlike Metodes in Statistiek A 721(16) is 'n voorvereiste vir Meerveranderlike Metodes in Statistiek B 751(16).

## Keusemodules (ten minste 40 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10408	712	16	Biostatistiek	1
11920	725	16	Capita Selecta in Statistiek A	1
11921	755	16	Capita Selecta in Statistiek B	2
10440	713	16	Eksperimentele Ontwerp	1
10705	742	16	Steekproefnemingstegnieke	2
65242	736	12	Stogastiese Modelle	2
65269	746	12	Toegepaste Stogastiese Simulasie	2

### 3.1.13 HonsBCom (Vervoereconomie)

#### Toelatingsvereistes

- Die graad BCom, of 'n ander baccalaureusgraad wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het; en
- Vervoereconomie op derdejaarsvlak met 'n gemiddelde punt van minstens 60%.

#### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word onder meer bepaal deur personeelkapasiteit en die Departement se beskikbare hulpbronne, asook akademiese meriete en die Universiteit se transformasiedoelwitte. Aangesien personeelkapasiteit en hulpbronne van jaar tot jaar kan verskil, kan die getal studente wat gekeur word ook jaarliks verskil.

Keuring word hoofsaaklik gedoen op grond van die student se prestasie in term van die gemiddelde prestasie behaal vir Vervoereconomie 318 en 348, as ook 'n student se algehele prestasie. Die Departement oorweeg ook navorsingspotensiaal soos aangedui in Vervoereconomie 348, sowel as die motivering van die aansoeker om nagraadse studies in Vervoereconomie te wil volg.

Honneursaansoekers van ander universiteite moet op versoek van die Departement Logistiek 'n een-bladsy-biografie (kort curriculum vitae), voorgestelde navorsingsonderwerp en motiverende dekbrief indien.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aansoek by [www.sun.ac.za/pgstudies](http://www.sun.ac.za/pgstudies). Die sluitingsdatum vir Suid-Afrikaanse aansoeke is **31 Oktober** van die jaar voor jou voorgenome studie; vir internasionale aansoeke is dit **30 September**.

#### Duur, tipe programaanbod en aanvangsdatum

**Duur:** Een jaar, voltyds.

**Aanvangsdatum:** Een week voor die ander klasse aan die Universiteit begin.

#### Aanbiedingsmetode van die program

Volkontakleer (van aangesig tot aangesig).

#### Navrae en programleier

##### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Mnr Jacquin Flandorp  
 Programadministrateur  
 Departement Logistiek  
 Tel: 021 808 3911  
 E-pos: [jacquin@sun.ac.za](mailto:jacquin@sun.ac.za)

Webtuiste: [www.sun.ac.za/logistiek](http://www.sun.ac.za/logistiek)

##### Programleier

Dr Johann van Rensburg  
 Departement Logistiek

#### Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 120 krediete vir hierdie program verwerf.

#### Verpligte modules (75 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10911	723	15	Inleiding tot Vooruitskatting	1
11047	775	30	Navorsingswerkstuk: Vervoereconomie	Beide
59153	742	15	Stedelike en Streeksvervoereconomie	2
13473	711	15	Vervoer en Ekonomiese Ontwikkeling	1

## Keusemodules (minstens 45 krediete)

*Let asseblief op:*

Nie al die modules op die onderstaande lys word noodwendig elke jaar aangebied nie. Jy moet by die programleier uitvind watter modules beskikbaar sal wees.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
64017	771	15	Capita Selecta (Vervoereconomie)	Beide
13076	744	15	Internasionale Handel Vervoerinfrastruktuur en Logistiek	2
11275	742	15	Lugvaartekonomie	2
14024	773	15	Maritieme-ekonomie	1
59102	715	15	Mededinging en Regulering	2
59145	744	15	Padvervoerbestuur	1
13470	711	15	Spoorekonomie	2
10933	753	15	Vooruitskatting	2

Buiten die modules hierbo, kan jy ook, met die goedkeuring van die Voorsitter van die Departement Logistiek, enige keusemodule uit 'n ander departement in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe kies.

### 3.1.14 HonsBCom (Wiskundige Statistiek)

#### Toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureusgraad met 'n gesamentlike gemiddelde punt van minstens 65% vir die derdejaarsmodules in Wiskundige Statistiek.

#### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word onder meer bepaal deur personeelkapasiteit en die Departement se beskikbare hulpbronne, asook akademiese meriete en die Universiteit se transformasiedoelwitte. Aangesien personeelkapasiteit en hulpbronne van jaar tot jaar kan verskil, kan die getal studente wat gekeur word ook jaarliks verskil.

Indien die Wiskundige Statistiek agtergrond van die aansoeker as onvoldoende geag word (na 'n geval-tot-geval evaluering), kan die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap addisionele departementele assesserings oor Wiskundige Statistiek op derdejaarsvlak vereis. Studente kan ook verwag word om addisionele voorgraadse modules in Wiskundige Statistiek by die Universiteit Stellenbosch saam met hul honneursstudies te voltooi.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aansoek by [www.sun.ac.za/pgstudies](http://www.sun.ac.za/pgstudies). Die sluitingsdatum vir Suid-Afrikaanse aansoeke is **31 Oktober** van die jaar voor jou voorgename studie; vir internasionale aansoeke is dit **30 September**.

#### Duur, tipe programaanbod en aanvangsdatum

**Duur:** Een jaar, voltyds. Jy moet die program binne drie jaar voltooi. Indien nie, sal jy jou modules moet herhaal.

**Aanvangsdatum:** Een en 'n halwe week voor die ander klasse aan die Universiteit begin.

#### Aanbiedingsmetode van die program

Volkontakleer (van aangesig tot aangesig).

#### Navrae en programleier

##### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Me Elizna Huysamen  
 Programadministrateur  
 Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap  
 Tel: 021 808 3244  
 E-pos: [krugere@sun.ac.za](mailto:krugere@sun.ac.za)  
 Webtuiste: [www.sun.ac.za/statistiek](http://www.sun.ac.za/statistiek)

##### Programleier

Prof Sugnet Lubbe  
 Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap

## Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 120 krediete vir hierdie program verwerf.

*Let asseblief op:*

- Dit kan gebeur dat sommige van die onderstaande modules nie in 'n gegewe jaar aangebied word nie en ook dat modules in ander semesters aangebied word as wat hieronder aangedui is. Dit hang van die omstandighede in die Departement af. Kontak asseblief die Departement om uit te vind watter modules beskikbaar sal wees.
- Die navorsingswerkstuk is verpligtend. Jy moet dit onder studieleiding voltooi en vir eksaminering inlewer.
- Jy kan toestemming vra om hoogstens 16 krediete uit toepaslike nagraadse modules wat in ander programme aangebied word, te verwerf.

### Verpligte modules (92 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
13074	723	6	Inleiding tot R Programming	1
10602	715	16	Meerveranderlike Statistiese Analise A	1
10603	745	16	Meerveranderlike Statistiese Analise B	2
11228	791	30	Navorsingswerkstuk: Wiskundige Statistiek	Beide
65250	718	12	Stogastiese Simulasie	1
10751	747	12	Tydreeksanalise	1

*Let op die volgende voorvereiste:*

Meerveranderlike Statistiese Analise A 715(16) is 'n voorvereiste vir Meerveranderlike Statistiese Analise B 745(16).

### Keusemodules (minstens 28 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10394	711	16	Bayes-statistiek	1
10408	712	16	Biostatistiek	1
11922	724	16	Capita Selecta in Wiskundige Statistiek A	1
11923	754	16	Capita Selecta in Wiskundige Statistiek B	2
10440	713	16	Eksperimentele ontwerp	1
10636	746	16	Oorlewingsanalise	2
13360	771	12	Statistiese Leerteorie	1
10705	742	16	Steekproefnemingstegnieke	2
13361	771	16	Wiskundige Statistiek vir Datawetenskap	2

### 3.1.14.1 HonsBCom (Wiskundige Statistiek: Fokus op Datawetenskap)

#### Interdepartementele en interfakulteitsamewerking

Die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap en die Afdeling Rekenaarwetenskap in die Fakulteit Natuurwetenskappe bied hierdie program gesamentlik aan.

#### Toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureusgraad met 'n gesamentlike gemiddelde punt van minstens 65% vir die derdejaarsmodules in Wiskundige Statistiek op derdejaarsvlak, asook 'n bevredigende punt in Rekenaarwetenskap op ten minste tweedejaarsvlak.

Hierdie program word gesamentlik deur die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap en die Afdeling Rekenaarwetenskap in die Departement Wiskundige Wetenskappe van die Fakulteit Natuurwetenskappe aangebied. Gevolglik moet jy deur beide die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap en die Afdeling Rekenaarwetenskap tot honneursstudie toegelaat word.

#### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word onder meer bepaal deur personeelkapasiteit en die beskikbaarheid van departementele hulpbronne, asook akademiese meriete en die Universiteit se transformasiedoelwitte (binne die Afdeling Rekenaarwetenskap en Statistiek en Aktuariële Wetenskap). Aangesien personeelkapasiteit en hulpbronne van jaar tot jaar kan verskil, kan die getal studente wat gekeur word ook jaarliks verskil.

Indien die Rekenaarwetenskap en Wiskundige Statistiek agtergrond van die aansoeker as onvoldoende geag word (na 'n geval-tot-geval evaluering), kan die Afdeling Rekenaarwetenskap en die Departement Statistiek

en Aktuariële Wetenskap addisionele departementele assesserings oor Rekenaarwetenskap en Wiskundige Statistiek op derdejaarsvlak vereis. Studente kan ook verwag word om addisionele voorgraadse modules in Rekenaarwetenskap en Wiskundige Statistiek by die Universiteit Stellenbosch saam met hul honneursstudies te voltooi.

## Programstruktuur

Jy moet kursuswerkmodules van beide die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap en die Afdeling Rekenaarwetenskap kies en 'n navorsingswerkstuk van die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap voltooi.

## Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 120 krediete vir hierdie program verwerf.

Hieronder volg slegs die modules wat in die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap aangebied word. Vir besonderhede oor die modules wat in die Afdeling Rekenaarwetenskap aangebied word, raadpleeg asseblief die Jaarboekdeel vir Natuurwetenskappe. Let op dat sommige van die modules wat deur Rekenaarwetenskap aangebied word, verpligtend is.

*Let ook asseblief op:*

Die navorsingswerkstuk is verpligtend. Jy moet dit onder studieleiding voltooi en vir eksaminering inlewer.

### Verpligte modules (48 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
13074	723	6	Inleiding tot R Programming	1
11228	791	30	Navorsingswerkstuk: Wiskundige Statistiek	Beide
13360	771	12	Statistiese Leerteorie	1

### Keusemodules (minstens 72 krediete)

Jy moet die modules van Rekenaarwetenskap in ag neem wanneer jy jou keusemodules kies.

*Let asseblief op:*

Dit kan gebeur dat sommige van die onderstaande modules nie in 'n gegewe jaar aangebied word nie en ook dat modules in ander semesters aangebied word as wat hieronder aangedui is. Dit hang af van die omstandighede in die Departement. Kontak asseblief die Departement om uit te vind watter modules beskikbaar sal wees.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10394	711	16	Bayes-statistiek	1
10602	715	16	Meerveranderlike Statistiese Analise A	1
10603	745	16	Meerveranderlike Statistiese Analise B	2
65250	718	12	Stogastiese Simulasie	1
10751	747	12	Tydreeksanalise	1
13361	771	16	Wiskundige Statistiek vir Datawetenskap	2

*Let op die volgende voorvereiste:*

Meerveranderlike Statistiese Analise A 715(16) is 'n voorvereiste vir Meerveranderlike Statistiese Analise B 745(16).

## 3.2 HonsBPubAdmin

### Toelatingsvereistes

- 'n BAdmin-graad in Openbare en Ontwikkelingsbestuur met 'n gemiddelde van ten minste 60% vir die Publieke Administrasie modules op derdejaarsvlak;  
*of*
- 'n Gevorderde Diploma in Publieke Verantwoordbaarheid, Openbare Bestuur of Publieke Administrasie (NKR-vlak 7) met 'n gemiddeld van 60%;  
*of*
- Enige universiteitsgraad *of* BTech-graad met 'n gemiddelde van 60% en verkieslik drie jaar werkservaring;  
*en*

**Ses** toelatingsmodules wat jy op NKR-vlak 7 moet slaag (kyk die lys hieronder);

*of*

- Enige vierjarige tersiêre diploma met 'n aanvaarbare studierekord en ten minste vyf jaar toepaslike werkblootstelling. Jou kwalifikasie en ervaring moet voldoen aan die Universiteit, die Fakulteit en die Skool vir Publieke Leierskap se onderskeie regulasies vir die erkenning van vorige leer (EVL) (vir meer oor EVL en skakels na die regulasies, sien die hoofstuk "Algemene Inligting" aan die begin van hierdie boek).

*en*

**Ses** toelatingsmodules op NKR-vlak 7 wat jy moet slaag (kyk die lys hieronder).

*Voorvereistemodules op NKR-vlak 7*

- Administratiewe Reg,
- Oriëntering tot Navorsingsmetodes en Skryfvaardigheid vir Openbare en Ontwikkelingsbestuur,
- Oriëntering tot Openbare Bestuur,
- Oriëntering tot Ontwikkeling,
- Oriëntering tot Openbare Beleid, en
- Rekenaarvaardigheid in Openbare en Ontwikkelingsbestuur

### Verdere vereistes

Jy moet toegang hê tot 'n rekenaar en stabiele internetverbinding vir aanlyn leer.

### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word onder meer bepaal deur personeelkapasiteit en die Skool se beskikbare hulpbronne, asook akademiese meriete en die Universiteit se transformasiedoelwitte. Aangesien personeelkapasiteit en hulpbronne van jaar tot jaar kan verskil, kan die getal studente wat gekeur word ook jaarliks verskil.

Indien die aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Skool se kapasiteit oorskry, sal die aansoekers ooreenkomstig met die kriteria van die toelatingsvereistes beoordeel word om die mees geskikte aansoekers te bepaal en die lys gekeurde aansoekers te finaliseer.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Kontak die Skool vir Publieke Leierskap direk by die besonderhede onder "Navrae" hieronder om uit te vind oor die aansoekprosedure en sluitingsdatum vir aansoeke.

### Duur van program en aanvangsdatum

**Duur:** Een jaar.

**Aanvangsdatum:** Einde Januarie.

### Aanbiedingsmetode van die program

Hibriediese leer.



## Navrae en programmeier

### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Me Phila Mkhize  
Programadministrateur  
Skool vir Publieke Leierskap  
Tel: 021 918 4132  
E-pos: mkhizep@sun.ac.za

Webtuiste: [www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/economy/spl](http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/economy/spl)

### Programleier

Prof Zwelinzima Ndevu  
Skool vir Publieke Leierskap

### Programbeskrywing en -struktuur

Die program word aangebied deur middel van blokaanbiedings van aangesig tot aangesig en interaktiewe aanlyn sessies. Die blokaanbieding van lesings vind plaas op die Bellvillepark-kampus of, indien finansiële haalbaar, in Tshwane. Die blokaanbiedings is een tot twee weke lank en vind in Februarie en Junie plaas. Vir die interaktiewe aanlyn sessies mag daar vereis word dat jy vir elke module een keer per kwartaal vir 'n dag lank lesinguitsending by 'n elektroniese studiesentrum naby jou woonplek bywoon. Hierdie lesings word deur middel van toepaslike interaktiewe e-leerplatforms aangebied word. Gedurende die uitsendings kan jy met die betrokke dosent skakel. Die res van die tyd studeer jy tuis en voltooi voorgeskrewe werkopdragte.

Eksamens word nie gesentraliseer op kampus afgeleë nie, maar eerder in die verskillende studiesentra.

### Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 120 krediete vir hierdie program verwerf.

#### Verpligte modules (120 krediete)

Alle modules is verpligtend, behalwe waar jy moet kies tussen die module Plaaslike Regeerkunde en die module Regeerkunde: Polities.

*Let asseblief op:*

Jy mag enige van die ander negekredietmodules vervang met 'n nagraadse module van gelykstaande krediete uit 'n ander vakgebied. Bespreek die moontlikhede met die programadministrateur van die HonsBPubAdmin.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
60674	761	9	Finansiële Bestuur en Kosteverrekening	2
60682	761	9	Informasie- en Kommunikasietegnologie vir Bestuur	1
58661	761	9	Leierskap en Veranderingsbestuur	2
59250	761	9	Mensebestuur	1
11345	761	30	Navorsingswerkstuk: Openbare en Ontwikkelingsbestuur	Beide
12229	761	9	Openbare Beleidsbestuur	2
12529	761	9	Organisasieontwerp	1
11648	761	9	Plaaslike Regeerkunde of	1
12587	761	9	Regeerkunde: Polities	1
12586	761	9	Regeerkunde: Ekonomie	1
51993	761	9	Projekbestuur	2
58718	761	9	Volhoubare Ontwikkeling	1

## 3.3 HonsBRek

### Toelatingsvereistes

#### Vir studente met grade van die Universiteit Stellenbosch

- Geweegde gemiddelde finale punt van minstens 70% vir die volgende modules in die BRek- of BRekLLB-program:
  - Finansiële Rekeningkunde 379,
  - Belasting 399,
  - Bestuursrekeningkunde 378, en
  - Ouditkunde 378.

Die volgende gewigte word by die berekening van die geweegde gemiddelde finale punt gebruik:

- Finansiële Rekeningkunde en Bestuursrekeningkunde elk 4,
- Belasting en Ouditkunde elk 3.

#### Verdere vereiste

Benewens die vereistes hierbo, moet jy 'n behoorlik voltooide bewysportefeulje van professionele waardes en vernuf soos vereis deur die CA2021-vaardigheidsraamwerk, indien. Jy kan 'n templaar vir die indiening van die portefeulje by die programleiers kry.

#### Vir studente met grade van ander universiteite

Indien jy 'n voorgraadse kwalifikasie van 'n ander hoëronderwysinstelling behaal het, wat gelykstaande is aan die BRek (NKR-vlak 7) of BRekLLB (NKR-vlak 8) en by die SAIGR geakkrediteer is, is die toelatingsvereistes vir jou dieselfde as vir studente met grade van die Universiteit Stellenbosch.

Indien jy 'n graad van 'n buitelandse universiteit het, sal jy nie direk tot die program toegelaat word nie. Jy moet eers bepaalde voorgraadse modules aanvul. Jy kan die Skool vir Rekeningkunde vir meer besonderhede vra.

#### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word onder meer bepaal deur personeelkapasiteit en die Skool se beskikbare hulpbronne, asook akademiese meriete en die Universiteit se transformasiedoelwitte. Aangesien personeelkapasiteit en hulpbronne van jaar tot jaar verskil, kan die getal studente wat gekeur word ook jaarliks verskil.

Indien die aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Skool se kapasiteit oorskry, sal die aansoekers ooreenkomstig met die kriteria van die toelatingsvereistes beoordeel word om die mees geskikte aansoekers te bepaal en die lys gekeurde aansoekers te finaliseer.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aansoek by [www.sun.ac.za/pgstudies](http://www.sun.ac.za/pgstudies). Die sluitingsdatum vir aansoeke is **31 Oktober** van die jaar voor jou voorgenome studie.

#### Duur, tipe programaanbod en aanvangsdatum

**Duur:** Een jaar, voltyds.

**Aanvangsdatum:** Die Rekeningkunde-navorsingswerkstuk-module begin middel Januarie. Daar mag ook 'n verpligte induksieprogram voor die amptelike begin van klasse wees.

#### Aanbiedingsmetode van die program

Volkontakleer (van aangesig tot aangesig).

#### Assessering en eksaminering

Verpligte eksamens word in Oktober vir al die modules afgeneem (sien die moduletabel hieronder), behalwe vir die module Navorsingswerkstuk: Rekeningkunde. Die module Navorsingswerkstuk: Rekeningkunde word in geheel deurlopend geassesseer. Toetse en opdragte (indien enige) wat deurlopend geassesseer word, vul die finale punt vir al die modules aan. Jy moet al die verpligte modules in dieselfde akademiese jaar slaag om die program te slaag. Indien jy na die eksamen nie die program slaag nie, mag jy moontlik tot die hereksamen in een of meer modules waarvoor daar 'n eksamen afgelê word, toegelaat word. Die hereksamen word in November afgelê.

## Die opleiding van Geoktrooieerde Rekenmeesters

Die geoktrooieerde rekenmeestersprofessie in die RSA staan onder die beheer van die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAICA). Om as Geoktrooieerde Rekenmeester te kwalifiseer (nadat jy 'n baccalaureusgraad verwerf het), moet jy:

- 'n SAICA-geakkrediteerde voorgraadse en nagraadse program slaag;
- SAICA se *Initial Assessment of Competence* en *Assessment of Professional Competence* albei slaag; en
- 'n leerlingrekenmeesterskap van drie jaar by 'n erkende opleidingsinstansie voltooi.

Om toelating te verkry tot SAICA se *Initial Assessment of Competence*, moet jy óf die Nagraadse Diploma in Rekeningkunde óf die graad HonsBrek aan hierdie Universiteit, of 'n ander graad of diploma wat vir dié doel deur SAICA goedgekeur is, verwerf.

Om toelating te verkry tot SAICA se *Assessment of Professional Competence*, moet jy:

- die *Initial Assessment of Competence* suksesvol afhandel;
- 'n voorbereidende kursus met die oog op die *Assessment of Professional Competence* suksesvol afhandel (aan 'n goedgekeurde opvoedkundige instansie); en
- 20 maande leerlingrekenmeesterskap by 'n erkende opleidingsinstansie voltooi.

## Navrae en programleier

### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Mnr Kyle Gordon  
 Programadministrateur  
 Skool vir Rekeningkunde  
 Tel: 027 21 808 3845  
 E-pos: kdgordon@sun.ac.za  
 Webtuiste: [www.sun.ac.za/rekeningkunde](http://www.sun.ac.za/rekeningkunde)

### Programleiers

Prof Soon Nel en me Anne-Marie Eloff  
 Skool vir Rekeningkunde

## Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 150 krediete vir hierdie program verwerf.

Die volgende rekenkundige vakgebiede word as 'n geïntegreerde geheel aangebied:

- bestuursbesluitneming en -beheer;
- belasting;
- finansiële bestuur;
- finansiële rekeningkunde;
- ouditkunde, regulering en inligtingstelsels;
- strategie- en risikobestuur;
- rekeningkundige navorsing.

## Verpligte modules

Kyk ook die uiteensetting van geïntegreerde vakgebiede hierbo.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
18287	771	24	Belasting	Beide
14071	771	32	Bestuursrekeningkunde en Finansies	Beide
26883	771	40	Finansiële Rekeningkunde	Beide
14073	774	30	Navorsingswerkstuk: Rekeningkunde	Beide
14072	771	24	Ouditkunde, Regulering en Inligtingstelsels	Beide

## 4. Magisterprogramme

As jy dit nog nie gedoen het nie, raadpleeg asseblief ook die algemene afdeling van hierdie hoofstuk vir meer inligting oor sake soos keuring en nagraadse assessering. Vir meer inligting oor die erkenning van vorige leer (EVL) en kredietakkumulاسie en -oordrag (KAO), en skakels na die Universiteit en die Fakulteit se onderskeie regulasies in dié verband, sien die hoofstuk "Algemene Inligting" aan die begin van hierdie boek.

### 4.1 MCom

#### 4.1.1 MCom (Aktuariële Wetenskap)

##### Toelatingsvereistes

- 'n Honneursgraad in Aktuariële Wetenskap of Wiskundige Statistiek; en
- 'n Slaagpunt in universiteitskursusse gelykstaande aan al sewe van die grondslag- en intermediêre tegniese vakke van die Aktuariële Genootskap van Suid-Afrika (of die kernbeginselsvakke van die Institute and Faculty of Actuaries); en
- Vrstellings (of 'n slaagpunt in die professionele eksamens) van:
  - ten minste ses van die grondslag- en intermediêre tegniese vakke van die Aktuariële Genootskap van Suid-Afrika (of die kernbeginselsvakke van die Institute and Faculty of Actuaries); en
  - die Aktuariële Risikobestuur (A311/CP1)-eksamen *of* enige van die Genootskapbeginselsvakke van die Aktuariële Genootskap van Suid-Afrika (of een van die spesialis beginsel vakke van die Institute and Faculty of Actuaries).

##### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word onder meer bepaal deur personeelkapasiteit en die Departement se beskikbare hulpbronne, asook akademiese meriete en die Universiteit se transformasiedoelwitte. Aangesien personeelkapasiteit en hulpbronne van jaar tot jaar kan verskil, kan die getal studente wat gekeur word ook jaarliks verskil.

Indien die aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Departement se kapasiteit oorskry, sal die aansoekers ooreenkomstig met die kriteria van die toelatingsvereistes beoordeel word om die mees geskikte aansoekers te bepaal en die lys gekeurde aansoekers te finaliseer.

##### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Aansoekprosedures en -datums word in Desember en Junie elke jaar deur die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap geadverteer. Vir meer inligting, kontak die Departement by die besonderhede hieronder by "Navrae".

##### Duur en aanvangsdatum

**Duur:** 'n Minimum van een jaar.

**Aanvangsdatum:** Januarie.

##### Navrae en programleier

###### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Me Lucia Rhode  
 Programadministrateur  
 Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap  
 Tel: 021 808 3952  
 E-pos: actuarial@sun.ac.za

Webtuiste: [www.sun.ac.za/statistiek](http://www.sun.ac.za/statistiek) (klik op "Programme", "Aktuariële Wetenskap", "Nagraads")

###### Programleier

Prof Garrett Slattery  
 Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap

##### Programstruktuur

Jy kan kies tussen twee moontlike opsies:

- **Die doseeropsie**, bestaande uit 'n navorsingswerkstuk en keusemodules; *of*
- **Die tesisopsie**, bestaande uit 'n groter tesis en minder keusemodules as by die doseeropsie.

## Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 180 krediete vir een van die opsies in hierdie program verwerf.

'n Lys verpligte en keusemodules wat die totale kredietlading vir elke opsie opmaak, verskyn hieronder.

### Verpligte module vir die doseeropsie (60 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
11170	895	60	Navorsingsprojek: Aktuariële Wetenskap	Beide

### Verpligte module vir die tesisopsie (120 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
11171	896	120	Tesis: Aktuariële Wetenskap	Beide

### Keusemodules vir albei opsies

- **Vir die doseeropsie**, kies modules van altesaam minstens 120 krediete.
- **Vir die tesisopsie**, kies modules van altesaam minstens 60 krediete.
- Nie al die keusemodules op die lys word noodwendig elke jaar aangebied nie. Raadpleeg die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap om te verneem watter modules in 'n betrokke jaar aangebied word.
- Jy mag modules van tot 30 krediete kies uit die onderwerpe wat aangebied word in die nagraadse programme van wiskundige statistiek of finansiële risikobestuur (soos van tyd tot tyd goedgekeur deur die Hoof van Aktuariële Wetenskap).

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10360	843	45	Algemene Versekering Beginsels (F103)	2
14929	847	45	Bankwese Beginsels (F107)	2
13697	811	60	Capita Selecta: Aktuariële Toepassings A	Beide
13699	841	60	Capita Selecta: Aktuariële Toepassings B	Beide
10364	845	45	Finansies en Beleggings Beginsels (F105)	2
10368	811	45	Gesondheid en Sorg Beginsels (F101)	1
10372	812	45	Lewensversekering Beginsels (F102)	1
10365	846	45	Ondernemings Risiko Bestuur Beginsels (F106)	2
10376	814	45	Pensioene Beginsels (F104)	2
14928	818	45	Gesondheid, Sosiale en Werknemer Voordele (F108)	1

## 4.1.2 MCom (Bedryfsielkunde)

### Toelatingsvereistes

- Een van die volgende:
  - 'n HonsBCom (Bedryfsielkunde)-graad van die Universiteit Stellenbosch, of
  - 'n Gelykwaardige honneursgraad wat tot statutêre registrasie as Psigometris (Onafhanklike Praktijk) lei.
- 'n Gemiddelde van minstens 65% vir die voorafgaande honneursgraad.

### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word onder meer bepaal deur personeelkapasiteit en die Departement se beskikbare hulpbronne, asook akademiese meriete en die Universiteit se transformasiedoelwitte. Aangesien personeelkapasiteit en hulpbronne van jaar tot jaar kan verskil, kan die getal studente wat gekeur word ook jaarliks verskil.

Keuringsbesluite word geneem deur 'n keurkomitee wat die volgende oorweeg:

- Keuring is hoofsaaklik gebaseer op akademiese prestasie.
- Bo en behalwe toelatingsvereistes, word 'n minimum punt van 60% vir honneurs in Bedryfsielkunde oorweeg.
- Akademiese rekords word holisties geëvalueer (bv. punte, studietydperk, modules herhaal, navorsingsprojek).

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aansoek by [www.sun.ac.za/pgstudies](http://www.sun.ac.za/pgstudies). Suid-Afrikaanse studente moet teen **30 September** van die jaar voor hulle voorgename studie aansoek doen en internasionale studente teen **01 September**.

## Duur, tipe programaanbod en aanvangsdatum

### Duur:

- **Die voltydse doseeropsie, ingeslote een jaar internskap:** Die minimum duur is twee jaar voltyds.
- **Die modulêre doseeropsie, ingeslote een jaar internskap:** Die maksimum duur is vier jaar deelyds.

**Aanvangsdatum:** Twee weke voor die ander klasse aan die Universiteit begin.

### Let asseblief op:

Die minimum inskrywingstyd gee 'n aanduiding van die minimum tyd wat jy vir die program ingeskryf moet wees. In ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse Raad vir Gesondheidsberoepes (HPCSA) se riglyne word 'n maksimum inskrywingstydperk ook voorgeskryf.

## Assessering

### Erkenningstydperk van modules

Magistermodules word normaalweg vir vyf jaar erken vir graaddoeleindes. Ná vyf jaar verval die erkenning van modules, tensy skriftelike toestemming vooraf verkry is om die erkenningsperiode te verleng.

### Registrasie as Sielkundige, kategorie: Bedryfsielkunde

Die HPCSA vereis die MCom (Bedryfsielkunde) vir registrasie as sielkundige (in die kategorie Bedryfsielkunde). Besonderhede oor die vereistes vir statutêre registrasie as sielkundige is beskikbaar op die webtuiste van die HPCSA ([www.hpcs.co.za](http://www.hpcs.co.za)). Indien jy beoog om as sielkundige te registreer, moet jy vanaf die eerste jaar van jou magisterstudie as student in Bedryfsielkunde by die Beroepsraad vir Sielkunde registreer. Jy kan aansoekvorms van die HPCSA se webtuiste verkry. Vul die vorms in en stuur dit saam met al die nodige dokumentasie terug.

## Navrae en programleier

### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Me Coreli Cillie  
 Programadministrateur  
 Departement Bedryfsielkunde  
 Tel: 021 808 3005  
 E-pos: [cmcillie@sun.ac.za](mailto:cmcillie@sun.ac.za)

Webtuiste: [www.sun.ac.za/industrial\\_psychology](http://www.sun.ac.za/industrial_psychology) (klik regs bo vir Afrikaans)

### Programleier

Dr Francois van der Bank  
 Departement Bedryfsielkunde

## Programstruktuur

As gevolg van hersiene vereistes van die Raad vir Sielkunde van die HPCSA, sluit hierdie program 'n volle eenjaar-internskap in, wat implikasies het vir die minimum duur van die program. Daar sal van jou verwag word om voor die aanvang van die internskap die teoretiese komponent van die program volledig te voltooi, asook 'n navorsingsvoorstel wat deur die departement goedgekeur is. Die internskap- en navorsingskomponent van die program kan dus in dieselfde jaar voltooi word.

Daar is twee opsies in die program:

1. **Die voltydse doseeropsie**
2. **Die modulêre doseeropsie**
  - Sit vyf weke in die eerste jaar opsy vir verpligte klasse op kampus. Die volledige program is op die departementele webblad beskikbaar.
  - Eksamens word nie gesentraliseer op kampus afgelê nie, maar eerder in die verskillende studiesentra.

By voltooiing van jou studie in albei opsies, moet jy 'n manuskrip wat gebaseer is op jou tesis en gereed is vir publikasie in 'n geakkrediteerde vaktydskrif aan jou studieleier voorlê.

## Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 180 krediete vir een van die opsies in hierdie program verwerf.

Jy moet die verpligte gedoseerde modules (90 krediete) en die tesis (90 krediete) voltooi, sowel as die eenjaar-internskap. Sien die uiteensetting hieronder.

### Alle modules is verpligtend (180 krediete).

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10404	874	10	Beroepsgesondheid en -welstand	1
10550	873	12	Intermediêre Statistiek en Rekenaargebruik	2
12992	875	10	Organisasieontwikkeling en Verandering	1
10648	886	10	Persoonlikheid in die Werksplek	1
10667	876	10	Prestasiedisfunksie in die Werkplek	2
12946	881	10	Professionele Konsultasie en Etiek	2
14027	876	12	Sielkundige Assessering in Praktyk	1
10711	882	10	Strategiese en Etiese Leierskap	2
11234	871	90	Tesis: Bedryfsielkunde	Beide
12945	872	6	Voorligtingsvaardighede vir die Werkplek	2
14932	891	0	Bedryfsielkunde-internskap	Beide

### 4.1.3 MCom (Belasting)

#### Toelatingsvereistes

- Albei die volgende:
  - Die graad BCom (Regsgeleerdheid) en
  - Die graad LLB van die Universiteit Stellenbosch (insluitende voltooide Belasting keusemodules);
 of
- Gelykstaande kwalifikasies, en enige addisionele voorbereidende programme wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het.
- Minstens 55% vir die Belastingmodules in elke jaar van jou voorafgaande studie en 'n algehele gemiddeld van 55% vir die grade.

#### Verdere vereistes

- **Vir die doseer-en-navorsingswerkstuk-opsie:**
  - Indien jy nie 'n GR(SA) of toegelate prokureur is nie, met jy praktiese ervaring in die belastingveld hê, wat blyk uit bewese werksondervinding. 'n Beskrywing van jou werkservaring met besonderhede van jou belastingverwante pligte en verantwoordelikhede sal as bewys aanvaar word.
- **Vir die voltesisopsie:**
  - Jy moet as Geoktrooieerde Bestuursrekenmeester (CIMA) of as Prokureur geregistreer wees (of oor 'n gelykstaande toepaslike professionele registrasie beskik).
- **Vir albei opsies:**
  - Jy moet kennis dra van navorsingsmetodologie om tot die magisterprogram toegelaat te word, insluitende, waar toepaslik, kwantitatiewe empiriese navorsingsmetodes. Die programleier mag van jou verwag om toepaslike navorsingsmetodologie-modules te voltooi voordat jy met die program begin.

#### Keuring

##### Vir die Doseer-en-navorsingswerkstuk-opsie:

'n Maksimum van altesaam 10 studente word elke twee jaar gekeur vir die gekombineerde groep wat die doseer-en-navorsingswerkstuk-opsie van die MCom (Belasting) en die MRek (Belasting) neem. Die getal word bepaal op grond van die beskikbare studieleidingkapasiteit. Die keuring van studente is gebaseer op akademiese meriete.

As deel van die keuringsvereistes, moet aansoekers op die kortlys 'n belastingopinie van vyf bladsye indien oor 'n spesifieke belastingvraag wat tydens die tweede rondte van die keuringsproses verskaf sal word. Die belastingopinie wat ingedien word, sal deur die programleier en/of die Afdelingshoof van Belasting geëvalueer word om die professionele bevoegdheid van kandidate in ag te neem (taalgebruik, logiese argumentasie toegepas, bronne raadgepleeg om die opinie te formuleer en die finale opinie). In hierdie verband sal die programleier en/of Afdelingshoof van Belasting hul eie akademiese belastingnavorsings-ondervinding benut. Kandidate wat die mees professionele vaardigheid toon om die belastingopinie te voltooi, sal tydens die keuringsproses geprioritiseer word.

##### Vir die Voltesisopsie:

Die aantal studente wat tot die voltesisprogram toegelaat kan word, is onbeperk, maar addisionele keuringskriteria geld. Die voornemende student moet 'n aanvanklike mini-navorsingsvoorstel indien by die programleier en Adjunktdirekteur: Navorsing van die Skool vir Rekeningkunde. Die programleier en Adjunktdirekteur:

Navorsing sal dan evalueer of die voorgestelde onderwerp binne die Skool se vakgebied val en ook of personeel met die nodige kundigheid en ervaring beskikbaar sal wees om studieleiding aan die student te bied. As die programleier en Adjunkdirekteur: Navorsing van mening is dat die onderwerp binne die vakgebied van die Skool val, dat daar 'n gewillige en bekwame studieleier beskikbaar is, dat die beplande studie haalbaar is en moontlik 'n waardevolle bydrae tot die bestaande kennisveld van die vakgebied kan lewer, word 'n voorlopige studieleier aangestel en die student word versoek om saam met die studieleier aan 'n amptelike navorsingsvoorstel te begin werk.

Laastens lê die kandidaat die amptelike navorsingsvoorstel voor aan 'n toelatingskomitee van die Skool vir Rekeningkunde. Indien die voorstel deur die komitee goedgekeur word, wys die komitee 'n studieleier toe en stuur die studieleier die voltooide magistertoelatingsvorm aan die fakulteitsadministrateur vir 'n aanbeveling aan die Fakulteitsraad dat die student tot die Magisterprogram toegelaat word. Die voornemende student kan ook versoek word om addisionele modules te voltooi (bv. 'n navorsingsmetodiek of ekonometrie-modules).

## Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Vir die doseer-en-navorsingswerkstuk-opsie word 'n nuwe groep slegs elke tweede jaar toegelaat. Doen aansoek by [www.sun.ac.za/pgstudies](http://www.sun.ac.za/pgstudies) teen **31 Oktober** van die jaar voor jou voorgename studie.

## Duur, tipe programaanbod en aanvangsdatum

**Duur:**

- **Voltesisopsie:** Een jaar, voltyds.
- **Doseer-en-navorsingswerkstuk-opsie:** Twee tot drie jaar, deelyds.

**Aanvangsdatum:**

Saam met die ander klasse aan die Universiteit.

## Navrae en programleier

### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Mnr Kyle Gordon  
 Programadministrateur  
 Skool vir Rekeningkunde  
 Tel: 021 808 3845  
 E-pos: [kdgordon@sun.ac.za](mailto:kdgordon@sun.ac.za)  
 Webtuiste: [www.sun.ac.za/rekeningkunde](http://www.sun.ac.za/rekeningkunde)

### Programleier

Me Cara Thiant  
 Skool vir Rekeningkunde

## Programstruktuur

Jy kan uit die volgende twee opsies kies:

- **Die voltesisopsie:**  
 Jy moet lesings oor skryfvaardighede bywoon en 'n navorsingsvoorstel skryf. Die navorsingsvoorstel moet aan die Navorsingskomitee van die Skool vir Rekeningkunde voorgelê word en hulle moet dit goedkeur.  
 Jou navorsingsprojek moet volgens die voorskrifte van die Skool vir Rekeningkunde voltooi word. Hierdie projek bestaan uit 'n tesis en 'n verwante artikel wat publiseerbaar is in 'n geakkrediteerde vaktydskrif.
- **Die doseer-en-navorsingswerkstuk-opsie:**  
 Dit is verpligtend om al die interaktiewe lesings oor geselekteerde onderwerpe, sowel as lesings oor skryfvaardighede en die skryf van 'n navorsingsvoorstel, by te woon.  
 Jou navorsingsprojek van beperkte omvang moet volgens die voorskrifte van die Skool vir Rekeningkunde voltooi word. Dit bestaan uit 'n navorsingswerkstuk (ná die skryf van 'n verpligte navorsingsvoorstel) en 'n verwante artikel publiseerbaar in 'n geakkrediteerde vaktydskrif.



## Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 180 krediete vir een van die opsies in hierdie program verwerf.

### Verpligte modules vir die doseer-en-navosingswerkstuk-opsie

Jy moet Gevorderde Belasting 871 slaag om met die navosingswerkstuk voort te gaan.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
Dit kan gebeur dat sommige van die onderstaande modules nie in 'n gegewe jaar aangebied word nie en ook dat modules in ander semesters aangebied word as wat hieronder aangedui is. Dit hang af van die omstandighede in die Departement. Kontak asseblief die Departement om uit te vind watter modules beskikbaar sal wees.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10441	813	15	Ekstreemwaardeteorie A	Beide
10442	843	15	Ekstreemwaardeteorie B	Beide
10512	815	15	Gevorderde Meerveranderlike Statistiese Analise A	1
10513	845	15	Gevorderde Meerveranderlike Statistiese Analise B	2
10523	818	15	Gevorderde Steekproefnemingstegnieke	1
10524	819	15	Gevorderde Wiskundige Statistiek A	1
11173	849	15	Gevorderde Wiskundige Statistiek B	2
18130	822	15	Meerdimensionele Skalering A	1
11910	852	15	Meerdimensionele Skalering B	2
10694	811	15	Skoenlus en ander Steekproefhergebruikstegnieke A	1
10695	841	15	Skoenlus en ander Steekproefhergebruikstegnieke B	2
10703	812	15	Statistiese Leerteorie A	1
10704	842	15	Statistiese Leerteorie B	2

*Let ook op die volgende kombinasies en voorvereistes:*

- Ekstreemwaardeteorie A 813(15) en Ekstreemwaardeteorie B 843(15) vorm saam 'n jaarmodule.
- Meerdimensionele Skalering A 822(15) is 'n voorvereiste vir Meerdimensionele Skalering B 852(15).
- Skoenlus en ander Steekproefhergebruikstegnieke A 811(15) is 'n voorvereiste vir Skoenlus en ander Steekproefhergebruikstegnieke B 841(15).
- Statistiese Leerteorie A 812(15) en Statistiese Leerteorie B 842(15) vorm saam 'n jaarmodule.

## 4.2 M (Publieke Administrasie)

### Toelatingsvereistes

- HonsB in Publieke Administrasie met 'n gemiddeld van minstens 60%, of
- 'n NGDip in dieselfde Klassifikasie van Onderrigvakmateriaal- (KOVN-)kategorie met 'n gemiddeld van minstens 60%.

### Verdere vereistes

Jou honneurs-navorsingsverslag of 'n navorsingsvoorstel moet saam met jou aansoek ingegee word. Jy moet die navorsingsvoorstel voltooi en mondelings verdedig voor 'n akademiese paneel, en jou voorstel moet aanvaar word voor jy met die program kan voortgaan.

### Keuring

Die aantal studente toegelaat elke jaar vir die program hang af van die gesamentlike beskikbare spasie in die MCom (Openbare en Ontwikkelingsbestuur)-, MA (Openbare en Ontwikkelings-bestuur)- en die M (Publieke Administrasie)-programme asook die beskikbare studieleiding-kapasiteit in die Skool vir Publieke Leierskap.

Die akademiese gehalte van die navorsingsvoorstel of navorsingsverslag word beoordeel aan die hand van die gedemonstreerde akademiese navorsings- en skryfvermoë, vertroudheid met die hedendaagse literatuur in die veld, die relevansie van die navorsingsdoelstellings, ontwerp en metodes en die potensiele akademiese meriete van die studie.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Kontak die Skool vir Publieke Leierskap direk by die besonderhede onder "Navrae" hieronder om uit te vind oor die aansoekprosedure en sluitingsdatum vir aansoeke.

### Duur, tipe programaanbod en aanvangsdatum

**Duur:** Een jaar, voltyds; twee jaar, deelyds; met blokaanbiedings van aangesig tot aangesig op kampus en interaktiewe aanlyn sessies vir die doseer-en-tesisopsie.

**Aanvangsdatum:** Normaalweg laat Januarie of vroeg Februarie.

### Aanbiedingsmetode van die program

Hibridiese leer.

### Navrae en programleier

#### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Me Phila Mkhize

Programadministrateur

Skool vir Publieke Leierskap

Tel: 021 918 4132

E-pos: mkhizep@sun.ac.za

Webtuiste: [www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/economy/spl](http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/economy/spl)

#### Programleier

Prof Babette Rabie

Skool vir Publieke Leierskap

### Programstruktuur

Daar is twee opsies in die program:

- **Die doseer-en-tesisopsie:**

Vir hierdie opsie volg jy drie keusemodules van 30 krediete elk en 'n toepaslike, gevorderde kursus in navorsingsmetodologie en akademiese skryfvaardigheid. Daarmee saam moet jy 'n tesis van 90 krediete voltooi onder leiding van 'n akademiese studieleier.

Die kursuswerkkomponent word by wyse van blokaanbiedings asook interaktiewe aanlyn sessies aangebied:

- Blokaanbieding van lesings behels dat jy oor 'n tydperk van een tot twee weke per keer, in Januarie en in Mei, klasse op die Bellvillepark-kampus bywoon. Verdere skryfwerkswinkels kan ook deur die loop van die jaar geskeduleer word om jou die geleentheid te gee om toegewyd te skryf.

- o Vir die interaktiewe aanlyn aanbiedings woon jy ten minste twee volle dae in die eerste semester en twee volle dae in die tweede semester by. Dit vind plaas deur 'n toepaslike interaktiewe e-leerplatform te gebruik. Jy moet ook onafhanklik 'n aantal video-opnames wat voorsien sal word kyk en studiemateriaal bestudeer.
- o Die res van die tyd studeer jy tuis en voltooi voorgeskrewe werkopdragte wat elektronies ingehandig word.
- o Eksamens word in Bellville of in Tshwane afgelê
- **Die voltesisopsie:**  
Hierdie is die volle navorsingsopsies. Jy moet 'n kursus in toepaslike gevorderde navorsingsmetodologie en akademiese skryfvaardigheid voltooi (indien jy nog nie so 'n kursus suksesvol deurloop het nie). Verder moet jy 'n volle navorsingstesis van 180 krediete onder leiding van 'n akademiese studieleier voltooi.

## Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 180 krediete vir een van die opsies in hierdie program verwerf.

Die modules vir elke opsie word hieronder uiteengesit.

### Verpligte module vir die doseer-en-tesisopsie (90 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
11242	861	90	Tesis: Openbare en Ontwikkelingsbestuur	Beide

### Keusemodules vir die doseer-en-tesisopsie (90 krediete)

- Kies **drie** van die volgende modules.
- Neem asseblief kennis dat minstens 10 studente benodig word voordat 'n module aangebied kan word.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
11270	871	30	Antikorrupsie-studies	Beide
58874	864	30	Capita Selecta A: 'n Sektorspesifieke spesialisasie soos deur studente versoek	Beide
58874	861	30	Capita Selecta B: 'n Sektorspesifieke spesialisasie soos deur studente versoek	Beide
60518	861	30	Geïntegreerde Openbare Bestuur	Beide
60496	861	30	Geïntegreerde Gemeenskapsgebaseerde Ontwikkeling	Beide
60526	861	30	Geïntegreerde Openbare Beleidsbestuur en -analise	Beide
11269	871	30	Gevorderde Program- en Projekbestuur	Beide
11272	871	30	Monitering en Evaluering	Beide
66370	861	30	Munisipale bestuur en ontwikkeling	Beide
60488	861	30	Openbare Bestuursreg	Beide
11271	871	30	Vergelykende en Kontemporêre Openbare Bestuur Innovasie Studies	Beide

### Verpligte module vir die voltesisopsie (180 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
11242	828	180	Tesis: Openbare en Ontwikkelingsbestuur	Beide

## 4.3 MRek

### 4.3.1 MRek (Belasting)

#### Toelatingsvereistes

- Die graad HonsBRek, BRekLLB of die Nagraadse Diploma in Rekeningkunde (nadat jy 'n erkende baccalaureusgraad verwerf het) van die Universiteit Stellenbosch;  
of
- 'n Gelykstaande kwalifikasie, plus enige ander voorbereidende programme wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het.
- **Vir die doseer-en-navorsingswerkstuk-opsie:** Minstens 55% (70% in die geval van akademiese klerke) vir Belasting, as vakgebied en vir die grade in die geheel, dwarsdeur jou voorafgaande studie. Akademiese klerke moet die 70% in die HonsBRek-graad (met die navorsingskomponent) behaal.
- **Vir die voltesisopsie:** Minstens 55% vir Belasting, as vakgebied en vir die grade in die geheel, tydens al jou voorafgaande studie.

#### Verdere vereistes

- **Vir die doseer-en-navorsingswerkstuk-opsie:**
  - Indien jy nie 'n GR(SA) of toegelate prokureur is nie, moet jy praktiese ervaring in die belastingveld hê, wat blyk uit bewese werksondervinding. 'n Beskrywing van jou werkservaring met besonderhede van jou belastingverwante pligte en verantwoordelikhede sal as bewys aanvaar word. Akademiese klerke word vrygestel van hierdie vereiste.
- **Vir die voltesisopsie:**
  - Jy moet as Geoktrooieerde Rekenmeester (Suid-Afrika) geregistreer wees.
- **Vir albei opsies:**
  - Jy moet kennis dra van navorsingsmetodologie om tot die Magisterprogram toegelaat te word, insluitende, waar toepaslik, kwantitatiewe empiriese navorsingsmetodes. Die programleier mag van jou verwag om toepaslike navorsingsmetodologie-modules te voltooi voordat jy met die program begin.

#### Keuring

##### Vir die doseer-en-navorsingswerkstuk-opsie:

'n Maksimum van altesaam 10 studente word elke twee jaar gekeur vir die gekombineerde groep wat die doseer-en-navorsingswerkstuk-opsie van die MCom (Belasting) en die MRek (Belasting) neem. Die getal word bepaal op grond van die beskikbare studieleidingkapasiteit. Die keuring van studente is gebaseer op akademiese meriete.

As deel van die keuringsvereistes, moet aansoekers op die kortlys 'n belastingopinie van vyf bladsye indien oor 'n spesifieke belastingvraag wat tydens die tweede rondte van die keuringsproses verskaf sal word. Die belastingopinie wat ingedien word, sal deur die programleier en/of die Afdelingshoof van Belasting geëvalueer word om die professionele bevoegdheid van kandidate in ag te neem (taalgebruik, logiese argumentasie toegepas, bronne raadgepleeg om die opinie te formuleer en die finale opinie). In hierdie verband sal die programleier en/of Afdelings-hoof van Belasting hul eie akademiese belastingnavorsings-ondervinding benut. Kandidate wat die mees professionele vaardigheid toon om die belastingopinie te voltooi, sal tydens die keuringsproses geprioritiseer word.

##### Vir die voltesisopsie:

Die aantal studente wat tot die voltesisprogram toegelaat kan word, is onbeperk, maar addisionele keuringskriteria geld. Die voornemende student moet 'n aanvanklike mini-navorsingsvoorstel indien by die programleier en Adjunkdirekteur: Navorsing van die Skool vir Rekeningkunde. Die programleier en Adjunkdirekteur: Navorsing sal dan evalueer of die voorgestelde onderwerp binne die Skool se vakgebied val en ook of personeel met die nodige kundigheid en ervaring beskikbaar sal wees om studieleiding aan die student te bied. As die programleier en Adjunkdirekteur: Navorsing van mening is dat die onderwerp binne die vakgebied van die Skool val, dat daar 'n gewillige en bekwame studieleier beskikbaar is, dat die beplande studie haalbaar is en moontlik 'n waardevolle bydrae tot die bestaande kennis van die vakgebied kan lewer, word 'n voorlopige studieleier aangestel en die student word versoek om saam met die studieleier aan 'n amptelike navorsingsvoorstel te begin werk.

Laastens lê die kandidaat die amptelike navorsingsvoorstel voor aan 'n toelatingskomitee van die Skool vir Rekeningkunde. Indien die voorstel deur die komitee goedgekeur word, wys die komitee 'n studieleier toe en stuur die studieleier die voltooide magistertoelatingsvorm aan die fakulteitsadministrateur vir 'n aanbeveling aan die Fakulteitsraad dat die student tot die Magisterprogram toegelaat word. Die voornemende student

kan ook versoek word om addisionele modules te voltooi (bv. 'n navorsingsmetodiek of ekonometrie-modules).

## Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Vir die doseer-en-navorsingswerkstukopsie word 'n nuwe groep slegs elke tweede jaar toegelaat. Doen aansoek by [www.sun.ac.za/pgstudies](http://www.sun.ac.za/pgstudies) teen **31 Oktober** van die jaar voor jou voorgename studie.

## Duur, tipe programaanbod en aanvangsdatum

**Duur:**

- **Voltesisopsie:** Een jaar, voltyds.
- **Doseer-en-navorsingswerkstukopsie:** Twee tot drie jaar, deelyds.

**Aanvangsdatum:** Saam met die ander klasse aan die Universiteit.

## Aanbiedingsmetode van die program

Volkontakleer (van aangesig tot aangesig).

## Navrae en programleier

### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Mnr Kyle Gordon  
 Programadministrateur  
 Skool vir Rekeningkunde  
 Tel: 021 808 3845  
 E-pos: [kdgordon@sun.ac.za](mailto:kdgordon@sun.ac.za)  
 Webtuiste: [www.sun.ac.za/rekeningkunde](http://www.sun.ac.za/rekeningkunde)

### Programleier

Me Cara Thiar  
 Skool vir Rekeningkunde

## Programstruktuur

Jy kan tussen die volgende twee opsies kies:

- **Die voltesisopsie:**  
 Jy moet lesings oor skryfvaardighede bywoon en 'n navorsingsvoorstel skryf. Die navorsingsvoorstel moet aan die Navorsingskomitee van die Skool vir Rekeningkunde voorgelê word en hulle moet dit goedkeur.  
 Jou navorsingsprojek moet volgens die voorskrifte van die Skool vir Rekeningkunde voltooi word. Hierdie projek bestaan uit 'n tesis en 'n verwante artikel wat publiseerbaar is in 'n geakkrediteerde vaktydskrif.
- **Die doseer-en-navorsingswerkstuk-opsie:**  
 Bywoning van al die interaktiewe lesings oor geselekteerde onderwerpe, sowel as lesings oor skryfvaardighede en die skryf van 'n navorsingsvoorstel, is verpligtend.  
 Jou navorsingsprojek van beperkte omvang moet volgens die voorskrifte van die Skool vir Rekeningkunde voltooi word. Dit bestaan uit 'n navorsingswerkstuk (ná die skryf van 'n verpligte navorsingsvoorstel) en 'n verwante artikel publiseerbaar in 'n geakkrediteerde vaktydskrif.

## Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 180 krediete vir een van die opsies in hierdie program verwerf.

Die modules vir elke opsie word hieronder uiteengesit.

### Verpligte modules by die doseer-en-navorsingswerkstuk-opsie

Jy moet Gevorderde Belasting 871 slaag om met die navorsingswerkstuk voort te gaan.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10492	871	108	Gevorderde Belasting	Beide
10493	872	72	Navorsingswerkstuk: Gevorderde Belasting	Beide

### Verpligte module by die voltesisopsie

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
66559	828	180	Tesis: Belasting	Beide

## 4.3.2 MRek (Finansiële Rekeningkunde)

### Toelatingsvereistes

- Die graad HonsBRek of die Nagraadse Diploma in Rekeningkunde (nadat jy 'n erkende baccalaureusgraad verwerf het) van die Universiteit Stellenbosch,  
of  
'n gelykwaardige kwalifikasie van 'n ander universiteit;
- Minstens 60% vir Finansiële Rekeningkunde, as vakgebied en in die geheel, tydens vorige nagraadse studie.
- Enige ander voorbereidende werk wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het.

### Verdere vereistes

- Registrasie as Geoktrooieerde Rekenmeester (Suid-Afrika).
- Jy moet kennis dra van navorsingsmetodologie om tot die magisterprogram toegelaat te word, insluitende, waar toepaslik, kwantitatiewe empiriese navorsingsmetodes. Die programleier mag van jou verwag om toepaslike navorsingsmetodologie-modules te voltooi voordat jy met die program begin.

### Keuring

Die aantal studente wat tot die program toegelaat kan word, is onbeperk, maar addisionele keuringskriteria geld. Die voornemende student moet 'n aanvanklike mini-navorsingsvoorstel indien by die programleier en Adjunkdirekteur: Navorsing van die Skool vir Rekeningkunde. Die programleier en Adjunk-direkteur: Navorsing sal dan evalueer of die voorgestelde onderwerp binne die Skool se vakgebied val en ook of personeel met die nodige kundigheid en ervaring beskikbaar sal wees om studieleiding aan die student te bied. As die programleier en Adjunkdirekteur: Navorsing van mening is dat die onderwerp binne die vakgebied van die Skool val, dat daar 'n gewillige en bekwame studieleier beskikbaar is, dat die beplande studie haalbaar is, en moontlik 'n waardevolle bydrae tot die bestaande kennisveld van die vakgebied kan lewer, word 'n voorlopige studieleier aangestel en die student word versoek om saam met die studieleier aan 'n amptelike navorsingsvoorstel te begin werk.

Laastens lê die kandidaat die amptelike voorstel voor aan 'n toelatingskomitee van die Skool vir Rekeningkunde. Indien die voorstel deur die komitee goedgekeur word, wys die komitee 'n studieleier aan wat dan die voltooide magistertoelatingsvorm aan die fakulteitsadministrateur stuur vir 'n aanbeveling aan die Fakulteitsraad dat die student tot die Magisterprogram toegelaat word. Die voornemende student kan ook versoek word om addisionele modules te voltooi (bv. 'n navorsingsmetodiek of ekonometrie-module).

### Duur en aanvangsdatum

**Duur:** Een jaar.

**Aanvangsdatum:** Saam met die ander klasse aan die Universiteit.

### Aanbiedingsmetode van die program

Volkontakleer (van aangesig tot aangesig).

### Navrae en programleier

#### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Mnr Kyle Gordon

Programadministrateur

Skool vir Rekeningkunde

Tel: 021 808 3845

E-pos: kdgordon@sun.ac.za

Webtuiste: [www.sun.ac.za/rekeningkunde](http://www.sun.ac.za/rekeningkunde)

#### Programleier

Prof Stiaan Lamprecht

Skool vir Rekeningkunde

### Programstruktuur

Jy moet 'n navorsingsprojek voltooi volgens die voorskrifte van die Skool vir Rekeningkunde. Hierdie projek bestaan uit 'n tesis en 'n verwante artikel wat in 'n geakkrediteerde vaktyskrif publiseerbaar is.

Jy moet ook 'n skryfvaardighede-werkswinkel oor die skryf van 'n navorsingsvoorstel bywoon wat deur die Taalsentrum aangebied word.



## Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 180 krediete vir hierdie program verwerf.

### Hierdie module is verpligtend.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
66567	828	180	Tesis: Finansiële Rekeningkunde	Beide

### 4.3.3 MRek (Ouditkunde)

#### Spesifieke toelatingsvereistes

- Die graad HonsBRek of die Nagraadse Diploma in Rekeningkunde (nadat jy 'n erkende baccalaureusgraad verwerf het) van die Universiteit Stellenbosch,  
of  
'n gelykwaardige kwalifikasie van 'n ander universiteit;
- Minstens 60% vir Ouditkunde, as vakgebied en in die geheel, tydens vorige nagraadse studie;
- Enige ander voorbereidende werk wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het;

#### Verdere vereistes

- Registrasie as Geoktrooieerde Rekenmeester (Suid-Afrika).
- Jy moet kennis dra van navorsingsmetodologie om tot die magisterprogram toegelaat te word, insluitende, waar toepaslik, kwantitatiewe empiriese navorsingsmetodes. Die programleier mag van jou verwag om toepaslike navorsingsmetodologie-modules te voltooi voordat jy met die program begin.

#### Keuring

Die aantal studente wat tot die program toegelaat kan word, is onbeperk, maar addisionele keuringskriteria geld. Die voornemende student moet 'n aanvanklike mini-navorsingsvoorstel indien by die programleier en Adjunkdirekteur: Navorsing van die Skool vir Rekeningkunde. Die programleier en Adjunk-direkteur: Navorsing sal dan evalueer of die voorgestelde onderwerp binne die Skool se vakgebied val en ook of personeel met die nodige kundigheid en ervaring beskikbaar sal wees om studieleiding aan die student te bied. As die programleier en Adjunkdirekteur: Navorsing van mening is dat die onderwerp binne die vakgebied van die Skool val, dat daar 'n gewillige en bekwame studieleier beskikbaar is, dat die beplande studie haalbaar is, en moontlik 'n waardevolle bydrae tot die bestaande kennisveld van die vakgebied kan lewer, word 'n voorlopige studieleier aangestel en die student word versoek om saam met die studieleier aan 'n amptelike navorsingsvoorstel te begin werk.

Laastens lê die kandidaat die amptelike voorstel voor aan 'n toelatingskomitee van die Skool vir Rekeningkunde. Indien die voorstel deur die komitee goedgekeur word, wys die komitee 'n studieleier aan wat dan die voltooide magistertoelatingsvorm aan die fakulteitsadministrateur stuur vir 'n aanbeveling aan die Fakulteitsraad dat die student tot die Magisterprogram toegelaat word. Die voornemende student kan ook versoek word om addisionele modules te voltooi (bv. 'n navorsingsmetodiek of ekonometrie-module).

#### Duur en aanvangsdatum

**Duur:** Een jaar

**Aanvangsdatum:** Saam met die ander klasse aan die Universiteit.

#### Aanbiedingsmetode van die program

Volkontakleer (van aangesig tot aangesig).

#### Navrae en programleier

##### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Mnr Kyle Gordon

Programadministrateur

Skool vir Rekeningkunde

Tel: 021 808 3845

E-pos: kdgordon@sun.ac.za

Webtuiste: [www.sun.ac.za/rekeningkunde](http://www.sun.ac.za/rekeningkunde)

## Programleier

Prof Riaan Rudman  
Skool vir Rekeningkunde

## Programstruktuur

Jy moet 'n navorsingsprojek voltooi volgens die voorskrifte van die Skool vir Rekeningkunde. Hierdie projek bestaan uit 'n tesis en 'n verwante artikel wat in 'n geakkrediteerde vaktydskrif publiseerbaar is.

Jy moet ook 'n skryfvaardighede-werkswinkel oor die skryf van 'n navorsingsvoorstel bywoon wat deur die Taalsentrum aangebied word.

## Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 180 krediete vir hierdie program verwerf.

### Hierdie module is verpligtend.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
66583	828	180	Tesis: Ouditkunde	Beide

## 4.4 MPhil

### 4.4.1 MPhil (Leierskapsafrioting)

#### Toelatingsvereistes

Die volgende word vereis vir toelating tot die MPhil in Bestuursafrioting:

- 'n Honneursgraad, of
- 'n Vierjarige professionele baccalaureusgraad, of
- 'n Driejarige baccalaureusgraad en 'n nagraadse diploma.

*Let asseblief op:* Jou vorige akademiese kwalifikasies moet ten minste op NKR-vlak 8 wees. Dit beteken dit moes 'n navorsingskomponent bevat het.

#### Verdere vereistes

Benewens die vereistes hierbo, moet jy ook:

- minstens vier jaar werksondervinding in die breë veld van menslikehulpbronbestuur hê;
- 'n omvattende opstel inhandig waarin jy jou werksondervinding bespreek en motiveer waarom jy tot die program toegelaat moet word;
- toegang hê tot 'n rekenaar en stabiele internetverbinding vir aanlyn leer;

Toepaslike psigometriese toetse mag vereis word.

#### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word onder meer bepaal deur personeelkapasiteit en die Skool se beskikbare hulpbronne, asook akademiese meriete en die Universiteit se transformasiedoelwitte. Aangesien personeelkapasiteit en hulpbronne van jaar tot jaar kan verskil, kan die getal studente wat gekeur word ook jaarliks verskil.

Indien die aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Skool se kapasiteit oorskry, sal die aansoekers ooreenkomstig met die kriteria van die toelatingsvereistes beoordeel word om die mees geskikte aansoekers te bepaal en die lys gekeurde aansoekers te finaliseer.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Kontak Stellenbosch Besigheidskool direk by die besonderhede onder "Navrae" hieronder, vir meer oor die aansoekprosedure en -sluitingsdatum.

#### Duur van program en aanvangsdatum

**Duur:** Twee jaar.

**Aanvangsdatum:** Februarie.

#### Aanbiedingsmetode van die program

Hibridiese leer.

#### Navrae en programleier

##### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Stellenbosch Besigheidskool-toelatingskantoor

Stellenbosch Besigheidskool

Tel: 021 918 4111

E-pos: academicadminbpc@sun.ac.za

Webtuiste: [www.stellenboschbusiness.ac.za](http://www.stellenboschbusiness.ac.za)

##### Programleier

Prof Nicky Terblanche

Stellenbosch Besigheidskool

#### Programstruktuur

Die program word aangebied op die Bellvillepark-kampus en aanlyn in 'n hibridiese formaat.

Die hibridiese formaat bestaan uit verpligte klasbywoningsblokke op kampus en klasse wat sinchronies aanlyn aangebied word. Roosterbesonderhede is beskikbaar op die Stellenbosch Besigheidskool-webwerf.

## Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 180 krediete vir hierdie program verwerf.

### Alle modules is verpligtend.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
12307	872	40	Afrigtingspraktyk	Beide
12305	871	20	Afrigting vir Leierskap en Organisasoriese Ontwikkeling	Beide
12306	871	20	Gevorderde Afrigting Benadering	Beide
12303	871	20	Grondslae van Afrigting	Beide
11047	872	60	Navorsingswerkstuk: Leierskapsafrigting	Beide
12304	871	20	Sake-afrigting	Beide

## 4.4.2 MPhil (MIV/Vigs-bestuur)

### Toelatingsvereistes

- Nagraadse Diploma in MIV/Vigs-bestuur van die Universiteit Stellenbosch of 'n gepaste kwalifikasie (NKR-vlak 8) van 'n ander opvoedkundige instansie, met 'n gemiddelde van minstens 65%.

### Verdere vereistes

Benewens die vereistes hierbo, moet jy ook die volgende hê:

- Toepaslike bestuursondervinding,
- Rekenaarvaardighede (MS Word, internet en e-pos),
- Toegang tot 'n rekenaar en stabiele internetverbinding vir aanlyn leer.

### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word onder meer bepaal deur personeelkapasiteit en die Sentrum se beskikbare hulpbronne, asook akademiese meriete en die Universiteit se transformasiedoelwitte. Aangesien personeelkapasiteit en hulpbronne van jaar tot jaar kan verskil, kan die getal studente wat gekeur word ook jaarliks verskil.

Indien die aantal aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Sentrum se kapasiteit oorskry, sal die aansoekers se gemiddelde akademiese prestasie en akademiese geskiedenis geëvalueer word en sal dit gebruik word om hulle volgens geskiktheid te rangskik en sodoende die lys gekeurde aansoekers te finaliseer.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Suid-Afrikaanse sowel as internasionale aansoekers moet teen **30 November** van die jaar voor hulle voorgenome studie aansoek doen. Aansoekvorms is beskikbaar op die Afrika Sentrum vir Inklusiewe Gesondheidsbestuur se webtuiste.

### Duur van program en aanvangsdatum

**Duur:** Een tot twee jaar.

**Aanvangsdatum:** Maart.

### Aanbiedingsmetode van die program

Hibriediese leer.

### Navrae en programleier

#### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Mnr Fanyane Chabalala  
 Programadministrateur  
 Afrika Sentrum vir Inklusiewe Gesondheidsbestuur  
 Tel: 021 808 9005  
 E-pos: wchabalala@sun.ac.za  
 Webtuiste: www.aidscentre.sun.ac.za

#### Programleier

Dr Chioma Ohajunwa  
 Afrika Sentrum vir Inklusiewe Gesondheidsbestuur

## Programstruktuur

Die program bestaan uit vier verpligte kursuswerkmodules en 'n navorsingswerkstuk. Dit word deur middel van hibridiese leer aangebied. Dit behels onder meer 'n somerskool in Stellenbosch en interaktiewe aanlynssessies gedurende die jaar.

## Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 180 krediete vir hierdie program verwerf.

### Alle modules is verpligtend.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
56081	846	25	Die Epidemiologie en Probleem van MIV/Vigs	Beide
47015	846	25	Navorsingsmetodiek	Beide
56375	846	80	Werkstuk	Beide
57657	846	25	Sosiale Verantwoordelikheid Etiek en MIV/Vigs	Beide
57649	846	25	Strategiese Menslikehulpbronbestuur	Beide

### 4.4.3 MPhil (Omgewingsbestuur)

#### Toelatingsvereistes

- 'n Nagraadse Diploma in Omgewingsbestuur van die Universiteit Stellenbosch;  
*of*
- Die Senaat kan ook ander gelykwaardige kwalifikasies oorweeg as jy nie 'n Nagraadse Diploma in Omgewingsbestuur het nie. Sodanige kwalifikasie moet deur die Senaat goedgekeur word voordat jy toegelaat sal word.

#### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word onder meer bepaal deur personeelkapasiteit en die Skool se beskikbare hulpbronne, asook akademiese meriete en die Universiteit se transformasiedoelwitte. Aangesien personeelkapasiteit en hulpbronne van jaar tot jaar kan verskil, kan die getal studente wat gekeur word ook jaarliks verskil.

Indien die aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Skool se kapasiteit oorskry, sal die aansoekers ooreenkomstig met die kriteria van die toelatingsvereistes beoordeel word om die mees geskikte aansoekers te bepaal en die lys gekeurde aansoekers te finaliseer.

Voorkeur sal verleen word aan studente wat 'n gemiddelde van 65% of hoër vir die Nagraadse Diploma in Omgewingsbestuur verkry het.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Kontak die Skool vir Publieke Leierskap direk by die besonderhede onder "Navrae" hieronder om uit te vind oor die aansoekprosedure en sluitingsdatum vir aansoeke.

#### Duur, tipe programaanbod en aanvangsdatum

##### Duur:

- **Die doseer-en-tesisopsie:**  
Een jaar; voltyds.
- **Die voltesisopsie:**  
Twee jaar; deelyds.

**Aanvangsdatum:** Normaalweg laat Januarie of begin Februarie, voor die ander klasse aan die Universiteit begin.

## Aanbiedingsmetode van die program

Volkontakleer (van aangesig tot aangesig).

## Navrae en programleier

### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Me Jennifer Saunders

Programadministrateur

Skool vir Publieke Leierskap

Tel: 021 808 2151

E-pos: jjs3@sun.ac.za

Webtuiste: [www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/economy/spl](http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/economy/spl)

### Programleier

Prof Martin de Wit

Skool vir Publieke Leierskap

## Programbeskrywing en -struktuur

Jy kan uit twee moontlike opsies kies:

- **Die doseer-en-tesisopsie:**

Vir hierdie opsie moet jy die volgende voltooi:

- een verpligte kursuswerkmodule (30 krediete),
- drie keusemodules (minstens 60 krediete), en
- 'n tesis wat op omgewingsbestuur fokus (90 krediete).

- **Die voltesisopsie:**

Vir die voltesisopsie moet jy 'n verpligte navorsingswerkswinkel en colloquium bywoon en 'n navorsingstesis voltooi wat op omgewingsbestuur fokus inlewer vir die volle kredietlading.

## Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 180 krediete vir een van die opsies in hierdie program verwerf.

Die modules vir elke opsie word hieronder uiteengesit.

### Verpligte modules vir die doseer-en-tesisopsie (120 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
13075	811	30	Samewerkende Omgewingsregeerkunde	1
11247	818	90	Tesis: Omgewingsbestuur	1

### Keusemodules vir die doseer-en-tesisopsie (minstens 60 krediete)

Kies twee van die volgende modules om saam met die verpligte modules 180 krediete op te maak.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
13071	811	30	Bewaringsgebiedbestuur	1
13070	811	30	Ekonomiese Beginsels en Tegnieke vir Bewaringsbestuur	1
13069	811	30	Gemeenskapgebaseerde Natuurlikehulpbron-bestuur	1

### Verpligte module vir die voltesisopsie (180 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
11247	828	180	Tesis: Omgewingsbestuur	Beide

#### 4.4.4 MPhil (Ontwikkelingsfinansies)

##### Toelatingsvereistes

Een van die volgende:

- 'n Toepaslike honneursgraad (die eerste nagraadse graad ná 'n baccalaureusgraad) of 'n vierjarige diepte-baccalaureusgraad waarvan die inhoud op besigheidsbestuur, finansies, ekonomie, rekeningkunde of handel fokus;  
*of*
- 'n Driejarige baccalaureusgraad en 'n nagraadse diploma (120 SAQA-krediete) van 'n universiteit of universiteit van tegnologie waarvan die inhoud op besigheidsbestuur, finansies, ekonomie, rekeningkunde of handel fokus;  
*of*
- 'n Nagraadse graad in enige dissipline en toepaslike ervaring op die gebied van ontwikkelingsfinansies en/of finansies;

*Let asseblief op:*

- Die baccalaureus- of honneursgraad moet gelykstaande wees aan die Suid-Afrikaanse kwalifikasie.
- Plaaslike en buitelandse akademiese kwalifikasies moet 'n module in navorsingsmetodologie en 'n individuele navorsingsverslag bevat.

##### Verdere vereistes

Jy moet toegang hê tot 'n rekenaar en stabiele internetverbinding vir aanlyn leer.

##### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word onder meer bepaal deur personeelkapasiteit en die Skool se beskikbare hulpbronne, asook akademiese meriete en die Universiteit se transformasiedoelwitte. Aangesien personeelkapasiteit en hulpbronne van jaar tot jaar kan verskil, kan die getal studente wat gekeur word ook jaarliks verskil.

Indien die aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Skool se kapasiteit oorskry, sal die aansoekers ooreenkomstig met die kriteria van die toelatingsvereistes beoordeel word om die mees geskikte aansoekers te bepaal en die lys gekeurde aansoekers te finaliseer.

##### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Kontak Stellenbosch Besigheidskool direk by die besonderhede onder "Navrae" hieronder, vir meer oor die aansoekprosedure en -sluitingsdatum.

##### Duur van program en aanvangsdatum

**Duur:** Twee jaar.

**Aanvangsdatum:** Februarie/Maart.

##### Aanbiedingsmetode van die program

Volkontakleer (van aangesig tot aangesig).

Hibriediese leer.

##### Navrae en programleier

###### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Stellenbosch Besigheidskool-toelatingskantoor

Stellenbosch Besigheidskool

Tel: 021 918 4111

E-pos: academicadminbpc@sun.ac.za

Webtuiste: [www.stellenboschbusiness.ac.za](http://www.stellenboschbusiness.ac.za)

###### Programleier

Prof Ashenafi Fanta

Stellenbosch Besigheidskool

## Programstruktuur

Hierdie program word aangebied in volkontak- en hibridiese modus op die Bellvillepark-kampus en aanlyn.

Die **volkontakmodus** word aangebied oor twee jaar, waarin jy drie klasbywoningsblokke van twee weke elk van aangesig tot aangesig moet bywoon en 'n navorsingsopdrag moet voltooi. Twee van die klasbywoningsblokke op kampus vind plaas in die eerste jaar. Dit vind gewoonlik in Maart en September plaas. Die derde blok vind plaas in Februarie van die tweede jaar.

Die **hibridiese modus** bestaan uit verpligte klasbywoningsblokke op kampus en klasse wat sinchronies aanlyn aangebied word. Roosterbesonderhede is beskikbaar op die Stellenbosch Besigheidskool-webwerf. Die blok in Februarie van die tweede jaar word slegs op kampus aangebied.

## Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 180 krediete vir hierdie program verwerf.

Jy moet 150 krediete vir die verpligte modules verwerf en 30 krediete vir jou keusemodules.

### Verpligte modules (150 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10392	861	15	Bank-en Finansiële knelpunte/strydvrage	Beide
47872	861	15	Entrepreneurskap	Beide
14482	861	15	Finansiële Tegnologieë en Innoverende Finansies	Beide
14263	861	15	Kleinondernemingsfinansiering	Beide
11047	861	60	Navorsingswerkstuk: Ontwikkelingsfinansies	Beide
12925	861	15	Perspektiewe op Ekonomiese Ontwikkeling in Afrika	Beide
62189	861	15	Projekfinansies	Beide

### Keusemodules (30 krediete)

Kies **drie** van die modules hieronder. As jy die Capita Selecta-opsie van 20 krediete kies, hoef jy slegs een verdere keusemodule te kies.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
11300	863	10	Beleggingspromosie	Beide
13921	863	20	Capita Selecta: Ontwikkelingsfinansiering	Beide
13916	863	10	Ekonomiese Diplomatie	Beide
13918	863	10	Gestruktureerde Finansiering	Beide
14483	863	10	Handelsbeleid en Finansies	Beide
62219	863	10	Infrastruktuurfinansies	Beide
12927	863	10	Korporatiewe Bestuur en Etiek	Beide
65668	863	10	Korporatiewe Finansies	Beide
13920	863	10	Landboubeleid en Finansies	Beide
11348	863	10	Menslikehulpbronvraagstukke	Beide
62200	863	10	Omgewingsfinansies	Beide
62197	863	10	Ontwikkeling van Klein Ondernemings	Beide
12928	863	10	Ontwikkelingsprojekbestuur	Beide
14484	861	10	Openbare Beleid en Finansies	Beide
12966	861	10	Regulering en Ontwikkeling van die Finansiële Sektor	Beide
12930	863	10	Sakevooruitskatting en Ekonomiese Ontleding	Beide
13917	863	10	Voedselsekureit in Afrika	Beide
14485	863	10	Volhoubare Finansies	Beide



## 4.4.5 MPhil (Toekomsstudie)

### Toelatingsvereistes

- Die Nagraadse Diploma in Toekomsstudie, met 'n gemiddelde punt van minstens 65%.

### Verdere vereistes

Jy moet toegang hê tot 'n rekenaar en stabiele internetverbinding vir aanlyn leer.

### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word onder meer bepaal deur personeelkapasiteit en die Skool se beskikbare hulpbronne, asook akademiese meriete en die Universiteit se transformasiedoelwitte. Aangesien personeelkapasiteit en hulpbronne van jaar tot jaar kan verskil, kan die getal studente wat gekeur word ook jaarliks verskil.

Indien die aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Skool se kapasiteit oorskry, sal die aansoekers ooreenkomstig met die kriteria van die toelatingsvereistes beoordeel word om die mees geskikte aansoekers te bepaal en die lys gekeurde aansoekers te finaliseer.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Kontak Stellenbosch Besigheidskool direk by die besonderhede onder "Navrae" hieronder, vir meer oor die aansoekprosedure en -sluitingsdatum.

### Duur van die program

**Duur:** Twee jaar.

**Aanvangsdatum:** Februarie.

### Aanbiedingsmetode van die program

Hibridiese leer.

### Navrae en programleier

#### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan een van die volgende:*

Stellenbosch Besigheidskool-toelatingskantoor

Stellenbosch Besigheidskool

Tel: 021 918 4111

E-pos: academicadminbpc@sun.ac.za

Cynthia Lategan-Kriel

Programadministrateur

Stellenbosch Besigheidskool

Tel: 021 918 4203

E-pos: cs4@StellenboschBusiness.ac.za

Webtuiste: [www.stellenboschbusiness.ac.za](http://www.stellenboschbusiness.ac.za)

#### Programleier

Prof Charles Adjasi

Stellenbosch Besigheidskool

### Programstruktuur

Die program word aangebied op die Bellvillepark-kampus en aanlyn in 'n hibridiese modus.

In die hibridiese modus het jy die opsie om verpligte klasse óf sinchronies aanlyn óf van aangesig tot aangesig op kampus by te woon. Roosterbesonderhede is beskikbaar op die Stellenbosch Besigheidskool-webwerf.

## Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 180 krediete vir hierdie program verwerf.

### Alle modules is verpligtend.

Die kursuswerkmodules tel 100 krediete en die navorsingswerkstuk 80 krediete

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
60070	873	10	Demografie	Beide
60054	873	20	Kwalitatiewe en Kwantitatiewe Toekomsstudiemetodes	Beide
60100	875	80	Navorsingswerkstuk: Toekomsstudie	Beide
60046	872	30	Omgewingsverkenning	Beide
13212	874	30	Toegepaste Toekomsstudie	Beide
60062	872	10	Tegnologie in die Toekoms	Beide

### 4.4.6 MPhil (Volhoubare Ontwikkeling)

*Neem asseblief kennis:* 'n Aansoek is ingedien om die programnaam te verander na Magister in Wysbegeerte in Volhoubaarheidsoorgange, afgekort as MPhil (Volhoubaarheidsoorgange). Hierdie verandering sal geïmplementeer word sodra die gewysigde programnaam deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) en die Raad op Hoër Onderwys (RHO) goedgekeur is, en die wysiging deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid (SAKO) geregistreer is.

#### Toelatingsvereistes

- 'n Nagraadse Diploma (NRK-vlak 8) in Volhoubare Ontwikkeling van die Universiteit Stellenbosch of
- 'n Gepaste kwalifikasie wat gelykstaande is aan 'n honneursgraad (NRK-vlak 8).

#### Keuring

Sake soos die studieleidingskapasiteit en die Sentrum se beskikbare hulpbronne, asook akademiese meriete en die Universiteit se transformasiedoelwitte, bepaal die getal studente wat jaarliks gekeur word. Aangesien die personeelkapasiteit en hulpbronne verskil, kan die getal studente wat gekeur word ook jaarliks verskil.

Indien die aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Sentrum se kapasiteit oorskry, sal die aansoekers volgens die kriteria van die toelatingsvereistes beoordeel word om die mees geskikte aansoekers te bepaal en die lys gekeurde aansoekers te finaliseer.

Voorkeur sal gegee word aan diegene wat 'n gemiddeld van 65% of hoër behaal het in die Nagraadse Diploma in Volhoubare Ontwikkeling (NRK-vlak 8) of in 'n ekwivalente vorige kwalifikasie gelykstaande aan 'n honneursgraad (NRK-vlak 8).

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Aansoekprosedures en -datums word in April elke jaar deur die Sentrum geadverteer. Vir meer inligting, kontak die Sentrum by die besonderhede hieronder by "Navrae".

#### Duur van program en aanvangsdatum

**Duur:** Twee jaar, deelyds.

**Aanvangsdatum:** As nuwe student registreer jy eers teen 31 Maart van jou eerste jaar, maar jy moet reeds in Februarie die verpligte oriëntasieprogram en die eerste fondasie-module bywoon.

#### Bepalings rakende die voorsetting en beëindiging van studie

Indien jy nie 60 krediete kursuswerk suksesvol in jou eerste jaar van studie voltooi nie, sal jy nie toegelaat word om vir die tweede jaar van studie te registreer nie.

#### Aanbiedingsmetode van die program

Hibriede leer. Dit is verpligtend om die geskeduleerde kontakssessies op kampus by te woon.

## Navrae en programleier

### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Me Amanda October  
 Programadministrateur  
 Sentrum vir Volhoubaarheidsoorgange  
 Tel: 021 808 9607  
 E-pos: cstenquiries@sun.ac.za  
 Webtuiste: www0.sun.ac.za/cst

### Programleier

Prof Rika Preiser  
 Sentrum vir Volhoubaarheidsoorgange

### Programstruktuur

Hierdie program word deur die Sentrum vir Volhoubaarheidsoorgange in verskillende lokale op die Universiteit Stellenbosch se Stellenbosch-kampus aangebied. Dit is 'n transdissiplinêre program wat bestaan uit 'n tesis van 90 krediete plus kursuswerk van 90 krediete en fokus op volhoubaarheidsoorgange oor diverse kontekste heen.

### Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 180 krediete vir hierdie program verwerf.

Die kredietlading word soos volg saamgestel: 'n Tesis komponent van 90 krediete, plus verpligte modules van 60 krediete, plus keusemodules van altesaam 30 krediete.

#### Tesiskomponent (90 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
14947	878	90	Tesis: Volhoubaarheidsoorgange	Beide

#### Verpligte modules (60 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
14946	873	30	Grondbegrippe van Volhoubaarheidsoorgange	Beide
14944	872	30	Navorsingsontwerp en -metodes	Beide

#### Keusemodules (ten minste 30 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
14945	873	30	Navorsingsbesinning en -uitreiking	Beide
13704	871	15	Capita Selecta: Gevorderde Studies in Volhoubare Ontwikkeling	Beide
13703	871	15	Capita Selecta: Transdissiplinêre Navorsing in Volhoubare Transisies	Beide

*Let asseblief op:*

Nie alle keusemodules word noodwendig elke jaar aangebied nie. Kontak asseblief die Sentrum vir Volhoubaarheidsoorgange om uit te vind watter keusemodules beskikbaar sal wees. Jy kan 'n keusemodule op magistervlak uit 'n ander program kies ná konsultasie met die programadministrateur en jou studieleier. Hierdie keuse moet deur die programleier goedgekeur word. Kontak die programadministrateur vir verdere inligting.

## 4.5 Magister in Besigheidsbestuur en Administrasie (MBA)

### Toelatingsvereistes

- 'n Toepaslike vierjarige baccalaureusgraad (NKR-vlak 8) en ten minste drie jaar relevante, voltydse werksondervinding  
of
- 'n honneursgraad (NKR-vlak 8) en drie jaar relevante, voltydse werkondervinding  
of
- 'n toepaslike driejarige baccalaureusgraad (NKR-vlak 7) en 'n nagraadse diploma (NKR-vlak 8), saam met ten minste drie jaar relevante, voltydse werkondervinding

#### Let asseblief op:

- Jou werkondervinding moet verkieslik op bestuursvlak wees.
- Die Nagraadse Diploma in Besigheidsbestuur en -administrasie kan jou help om vir MBA-toelating te laat kwalifiseer.

### Verdere vereistes

Benewens die vereistes hierbo, moet jy ook:

- bevredigende uitslae behaal in die SHL- of GMAT-keuringstoetse,
- 'n omvattende CV inlewer,
- twee opstelle skryf wat jou motiveringsvlak en werkservaring uitspel,
- toegang hê tot 'n rekenaar en stabiele internetverbinding vir aanlyn leer.

### Keuring

Die getal studente wat gekeur word, word onder meer bepaal deur personeelkapasiteit en die Skool se beskikbare hulpbronne, asook akademiese meriete en die Universiteit se transformasiedoelwitte. Aangesien personeelkapasiteit en hulpbronne van jaar tot jaar kan verskil, kan die getal studente wat gekeur word ook jaarliks verskil.

Indien die aansoekers wat aan die toelatingsvereistes voldoen die Stellenbosch Besigheidskool se kapasiteit oorskry, word 'n keuringsproses deur 'n keuringskomitee toegepas. Die kriteria wat deur die komitee toegepas word, sluit in verskeie komponente wat die Stellenbosch Besigheidskool se doel van inklusiwiteit en die handhawing van ons wêreldwye standaard vir leer ondersteun. Die Stellenbosch Besigheidskool-keuringskomitee oorweeg werkservaring, kwalifikasies, assesseringsresultate, skryfvermoë en motivering vir verdere ontwikkeling wanneer hulle geskikte kandidate bepaal. Hierdie kriteria word gebruik om die mees geskikte aansoekers te bepaal en die lys gekeurde aansoekers te finaliseer.

Alhoewel dit nie 'n vereiste is nie, dien jou punte in Wiskunde en ander verwante vakke op NSS-vlak (graad 12-vlak) as 'n belangrike aanduiding of jy die program suksesvol sal kan voltooi of nie. Hierdie punt sal saam met jou keuringstoetsuitslae, jou CV en jou vorige kwalifikasies oorweeg word om jou keuring te bepaal. Keuring vind plaas elke jaar, beginnende Julie.

Daar sal ook van jou verwag word om 'n keuringsonderhoud met 'n verteenwoordiger van die Stellenbosch Besigheidskool te voer.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Suid-Afrikaanse en buitelandse studente volg dieselfde aansoekprosedure: Gaan na [www.stellenboschbusiness.ac.za](http://www.stellenboschbusiness.ac.za) en vul die aanlyn MBA-aansoekvorm in. Die aansoekvorm kan in stappe ingevul word sonder om inligting te verloor.

Dit is raadsaam om die aansoekvorm so spoedig moontlik te voltooi om vir die program te kan registreer. Aansoeke om toelating sluit jaarliks op **15 November** vir internasionale sowel as Suid-Afrikaanse studente.

### Duur van program en aanvangsdatum

**Duur:** Twee jaar.

**Aanvangsdatum:** Januarie.

### Aanbiedingsmetode van die program

Volkontakleer (van aangesig tot aangesig).

Hibriediese leer.

## Assessering

### Keerderdatum vir die navorsingswerkstuk

Die keerderdatum vir die navorsingswerkstuk is **1 Desember**. Geen uitstel sal gegee word nie. Indien jy nalaat om op 1 Desember in te dien, kan jy by die aanvullende geleentheid, naamlik 15 Januarie indien, maar 'n finale punt van maksimum 50% kan toegeken word. Indien jy nalaat om op 15 Januarie in te dien, moet jy weer vir die module registreer.

## Bepalings rakende die voortsetting en beëindiging van studie

### Volkontak- en hibridieseleerstudente

Indien jy teen die einde van die eerste akademiese jaar die verpligte kurrikulum voltooi het en steeds meer as 35% van die krediete van die kernmodules agterstallig is, mag jy nie die MBA-program voortsit nie.

### Alle groepe

Jy het die minimum tydperk, asook een grasie jaar, om die MBA-program te voltooi. Indien jy die grasie jaar gebruik het en nog steeds enige krediete agterstallig is, is dit moontlik dat jy nie toegelaat sal word om die MBA-program te voltooi nie.

## Navrae en programleier

### Navrae

*Rig asseblief jou navrae aan:*

Stellenbosch Besigheidskool-toelatingskantoor  
 Stellenbosch Besigheidskool  
 E-pos: academicadminbpc@sun.ac.za  
 Webtuiste: [www.stellenboschbusiness.ac.za](http://www.stellenboschbusiness.ac.za)

### Programleier

Me Tasneem Motala  
 Stellenbosch Besigheidskool

## Programstruktuur

Die program word aangebied in 'n hibridiese leer en volkontakformaat op die Bellvillepark-kampus en aanlyn.

Die **volkontakformaat** bestaan uit nege eenweekblokke (met klasse van Maandag tot Saterdag) op kampus oor twee jaar.

Die **hibridiese** formaat bestaan uit verpligte klasbywoningsblokke op kampus, asook klasse wat sinchronies (intyds) aanlyn aangebied word. Roosterbesonderhede is beskikbaar op die Stellenbosch Besigheidskool-webwerf.

## Fokusareas

Behalwe die gewone MBA, het die Stellenbosch Besigheidskool ook drie fokusareas. Die fokusareas word vanaf die tweede jaar in die hibridiese formaat aangebied:

- Bestuur van Internasionale Organisasies,
- Gesondheidsorgleierskap,
- Projekbestuur.

Vir meer inligting besoek asseblief [www.stellenboschbusiness.ac.za](http://www.stellenboschbusiness.ac.za)

## Programinhoud

Jy moet altesaam minstens 213 krediete vir hierdie program verwerf.

## 4.5.1 Besigheidsbestuur en -administrasie (Algemeen)

### Verpligte modules (197 krediete)

Die verpligte modules sluit die navorsingswerkstuk in wat oor die hele MBA strek, en ook die module Internasionale Studie wat by 'n buitelandse bestuurskool aangebied word.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10812	815	8	Bestuursrekeningkunde	Beide
13157	815	8	Bestuurstatistiek	Beide
13377	815	8	Digitale Ondernemingsbestuur	Beide
51810	815	8	Ekonomie vir Bestuurders	Beide
13922	815	8	Strategiese Analise	Beide
13823	815	8	Internasionale Studietoer	Beide
13379	815	12	Kontemporêre Besluitneming	Beide
65668	815	12	Korporatiewe Finansies	Beide
12345	815	16	Leierskapontwikkeling	Beide
13888	815	8	Organisasiegedrag	Beide
13381	815	45	Navorsingsmetodologie en Werkstuk	Beide
13383	815	8	Operasionele Voortreflikheid	Beide
13384	815	8	Perspektiewe op Afrika-lande	Beide
13385	815	8	Rekeningkunde vir Besluitneming	Beide
58955	815	8	Sake in die Gemeenskap	Beide
13386	815	4	Sakekommunikasievaardighede	Beide
13387	815	8	Strategiese Bemaking en Handelsmerk	Beide
59587	815	12	Strategiese Bestuur	Beide

### Keusemodules (16 krediete)

Jy moet twee keusemodules van 8 krediete elk of een keusemodule van 16 krediete kies. Sien [www.stellenboschbusiness.ac.za](http://www.stellenboschbusiness.ac.za) vir keusemodules.

Die keusemodules is in spesialiseringbane gegroepeer. Indien keusemodules uit dieselfde spesialisering- rigting gekies word, kan studente kundigheid verwerf in Strategie, Leierskap, Finansies, Bemaking, Operasioneel, Tegnologie en Innovasie.

Die keusemodules wissel van jaar tot jaar.

## 4.5.2 Fokusareas binne die MBA-program

### 4.5.2.1 Fokusarea: Bestuur van Internasionale Organisasies

#### Verpligte modules (28 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
14390	814	8	Diplomasie in Komplekse Sisteme	Beide
13924	828	12	Finansies vir Ontwikkeling	Beide
13923	828	8	Internasionale-organisasie-leierskap	Beide

**4.5.2.2 Fokusarea: Gesondheidsorgleierskap****Verpligte modules (28 krediete)**

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
13930	817	12	Gesondheidsorgfinansiering	Beide
13928	817	8	Gesondheidsorgstelsels en -beleid	Beide
14487	817	8	Waardegebaseerde Gesondheidsorg	Beide

**4.5.2.3 Fokusarea: Projekbestuur****Verpligte modules (28 krediete)**

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
14260	819	8	Projekbestuurinnovasie	Beide
14262	819	8	Projekportefeuljebestuur	Beide
14261	819	12	Projekportefeuljefinansiering	Beide

## 5. Doktorale Programme

### 5.1 Die Nagraadse Skool van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (GEM)

#### Bevordering van doktorale studie in die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

GEM word as 'n eenheid in die Dekaanskantoor bestuur. Dit is in 2014 tot stand gebring met die doel om die Fakulteit se doktorale uitset te versterk deur dit vir 'n klompie studente moontlik te maak om voltyds te studeer en om toegang tot PhD-studies in die vakrigtings van die Fakulteit te bevorder. GEM speel hoofsaaklik 'n ondersteunende rol om kandidate se kans om hulle studies binne drie jaar af te handel, te verbeter. Vind meer uit op die GEM-webtuiste, onder "About": [www.sun.ac.za/english/faculty/economy/gem/about](http://www.sun.ac.za/english/faculty/economy/gem/about).

#### Toelating tot die GEM-program

Die vereistes van doktorale toelating en studie vir studente wat tot die GEM-program toegelaat word, is dieselfde as dié wat hieronder vir die PhD uiteengesit word.

Aansoeke word tydens die aansoektydperk ontvang, soos aangedui op GEM se webtuiste, onder "Research Themes": [www.sun.ac.za/english/faculty/economy/gem/research-themes](http://www.sun.ac.za/english/faculty/economy/gem/research-themes).

#### Navrae

Dr Jaco Franken  
Bestuurder: Nagraadse Skool van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe  
Kamer 1017, Al Perold-gebou  
Universiteit Stellenbosch  
Tel: 021 808 9545  
E-pos: [franken@sun.ac.za](mailto:franken@sun.ac.za)  
Webtuiste: [www.sun.ac.za/english/faculty/economy/gem](http://www.sun.ac.za/english/faculty/economy/gem)

### 5.2 PhD-programme

#### Toelatingsvereistes

Om tot 'n PhD-program toegelaat te word moet jy:

- oor 'n magistergraad van 'n erkende universiteit beskik wat deur die Senaat vir hierdie doel goedgekeur is, *of*
- op 'n ander wyse 'n standaard van bekwaamheid in jou studierigting bereik het wat na die oordeel van die Senaat vir hierdie doel toereikend is.

Kontak die betrokke omgewing (departement, skool of navorsingsinstansie) vir hulle spesifieke vereistes. Die kontakbesonderhede van die verskillende omgewings verskyn in die hoofstuk "Algemene Inligting", aan die begin van hierdie boek.

Raadpleeg ook Deel 1 (Algemene Reëls) van die Universiteitsjaarboek en die Fakulteit se PhD-riglyne vir meer oor toelating tot die PhD. Die Fakulteit se PhD-riglyne verskyn op ons webtuiste, [www.sun.ac.za/ebw](http://www.sun.ac.za/ebw), onder "Voornemende studente".

#### Aansoekprosedure en navorsingsvoorstel

Die meeste van die omgewings in die Fakulteit bied 'n PhD-program aan. Kontak asseblief die betrokke omgewing as jy belangstel om 'n PhD te voltooi (kontakbesonderhede verskyn in die hoofstuk "Algemene Inligting").

Sodra die hoof van die betrokke omgewing bepaal het of jou voorgenome studie gepas is, sal 'n promotor(s) toegewys word om jou in jou studie te begelei. Jy sal dan in konsultasie met jou promotor(s) aan 'n navorsingsvoorstel werk, wat jy dan aan die departementele toelatingskomitee moet voorlê vir goedkeuring. Die toelatingskomitee doen daarna 'n aanbeveling aan die Fakulteitsraad, wat weer 'n aanbeveling by die Senaat doen vir finale goedkeuring. Sodra jou navorsingsvoorstel goedgekeur is, mag jy formeel vir die PhD-program registreer.

Raadpleeg die Fakulteit se PhD-riglyne vir meer besonderhede oor die proses om die betrokke omgewing te nader en jou navorsingsvoorstel voor te berei, asook vir meer inligting oor die goedkeuringsproses. (Kry die PhD-riglyne by [www.sun.ac.za/ebw](http://www.sun.ac.za/ebw) onder "Voornemende studente".)



Vir die volledige bepalings vir doktorsgrade, wat sake insluit soos die gedragskode vir promotor en student, voortgesette registrasie, die onderbreking van studie en versuim om te registreer, raadpleeg die betrokke afdeling in Deel 1 van die Universiteitsjaarboek.

### Duur van program (minimum registrasietydperk)

Jy moet vir minstens **twee** akademiese jare geregistreer wees voordat die PhD aan jou toegeken mag word (raadpleeg Deel 1 van die Universiteitsjaarboek, by 6.1 onder "Doktorsgrade"). Vir meer oor inskrywing vir meer as twee jaar, sien die Fakulteit se PhD-riglyne onder "Voornemende studente" op ons webtuiste.

### Programuitkomste

Jy moet gevorderde, oorspronklike navorsing van 'n hoë kwaliteit op die gebied van die ekonomiese en bestuurswetenskappe of die administratiewe wetenskappe voltooi, tot tevredenheid van die Universiteit. Verder moet jy werk inlewer wat:

- van 'n hoë standaard getuig,
- oor 'n sentrale tema handel, en
- na die oordeel van die Senaat toon dat jy 'n wesentlike en hoogstaande bydrae gelewer het tot die verryking van die kennis van die ekonomie, bedryfs- of administratiewe wetenskappe (dus dat jy 'n oorspronklike bydrae tot die vakgebied gelewer het). Die Senaat handel op aanbeveling van die Fakulteitsraad, wie se aanbeveling weer gebaseer is op die besluit van die Fakulteit se doktorsale eksamineringspaneel.

### Assessering en eksaminering

Die eksamineringsproses vir alle PhD's in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe word in geheel deur die kantoor van die Visedekaan (Navorsing) hanteer. Raadpleeg die Fakulteit se PhD-riglyne vir Fakulteitspesifieke besonderhede (onder "Voornemende studente" by [www.sun.ac.za/ebw](http://www.sun.ac.za/ebw)).

Vir die volledige Universiteitsbepalings oor sake soos die toekenning van die graad, proefskrifregulasies, die formaat van die proefskrif, gelde betaalbaar, publikasie van proefskrifte en sensitiewe proefskrifte, raadpleeg die afdeling oor doktorsgrade in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Universiteitsjaarboek.

### Inlewering van jou doktorsale proefskrif

- Jy moet al die vereiste kopieë van jou proefskrif vir eksaminering inlewer teen ongeveer die **einde van Julie of begin van Augustus** van 'n gegewe jaar, as jy in Desember van daardie jaar wil gradueer; of teen ongeveer die einde van September, as jy in Maart/April van die volgende jaar wil gradueer. Die presiese inleweringdatums wissel van jaar tot jaar en sal aan departemente deurgegegee word wanneer dit beskikbaar is. Maak asseblief seker dat jy betyds uitvind wat die datums is.
- Jou promotor moet die PhD-koördineerder in die kantoor van die Visedekaan (Navorsing) minstens twee weke voor die sperdatum vir inhandiging laat weet dat jy beplan om jou proefskrif in te lewer vir eksaminering.
- Jy moet 'n elektroniese kopie teen die sperdatum inlewer, asook 'n ringgebinde hardekopie vir elke eksaminator wat daardie opsie verkies.
- Jou promotor moet aan die Visedekaan (Navorsing) bevestig dat die aangewese eksaminatore steeds beskikbaar is, asook skriftelike bevestiging dat die proefskrif gereed is vir eksaminering. Paragraaf 1.5 in die Fakulteit se PhD-riglyne verduidelik hoe daar beoordeel word of die proefskrif gereed is vir eksaminering. Hierdie beoordeling moet ook bevestig dat die dokument taalversorg is deur 'n geakkrediteerde teksredakteur en vir moontlike plagiaat beoordeel is deur middel van toepaslike programmatuur.

### Mondelinge eksamen

- Jy moet aan 'n mondelinge eksamen deelneem tot tevredenheid van die eksaminatore, wat dan 'n aanbeveling by die Fakulteitsraad en die Senaat sal doen oor die toekenning van die graad. Raadpleeg Deel 1 van die Universiteitsjaarboek en die Fakulteit se PhD-riglyne vir meer besonderhede oor die mondelinge eksamen.

### Navrae

Rig jou navrae oor 'n PhD in 'n bepaalde rigting aan die betrokke omgewing. Die nodige kontakbesonderhede verskyn in die hoofstuk "Algemene Inligting" aan die begin van hierdie boek.

## 5.3 Transdissiplinêre doktrale program toegespits op kompleksiteit en volhoubaarheidstudies

### Toelatingsvereistes

- Die toelatingsvereistes van die Fakulteit waar jy registreer, sal geld. (Vir die EBW-fakulteit se PhD-toelatingsvereistes, verwys na "PhD-programme" hierbo.)

### Aansoekprosedure

PhD studiegeleentehede wat binne die Sentrum vir Volhoubaarheidsoorgange (CST) se studie-leidingskapasiteit en navorsingsfokusareas ontstaan, sal op die Sentrum se webblad geadverteer word. Andersins, as jy 'n navorsingsidee het wat binne die Sentrum se navorsingsfokusareas val, word jy aangemoedig om per e-pos na die relevante CST-studieleier uit te reik. Hierdie kommunikasie moet die volgende bevat: 'n onlangse akademiese CV, motiveringsbrief, konsepnota van 2–3 bladsye wat die voorlopige navorsingsidee uiteensit en 'n voorbeeld van jou akademiese skryfwerk. Indien daar 'n moontlikheid bestaan dat jy jou studies by die Sentrum kan opneem, sal 'n voorlopige studieleier 'n meer gedetailleerde uiteensetting van jou navorsingsidee versoek. Indien jou aanduiding van belangstelling hierdie aanvanklike siftingsproses slaag, sal jy met jou studieleier en die PhD-koördineeringspan by CST skakel om 'n doktrale navorsingsvoorstel voor te berei. Jy sal dan jou voorstel aan 'n PhD-toelatingskomitee vir evaluering aanbied. Die gewone kriteria en prosesse ten opsigte van toelating, registrasie en aanstelling van doktrale studieleier(s) van die fakulteit waar jy registreer, sal geld (die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe se PhD-riglyne vir hierdie sake verskyn op die Fakulteitswebtuiste, [www.sun.ac.za/ebw](http://www.sun.ac.za/ebw), onder "Voornemende studente").

### Duur van program

- Hierdie voltydse program strek oor drie jaar.
- So ver prakties moontlik, sal jy by Sentrum vir Volhoubaarheidsoorgange (CST) se navorsingsruimte geplaas word vir die maksimum transdissiplinêre sinergie met medestudente en studieleiers.
- Jy sal addisionele tyd toegelaat word om jou proefskrif te voltooi, indien nodig.

### Interdepartementele en interfakulteitsamewerking

Jy mag jou studie in die EBW-fakulteit voltooi, of in samewerking met departemente in die Lettere en Sosiale Wetenskappe, AgriWetenskappe, Ingenieurswese, Regsgeleerdheid, Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Natuurwetenskappe en/of Teologie.

Jy sal die doktrale kwalifikasie van die fakulteit waarin jy geregistreer is, ontvang.

### Programbeskrywing

Hierdie program behels 'n proefskrif wat al die krediete vir die graad dra. Kortkursusse aangebied deur internasionale en plaaslike kenners op die gebied van volhoubaarheid, transdissiplinêre epistemologie, metodologie en metodes, sosiaal-ekologiese stelsels en -lewenskragtigheid en kompleksiteitsteorie, sal van tyd tot tyd aangebied word om studentontwikkeling te ondersteun. Hierdie kortkursusse dra geen krediete nie. Jy word aangemoedig om Sentrum vir Volhoubaarheidsoorgange (CST) se reeks nagraadse seminare by te woon, wat aan jou die geleentheid sal gee om die werk waarmee jy besig is vir jou medestudente en akademici aan te bied en met hulle te bespreek.

### Assessering en eksaminering

Die gewone eksamenprosedures van die Universiteit en die fakulteit waarin jy geregistreer is, geld.

### Navrae

CST- administratiewe beampte: Me Amanda October  
 Sentrum vir Volhoubaarheidsoorgange  
 Tel: 021 808 9607  
 E-pos: [cstenquiries@sun.ac.za](mailto:cstenquiries@sun.ac.za)  
 Webtuiste: [www.sun.ac.za/cst](http://www.sun.ac.za/cst)

# Vakke, Modules en Module-inhoude

## 1. Definisies en verduideliking van belangrike terme

Om die inligting in hierdie hoofstuk ten volle te begryp en te kan gebruik, is dit belangrik dat jy kennis neem van 'n paar terme se definisies. Die onderstaande voorbeeld dui aan hoe die terme later in hierdie hoofstuk sal verskyn.

Voorbeeld:

### 10553 Bedryfsielkunde

#### 114 (12) Bedryfsielkunde (3L, 1P)

### 1.1 Verduideliking van terme in die voorbeeld

- Vyfsyfer-vaknommer

#### 10553 Bedryfsielkunde

Elke vak word aan hierdie vyfsyfer-vaknommer geïdentifiseer.

- Vaknaam

#### 10553 Bedryfsielkunde

Die spesifieke vak se vaknommer en naam word aangedui voordat die verskillende modules van die vak aangedui word. Daar word dikwels na 'n module verwys met die vaknaam gevolg deur die modulekode en die kredietwaarde van die spesifieke kode, soos byvoorbeeld in hierdie geval: Bedryfsielkunde 114 (12).

- Modulekode

#### 114 (12) Bedryfsielkunde (3L, 1P)

Die modulekode bestaan uit 'n driesyfer-nommer wat uniek is aan die spesifieke module. Die modulekode "114" beteken die volgende:

- Die eerste syfer dui die jaargang aan waarin die module aangebied word byvoorbeeld:

Jaar 1: 114

Jaar 2: 214

Jaar 3: 314

Nagraadse modules word met 'n "7" of 'n "8" in hierdie posisie aangedui.

- Die tweede syfer, in hierdie geval "1", dui die semester aan waarin die module aangebied word en dien ook as 'n onderskeidingsyfer tussen verskillende modules van dieselfde vak in 'n spesifieke jaargang. Die Universiteit gebruik verskillende syfers om die bepaalde semester aan te dui waarin 'n module aangebied word, hetsy die eerste semester, die tweede semester of modules wat oor albei semesters strek (dit wil sê jaarmodules). Die syfers wat die semesters aandui lyk soos volg:

- **1, 2 of 3** – modules word in die eerste semester aangebied.

Semester 1: 214, 324, 334

- **4, 5 of 6** – modules word in die tweede semester aangebied.

Semester 2: 342, 354, 364

- **7, 8 of 9** – modules word in albei semesters aangebied, dit wil sê jaarmodules.

Jaarmodules (albei semesters): 278, 288, 391

- Die derde syfer van die module kode, in hierdie geval "4", dien as onderskeidingsyfer tussen verskillende modules van dieselfde vak in 'n spesifieke jaargang.

- Kredietwaarde

#### 114 (12) Bedryfsielkunde (3L, 1P)

Die getal tussen hakies na die modulekode dui die kredietwaarde aan wat aan die module gekoppel word, in hierdie geval 12.

Bedryfsielkunde 114 (12) is dus 'n module wat in die eerste semesters van die eerste jaar aangebied word en jy verwerf 12 krediete daarvoor.

- Module-onderwerp  
**114 (12) Bedryfsielkunde (3L, 1P)**  
Hierdie dui die onderwerp aan wat in hierdie spesifieke module hanteer sal word.
- Doseerlading  
**114 (12) Bedryfsielkunde (3L, 1P)**  
Die doseerlading van 'n module gee vir jou beide die lading en die soort dosering per week wat jy in die module kan verwag. Jy kan dus vir die module Bedryfsielkunde 114 (12) drie lesings en een praktikumperiode elke week vir die duur van die module (dus vir een semester lank) verwag. Die volgende afkortings word vir die doseerlading gebruik:
  - **L** – Lesing van 50 minute, byvoorbeeld 3L
  - **P** – Praktikumperiode van 50 minute, byvoorbeeld 1P, 2P, 3P
  - **S** – Seminaar van 50 minute, byvoorbeeld 1S
  - **T** – Tutoriaal van 50 minute, byvoorbeeld 1T, 2T
- Hibriediese leer – **(HL)**  
Hibriediese leer behels korter periodes (bloksessies) van onderrig en leer op kampus (van aangesig tot aangesig) wat ondersteun word met volgehoue tydperke van ten volle aanlyn leer. Die langer "blokke" van ten volle aanlyn leer sal waarskynlik oorwegend bestaan uit asinchrone leer (waar jy die materiaal op jou eie tyd kan deurwerk) en enkele sinchrone aanlynaktiwiteite (waar jy 'n aanlyn ruimte met ander deel). Die afkorting vir hibriediese leer is "**HL**".

## 2. Slaagvoorvereiste-, voorvereiste- en newevereiste-modules

Onderaan die inhoud van 'n module word, indien toepaslik, die slaagvoorvereiste-, voorvereiste- en newevereistemodules wat daarop betrekking het, aangedui. Die volgende terme word gebruik:

- Slaagvoorvereistemodule
  - 'n Slaagvoorvereistemodule is 'n module wat jy eers moet **slaag** voordat jy die module(s) waarvoor dit 'n slaagvoorvereiste is, kan volg.
- Voorvereistemodule
  - 'n Voorvereistemodule is 'n module waarin jy 'n **finale punt van minstens 40** moet behaal voordat jy die module(s) waarvoor hierdie module 'n voorvereiste is, mag volg. Indien jy vir 'n voorvereistemodule geregistreer was terwyl die module volgens die "eksamen"-assesseringstelsel geëksamineer is, moet jy 'n **klaspunt** van 40 behaal om aan die voorvereiste te voldoen.
  - Nadat jy eenmaal aan 'n voorvereistebepaling voldoen het, bly jou voldoening geldig vir die tydperk wat in die toepaslike assesseringsreëls bepaal word, selfs al herhaal jy die voorvereistemodule en behaal jy nie die minimum prestasie met jou herhaling nie.
  - *Let asseblief op:* Jy moet al die modules wat jy as voorvereistemodules in die program gebruik het, **slaag** voordat die betrokke graad, sertifikaat of diploma aan jou toegeken kan word.
- Newevereistemodule
  - 'n Newevereistemodule is 'n module waarvoor jy **in 'n vorige semester of in dieselfde semester** as die module waarvoor dit 'n newevereiste is, moet registreer.
  - *Let asseblief op:* Jy moet al die modules wat jy as newevereistemodules in die program gebruik het, **slaag** voordat die betrokke graad, sertifikaat of diploma aan jou toegeken kan word.

### 3. Voorgraadse vakke, modules en module-inhoude

Die voorgraadse vakke, met hulle samestellende modules, krediete, module-onderwerpe, doseerladings en module-inhoude word hieronder **alfabeties volgens vakgebied in die volgende groepe aangebied: departemente, skole, sentrums, fakulteite.**

#### Departement Afrikaans en Nederlands (Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe)

*Nota:* Vir meer inligting oor die modules wat deur die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe aangebied word, sien asseblief die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe se Jaarboekdeel.

##### 39373 Afrikaans en Nederlands

###### 178 (24) Inleidende Studie van die Afrikaanse Taal- en Letterkunde (3L, 2P)

Die module bestaan uit die volgende komponente:

- Afrikaanse taalbeheersing
- Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde
- Inleiding tot Nederlands

*Tuisdepartement: Afrikaans en Nederlands*

#### Departement Afrikatale (Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe)

*Nota:* Vir meer inligting oor die modules wat deur die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe aangebied word, sien asseblief die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe se Jaarboekdeel.

##### 49638 Basiese Xhosa

###### Spesiale bepalinge vir die volg van Basiese Xhosa

1. Studente wat Xhosa vir die Matrikulasie of daarmee gelykstaande eksamen geslaag het, mag nie Basiese Xhosa vir graaddoeleindes volg nie.
2. Geen vorige kennis van Xhosa word vereis nie.
3. Die kursus Basiese Xhosa lei normaalweg nie tot die tweedejaarkursus in Xhosa nie behalwe in uitsonderlike gevalle waar die Departement toestemming daartoe verleen.
4. Basiese Xhosa mag nie naas Xhosa as afsonderlike kursus vir graaddoeleindes aangebied word nie.
5. Basiese Xhosa 114 is 'n voorvereiste vir Basiese Xhosa 144.
6. Basiese Xhosa 174 is gemik op personeel en student van ander fakulteite, asook lede van die publiek, wat graag Xhosa op basiese vlak wil aanleer maar nie gewone klasse kan bywoon nie. Dit word na-uurs aangebied oor die loop van die volle akademiese jaar.

###### 114 (12) Inleiding tot Kommunikasie in Xhosa (3L, 1T)

Die klassifikasie van die Afrikatale van Suid-Afrika;

Die kommunikasievaardighede praat, luisterbegrip, lees en skryf in sosio-kulturele konteks;

Kultuurperspektiewe en taalverwante kultuurkonvensies relevant vir basiese kommunikasie in Xhosa;

Die grammatika van Xhosa relevant vir die aanleer van basiese kommunikasievaardighede.

*Tuisdepartement: Afrikatale*

###### 144 (12) Inleiding tot Kommunikasie in Xhosa (3L, 1T)

Die kommunikasievaardighede praat, luisterbegrip, lees en skryf in sosio-kulturele konteks;

Kultuurperspektiewe en taalverwante kultuurkonvensies relevant vir basiese kommunikasie in Xhosa;

Die grammatika van Xhosa relevant vir die aanleer van basiese kommunikasievaardighede.

*Voorvereistemodule: Basiese Xhosa 114*

*Tuisdepartement: Afrikatale*

## 21687 Xhosa

### Spesiale bepalinge vir die volg van Xhosa

1. Die modules (178, 214, 244, 318, 348) vorm die inhoude vir studente wat nie Xhosa of Zulu Eerste Taal vir die Matrikulasie-eksamen geslaag het nie (dit beteken die "nie-moedertaal"-stroom).
2. Die modules (188, 224, 254, 328 en 358) vorm die inhoude vir studente wat 'n eerstetaal-kommunikasievaardigheid in Xhosa of Zulu het.

### 178 (24) Inleiding tot Xhosa Taal en Kultuur (3L, 1T)

Klassifikasie van die Afrikatale;

Taalbeplanning en taalbeleid vir die Afrikatale;

Die kommunikasievaardighede praat, luisterbegrip, lees en skryf in sosio-kulturele kontekste;

Kultuurperspektiewe en taalverwante kultuurkonvensies relevant vir basiese kommunikasie in Xhosa;

Die grammatika van Xhosa relevant vir die aanleer van kommunikasievaardighede in Xhosa;

Inleiding tot die taalkunde van Xhosa;

Inleiding tot kommunikasie in outentieke voorgeskrewe tekste uit die gedrukte media (koerant, tydskrif);

Inleiding tot die letterkunde van Xhosa.

#### Opmerkings

1. Studente wat Xhosa of Zulu Eerste Taal vir die Matrikulasie of daarmee gelykstaande eksamen geslaag het, mag nie Xhosa 178 vir graaddoeleindes volg nie, maar wel Xhosa 188.
2. Geen vorige kennis van Xhosa word vereis nie.

*Tuisdepartement: Afrikatale*

### 188 (24) Inleiding tot Xhosa Taal, Kommunikasie en Kultuur (3L, 1T)

Klassifikasie van die Afrikatale;

Taalbeplanning en taalbeleid vir die Afrikatale;

Xhosa taal en kultuur n.a.v. outentieke gesproke en geskrewe tekste (bv. gedrukte media: tydskrif, koerant) en beeldmedia (televisie);

Kommunikasie in Xhosa in 'n verskeidenheid kommunikasiekontekste;

Xhosa letterkunde: 'n keuse van genres;f

Die taalkunde van Xhosa.

#### Opmerking:

Toelating tot Xhosa 188 vereis 'n eerstetaal-kommunikasievaardigheid in Xhosa of Zulu.

*Tuisdepartement: Afrikatale*

## Departement Antieke Studie

### 15644 Latyn

#### 178 (24) Latynse Taal- en Letterkunde vir Beginners (3L, 1P, 1T)

Inleidende Latynse taal- en letterkunde aan die hand van eenvoudige tekste.

Relevante kultuuragtergrond.

*Tuisdepartement: Antieke Studie*

## Departement Bedryfsielkunde

### 10553 Bedryfsielkunde

#### 114 (12) Bedryfsielkunde (3L, 1P)

Die aard van Bedryfsielkunde en die historiese ontwikkeling daarvan in Suid-Afrika; die determinante van werksprestasie en welsyn; die verskillende komponente van en rigtings binne Bedryfsielkunde; die verskillende rolle van Bedryfsielkundiges; en die aard en rol van navorsing binne die vakgebied. Die aard van organisasiegesondheid en welsyn, met verwysing na die determinante daarvan, die bestuur en bevordering daarvan, en die ontwikkeling van positiewe organisasiegedrag. Die rol van werkstres en die hantering daarvan; die bestuur van prestasiedisfunksies; en die bestuur van MIV/VIGS in die werkkplek.

*Tuisdepartement: Bedryfsielkunde*

#### 144 (12) Menslikehulpbronbestuur (3L, 1P)

Aard van menslikehulpbronbestuur, organisatoriese posisie van die menslikehulpbronbestuursdepartement, menslikehulpbronbestuursdoelwitte en menslikehulpbronbestuursbeleid, wetenskaplike menslikehulpbronbeplanning, posontleding, werwing, keuring, induksie, opleiding en ontwikkeling, prestasiebeoordeling, basiese vergoeding, poswaardering, aansporingsvergoeding, indirekte vergoeding, arbeidsomset, werksafwesigheid, menslikehulpbronbestuursinligtingstelsels, veiligheid en gesondheid, kapitale investering in mense materiaal, skiktyd, gehalte van werkslewe en sosiale verantwoordelikheid, uitdagings en brandpunte op menslikehulpbronbestuursgebied, die menslikehulpbronbestuursaudit, rol van menslikehulpbronbestuur in die arbeidsituasie in SA – 'n toekomsblik.

*Tuisdepartement: Bedryfsielkunde*

#### 214 (16) Psigometrika (3L, 1P)

Inleiding tot psigometrika, inleiding, oorsig van die wetenskaplike navorsingsproses, implikasies van die Bedryfsielkunde se verbintenis tot die wetenskaplike navorsingsproses. Meting, metingsprosedures en meetinstrumente, sielkundige meetinstrumente, tipes sielkunde-meetinstrumente, sielkundige meetinstrumente en besluitneming. Basiese konsepte in meting en statistiese ontleding, sielkundige meting, evaluasie van sielkundige meetinstrumente, statistiese konsepte. Metingskale, transformasies en norme, transformasies, gelykstelling van skaaltellings, norme, verwagtingstabelle. Betroubaarheid van sielkundige metings, bronne van konsekwenheid en inkonsekwenheid in metings, algemene model van betroubaarheid, eenvoudige metodes om betroubaarheid te beraam, betroubaarheidskoëffisiënte en metingsfout, die veralgemeenbaarheid van toetstellings. Die gebruik en interpretasie van inligting omtrent metingsbetroubaarheid, die gebruik van die betroubaarheidskoëffisiënt, faktore wat betroubaarheid affekteer, spesiale vraagstukke in metingsbetroubaarheid.

Metingsgeldigheid – inhouds- en konstruktorgeldigheid, tipes geldigheid, die bepaling van metingsgeldigheid, inhoudsgeldigheid, konstruktorgeldigheid. Metingsgeldigheid – kriteriumverbonde geldigheid, besluitneming en voorspelling, kriteria, interpretasie van geldigheidskoëffisiënte.

Vraagstukke in die meting van vermoë, sydigheid en billikheid in sielkundige meting, kultuurarm-meetinstrumente, oorerwing en beïnvloeding van IK. Sielkundige meting in die bedryf – voorspeller-vraagstukke, omvang en impak van psigometriese assessering in die bedryf, tipes voorspellers, vergelykende evaluasie van verskillende tipes voorspellers, 'n sosiale en wetlike perspektief op psigometriese assessering. Sielkundige meting in die bedryf – kriteriumvraagstukke, objektiewe en subjektiewe prestasie-metings, keuringsnut.

*Tuisdepartement: Bedryfsielkunde*

#### 224 (16) Verbruikersgedrag (3L, 1P)

Inleiding tot verbruikersgedrag; diversiteit van verbruikersgedrag, verbruikersnavorsing, marksegmentasie; die verbruiker as individu: verbruikersbehoefte en -motivering, persoonlikheid, waarneming, leer en verbruikersbetrokkenheid, houdings en kommunikasie; die verbruiker in sy sosiale en kulturele omgewing; verwysingsgroepe en familie, sosiale klasse, kultuur, subkultuur en kruiskultuur; verbruikersbesluitnemingsproses: persoonlike invloede en die diffusie van innovasies, verbruikersbesluitneming.

Blootstelling aan die teorie- en praktyktoepassing sal deurlopend geskied, veral ten opsigte van reklame.

*Tuisdepartement: Bedryfsielkunde*

### **252 (8) Beroepsielkunde (1.5L, 0.5P)**

Terreinafbakening, kernbegrippe en grondslae van die Beroepsielkunde, individuele verskille, ontwikkelingsielkunde. Loopbaanmodelle, loopbaanontwikkeling, loopbaankeuse, organisasietoetreding, vroeë, middel- en laatloopbaanjare, stres, diversiteitsbestuur, entrepreneurloopbane, bestuur- en ondersteuningstelsels.

*Tuisdepartement: Bedryfsielkunde*

### **262 (8) Ergonomika (1.5L, 0.5P)**

Aard en geskiedenis van Ergonomika, konteks van Ergonomika (algemene omgewingseffekte, wetgewing, bestuur en produktiwiteit, geboude omgewing), biologiese basis van gedrag (die sensuweestelsel en die brein), sensasie en persepsie (sintuie, waarneming, bewuste en onbewuste, geheue en aandag), werksomgewing (ruimte en vorm, beligting, geluid en vibrasie, temperatuur, lug en chemies, tyd), verwerking (informasie en riglyne vir ontwerp), inset (vertonings), uitset (aktiwiteite en rusperiodes), handewerk, beheer en gereedskap, stelselwanfunksie (foute, veiligheid en gesondheid), inleiding tot Informasie-ergonomika (kognitiewe kaarte en bruikbaarheid), samevatting.

*Tuisdepartement: Bedryfsielkunde*

### **314 (12) Arbeidsverhoudinge (2L, 1P)**

Inleiding en oorsig van studieterrein, ontwikkelingsgeskiedenis van arbeidsverhoudinge, omgewingsinvloede op arbeidsverhoudinge, vakbonde, werkgewers, die Staat, arbeidsverhoudinge in die werksplek (griewe, dissipline en ontslag). Inleiding tot arbeidswetgewing: Wet op Arbeidsverhoudinge, Wet op Basiese Diensvoorwaardes.

*Newevereistemodule: Bedryfsielkunde 144*

*Tuisdepartement: Bedryfsielkunde*

### **324 (12) Menslikehulpbron-ontwikkeling (2L, 1P)**

Inleiding tot opleiding, onderrig en ontwikkeling, 'n oorsig oor die makrofaktore wat opleiding en ontwikkeling in Suid-Afrika beïnvloed, die nasionale opleidingstrategie van Suid-Afrika. Die bestuur van opleiding in die organisasie: die plek en rol van die opleidingsfunksie in die organisasie, opleidingsmodelle. Die administrasie van opleiding: rekords en informasiesistelsels, koste van opleiding en begrotings. Die teoretiese aspekte van leer: basiese beginsels van leer, volwassene-leer, leerstyle. Die bepaling van opleidingsbehoefte: modelle. Programontwerp: formulering van opleidingsdoelwitte, faktore wat die ontwikkeling van 'n onderrigprogram beïnvloed, uitkomsgebaseerde opleiding. Die evaluering van opleiding

*Newevereistemodule: Bedryfsielkunde 144*

*Tuisdepartement: Bedryfsielkunde*

### **348 (24) Organisasiesielkunde (4L, 1P)**

Individuele gedrag, persepsies, persoonlikheid, houdings, waardes, bestuur van kulturele diversiteit, werksmotivering, gedragsmodifikasie, posontwerp, groeps- en intergroepgedrag, mag en politiek, leierskapteorieë, bestuursontwikkeling, besluitneming en kontrole, kommunikasieproses, organisasieteorie en -ontwerp, organisasiekultuur, organisasieverandering, organisasieontwikkeling.

*Tuisdepartement: Bedryfsielkunde*

## **13351 Inleiding tot Interkulturele Kommunikasie**

### **312 (12) Inleiding tot Interkulturele Kommunikasie (4L)**

Beginsels van linguistiese kommunikasie, insluitende die algemene aard van taal en kommunikasie, en die funksies en gebruik van taal in verskillende tipes diskoers; beginsels van interkulturele (linguistiese) kommunikasie, insluitende die taalkundig relevante komponente en funksies van kultuur, en potensiële struikelblokke tot interkulturele kommunikasie; pragmatiese en sosiolinguistiese aspekte van interkulturele kommunikasie; algemene en kultuurspesifieke patrone in die gebruik van taal onder kulture, en die bestuur van kultuurspesifieke kenmerke van diskoers in interkulturele kommunikasie; meganika van interkulturele kommunikasie, insluitende die eienskappe van/voorwaardes vir suksesvolle kommunikasie, die eienskappe en oorsake van die mislukking van interkulturele kommunikasie in verskillende soorte taalkundige interaksie, en strategieë vir die vermyding van mislukking en herstel van interkulturele kommunikasie.

*Tuisdepartement: Bedryfsielkunde*



### **344 (12) Inleiding tot Interkulturele Kommunikasie (4L)**

Beginsels van linguistiese kommunikasie, insluitende die algemene aard van taal en kommunikasie, en die funksies en gebruik van taal in verskillende tipes diskoers; beginsels van interkulturele (linguistiese) kommunikasie, insluitende die taalkundig relevante komponente en funksies van kultuur, en potensiële struikelblokke tot interkulturele kommunikasie; pragmatiese en sosiolinguistiese aspekte van interkulturele kommunikasie; algemene en kultuurspesifieke patrone in die gebruik van taal onder kulture, en die bestuur van kultuurspesifieke kenmerke van diskoers in interkulturele kommunikasie; meganika van interkulturele kommunikasie, insluitende die eienskappe van/voorwaardes vir suksesvolle kommunikasie, die eienskappe en oorsake van die mislukking van interkulturele kommunikasie in verskillende soorte taalkundige interaksie, en strategieë vir die vermyding van mislukking en herstel van interkulturele kommunikasie.

*Let asseblief op dat hierdie module nie in 2025 aangebied sal word nie.*

*Tuisdepartement: Bedryfsielkunde*

## **14221 Mensekapitaalberekening**

### **344 (12) Mensekapitaalberekening (3L)**

Hierdie module sal jou datagedrewe, bewysgebaseerde besluitnemingsvaardighede ontwikkel om jou voor te berei vir die meting van mensekapitaal as een van die ses kapitale van besigheid. Mensekapitaalanalises en -metrieke is een van die ontluikende velde van bevoegdheid van alle raadslede en bestuurders wat mense moet bestuur en verslag doen oor mensekapitaal as deel van geïntegreerde verslae. Mensekapitaalberekening kan verwantskappe, korrelasies en oorsaaklikheid tussen mensekapitaalanalise en besigheidsmetings aantoon wat die duidelike koppeling tussen mensestrategie en organisatoriese prestasie demonstreer.

*Tuisdepartement: Bedryfsielkunde*

## **Spesiale modules aangebied deur die Departement Bedryfsielkunde**

### **36846 Bedryfsielkunde (Arbeidsterapie)**

#### **132 (6) Bedryfsielkunde (Arbeidsterapie) (2L)**

Die mens as werknemer; menslikehulpbron-beplanning; werwing, keuring, plasing en induksie; kommunikasie; motivering; leierskap in ondernemings; oorsig oor arbeidsverhoudinge. Hierdie module is ontwikkel vir studente in Arbeidsterapie en hierdie perspektiewe word gevolglik deurlopend toegelig.

*Tuisdepartement: Bedryfsielkunde*

### **44776 Bedryfsielkunde (Spesiaal)**

#### **244 (12) Bedryfsielkunde (Spesiaal) (3L)**

Lesings word gevolg deur BCom (Bestuursrekeningkunde)-studente.

*Menslikehulpbronbestuur:* Menslikehulpbron-beplanning, werwing, keuring, induksie, opleiding en ontwikkeling, prestasiebeoordeling, vergoedingsbestuur, arbeidsomset, werksafwesigheid, gesondheid en veiligheid.

*Arbeidsverhoudinge:* Studieterrein, georganiseerde arbeid, rol van werkgewers, arbeidswetgewing.

*Organisasiesielkunde:* Inleiding en oriëntasie, organisasieontwerp, die individu, groepe en spanwerk, motivering, leierskap, organisatoriese doeltreffendheid.

*Tuisdepartement: Bedryfsielkunde*

#### **354 (12) Bedryfsielkunde (Spesiaal) (3L)**

*Menslikehulpbronbestuur:* Menslikehulpbron-beplanning, werwing, keuring, induksie, opleiding en ontwikkeling, prestasiebeoordeling, vergoedingsbestuur, arbeidsomset, werksafwesigheid, gesondheid en veiligheid.

*Arbeidsverhoudinge:* Studieterrein, georganiseerde arbeid, rol van werknemers, arbeidswetgewing.

*Organisasiesielkunde:* Inleiding en oriëntasie, organisasie-ontwerp, die individu, groepe en spanwerk, motivering, leierskap, organisatoriese doeltreffendheid.

*Tuisdepartement: Bedryfsielkunde*

## Departement Ekonomie

### 14696 Datawetenskapnavorsing in Gedragsekonomie

#### 471 (40) Datawetenskap-navorsingswerkstuk

Die navorsingswerkstuk bied jou 'n omvattende leerervaring wat kennis van voorafgaande modules integreer. Jy sal kennis en ervarings wat jy in vorige modules opgedoen het integreer en dit toepas in 'n dataryke navorsingsonderwerp. Jy sal die geleentheid kry om jou vorige kennis te sintetiseer en om nuwe, komplekse probleme op te los. Jy sal deelneem aan die hele proses om 'n praktiese datawetenskap-probleem op te los; dit behels data-insameling en -prossessering, analitiese ontleding, en kommunikasie van bevindinge op 'n duidelike en verstaanbare manier.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Ekonomie 311
- Ekonomie 388
- Wiskundige Statistiek 312
- Datawetenskap 346

*Tuisdepartement: Ekonomie*

### 10430 Ekonometrie

#### 441 (20) Ekonometrie (2L, 2T)

In deel 1 van die module word die boublokke van alle standaardtydreeksmodelle formeel afgelei en toegepas op werklike data. Dit sal jou voorberei vir empiriese ekonomiese navorsing op tydreeksdata, en dien as inleiding tot teoretiese ekonometriese werk.

Deel 2 van die module dek 'n verskeidenheid van meer gevorderde, kwasi-eksperimentele kruissnit- en paneeldatamodelle. Modelle word in die lesings aangebied en toegepas in die tutoriale. Die module fokus op die identifikasie-aannames wat elke model vereis – veral die omstandighede waaronder die aannames waarskynlik geldig sal wees al dan nie. Dit sal jou toerus met die nodige vaardighede om die mees geskikte model vir jou werk te kies.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Ekonomie 318
- Ekonomie 388

*Tuisdepartement: Ekonomie*

### 12084 Ekonomie

#### 114 (12) Ekonomie (3L, 1T)

*Probleme wat ekonome aanspreek:* Ongelykheid, armoede, ekonomiese groei, volhoubaarheid, skaarsheid, keuse.

*Ekonomiese besluitneming:* Insentiewe (aansporings), relatiewe pryse, ekonomiese gewin (*economic rent*), arbeid, produksie, geleentheidskoste.

*Ekonomiese verhoudings en interaksies:* Spelteorie, regverdigheid, doeltreffendheid.

*Markte:* Vraag en aanbod, prysneming en mededingende markte, elasticiteit, arbeidsmark.

*Markdinamika:* Gewinsoeking (*rent-seeking*), markmislukking, eksternaliteite en owerheidsbeleid.

*Tuisdepartement: Ekonomie*

#### 144 (12) Ekonomie (3L, 1T)

Die module stel jou bekend aan ekonomiese toepassing en beleid, met 'n sterk fokus op Suid-Afrika, deur hedendaagse ekonomiese kwessies te ondersoek: inflasie, werkloosheid, ekonomiese groei, eksterne stabiliteit en 'n regverdige verdeling van inkomste.

*Die totale ekonomie op die kort- en langtermyn:* Die meet van die totale ekonomie, die vermenigvuldiger-model, werkloosheid en fiskale beleid, inflasie en monetêre beleid, die geldmark en die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB), tegnologiese verandering en inkomste-ongelykheid.

*Globalisering:* Internasionale handel, migrasie en investering.

*Neuwevereistemodule:* Ekonomie 114

*Tuisdepartement: Ekonomie*

### 214 (16) Ekonomie (3L, 1T)

*Makro-ekonomie:* Besigheidsiklusmeting, verbruiker- en ondernemingsgedrag, geslote een-periode makro-ekonomiese modelle, verbruiks- en besparingsbesluite in 'n twee-periode model.

*Mikro-ekonomie:* Goedere en faktormarkte, vraagteorie, produksie- en kosteteorie, markstrukture en die teorie van die onderneming, welvaartsteorie.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Ekonomie 114
- Ekonomie 144

*Tuisdepartement: Ekonomie*

### 244 (16) Ekonomie (3L, 1T)

*Suid-Afrikaanse monetêre beleid.*

*Internasionale handel en finansies:* Die teorie van internasionale handel, beperkings op vryhandel, die Wêreldhandelsorganisasie en regionale ekonomiese integrasie, die betalingsbalans, internasionale finansiële markte, aanpassingsmeganismes, beleidsopsies, wisselkoersbepaling, die internasionale monetêre stelsel en Suid-Afrikaanse wisselkoersbeleid.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Ekonomie 114
- Ekonomie 144

*Newevereistemodule: Ekonomie 214*

*Tuisdepartement: Ekonomie*

### 281 (32) Ontwikkelingsekonomie (3L, 1T)

Die module bestaan uit twee dele.

*Ekonomiese ontwikkeling in historiese perspektief:* Die ekonomiese probleem, die opkoms van die markstelsel, die Industriële Revolusie, die Groot Depressie, moderne kapitalisme, die opkoms en val van sosialisme, globalisering, onderontwikkeling in Afrika en Suid-Afrikaanse ekonomiese ontwikkeling.

*Ekonomiese ontwikkeling en beleid:* Vergelykende ekonomiese ontwikkeling, teorieë van ekonomiese ontwikkeling, armoede en ongelykheid, bevolkingsgroei, verstedeliking en migrasie, landelike ontwikkeling, onderwys, gesondheid, die omgewing, ekonomiese beleidsvorming en die rol van die mark, owerheid en burgerlike samelewing.

*Slaagvoorvereistemodule: Ekonomie 114 of Ekonomie 144 of Ekonomie 288*

*Tuisdepartement: Ekonomie*

### 288 (32) Ekonomie (Lettere en Sosiale Wetenskappe) (3L, 1T)

Die werking van 'n gemengde ekonomiese stelsel en die markstelsel, asook ekonomiese toepassing en -beleid, met 'n sterk Suid-Afrikaanse fokus.

*Probleme wat ekonomie aanspreek:* Ongelykheid, armoede, ekonomiese groei, volhoubaarheid, skaarsheid, keuse.

*Ekonomiese besluitneming:* Insentiewe (aansporings), relatiewe pryse, ekonomiese gewin (*economic rent*), arbeid, produksie, geleentheidskoste.

*Ekonomiese verhoudings en interaksies:* Spelteorie, regverdigheid, doeltreffendheid.

*Markte:* Vraag en aanbod, prysneming en mededingende markte, elasticiteit, arbeidsmark.

*Markdinamika:* Gewinsoeking (*rent-seeking*), markmislukking, eksternaliteite en owerheidsbeleid.

*Die totale ekonomie op die kort- en langtermyn:* Die meet van die totale ekonomie, werkloosheid en fiskale beleid, inflasie en monetêre beleid, die geldmark en die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB).

*Globalisering:* Internasionale handel, migrasie en investering.

*Tuisdepartement: Ekonomie*

### 318 (24) Ekonomie (4L, 1T)

*Inleidende ekonometrie:* Statistiese konsepte, die klassieke lineêre regressiemodel, multikollineariteit, outokorrelasie, heteroskedastisiteit, skynveranderlikes, beraming van regressievergelykings.

*Makro-ekonomie:* Wiskundige tegnieke, ekonomiese groei, konjunktuuksiklus, monetêre en fiskale beleid.

*Inleiding tot spelteorie:* Wiskundige tegnieke, verskillende speltipes, ewewigskonsepte.

*Slaagvoorvereistemodule: Ekonomie 214*

*Voorvereistemodule: Ekonomie 244*

*Tuisdepartement: Ekonomie*

### **348 (24) Ekonomie (4L, 1T)**

Hierdie module is gerig op ekonomiese beleidvoering in 'n ontwikkelende land. Dit dek ekonomiese beleidskriteria, struktuurkenmerke van die Suid-Afrikaanse ekonomie, ekonomiese denke en stelsels, en groei en ontwikkelingsbeleid, waaronder aspekte soos vraag- en aanbod- elemente van ekonomiese groei, sektorale en ruimtelike ontwikkeling, inkomsteverdeling en sosiale besteding, mededingingsbeleid, ekonomie van die omgewing, arbeidsbeleid, onderwys en menslikekapitaalvorming en makro-ekonomiese beleidvoering.

*Slaagvoorvereistemodule:* Ekonomie 214

*Voorvereistemodule:* Ekonomie 244

*Neweveistemodule:* Ekonomie 318

*Tuisdepartement:* Ekonomie

### **381 (24) Institusionele-, Owerheids- en Omgewingseconomie (2L, 2T)**

Die module bestaan uit drie dele: institusionele ekonomie, owerheidseconomie en omgewings-ekonomie.

*Institusionele ekonomie:* Die rol van formele en informele institusies en die afdwinging daarvan. Die rol van transaksiekoste en die beskerming van eiendomsreg.

*Owerheidseconomie:* Die basismodel van 'n mark ekonomie, markmislukking, openbare keuse, owerheidsmislukking, belasting, interowerheids- fiskale verhoudings.

*Omgewingseconomie:* Ekonomiese verklarings vir omgewingsbeskadiging, beleidsmaatreëls, toepassing op 'n spesifieke omgewingsaangeleentheid.

*Voorvereistemodule:* Ekonomie 214 of Ekonomie 244 of Ekonomie 281

*Tuisdepartement:* Ekonomie

### **388 (24) Ekonomie (2L, 2T)**

*Inleidende datawetenskap vir ekonomie:* Datawetenskaplike tegnieke toegepas op ekonomiese of finansiële data. Onderwerpe sluit in: programmering, visualisering en basiese masjienleer metodes.

*Arbeidseconomie en arbeidsekonometrie:* Arbeidsmark, vraag en aanbod, demografiese tendense, vakbonde, die Suid-Afrikaanse arbeidsmark.

*Slaagvoorvereistemodule:* Ekonomie 214

*Voorvereistemodule:* Ekonomie 244

*Neweveistemodule:* Ekonomie 318

*Tuisdepartement:* Ekonomie

## **14377 Gedragseconomie**

### **441 (10) Gedragseconomie (2L, 2T)**

Hierdie module bied 'n inleiding tot gedragseconomie, wat insigte uit sielkunde inkorporeer in standaard-mikro-ekonomiese modelle, soos verdiskonteerde nut en verwagte nut. Verskeie onderwerpe en toepassings sal bespreek word (insluitende hiperboliese verdiskontering, sosiale voorkeure en gemotiveerde oortuigings) met die doel om jou te voorsien van 'n grondslag om gedragsekonemiese analise, beide formeel en intuïtief, in 'n besigheids- of akademiese omgewing toe te pas. Die hoofokus is teoretiese modellering en analise, met verwysing na en verkenning van verwante empiriese kwessies.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Ekonomie 318
- Ekonomie 388

*Neweveistemodule:* Mikro-ekonomie 441

*Tuisdepartement:* Ekonomie

## 10595 Makro-ekonomie

### 10595 441 (12) Makro-ekonomie (2L, 2T)

Hierdie module dek die hoof benaderings wat in moderne makro-ekonomie gebruik word om langtermyn groei uitkomst (deel 1) en besigheidsiklusse (deel 2) in mark-ekonomie te bestudeer. Alhoewel die onderwerpe soortgelyk is aan die inhoud van voorafgaande modules, is dié 'n gevorderde module. Alle resultate word afgelei deur middel van volledig formele metodes wat die kern uitmaak van moderne teoretiese en empiriese navorsing. Die module verskaf die vermoëns wat jy sal benodig om die moderne makroekonomie literatuur te verstaan, en jou voor te berei vir magistersvlakstudie.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Ekonomie 318
- Ekonomie 388

*Tuisdepartement: Ekonomie*

## 10605 Mikro-ekonomie

### 441 (12) Mikro-ekonomie (2L, 2T)

Hierdie module gee 'n inleiding tot die standaardraamwerk vir die analise van besluitneming deur individuele ekonomiese agente en hul interaksie in mark- en strategiese omgewings. Onderwerpe sluit spelteorie, besluitneming onder onsekerheid, verbruiker- en produsenteteorie en markte in. Die klem in hierdie module lê op 'n formele begrip van die grondslagkonsepte en meer gevorderde wiskundige formuleringe van standaardmodelle en resultate wat die basis vorm vir ekonomiese navorsing in verskeie velde.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Ekonomie 318
- Ekonomie 388

*Tuisdepartement: Ekonomie*

## Departement Engels (Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe)

### 53880 Engels

#### 178 (24) Literatuur en Taal in Konteks (2L, 1T)

Die module is ontwerp om jou vermoë te ontwikkel om 'n wye verskeidenheid tekste te ontleed en effektief in geskrewe en gesproke Engels te kommunikeer. Die fokus val op kultuur- en literatuurstudie en die ontwikkeling van die gepaste akademiese diskoers. 'n Beskrywing van die onderstaande komponente en die voorgeskrewe tekste is in die kursusprospektus.

Alle studente neem die volgende lesingkomponente:

- Teks en konteks
- Filmstudie
- Prosa
- Drama

*Notas:*

Volle besonderhede oor die module is in die kursusprospektus op die Departement se webwerf by [www0.sun.ac.za/english/students/undergraduate/eng-178/](http://www0.sun.ac.za/english/students/undergraduate/eng-178/).

*Tuisdepartement: Engels*

## Departement Filosofie (Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe)

*Nota:* Vir meer inligting oor die modules wat deur die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe aangebied word, sien asseblief die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe se Jaarboekdeel.

### 12882 Filosofie

#### 114 (12) Inleiding tot Sistematiese Filosofie (3L, 1T)

Sistematiese behandeling van die aard, werkswyse en doelstellings van die filosofie as 'n eiesoortige dissipline. Logiese grondbegrippe (waarheid, geldigheid, betroubaarheid, deduktiewe en induktiewe redenering, die beginsel van nonkontradiksie, logiese vorm, basiese patrone van argumentasie, ens.).

Betekenis en taalgebruik, geskille en definisies, die herkenning en vermyding van denkfoute, die manipulasie van taal en betekenis, retoriese strategieë.

Oefening in die analise van redenering.

*Tuisdepartement: Filosofie*

#### 144 (12) Inleiding tot Morele Argumentasie (3L, 1T)

Die Griekse Verligting en die vernaamste Antieke Grieke filosowe, waaronder Sokrates, Plato en Aristototeles.

Die sameloop van die Griekse filosofie en die Joods-Christelike denke in die laat-antieke periode.

Die aard van morele probleme en van filosofiese etiek as 'n dissipline.

Vernaamste benaderings tot morele argumentasie (bv. utilitarisme, deontologie, menseregte, deug).

*Tuisdepartement: Filosofie*

#### 214 (16) Filosofiese Subdissiplines I (3L, 1T)

Sistematiese ondersoek na vraagstukke wat verband hou met bepaalde subdissiplines in die filosofie, naamlik epistemologie, wetenskapsfilosofie, of estetika.

*Opmerking:* Twee van die drie subdissiplines word in enige jaar behandel.

*Tuisdepartement: Filosofie*

#### 244 (16) Filosofiese Subdissiplines II (3L, 1T)

Sistematiese ondersoek na vraagstukke wat verband hou met bepaalde subdissiplines in die filosofie, naamlik godsdiensfilosofie, bewussynsfilosofie, of toegepaste etiek.

*Opmerking:* Twee van die drie subdissiplines word in enige jaar behandel.

*Tuisdepartement: Filosofie*

## Departement Geografie en Omgewingstudie (Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe)

*Nota:* Vir meer inligting oor die modules wat deur die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe aangebied word, sien asseblief die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe se Jaarboekdeel.

### 64165 Geo-omgewingswetenskap

*Let wel:* Geo-omgewingswetenskap 124 en 154 is nuwevereistes vir Geografie en Omgewingstudie 2 en 3.

#### 124 (16) Inleiding tot Mens-omgewingsisteme (3L, 3P)

Aard van mensgeografie; demografie van wêreldbevolking; voedselhulpbronne; verstedeliking; modelle van stedelike struktuur, funksionele sones binne stede, stede in ontwikkelende lande; polities-geografiese ordening: nasies en state in konflik, streke in die nuus; omgewingsisteme op wêreldskaal: fluviale, ariede, karst-, kus- en glasiale omgewings; ekosisteme en die mens; benutting van omgewingshulpbronne: wêreldwye voorkoms, gebruik en uitputting van nie-hernubare energie, water en grond; praktiese kartering en grafika.

*Tuisdepartement: Geografie en Omgewingstudie*

## **154 (16) Inleiding tot Aardstelselwetenskap (3L, 3P)**

Inleiding tot aardstelselwetenskap; interne werking van die aarde; mineraal- en rotsvormingsprosesse; ontstaanswyse van magma en stolrotse; uitwendige struktuur van die aarde; kontinentvorming; plaat-tektoniek; sedimentêre rotse en die geologiese rekord; geologiese tydskaal; metamorfe rotse en bergbou; geologie van Suid-Afrika; energie- en mineralehulpbronne; mens en tektoniek: aardbewings en vulkane; die hidrosfeer; oppervlakwaterprosesse; grondwaterprosesse; teorie oor die ontstaan en evolusie van lewe.

*Tuisdepartement: Geografie en Omgewingstudie*

## **Departement Handelsreg (Fakulteit Regsgeleerdheid)**

*Nota:* Vir meer inligting oor die modules wat deur die Fakulteit Regsgeleerdheid aangebied word, sien asseblief die Fakulteit Regsgeleerdheid se Jaarboekdeel.

### **35998 Handelsreg (Handel)**

#### **253 (8) Handelsreg (Handel) (3L, 1T)**

Basiese beginsels van insolvensiereg en ondernemingsreg.

*Slaagvoorvereistemodule:* Handelsreg (Rek) 193

*Tuisdepartement:* Handelsreg

#### **285 (32) Handelsreg (Handel) (3L, 1T)**

Bronne van die Suid-Afrikaanse reg en basiese begrippe; verbintenisreg (kontraktereg, deliktereg, verteenwoordiging); insolvensiereg; arbeidsreg; basiese beginsels van ondernemingsreg.

*Opmerkings:*

Indien jy Handelsreg (Rek) 193 geslaag het, moet jy nie vir Handelsreg (Handel) 285 registreer nie, maar wel vir Handelsreg (Handel) 253.

*Tuisdepartement:* Handelsreg

## **Spesiale module in Handelsreg vir BCom (Internasionale Besigheid)**

### **13352 Regsaspekte van Internasionale Besigheidstransaksies**

#### **314 (12) Regsaspekte van Internasionale Besigheidstransaksies (2L)**

Hierdie module verskaf 'n algemene inleiding tot die reg vir besigheidstudente en sluit 'n oorsig van die Suid-Afrikaanse kontraktereg in. Dit verduidelik die regulering van internasionale besigheidstransaksies. Daar word gefokus op die risiko's van internasionale besigheidstransaksies en hoe dit aangespreek kan word deur die reg. 'n Capita selecta van regsaspekte van toepassing op internasionale besigheidstransaksies sal bespreek word, waaronder regsaspekte van internasionale kontrakte vir die verkoop van goedere; internasionale vervoer van goedere en versekering; internasionale vennootskapskontrakte; intellektuele eiendomsreg; omgewingsbeskerming en die regulering van globale handel; asook arbeids- en menseregte implikasies van internasionale besigheidstransaksies.

*Tuisdepartement:* Handelsreg

## **Spesiale modules in Handelsreg vir BRek-studente**

### **58432 Handelsreg (Rek)**

#### **193 (24) Handelsreg (Rek) (3L, 1T)**

Bronne van die Suid-Afrikaanse Reg en basiese begrippe; algemene beginsels van kontraktereg, verteenwoordiging, besondere kontrakte (koopkontrak, huurkontrak en kredietooreenkomste) en 'n inleiding tot verbruikersbeskerming; arbeidsreg en ekonomiese bemagtiging; toegang tot inligting en die beskerming van persoonlike inligting; regsbeginnels in verband met geld en betaling (sekerheidstelling; elektroniese betalingsinstrumente; kripto-geld en geldwassery).

*Tuisdepartement:* Handelsreg

## 292 (21) Handelsreg (Rek) (3L)

Die regsbeginsels betreffende maatskappye, beslote korporasies, trusts en vennootskappe.

*Voorvereistemodule:* Handelsreg (Rek) 193

*Tuisdepartement:* Handelsreg

## Departement Inligtingswetenskap (Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe)

*Nota:* Vir meer inligting oor die modules wat deur die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe aangebied word, sien asseblief die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe se Jaarboekdeel.

### 14689 Organisasoriese Informatika

#### 214 (16) Beginsels van Inligtingstelsels (3L, 1T)

Hierdie is 'n teoretiese module wat die kernbeginsels van inligtingstelsels dek, en hoe dit in die hedendaagse praktyk ontwikkel, gebruik en bestuur word. Studente sal temas soos die tegnologiese infrastruktuur van inligtingstelsels, die rol van inligtingstelsels in sakebedrywighede, en die bestuur van inligtingstelselontwikkelingsprojekte bestudeer.

*Tuisdepartement:* Inligtingswetenskap

#### 244 (16) Inleiding tot toepassingsontwerp (2L, 1P)

Hierdie module stel studente bekend aan rekenaartoe toepassingsontwikkeling op beide 'n teoretiese en 'n praktiese vlak. Die module vereis nie van studente om enige vorige rekenaarprogrammeringservaring te hê nie. 'n Begrip van basiese konsepte in programmering, soos datatipes, veranderlikes, inset, uitset, vloei-beheer (insluitende iterasie en besluitnemingstrukture), modules en funksies word gevestig. Studente implementeer hierdie beginsels deur die gebruik van 'n kontemporêre programmeringstaal. Studente sal ook leer om belangrike webontwikkelingstandaarde, insluitende HTML en CSS, te gebruik.

*Let wel:* Hierdie module mag nie tesame met of na afhandeling van Rekenaarwetenskap 114 geneem word nie.

*Tuisdepartement:* Inligtingswetenskap

#### 318 (24) Stelselanalise en ontwerp (3L, 3P)

Hierdie module dek stelselanalise en -ontwerp in die konteks van inligtingstelselsprojekte. Dit neem 'n praktiese oriëntasie aan en stel studente bloot aan die sleutelbeginsels van inligtingstelsels-analise en -ontwerp vanuit die perspektief van 'n stelselontleder. Stelselanalise-aktiwiteite en die gepaardgaande dokumentasie- en modelleringstandaarde word aangebied. Dit word gevolg deur die kernaspekte van stelselontwerp, insluitende die relevante tegnieke en standaarde. Studente pas hierdie beginsels toe deur die praktiese opdragte gebaseer op besigheidsgevallestudies.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Organisasoriese Informatika 214
- Organisasoriese Informatika 244 of Rekenaarwetenskap 114

*Tuisdepartement:* Inligtingswetenskap

#### 348 (24) Stelselontwikkeling (2L, 4P)

Hierdie module integreer en bevorder kennis en vaardighede van vorige modules in Sosio- en Organisasoriese Informatika. Die module dek stelselontwikkelingsbenaderings en projekbestuur, sowel as gevorderde ontwerp- en ontplooiingskonsepte. Studente voer 'n groepgebaseerde projek uit om 'n ten volle funksionele inligtingstelsel te ontwerp en te ontwikkel deur toepaslike moderne ontwikkelingstegnologieë, ontwerpbenaderings en projekbestuurmetodologieë te gebruik.

*Voorvereistemodule:* Organisasoriese Informatika 318

*Slaagvoorvereistemodule:* Organisasoriese Informatika 244 of Rekenaarwetenskap 114

*Tuisdepartement:* Inligtingswetenskap



## 58173 Sosio-informatika

### 214 (16) Interaksieontwerp (2L, 2P)

Hierdie module dek die ontwerp van koppelvlakke vir rekenaartoepassings (bv. web- en mobiele toepassings; besigheidsinligtingstelsels). Studente word blootgestel aan die huidige benaderings tot inligtingsargitektuur en toepassingstruktuur en bekendgestel aan die sleutelemente van koppelvlakontwerp en mens-rekenaar-interaksie. Die module het 'n praktiese oriëntasie waarin 'n moderne ontwerpplatform tydens praktiese opdragte gebruik word.

*Tuisdepartement: Inligtingswetenskap*

### 244 (16) Inligtingsamelewing (3L, 1T)

Alomteenwoordige digitale media, die uitbreiding van inligtingsberoepe en die ontwikkeling van die internet het aanleiding gegee tot die globale inligtingsgemeenskap. In hierdie module bestudeer studente hierdie inligtingsontploffing deur die belangrikste teoretiese benaderings tot inligtingsontwikkeling krities te ondersoek deur die werk van prominente teoretici soos Castells, Schiller, Habermas en Giddens.

*Tuisdepartement: Inligtingswetenskap*

### 348 (24) Berekening-sosiale Wetenskap (3L, 3P)

Hierdie module stel studente bekend aan die interdisiplinêre veld van rekenaar- sosiale wetenskap, wat insigte uit rekenaar- en inligtingswetenskap, sosiologie en sosialenetwerkanalise, ekonomie, politieke wetenskap en openbare gesondheid kombineer om studente toe te rus om sosiaal-wetenskaplike vraagstukke te bestudeer deur die gebruik van berekeningsmetodes. Daar word nie van studente verwag om enige voorafkennis van rekenaarprogrammering te hê nie. Studente sal leer om sosiaal-wetenskaplike vrae te vra en hierdie vrae te beantwoord deur data van digitale bronne in te samel en te ontleed. Studente sal vaardighede verwerf in data-analise-programmeertale en in data-analitiese tegnieke om met digitale spoordata te werk.

*Tuisdepartement: Inligtingswetenskap*

## Departement Landbou-ekonomie (Fakulteit AgriWetenskappe)

*Nota:* Vir meer inligting oor die modules wat deur die Fakulteit AgriWetenskappe aangebied word, sien asseblief die Fakulteit AgriWetenskappe se Jaarboekdeel.

## 15504 Landbou-ekonomie

### 234 (16) Suid-Afrikaanse Landbou (6L)

Oorsig oor die struktuur van die landboubedryf m.b.t. produksie-aktiwiteite en hulpbrongebruik; ontleding van die landbou se plek in die volkshuishouding; die institusionele raamwerk vir landbou; die internasionale konteks. Historiese verloop van landboubeleid; landboubeleming en pryse.

*Tuisdepartement: Landbou-ekonomie*

### 242 (8) Landbouproduksie-ekonomie en Finansiële Ontledingsmetodiek (2L, 1T)

Produksieverwantskappe; optimalisering by faktor-produk-, faktor-faktor- en produk-produkverwantskappe; kosteverwantskappe; inkomste-, koste- en marge-begrippe in boerdery; kosteberekening; ekonomiese en finansiële maatstawwe; begrotings.

*Voorvereistemodule:* Ekonomie 114

*Tuisdepartement: Landbou-ekonomie*

### 262 (8) Die Ekonomie van Landbouhulpbronne (3L)

Basiese begrippe; faktore wat die vraag, aanbod en waarde van natuurlike hulpbronne beïnvloed; hulpbronne en tegnologie; die invloed van ligging op grondgebruik; bedryfspesifieke faktore.

*Tuisdepartement: Landbou-ekonomie*

### **314 (16) Boerderybestuur (4L, 2T)**

Benaderings tot bestuurswese; entrepreneurskap; strategiese en operasionele besluitneming; bestuursfunksies; bestuursinligting en stelsels; kapitaalbehoefte van 'n boerdery-onderneming en landboukredietbronne; finansieringsbeleid. Ontleding van probleme met betrekking tot boedelbeplanning, erfopvolging en belasting (kapitaaloorlog- sowel as inkomstebelasting) in die landbou. Die kommunikasieproses, kommunikasiekanale.

*Voorvereistemodule:* Landbou-ekonomie 242

*Tuisdepartement:* Landbou-ekonomie

### **334 (16) Landbou- en Voedselbemarking (3L, 3P)**

Hierdie module is ontwerp om 'n omvattende en gebalanseerde benadering tot voedselbemarkingstelsels bekend te stel. Dit versmelt bemarkings- en ekonomiese teorie met werklike analitiese gereedskap om sodoende studente te help om die voedselstelsel beter te verstaan en om winsgewende bemarkingsbesluite te neem.

*Tuisdepartement:* Landbou-ekonomie

### **354 (16) Landboubeleid in die Suid-Afrikaanse Konteks (3L)**

Studie van prioriteit-beleidsaangeleenthede vir die Suid-Afrikaanse landbou: die invloed op Suid-Afrika van die Ooreenkoms oor Landbou en daaropvolgende pogings om internasionale handel in landbouprodukte te orden; veranderinge in die struktuur van voedselvoorsieningskettings en die globalisering van voedselhandel; SEB en transformasie in die Suid-Afrikaanse landbou; die skakeleffekte van landbou na die res van die ekonomie.

*Tuisdepartement:* Landbou-ekonomie

### **364 (16) Boerderybesluitneming en -beplanning (4L, 2T)**

Kreatiewe probleemoplossing; raamwerk vir boerderybesluitnemingsontleding; inligtingsverwerking en menslike oordeel; benaderings tot besluitneming onder toestande van risiko en onsekerheid; hulpmiddels en tegnieke by boerderybesluitneming en -beplanning; toepassings van lineêre programmering; tekortkominge van lineêre programmering en bekendstelling van ander programmeringstegnieke; gevallestudies.

*Voorvereistemodule:* Landbou-ekonomie 242

*Tuisdepartement:* Landbou-ekonomie

## **Departement Logistiek**

### **14023 Besigheidsanalitiese**

#### **214 (16) Besigheidsanalitiese (3L, 2T)**

*Inleiding tot optimering en modellering:* Modellering van lineêre programmeringsprobleme, grafiese metodes, sigbladoplossings, sensitiwiteit, doelprogrammering en toepassings op sigblaaie.

*Besluitneming:* Basiese konsepte, multikriterium-besluitnemingsanalise, beslissingsbome, nutsteorie, analitiese hiërargiese proses. Gevallestudies en sigbladtoepassings.

*Slaagvoorvereistemodule:* Statistiek en Datawetenskap 188 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144

*Tuisdepartement:* Logistiek

#### **244 (16) Besigheidsanalitiese (3L, 2T)**

*Sosiale netwerkontleding:* Inleiding tot R-tipes van sosiale netwerke (vriend, gebruikergegenereerde inhoud, affiliasie), grafiese visualisering (nodusse, boë, paaie, sentraliteit, cliques), netwerkverhoudings (bande, sosiale kapitaal, strukturele gapings, strukturele balans, ekwivalensie, homofilie, trosvorming, klein wêreld), netwerk evolusie (ewekansige grafieke, voorkeuraanduiding, wederkerigheid), bemarkingsnavorsing (netwerk-data-insameling, steekproefneming, hipotesetoetsing).

*Slaagvoorvereistemodule:* Statistiek en Datawetenskap 188 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144

*Tuisdepartement:* Logistiek

### 318 (24) Besigheidsanalities (3L, 2T)

Basiese webbladsykodering, maatstawwe en ontleding van webbladsygebruik, webbladsygebruikspatroon-wysiging vir verbetering, inleiding tot en tegnologieë benodig in grootdatastel-analities, ontleding van onttrekte data met SQL, NoSQL en 'n seleksie van masjienleermetodes, oorwegings in databerging en datastroomverwerking en -analities.

*Slaagvoorvereistmodule:* Statistiek en Datawetenskap 188 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144

*Tuisdepartement:* Logistiek

### 348 (24) Besigheidsanalities (3L, 3P)

*Data- en inligtingsvisualisering:* identifisering van data tipes; metadata-beskrywings; toepassing van geskikte kaarte, grafieke of karteringstegnieke.

*Kwaliteitsbestuur, prestasie-meting en prestasiebestuur:* kontrolekaarte, paneelborde, gebalanseerde telkaarte, Ses Sigma.

*Besigheidsverslagskrywing.* Aanwending van toepaslike sagteware.

*(Jy kan slegs vir hierdie module registreer indien jy 'n finalejaarstudent is.)*

*Slaagvoorvereistmodule:* Statistiek en Datawetenskap 188 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144

*Tuisdepartement:* Logistiek

## 14695 Datawetenskapnavorsing in Analitika en Optimering

### 471 (40) Datawetenskap-navorsingswerkstuk

Die navorsingswerkstuk bied jou 'n omvattende leerervaring wat kennis van voorafgaande modules integreer. Jy sal kennis en ervarings wat jy in vorige modules opgedoen het integreer en dit toepas in 'n dataryke navorsingsonderwerp. Jy sal die geleentheid kry om jou vorige kennis te sintetiseer en om nuwe, komplekse probleme op te los. Jy sal deelneem aan die hele proses om 'n praktiese datawetenskap-probleem op te los; dit behels data-insameling en -prosessering, analiese ontleding, en kommunikasie van bevindinge op 'n duidelike en verstaanbare manier.

*Slaagvoorvereistmodules:*

- Operasionele Navorsing 314
- Operasionele Navorsing 344
- Operasionele Navorsing 352
- Wiskundige Statistiek 312
- Datawetenskap 346

*Tuisdepartement:* Logistiek

## 10906 Gevorderde Lineêre Programmering

### 441 (15) Gevorderde Lineêre Programmering (2L)

In hierdie module word gevorderde lineêre-programmering-oplossingstegnieke bestudeer. Hierdie tegnieke sluit in: die produkform van die inverse, primaal-duale algoritmes, primale en duale bogrens-algoritmes, kolomgenerering, dekomposisies en inwendige puntmetodes.

*Slaagvoorvereistmodules:* Operasionele Navorsing 244

*Tuisdepartement:* Logistiek

## 13350 Inleiding tot Vervoer- en Logistieke Stelsels

### 144 (12) Inleiding tot Vervoer- en Logistieke Stelsels (3L, 1P)

Inleiding tot die unieke doel van die vervoerstelsel; die komponente binne die sisteem; die ekonomiese impak en bydrae van die vervoerstelsel; die organisering en regulering van vervoer; konsepte van vraag en aanbod; en vervoer vanuit 'n bestuursperspektief.

Die bestek van produkvoorsieningskettings; aspekte van nut- en waardeskepping; aspekte van materiaal-bestuur, met inbegrip van grondstof- en voorraadverkryging; aspekte van produksie- en operasionele bestuur; aspekte van fisiese distribusiebestuur; voldoening aan kliëntevereistes t.o.v. produkvoorsiening en -aflewering.

*Tuisdepartement:* Logistiek

## 48062 Inligtingstelsels

### 112 (6) Inligtingstelsels in 'n Besigheidsomgewing (1L, 1P)

Praktiese vaardigheid in die gebruik van inligtingstelseltegnologie in 'n besigheidsomgewing. Begrip en praktiese gebruik van institutionele toepassings, woordverwerkers, aanbiedingsprogrammatuur, sigbladverwerkers en makro's.

*Opmerking:*

Inligtingstelsels 144 en Inligtingstelsels 112 mag nie saam vir graaddoeleindes aangebied word nie.

*Tuisdepartement: Logistiek*

## 14219 Logistiek en Voorsieningskettingbestuur

### 214 (16) Logistiek en Voorsieningskettingbestuur (3L, 1P)

*Inleiding tot Logistiek en Voorsieningskettingbestuur:* Oorsig van Voorsieningskettingbestuur, Die rol van logistiek in die onderneming, die elemente van logistiek, geïntegreerde logistieke bestuur, organisasie vir doeltreffende logistiek, internasionale logistiek, nuwe tendense.

*Vraagbestuur:* Balansering van vraag en aanbod, vooruitskatting van vraag, verkope- en operasionele beplanning, gesamentlike beplanning, vooruitskatting en aanvulling.

*Bestellingsbestuur en Kliëntediens:* Bestellingsbestuur, kliëntediens en -verhoudingsbestuur.

*Voorsieningskettingtegnologie en inligtingsvloei:* Rol van inligting en data in die voorsieningsketting: die implementering en gebruik van programmatuur en tegnologie in die voorsieningsketting.

*Logistieke navorsing:* Literatuurstudie, hoe om akademiese bronne te vind en te lees.

*Voorvereistemodule:* Ondernemingsbestuur 113

*Tuisdepartement: Logistiek*

### 244 (16) Logistiek en Voorsieningskettingbestuur (3L, 1P)

*Verkrygingsbestuur / Aankope:* Impak op firma se finansies; progressie van taktiese na strategiese rol; kruisfunksionele impak en proses; aankopesiklus, verkryging in die openbare sektor.

*Portefeulje van verhoudings:* Takties; samewerkend; strategiese alliansie; logistieke verhoudings; 3PL-bedryfsoorsig.

*Verkryging van materiaal en dienste:* Bestuur van aankope; strategiese verkryging; globale verkryging; uitkontraktering; totale koste van eienaarskap (TCO); onderhandeling.

*Produksie van goedere en dienste:* Rol van produksiebedrywighede in die voorsieningsketting; bedryfstrategie en beplanning; besluite in produksie; produksietegnologie; verpakking in die voorsieningsketting.

*Vorraad in voorsieningskettings:* Rol van voorraad in die ekonomie en organisasies, voorraadkoste, benaderings tot voorraadbestuur, klassifikasie van voorraad.

*Logistieke navorsing:* Identifiseer en definieer die logistieke navorsingsprobleem.

*Slaagvoorvereistemodule:* Ondernemingsbestuur 113

*Voorvereistemodule:* Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 214 of Inleiding tot Vervoer- en Logistieke Stelsels 144

*Tuisdepartement: Logistiek*

### 314 (12) Logistiek en Voorsieningskettingbestuur (2L)

*Vervoer:* Rol van vervoer; uitdagings in vervoer; vervoermodusse; vervoerbeplanning en strategie; uitvoering en beheer; vervoertegnologie; voertuigkosteberekening en vlootbestuur.

*Distribusie:* Rol van distribusie; distribusiebeplanning en strategie; distribusie-uitvoering; distribusie-tegnologie.

*Voorsieningskettingvolhoubaarheid:* logistiek en die omgewing, voorsieningskettingvolhoubaarheidsraamwerk.

*Terugwaartse logistiek:* terugwaartse logistieke sisteme, terugwaartse vloei, geslotelus-voorsieningskettings, klientterugsending, omgewingsuitdagings en tegnologiese toepassings om terugwaartse vloei te verbeter.

*Slaagvoorvereistemodule:* Ondernemingsbestuur 113

*Let asseblief op:* Jy mag geen derdejaarsmodules in Logistiek en Voorsieningskettingbestuur saam met Finansiële Rekeningkunde 389 neem nie.

*Tuisdepartement: Logistiek*

### 324 (12) Logistiek en Voorsieningskettingbestuur (2L)

*Voorsieningskettingnetwerkanalise en -ontwerp:* Netwerkontwerp as deel van voorsieningskettingbeplanning; voorsieningsketting-/logistieke netwerkontwerp; benaderings tot modellering.

*Logistieke prestasie-meting en finansiële analise:* Prestasie-meting; logistieke/voorsieningsketting-prestasiemaatstawwe; normbepaling (*benchmarking*) van die voorsieningsketting; impak van logistiek op finansiële prestasie.

*Voorsieningskettingstrategie:* strategiese voorsieningskettinghulpbronne-vereistes, voorsieningskettingstrategie-implementering, veranderingsbestuur, belangegroepbestuur, geïntegreerde maatstawwe/metings.

*Voorsieningskettingrisiko:* bestuur van risiko in voorsieningskettings en besigheidskontinuiteitsbeplanning.

*Voorvereistemodule:* Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 214 of Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 244 of Inleiding tot Vervoer- en Logistieke Stelsels 144

*Let asseblief op:* Jy mag geen derdejaarsmodules in Logistiek en Voorsieningskettingbestuur saam met Finansiële Rekeningkunde 389 neem nie.

*Tuisdepartement:* Logistiek

### 344 (12) Logistiek en Voorsieningskettingbestuur (2L, 1P)

*Logistieke ontleding:* Vir beide funksionele en integrerende uitnemendheid kan 'n verskeidenheid analitiese tegnieke en ondersteuningstegnologieë aangewend word om besluite oor die kort-, medium- en langer termyn te ondersteun. Analitiese tegnieke (beskrywend en normatief) en die aanwending van tegnologie (transaksioneel teenoor analities) vorm 'n integrale deel van die ondersteuning wat besluitnemers vereis.

*Logistieke navorsing:* data insameling (kwalitatief en kwantitatief), datavoorbereiding, formulering van hipoteses en basiese statistiese toetse, met toepassings in die velde van logistiek en voorsieningskettingbestuur.

*Slaagvoorvereistemodule:* Statistiek en Datawetenskap 188 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144

*Let asseblief op:* Jy mag geen derdejaarsmodules in Logistiek en Voorsieningskettingbestuur saam met Finansiële Rekeningkunde 389 neem nie.

*Tuisdepartement:* Logistiek

### 354 (12) Logistiek en Voorsieningskettingbestuur (2L)

*Logistieke navorsing:* navorsingsontwerp, verkennende navorsingsontwerp vir sekondêre data en kwalitatiewe navorsing, opnames en waarnemings as deel van beskrywende navorsing, meting van persepsies, ontwerp van die vraelys, steekproefneming, veldwerk.

*Voorvereistemodules:*

- Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 314
- Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 324

*Let asseblief op:* Jy mag geen derdejaarsmodules in Logistiek en Voorsieningskettingbestuur saam met Finansiële Rekeningkunde 389 neem nie.)

*Tuisdepartement:* Logistiek

## 12318 Metaheuristieke

### 441 (15) Metaheuristieke (2L)

Praktiese operasionele navorsingsprobleme is dikwels te berekeningsintensief om bevredigend met behulp van eksakte metodes op te los. Hierdie module rus studente met metodes toe om in sulke gevalle na goeie in plaas van die beste oplossings te soek. Die module volg 'n praktiese, probleemgedrewe benadering. Die teorie en oplossingstegnieke (tabu-soektoegte, evolusionêre metaheuristieke, gesimuleerde tempering, mierkolonie-algoritmes en hibriede metodes) word dus vanuit verskillende probleemstellings ondersoek, behandel en toegepas.

Om vir hierdie module te registreer, moet jy in Python kan programmeer.

*Slaagvoorvereistemodule:* Operasionele Navorsing 314

*Tuisdepartement:* Logistiek

## 11907 Metodes in Operasionele Navorsing

### 441 (15) Metodes in Operasionele Navorsing (2L)

Hierdie projekgedrewe module word in samewerking met 'n aantal vennote in die industrie aangebied om jou bloot te stel aan praktiese ervaring in operasionele navorsingsmodellering. Die module word in die vorm van projekgedrewe siklusse aangebied, waarin praktiese veldbesoeke, wiskundige modellering en die mondelinge lewering van die model en bevindings, sowel as 'n geskrewe aanbieding van resultate ' sentrale rol speel.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Operasionele Navorsing 314
- Operasionele Navorsing 352
- Operasionele Navorsing 344

*Tuisdepartement: Logistiek*

## 55336 Operasionele Navorsing

### 214 (16) Netwerkoptimering (3L, 3P)

Inleiding tot netwermodellering. Heuristieke teenoor eksakte metodes, samehangendheid van gerigte en ongerigte netwerke, kortste paaie (algoritmes van Dijkstra en Floyd), langste paaie (projekskedulering), kortste spanbome (algoritmes van Kruskal en Prim), liggingsprobleme (veralgemeende senters en mediane), maksimale vloei-probleme. Toepassings met behulp van toepaslike programmatuur.

*Voorvereistemodules:*

- Wiskunde 114
- Wiskunde 144

*Tuisdepartement: Logistiek*

### 244 (16) Lineêre Programmering (3L, 3P)

Modellering met lineêre programmering (LP). Geometrie van LP, eienskappe van oplossings, fundamentele stelling van LP, simpleksalgoritme, groot M- en tweefase-metode, sensitiviteitsanalise, dualiteit en aanvullende speling, matrikspele. Nulsompele. Spesiale gevalle van die simpleksalgoritme (vervoer, deurvoer, toewysing en minimale kostevloei). Toepassings met behulp van toepaslike programmatuur.

*Voorvereistemodule: Wiskunde 114*

*Slaagvoorvereistemodule: Wiskunde 144*

*Tuisdepartement: Logistiek*

### 314 (16) Kombinatoriese Optimering (3L, 3P)

Binêre en heeltallige programmering (vertak-en-begrensmetodes, snitvlakmetodes), heuristieke ( $n$ -Opt-prosedures). Toepassings in toewysingsprobleme, kleuringsprobleme, oordekkingsprobleme en dominasieprobleme, Hamilton-grafieke (die handelsreisigersprobleem). Knapsakprobleme. Deterministiese dinamiese programmering. Toepassings met behulp van toepaslike programmatuur.

*Voorvereistemodule: Operasionele Navorsing 244*

*of*

*Slaagvoorvereistemodules: Besigheidsanalities 214 en Besigheidsanalities 244, met 'n gemiddelde finale punt van minstens 80% vir die twee saam.*

*Voorvereistemodules:*

- Wiskunde 114
- Wiskunde 144

*Tuisdepartement: Logistiek*

### 322 (16) Stogastiese Metodes van Operasionele Navorsing (3L, 3P)

Toustaanteorie (modellering van aankoms- en diensprosesse, geboorte-sterfteprosesse, enkel- en meerbedienertoue, eindige populasie, konstante dienstye, oop tounetwerke, prioriteite, chi-kwadraattoets), Markov-analise, simulاسie (kansgetalle, kontinue kansveranderlikes, Monte Carlo-simulasie, diskretekans-gebeurtenis-simulasie, analise van afvoer). Stogastiese dinamiese programmering. Toepassings met behulp van toepaslike programmatuur.

*Slaagvoorvereistemodule:* Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144 of

*Slaagvoorvereistemodules:* Besigheidsanalities 214 en Besigheidsanalities 244, met 'n gemiddelde finale punt van minstens 80% vir die twee saam.

*Voorvereistemodules:*

- Wiskunde 114
- Wiskunde 144

*Tuisdepartement:* Logistiek

### 344 (16) Optimering (3L, 3P)

Inleiding tot optimering en funksies in  $R^n$ , onbepaalde optimering (soekmetodes en gradiëntmetodes), beperkte optimering (Lagrange-vermenigvuldigers, kwadratiese programmering, skeibare optimering). Doelwitprogrammering. Toepassings met behulp van toepaslike programmatuur.

*Neuwevereistemodule:* Operasionele Navorsing 244

of

*Slaagvoorvereistemodules:* Besigheidsanalities 214 en Besigheidsanalities 244, met 'n gemiddelde finale punt van minstens 80% vir die twee saam.

*Voorvereistemodules:*

- Wiskunde 114
- Wiskunde 144

*Tuisdepartement:* Logistiek

### 352 (16) Besluitnemingsmodellering (3L, 3P)

Besluitneming: Besluitnemingsanalise-siklus, probleemstrukturering, besluitnemingskriteria, beslissings-bome, invloeddiagramme, multikriterium-besluitnemingsanalise, nutsteorie, meerdoelige nutsteorie, analitiesenetwerkproses, fuzzy modellering en optimering, besluitnemingsagteware, besluitnemingssteunstelsels.

*Slaagvoorvereistemodule:* Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144 of

*Slaagvoorvereistemodules:* Besigheidsanalities 214 en Besigheidsanalities 244, met 'n gemiddelde finale punt van minstens 80% vir die twee saam.

*Voorvereistemodules:*

- Wiskunde 114
- Wiskunde 144

*Tuisdepartement:* Logistiek

## 51993 Projekbestuur

### 314 (24) Projekbestuur (3L, 1P)

Projekbestuurbeginsels en metodologieë. Belyning tussen korporatiewe strategieë en projekte. Skedulering van projekte en take, hulpbrontoewysing, kommunikasie en kostebestuur. Bestuur van risiko en belanghebbendes en monitering van projekte en spanne. Verstaan van veranderingsbestuur, meting en evaluering van vordering van aktiwiteite op tyd en kostebasis.

*(Jy kan eers vanaf jou derde studiejaar in Ekonomiese en Bestuurswetenskappe vir hierdie module inskryf.)*

*Tuisdepartement:* Logistiek

## 14372 Stelseldinamika

### 441 (15) Stelseldinamika (2L)

Stelseldinamika is 'n simulasietegniek waarmee nie-lineêre gedrag van 'n komplekse stelsel ontleed kan word deur van voorrade, vloei en interne terugvoerlusse gebruik te maak.

In hierdie module sal jy bekendgestel word aan stelseldenke en stelselmodellering. Daar sal ook gefokus word op die modellering van verandering, positiewe en negatiewe terugvoer, S-vormige groei en ossilasie, vertraging en gladstryking, modelkalibrasie asook die belangrike komponente van validasie en verifikasie.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Operasionele Navorsing 314
- Operasionele Navorsing 352
- Operasionele Navorsing 344

*Tuisdepartement: Logistiek*

## 21008 Vervoerekonomie

### 214 (16) Inleiding tot Vervoerekonomie (3L)

Hierdie module sal jou bekendstel aan die rol en funksies van vervoer in die plaaslike, nasionale en internasionale kontekste. Vraag- en aanbodeienskappe van elke modus word ondersoek, insluitende die gebruik van nuwe vervoertegnologieë in moderne voorsieningskettings. Die rol van die regering in die vestiging, instandhouding en uitbreiding van vervoerstelsels om die volhoubaarheid en leefbaarheid van moderne stede te verbeter word ook bespreek, asook die verhouding tussen vervoerinvestering en ekonomiese ontwikkeling, sowel as die impak op grondgebruik.

*Voorvereistemodules:*

- Ekonomie 114
- Ekonomie 144

*Tuisdepartement: Logistiek*

### 244 (16) Vervoer-en-landekonomie (3L)

Hierdie module stel die konsep van grondekonomie en die verband tussen vervoer en grondgebruik binne 'n stedelike konteks bekend. Dit sal aan jou 'n groter begrip van die impak van vervoer op grondgebruik, grondprys, produkprys en industriële ligging bied. Die ekonomiese kenmerke van passasiers- en vragvraag, sowel as die prys- en kostestruktuur van stedelike vervoermodusse, word gedek. Verskillende vervoerbeleidsinstrumente en subsidiëring van stedelike passasiersvervoermodusse word bespreek.

*Voorvereistemodules:*

- Ekonomie 114
- Ekonomie 144
- Vervoerekonomie 214

*Tuisdepartement: Logistiek*

### 318 (24) Vervoerbeplanning en -evaluasië (4L)

Hierdie module is 'n toegepaste vak en die doel daarvan is om jou bekend te stel aan grond- en vervoerstelselsanalise en -modellering. Dit sluit in grond- en vervoervraagontleding en die voorspelling van passasier- en goederevervoervraag deur gebruik te maak van die vierstap-vervoermodel. Jy sal bekendgestel word aan ekonomiese evalueringstegnieke van grond- en vervoerinfrastruktuur-projekte. Die verhouding tussen vervoer en ekonomiese ontwikkeling word bespreek. Die ruimtelike verhouding tussen vervoer en grondwaardes word aangebied.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Ekonomie 114
- Ekonomie 144
- Vervoerekonomie 214
- Vervoerekonomie 244

*Tuisdepartement: Logistiek*



### **348 (24) Vervoer- Modale Ekonomie en Bestuur (4L)**

Hierdie module bespreek die operasionele omgewing van skeepvaart, lugvaart en lugvervoer omvattend. Modale koste en markstrukture vir skeepvaart, lug- en spoorvervoer word breedvoerig behandel. Die aanbod, vraag en tariewe vir skeepvaart, lug- en spoorvervoer word bespreek. Spesifieke aandag word gegee aan die vraag na hierdie vervoermiddele en die faktore wat die vraag bepaal. Die regering se belangstelling in en die regulering van die vervoermodusse en bedrywighede vir die verskillende modusse word aangebied. Die belangrikheid van skeepvaart, lug- en spoorvervoer vir internasionale handel en ekonomiese groei word in die laaste afdeling van die module bespreek.

*Slaagvoorvereistmodules:*

- Ekonomie 114
- Ekonomie 144

*Tuisdepartement: Logistiek*

## **Departement Moderne Vreemde Tale**

*Nota:* Vir meer inligting oor die modules wat deur die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe aangebied word, sien asseblief die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe se Jaarboekdeel.

### **11302 Chinees**

#### **178 (24) Inleiding tot die Chinese Taal en Kultuur (3L, 1P, 1T)**

Inleidende taalstudie, insluitende fonetiek.

Inleiding tot die kontemporêre Chinese kultuur aan die hand van temas.

*Opmerking:*

Chinees 178 word vir beginners aangebied; geen voorkennis van Chinees word vereis nie. Die module is bedoel om studente 'n basiese interkulturele kommunikasievermoë te gee. Dit poog m.a.w. om studente in staat te stel om hedendaagse Chinees in alledaagse situasies te verstaan, te praat, te lees en – in 'n mindere mate – te skryf; en wél met 'n basiese kennis van die hedendaagse leefwêreld in China.

*Tuisdepartement: Moderne Vreemde Tale*

### **26107 Duits**

#### **178 (24) Inleiding tot die Duitse Taal en Kultuur (3L, 1P, 1T)**

**Vir studente sonder Duits in graad 12.**

Inleidende taalstudie.

Inleiding tot die kontemporêre landskunde aan die hand van temas.

Studie van tekste n.a.v. hierdie temas.

*Tuisdepartement: Moderne Vreemde Tale*

#### **188 (24) Duitse Taal, Literatuur en Kultuur van die 20ste en die 21ste Eeu (3L, 1T)**

**Vir studente met Duits in graad 12.**

'n Kultuurhistoriese oorsig oor die tydperk aan die hand van temas.

Studie van tekste n.a.v. hierdie temas.

Intermediêre taalstudie.

*Tuisdepartement: Moderne Vreemde Tale*

### **13145 Frans**

#### **178 (24) Inleiding tot die Franse Taal en Kultuur (3L, 1P, 1T)**

**Vir studente sonder Frans in graad 12.**

Inleidende taalstudie.

Inleiding tot die kontemporêre Franse kultuur en Franssprekende samelewings aan die hand van temas.

Studie van eenvoudige letterkundige tekste.

*Tuisdepartement: Moderne Vreemde Tale*

## 188 (24) Intermediêre Studie van die Franse Taal, Literatuur en Kultuur (4L)

### Vir studente met Frans in graad 12.

Intermediêre taalstudie met besondere klem op woordeskatuitbreiding.

Tekste uit Frankryk en Franssprekende Afrika.

*Tuisdepartement: Moderne Vreemde Tale*

## Departement Ondernemingsbestuur

### 55344 Beleggingsbestuur

#### 254 (16) Inleiding tot Beleggingsteorie (3L, 1P)

Portefeuljteorie en bestuur; verband tussen risiko en opbrengs; hipotese van doeltreffende mark; waardasie en risiko-eienskappe van vasterentedraende effekte; beoordeling van aandelebeleggings; eienskappe van afgeleide instrumente; strategieë vir die gebruik van afgeleide instrumente; waardasie van opsies en termynkontrakte; meting en evaluasie van portefeulje-opbrengste.

*Newe vereist module: Ondernemingsbestuur 113*

*Voorvereist modules:*

- Ondernemingsbestuur 142
- Statistiek en Datawetenskap 188 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144

*Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur*

#### 314 (12) Aandele-ontleding (2L)

Teorie van waardasie; waardasie modelle en -tegnieke; praktiese implementering van waardasie modelle; waardasieveranderlikes; aandele markontleding; sektorontleding; maatskappyontleding en aandele-seleksie; tegniese ontleding; aandeleportefeulje-bestuurstrategieë.

*Voorvereist module: Beleggingsbestuur 254*

*Slaagvoorvereist module: Statistiek en Datawetenskap 188 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144*

*Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur*

#### 324 (12) Vasterentedraende Effekte (2L)

Eienskappe en oorsig van vasterentedraende instrumente en sektore; opbrengsmaatstawwe en koersspreidings; waardasies; rentekoersrisiko en -opbrengste; kredietanalise; termynstruktuur en rentekoers-dinamika; ander geselekteerde effekte.

*Voorvereist module: Beleggingsbestuur 254*

*Slaagvoorvereist module: Statistiek en Datawetenskap 188 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144*

*Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur*

#### 344 (12) Afgeleide Finansiële Instrumente (2L)

Blootstelling aan en hantering van finansiële risiko; die risikobestuurproses; die verskansingskonsep; die funksies van die tesourie en die bestuur van verhandelbare waarde; eienskappe van afgeleide finansiële instrumente; strategieë vir die gebruik van afgeleide finansiële instrumente; waardasie van opsies en termynkontrakte; basiese arbitrasiestrategieë met opsies en termynkontrakte; ruiltransaksies en vooruitkoersoreenkomste.

*Voorvereist module: Beleggingsbestuur 254*

*Slaagvoorvereist modules: Statistiek en Datawetenskap 188 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144*

*Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur*

#### 349 (12) Eiendom en Alternatiewe Beleggings (2L)

Hierdie module fokus daarop om jou voor te berei om beleggingsbesluite te neem oor eiendom en ander alternatiewe beleggings (privaat ekwiteit, skansfondse, kommoditeite, ens.). In hierdie verband val die fokus op temas soos markte en tendense; finansiële en beleggingsanalise ten opsigte van verkryging, besit en verkoop; markwaardasie metodes; tipes beleggings- en finansieringsinstrumente.

Hierdie module fokus ook op die etiese bestuur van beleggingsportefeuljes soos omvat in die etiese kode en standaard vir professionele optrede van die instituut vir geoktrooierde finansiële analiste (CFA Institute in

Engels). Dit sluit temas soos die volgende in: die verpligting van beleggingspraktisyns teenoor die profesie, werkgewers, kliënte, moontlike kliënte en die breë publiek; rapportering van historiese beleggings-opbrengste; verantwoordelike risikoneming en risikobeheer.

*Voorvereistemodules:*

- Beleggingsbestuur 254
- Finansiële Bestuur 214 of Finansiële Rekeningkunde 178 of Finansiële Rekeningkunde 188

*Slaagvoorvereistemodule:* Statistiek en Datawetenskap 188 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144

## **23795 Bemerkingsbestuur**

### **214 (16) Bemerkingsbestuur (3L, 1P)**

Moderne bemerkingsdinamika in ondernemings en die gemeenskap; bemerking en die waardeskeppings-proses; verbruikerstevredenheid deur kwaliteit en diens; strategiese bemerkingsbeplanning; ontleding van die bemerkingsomgewing; bemerkingsinligting en -navorsing; ontleding van verbruikersmarkte en ander tipes markte; meting en vooruitskatting van die vraag; marksegmentering en doelmarkkeuse; produkbesluite; prysbesluite; kanaalbesluite en plekstrategie; kommunikasiebesluite; direkte bemerking en verkoops-promosiebesluite.

*Neweveistemodules:*

- Ondernemingsbestuur 113
- Finansiële Bestuur 214, of Finansiële Rekeningkunde 278 of Finansiële Rekeningkunde 288 of Biometrie 212

*Tuisdepartement:* Ondernemingsbestuur

### **244 (16) Geïntegreerde en Digitale Bemerkingskommunikasie (3L, 1P)**

Bemerkingskommunikasie, reklame en die bemerkingsproses; die verbruikersgehoor; bemerkings-kommunikasienavorsing; werking van bemerkingskommunikasie; bemerkingskommunikasiebeplanning en strategie in tradisionele en digitale omgewings; media; mediabeplanning en -aankope; tradisionele, nuwe en digitale media; beplanning en uitvoering van kreatiewe reklameaspekte; integrasie van die elemente van bemerkingskommunikasie.

*Voorvereistemodule:* Bemerkingsbestuur 214

*Tuisdepartement:* Ondernemingsbestuur

### **314 (12) Omnikanaal Kleinhandelsbemerking (2L)**

Omnikanaal benadering tot kleinhandelstrategie en die kleinhandelmengsel; vestigingsbesluite; handelswarebesluite; prysbesluite; kommunikasiebesluite; verbruikersdienste en -inligting; tegnologie en stelsels; vergunningsooreenkomste.

*Voorvereistemodule:* Bemerkingsbestuur 214

*Tuisdepartement:* Ondernemingsbestuur

### **324 (12) Dienstebestuur (2L)**

Unieke eienskappe van dienste; aard en proses van dienslewering; verskille tussen produk- en diensevaluerings; ontwikkeling, kommunikasie en lewering van dienste; diensgehalte en die meting daarvan; die rol van diensverskaffers en die diensleweringomgewing; implementering van dienstebemerkingstrategieë.

*Voorvereistemodule:* Bemerkingsbestuur 214

*Tuisdepartement:* Ondernemingsbestuur

### **344 (12) Bemerkingsnavorsing (2L)**

Omskrywing van die bemerkingsprobleem; navorsingsontwerp; ontginnende navorsingsontwerp vir sekondêre data en kwalitatiewe navorsing; opnames en waarnemings as deel van beskrywende navorsingsontwerp; meting van persepsies; vraelysontwerp; steekproefneming; veldwerk en datavoorbereiding; formulering van hipoteses en basiese statistiese toetse.

*Voorvereistemodules:*

- Bemerkingsbestuur 214,
- Bemerkingsbestuur 244
- Statistiek en Datawetenskap 188 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144

*Tuisdepartement:* Ondernemingsbestuur

### **354 (12) Strategiese Bemarking (2L)**

Rol en toepassing van bemarking in verskillende instansies en toestande; onderneming- en bemarkingstrategie; mededingende bemarkingstrategieë; internasionale bemarkingstrategieë; die bemarkingstelsel; verbruikersmarkte en koopgedrag; institusionele markte en koopgedrag; bemarkingsbeplanningsprosesse; bemarkingskontrole.

*Voorvereistemodules:*

- Bemarkingsbestuur 214
- Bemarkingsbestuur 244

*Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur*

## **11286 Bestuur van Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid**

### **314 (12) Bestuur van Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid (2L)**

Raamwerke vir die beplanning en evaluering van die optrede van individue en organisasies in die konteks van volhoubare en sosiaal verantwoordelike aktiwiteite. Belangrike temas wat behandel word sluit in: Inleiding tot die konsepte sake-etiek en Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid (KSV); Die strategiese bestuur van verhoudinge met belanghebbendes; Vrywillige en regulatoriese invloed op KSV; KSV in 'n globale konteks; Bestuursimplikasies van spesifieke Suid-Afrikaanse KSV kwessies; Die strategiese benadering tot die bestuur van sosiaal verantwoordelike gedrag in organisasies. Integrasie van sosiaal verantwoordelike gedrag in ander bestuursdissiplines, byvoorbeeld bemarking, innovasie, finansies en beleggings.

*Voorvereistmodule: Ondernemingsbestuur 113*

*Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur*

## **58335 Entrepreneurskap en Innovasiebestuur**

### **214 (16) Inleiding tot Entrepreneurskap (4L)**

Inleiding tot die wêreld van entrepreneurskap in Suid-Afrika; drywers van entrepreneurskap; inleiding tot die identifisering van geleenthede en die ontwikkeling van idees; die ontleding van die entrepreneuriese proses; lewensvatbaarheidontledings; die bou van 'n nuwe ondernemingspan; assessering van die finansiële krag en uitvoerbaarheid van 'n nuwe onderneming; etiek en wetlike oorwegings; die finansieringsproses; die belangrikheid van intellektuele eiendom; die belangrikheid van groei; groei-strategieë; die koop van 'n bestaande besigheid.

*Neweveistmodule: Ondernemingsbestuur 113*

*Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur*

### **244 (16) Kleinsakebestuur (4L)**

Kleinsake-ontwikkeling en die aard en omvang daarvan in Suid-Afrika; belangrike rol van KMMO's in die Suid-Afrikaanse ekonomie; bestuur van entrepreneuriese geleenthede; kleinsakebemarkingsbestuur, aankopebestuur, vervaardigingsbestuur en finansiële bestuur; alternatiewe roetes tot entrepreneurskap; finansiering van geleenthede in die markomgewing; die bestuur van die groei van die kleinsake-onderneming; wetlike vereistes waaraan die kleinsake-onderneming moet voldoen; e-besigheid en die entrepreneur; die samestelling van die sakeplan met die fokus op die uitleg; verskillende elemente van die plan, balansstaat, inkomstestaat en kontantvloeistaat; breëbasis- swart ekonomiese bemagtiging en geleenthede vir KMMO's.

*Neweveistmodule: Ondernemingsbestuur 113*

*Voorvereistemodules: Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 214*

*Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur*

### **318 (24) Kreatiwiteit en Innovasiebestuur (4L)**

Die belangrikheid van tegnologiese innovasie; bronne van innovasie: kreatiwiteit en organisatoriese kreatiwiteit; omskakeling van kreatiwiteit in innovasie; tipes en patrone van innovasie; die stryd om standaarde en ontwerpdominerings; tydsbepaling van intrede; innovasie-strategieë; die beskerming van innovasie; inleiding tot die proses van nuwe produkontwikkeling.

*Voorvereistmodule: Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 214 of Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 244*

*Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur*

### **348 (24) Strategiese en Korporatiewe Entrepreneurskap (Intrapreneurskap) (4L)**

Dryfkragte in die "nuwe" ekonomie wat korporatiewe entrepreneurskap noodsaak; verband tussen entrepreneurskap en strategiese bestuur; 'n raamwerk vir entrepreneuriese strategie; die rol van entrepreneurskap in groot maatskappye en 'n ontleding van die verskille tussen entrepreneurskap en intrapreneurskap; faktore wat intrapreneurskap fasiliteer en benadeel; die ontwikkeling van 'n raamwerk vir die implementering van korporatiewe entrepreneurskap in Suid-Afrikaanse maatskappye; entrepreneuriese leierskap; die verband tussen korporatiewe entrepreneurskap en prestasie.

*Voorvereistemodule:* Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 214 of Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 244

*Tuisdepartement:* Ondernemingsbestuur

## **59765 Finansiële Beplanning**

### **314 (24) Finansiële Beplanning (4L)**

Beginsels en praktyke van finansiële beplanning; regulerende omgewing; persoonlike finansiële bestuur; die tydwaarde van geld; risikobestuur; beginsels van korttermyn- en langtermynversekering; gesondheidsorg-beplanning; beleggingsvoertuie; kliënt-risikoprofiel; die beleggingsbeplanningsproses; aftreefondse; belasting op aftreefonds-enkelbedrae; kapitaalbehoefte-ontleding by aftrede; die aftreebeplanningsproses.

*Neweveistemodule:* Finansiële Bestuur 214

*Voorvereistemodule:* Beleggingsbestuur 254

*Tuisdepartement:* Ondernemingsbestuur

### **344 (24) Finansiële Beplanning (4L)**

Boedelbelasting; huweliksreg; erfreg; wet en belasting van trusts; administrasie van boedels; skenkingsbelasting; kapitaalwinstbelasting; boedelbeplanningstrategieë en -tegnieke; sake-entiteite; besigheidsversekeringsoplossings.

*Neweveistemodule:*

- Finansiële Bestuur 214
- Finansiële Beplanning 314

*Voorvereistemodule:* Beleggingsbestuur 254

*Tuisdepartement:* Ondernemingsbestuur

## **51047 Finansiële Bestuur**

### **214 (16) Inleiding tot Finansiële Bestuur (3L, 1P)**

Samestelling van die staat van finansiële posisie, die staat van wins of verlies en die staat van kontantvloei; die meting en beoordeling van finansiële prestasie met verwysing na winsgewendheids-, likiditeits- en solvabiliteitsanalise; gevallestudies oor finansiële ontleding; inleiding tot die investeringsbesluit; die finansieringsbesluit; finansieringsbronne; die dividendbesluit; finansiële beplanning en die bestuur van bedryfsbates, met spesiale verwysing na kontant-, handelsdebiteur- en voorraadbeheer; finansiële mislukkings; internasionale finansiële bestuur.

*Neweveistemodules:*

- Ondernemingsbestuur 113
- Ondernemingsbestuur 142 of Wiskunde 114 of Wiskunde (Bio) 124

*Tuisdepartement:* Ondernemingsbestuur

### **244 (16) Korporatiewe Finansiële Bestuur (3L, 1P)**

Die evaluering en interpretasie van korporatiewe finansiële prestasie met behulp van omvattende verhoudingsgetalontledings en volhoubaarheidsoorwegings; aandeel- en skuldbriefwaardasie; bespreking van die effek van dividendbeleid op korporatiewe waardasies; die effek van finansieringsbeleid op 'n firma se waarde; die effek van gedragvoordele en heuristieke op investeringsbesluite.

*Neweveistemodule:* Finansiële Bestuur 214

*Tuisdepartement:* Ondernemingsbestuur

### **314 (12) Finansiële Beplanning en Beheer (2L)**

Standaardisasie van gepubliseerde finansiële state; herklassifisering van items uit finansiële state vir bestuursbesluitneming; toepassing van finansiële beplanningsproses met behulp van finansiële vooruit-skatting; berekening van die volhoubare groeikoers; beraming van 'n optimale kapitaalstruktuur; die toepassing van vrye kontantvloeï-waardasies; die invloed van inflasie op finansiële jaarstate.

*Newevereistemodules:*

- Finansiële Bestuur 214
- Finansiële Bestuur 244 of Beleggingsbestuur 254

*Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur*

### **332 (12) Kapitaalinvestering (2L)**

Toepassing van die volgende finansiële seleksiemaatstawwe op groot kapitaalprojekte: terugverdien-periodemetode, metode van die ekwivalente uniforme jaarlikse koste, metode van die netto teenswoordige waarde en die interne-rentabiliteitsmetode; die invloed van inflasie by die beoordeling van investeringsprojekte en die berekening van die koste van kapitaal; prioriteitsbepaling met betrekking tot meervoudige onderling uitsluitende projekte.

*Newevereistemodules:*

- Finansiële Bestuur 214
- Finansiële Bestuur 244 of Beleggingsbestuur 254

*Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur*

### **352 (12) Navorsing in Finansiële Bestuur (2L)**

Identifisering en formulering van finansiële bestuursvraagstukke en/of geleenthede; daarstelling van finansiële navorsingsdoelwitte; identifisering van toepaslike navorsingsontwerpe; toepassing van sekondêre en/of primêre navorsing; ontleding van finansiële data ten einde navorsingsdoelwitte te bereik.

*Newevereistemodules:*

- Finansiële Bestuur 214
- Finansiële Bestuur 244 of Beleggingsbestuur 254

*Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur*

### **354 (12) Amalgamasies en Oornames (2L)**

Prosesse by amalgamasies en oornames; finansiële en strategiese aspekte; teorieë; toepaslikheid van mededingings- en ander wetgewing; empiriese gegewens; hefboomuitkope; bestuursuitkope; verdedigingstrategieë; gesamentlike projekte en alliansies; ontbondeling; bestuursriglyne.

*Newevereistemodules:*

- Finansiële Bestuur 214
- Finansiële Bestuur 244 of Beleggingsbestuur 254

*Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur*

## **48550 Ondernemingsbestuur**

### **113 (12) Ondernemingsbestuur (3L, 1P)**

Prosedures vir die totstandkoming van 'n nuwe onderneming, die ondernemingsomgewing, sake-etiek, mededinging, idee-generering en entrepreneurskap, keuse van ondernemingsvorm, bepaling van gelykbreekpunt, hulpbronne en mense betrokke by die onderneming, bestuur en bestuurshulpmiddele.

*Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur*

### **142 (6) Die Beleggingsbesluit (1.5L, 1P)**

Die beleggingskringloop; rol en werking van die JSE Sekuriteitebeurs SA; beleggingsrisiko's; faktore wat aandelepryse beïnvloed; fundamentele en tegniese analise van maatskappye.

*Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur*

## 59587 Strategiese Bestuur

### 344 (12) Strategiese Bestuur (1.5L, 0.5P)

Strategiese bestuursuitdagings in komplekse omgewingsituasies; besigheidsmodelle en -strategieë; strategiese omgewingsontleding, strategiese bronne- en vermoënsontleding; strategiese rigtinggewing; strategie-ontwikkeling; kennis, innovasie en kompleksiteitsbestuur; strategie-implementering; prestasiemeting en veranderingsbestuur.

*Newe vereist module:* Ondernemingsbestuur 113 (nie van toepassing vir studente in die studierigting Boskunde nie.)

*Tuisdepartement:* Ondernemingsbestuur

## 13353 Uitruilsemester

### 342 (60) Uitruilsemester

*Hierdie module geld slegs indien jy ingeskryf is vir die volle BCom (Internasionale Besigheid)-graadprogram van die Universiteit Stellenbosch.*

Jy sal deelneem aan 'n semester by een van Universiteit Stellenbosch se vennootinstansies. Die netwerk van vennote sluit 'n wye verskeidenheid wêreldstreke in. Alle modules word vooraf goedgekeur deur die verantwoordelike departement om in te pas met die doelwitte en uitkomst van die program.

*Tuisdepartement:* Ondernemingsbestuur

## Departement Politieke Wetenskap (Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe)

*Nota:* Vir meer inligting oor die modules wat deur die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe aangebied word, sien asseblief die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe se Jaarboekdeel.

## 44687 Politieke Wetenskap

### 114 (12) Inleiding tot Politieke Wetenskap en Suid-Afrikaanse Politiek (2L, 0.5T)

Die module bied 'n inleiding tot die akademiese dissipline van Politieke Wetenskap. Dit dek belangrike konsepte, teorieë, modelle en debatte in die studieveld. Na die konseptuele en teoretiese inleiding volg 'n bespreking van die politieke ontwikkeling van, sowel as hedendaagse politiek in Suid-Afrika.

*Tuisdepartement:* Politieke Wetenskap

### 144 (12) Inleiding tot Internasionale Betrekkinge en Afrika-politiek (2L, 0.5T)

'n Oorsig van die belangrikste rolspelers, strukture en prosesse in die globale stelsel. Studente sal deeglik kennis maak met praktiese en teoretiese aspekte van die studie en ontleding van Internasionale Betrekkinge, met spesifieke klem op die Afrika-konteks.

*Tuisdepartement:* Politieke Wetenskap

### 212 (8) Politieke Gedrag (1.5L, 0.5T)

Die bestudering van hoe gesagsfigure en -instellings politieke waardes aan jongmense oordra, en hoe dit mettertyd deel van die politieke kultuur word. In sommige gevalle bevraagteken sekere mense die bestaande waardes en raak betrokke by politieke protes en geweld. Laasgenoemde verskynsels, asook verdraagsaamheid en konvensionele politieke deelname word bestudeer.

*Tuisdepartement:* Politieke Wetenskap

### 222 (8) Globale Politieke Ekonomie (1.5L, 0.5T)

Die bestudering van die dinamiese interaksie tussen politiek en ekonomie, met spesifieke fokus op die strukture van die globale politieke ekonomie (handel, finansies, produksie, kennis en sekuriteit), globale regeringsinstellings en op die spanning tussen staats- en markinstellings; perspektiewe wat aangewend word in die bestudering van die studieveld; Suid-Afrika in die globale politieke ekonomie.

*Tuisdepartement:* Politieke Wetenskap

### **242 (8) Politieke Ontwikkeling (1.5L, 0.5T)**

Die analise van die staat, ekonomie en ontwikkeling in Asië, Afrika en/of Latyns-Amerika gebaseer op gevallestudies en vergelykende temas.

*Tuisdepartement: Politieke Wetenskap*

### **252 (8) Buitelandse Beleidsanalise (1.5L, 0.5T)**

Bied 'n inleiding en oorsig tot die doel en ontwikkeling van buitelandse beleid, buitelandse beleidsanalise, die interaksie met binnelandse beleidskwessies, die rol van verskillende akteurs in buitelandse beleid en die impak wat kwessies op streeks- en globale vlak op buitelandse beleid het, met spesifieke verwysing na Suid-Afrika en/of ander state of streke.

*Tuisdepartement: Politieke Wetenskap*

### **324 (12) Vergelykende Politiek (2L, 0.5T)**

Teorieë wat betrekking het op die vergelyking van politieke-ekonomiese stelsels. Hedendaagse tendense in Afrika en ander streke. Patrone van demokratisering en verkiesingspolitiek.

*Tuisdepartement: Politieke Wetenskap*

## **Departement Privaatreg (Fakulteit Regsgeleerdheid)**

*Nota:* Vir meer inligting oor die modules wat deur die Fakulteit Regsgeleerdheid aangebied word, sien asseblief die Fakulteit Regsgeleerdheid se Jaarboekdeel.

## **Departement Publiekreg (Fakulteit Regsgeleerdheid)**

*Nota:* Vir meer inligting oor die modules wat deur die Fakulteit Regsgeleerdheid aangebied word, sien asseblief die Fakulteit Regsgeleerdheid se Jaarboekdeel.

## **Departement Sielkunde (Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe)**

*Nota:* Vir meer inligting oor die modules wat deur die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe aangebied word, sien asseblief die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe se Jaarboekdeel.

### **18414 Sielkunde**

#### **114 (12) Sielkunde as Wetenskap (2L, 1T)**

Hierdie module bied 'n breë oorsig van die sielkunde as 'n wetenskap en 'n professie, met spesifieke klem op sielkundige kwessies wat pertinent is vir die Suid-Afrikaanse konteks. Sielkunde word geposisioneer by die sameloop van 'n aantal tradisies van navorsing en praktyk, insluitende biologiese, filosofiese en pragmatiese tradisies. Hierdie inleidende module verskaf aan studente 'n basis vanwaar verdere studie van die dissipline benader kan word.

*Tuisdepartement: Sielkunde*

#### **144 (12) Sielkunde in Konteks (2L, 1T)**

In hierdie module word die basiese beginsels in Sielkunde toegepas ten einde die persoon in konteks te verstaan, met spesifieke verwysing na kern- sosiale kwessies en uitdagings in die Suid-Afrikaanse samelewing.

*Tuisdepartement: Sielkunde*

#### **213 (8) Benaderings tot Sielkundige Teorieë oor die Persoon (1.5L)**

In hierdie module word sielkundige teorieë oor en beskouings van die persoon aangespreek, met verwysing na belangrike hedendaagse benaderings. Van hierdie teorieë kan sistemiese, psigodinamiese, gedrags-, kognitiewe en eksistensiële komponente insluit, met inagneming van die toepaslikheid van sielkundige teorieë vir kontekste in Afrika.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Sielkunde 114
- Sielkunde 144

*Tuisdepartement: Sielkunde*



### **223 (8) Menslike Ontwikkeling in Konteks (1.5L)**

In hierdie module word menslike ontwikkeling bestudeer, met spesifieke verwysing na die Suid-Afrikaanse konteks.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Sielkunde 114
- Sielkunde 144

*Tuisdepartement: Sielkunde*

### **243 (8) Navorsingsontwerp in die Sielkunde (1.5L)**

Hierdie module sal studente toerus met die kennis en vaardighede om wetenskaplike literatuur in die sielkunde te kan evalueer. Die module dek die teoretiese kernelemente van beide kwantitatiewe- en kwalitatiewe navorsingsmetodologie en maak gebruik van voorbeelde uit huidige psigososiale kwessies.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Sielkunde 114
- Sielkunde 144

*Tuisdepartement: Sielkunde*

### **253 (8) Data-ontleding in die Sielkunde (1.5L)**

Hierdie module fokus op statistiese metodes wat algemeen gebruik word in sielkundige navorsing. Die module sal studente toerus met die kennis en vaardighede om kwantitatiewe data te ontleed en statistiese resultate te interpreteer.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Sielkunde 114
- Sielkunde 144

*Tuisdepartement: Sielkunde*

### **314 (12) Psigopatologie (4L)**

In hierdie module word abnormale gedrag vanuit verskillende perspektiewe en klassifikasiesisteme, met spesifieke verwysing na die geestesgesondheidskonteks in Suid-Afrika, bestudeer.

*Drie van die volgende slaagvoorvereistemodules:* Sielkunde 213, Sielkunde 223, Sielkunde 243, Sielkunde 253

*Tuisdepartement: Sielkunde*

### **324 (12) Sosiale Sielkunde (4L)**

Hierdie module behandel teoretiese en metodologiese ontwikkelinge in die hedendaagse sosiale sielkunde en ondersoek sosiale verhoudings en identiteit in die lig van sosiale kategorieë soos geslag, ras, etnisiteit en seksuele oriëntasie, met klem op die Suid-Afrikaanse konteks.

*Drie van die volgende slaagvoorvereistemodules:* Sielkunde 213, Sielkunde 223, Sielkunde 243, Sielkunde 253

*Tuisdepartement: Sielkunde*

### **348 (24) Sielkundige Intervensies (4L)**

Sielkundiges werk binne verskeie kontekste, vanaf individuele psigoterapieë tot gemeenskapsintervensies. In hierdie module word die beginsels onderliggend aan die bydraes wat sielkundiges tot menslike gesondheid maak, ontwikkeling en individuele sowel as kollektiewe welsyn krities bespreek, met spesifieke verwysing na die hedendaagse Suid-Afrikaanse gesondheids- en geestesgesondheidskonteks.

*Drie van die volgende slaagvoorvereistemodules:* Sielkunde 213, Sielkunde 223, Sielkunde 243, Sielkunde 253

*Tuisdepartement: Sielkunde*

## **Departement Sosiologie en Sosiale Antropologie (Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe)**

*Nota:* Vir meer inligting oor die modules wat deur die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe aangebied word, sien asseblief die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe se Jaarboekdeel.

### **19003 Sosiologie**

#### **114 (12) Inleiding tot Sosiologie en Sosiale Antropologie (3L)**

Inleiding tot konseptuele en teoretiese temas in Sosiologie en Sosiale Antropologie, met inbegrip van besprekings rondom sosiale ongelykheid, sosiale stratifikasie, kultuur, identiteit (insluitende gender, "ras" en etnisiteit), sosialisering, en ouderdom in die konteks van 'n lewensloopperspektief.

Hierdie temas word in sosiale teorie en metodologiese benaderings van die sosiale wetenskappe gefundeer.

*Tuisdepartement: Sosiologie en Sosiale Antropologie*

#### **144 (12) Sosiale kwessies in Suid-Afrika (3L)**

'n Seleksie van sosiale vraagstukke wat die kompleksiteit van die eietydse Suid-Afrikaanse samelewing reflekteer. Voorbeelde van temas sluit in: sosiale verandering; armoede en ontwikkeling; sosiale instellings soos die gesin, onderwys en religie; misdaad en sekuriteit; gesondheid, die liggaam en MIV/VIGS; politieke en ekonomiese verhoudings.

*Tuisdepartement: Sosiologie en Sosiale Antropologie*

#### **212 (8) Armoede, Ontwikkeling en die Omgewing (1.5L, 0.5T)**

Debatte oor die oorsake en betekenis van armoede, ongelykheid en ontwikkeling; kritiese denke oor onderontwikkeling en "volhoubare ontwikkeling" en die omgewing.

*Tuisdepartement: Sosiologie en Sosiale Antropologie*

#### **222 (8) Sosiale Identiteite en Ongelykhede (1.5L, 0.5T)**

Sosiologiese begrippe van die interseksie van ras, gender, seksualiteit, klas en ouderdom as bronne van identifikasie, dimensies van mag en ongelykheid in Suid-Afrika en elders.

*Tuisdepartement: Sosiologie en Sosiale Antropologie*

#### **242 (8) Sosiologie van Kommunikasie (1.5L, 0.5T)**

'n Inleiding tot kommunikasie en media as 'n breë domein van ondersoek; die sosiale implikasies van inligting- en kommunikasietegnologieë; die internet- en netwerksamelewings; die besondere rol wat digitale tegnologieë speel in die bemiddeling van idees oor sosiale organisasie, van die plaaslike tot die wêreldwye.

*Tuisdepartement: Sosiologie en Sosiale Antropologie*

#### **252 (8) Bedryfsosiologie (1.5L, 0.5T)**

Sentrale konsepte, temas en debatte binne die veld van bedryfsosiologie, insluitend die assessering van hoe werk verander het in verskillende eras, verskillende interpretasies van werk en die impak van globalisering op die transformasie van werk, werkplekherstrukturering, werkspraktyke, vakbonde en ook die bestuur van konflik in die Suid-Afrikaanse werkplek.

*Tuisdepartement: Sosiologie en Sosiale Antropologie*

### **54186 Sosiale Antropologie**

#### **324 (12) Kultuur, Mag en Identiteit (2L, 0.5T)**

Nasiebou en etnisiteit. Assimilasie, pluralisme, multikulturalisme in vergelykende perspektief. Globale ongelykhede en menseregte. Verskil en diversiteit in die burgerlike samelewing.

*Newevereistemodules:* Sosiologie 1 en Sosiale Antropologie 2 is newevereistes vir die volg van Sosiale Antropologie 3 as 'n hoofvak.

*Tuisdepartement: Sosiologie en Sosiale Antropologie*

## Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap

### 43214 Aktuariële Wetenskap

#### 112 (8) Renterekening (2L, 1T)

Enkelvoudige en saamgestelde rente; rente-intensiteit; slotbedrag, teenswoordige waarde en diskonto; akkumulering en verdiskontering van geldbedrae; verskillende tipes annuïteite en toepassings.

*Opmerkings:*

- Hierdie module is meer intensief as Renterekening 152.
- Vir toelating tot die module moet jy graad 12-wiskunde geslaag het met 'n punt van ten minste 70% (simbool 6 (of Hoër Graad B)).
- Jy word verplig om ten minste 80% van alle toegewysde klaswerk/tutoriale te voltooi. In die geval waar hierdie vereiste nie nagekom word nie, sal jy die module sak.

*Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap*

#### 142 (16) Inleiding tot Aktuariële Wetenskap (3L, 1T)

Wiskundige aktuariële metodes en modelle, beginsels van lewensgebeurlikhede, lewensversekering, algemene versekering en beleggings, werknemersvoordele, gesondheidsorgfinansiering en nuwe tendense met spesiale verwysing na die Suid-Afrikaanse versekeringsbedryf. Aktuariële professionalisme en etiek.

*Opmerking:*

Jy sal verplig word om ten minste 80% van alle toegewysde klaswerk/tutoriale te voltooi. In die geval waar hierdie vereiste nie nagekom word nie, sal jy die module sak.

*Slaagvoorvereistemodule:*

- Wiskunde 114 met 'n finale punt van minstens 60%
- Aktuariële Wetenskap 112

*Neuwevoorvereistemodule:* Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144

*Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap*

#### 211 (18) Finansiële Wiskunde (4L)

Basiese begrippe van finansiële wetenskap, saamgestelde rentefunksies, verdiskonteerde kontantvloei, waardebevestiging van lenings en ander sekuriteite, annuïteite, asook die gebruik van MS Excel om berekeninge uit te voer.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Aktuariële Wetenskap 112
- Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144 met 'n finale punt van minstens 65%
- Wiskunde 114 en Wiskunde 144, met 'n gemiddelde finale punt van minstens 60% vir die twee saam, of Wiskunde 214 met 'n finale punt van minstens 55%

*Neuwevereistemodules:*

- Wiskundige Statistiek 214
- Wiskunde 214

*Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap*

#### 241 (22) Aktuariële Modelle (5L)

Oorlewingsmodelle en hulle toepassing in aktuariële werk, insluitende die gebruik van rekenaar sagteware om berekeninge uit te voer.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Aktuariële Wetenskap 112
- Aktuariële Wetenskap 211
- Wiskundige Statistiek 214
- Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144 met 'n finale punt van minstens 65%
- Wiskunde 114 en Wiskunde 144, met 'n gemiddelde finale punt van minstens 60% vir die twee saam, of Wiskunde 214 met 'n finale punt van minstens 55%
- Wiskunde 214

*Neuwevereistemodules:*

- Aktuariële Wetenskap 142
- Wiskundige Statistiek 245
- Wiskundige Statistiek 246
- Wiskunde 244

*Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap*

### 311 (24) Aktuariële Statistiek (5L)

Wiskundige en statistiese tegnieke van besondere belang in aktuariële werk, ingesluit die gebruik van rekenaarsagteware om berekeninge uit te voer.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Aktuariële Wetenskap 112
- Aktuariële Wetenskap 142
- Aktuariële Wetenskap 211
- Aktuariële Wetenskap 241
- Wiskundige Statistiek 214
- Wiskundige Statistiek 245
- Wiskundige Statistiek 246
- Wiskunde 214
- Wiskunde 244

*Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap*

### 341 (24) Gebeurlikhede (5L)

Wiskundige tegnieke wat gebruik word vir modellering en waardering van kontantvloei afhanklik van dood, oorlewing of ander onseker risiko's, ingesluit die gebruik van rekenaarsagteware om berekeninge uit te voer.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Aktuariële Wetenskap 112
- Aktuariële Wetenskap 142
- Aktuariële Wetenskap 211
- Aktuariële Wetenskap 241
- Wiskundige Statistiek 214
- Wiskundige Statistiek 245
- Wiskundige Statistiek 246
- Wiskunde 214
- Wiskunde 244

*Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap*

### 371 (32) Finansiële Ingenieurswese (4L)

Stogastiese bate-lastemodellering en die waardering van finansiële afgeleide instrumente, ingesluit die gebruik van rekenaarsagteware om berekeninge uit te voer.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Aktuariële Wetenskap 112
- Aktuariële Wetenskap 142
- Aktuariële Wetenskap 211
- Aktuariële Wetenskap 241
- Wiskundige Statistiek 214
- Wiskundige Statistiek 245
- Wiskundige Statistiek 246
- Wiskunde 214
- Wiskunde 244

*Newevereistes:*

- Aktuariële Wetenskap 311
- Wiskundige Statistiek 312
- Wiskundige Statistiek 316
- Wiskundige Statistiek 344
- Wiskundige Statistiek 364

*Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap*

## 10394 Bayes-statistiek

### 441 (16) Bayes-statistiek (2L)

Met hierdie kursus is die doel om 'n Bayesiaanse benadering tot statistiese modellering aan te bied. Die basiese beginsels van Bayesiaanse statistiek sal bekendgestel word, asook die gebruik van Monte Carlo-metodes om posteriori-verdelings en die gepaardgaande hoeveelhede daarvan te beraam. Verskeie statistiese leeronderwerpe oor regressie en klassifikasie (insluitende logistiese regressie, nuwe klassifikasie, lineêre regressie, modelkeuse en veranderlike seleksietegnieke soos rif en lasso) sal vanuit 'n Bayesiaanse perspektief benader word en vergelyk word met hul frekwentistiese eweknieë. Die kursus sal sodoende verskeie voordele van die Bayesiaanse benadering illustreer.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Wiskundige Statistiek 312
- Wiskundige Statistiek 316
- Wiskundige Statistiek 344
- Wiskundige Statistiek 364

*Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap*

## 14026 Datawetenskap

### 141 (16) Datawetenskap (4L, 2P)

Fundamentele datawetenskap-konsepte; data-analitiese denke; tipes data; die datasiklus; CRISP-data-ontginningsproses; numeriese beskrywing van 'n datastel; grafiese beskrywing van 'n datastel; organisasie van data; dataformate; datamanipulasie in R-sagteware; inleiding tot voorspellende modellering; oorspanning; data-lekkasie; model-evaluering; ander datawetenskaptake en -tegnieke; data-etiek; kommunikasie van resultate.

*Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap*

### 241 (16) Datawetenskap (4L, 2P)

Inleiding tot Python; Python-instruksies en -sisteme; programmeringstrukture; databronne; dataversameling; optimering; hersteekproefneming en die skoelus; nuwe Bayes-klassifikasie; toepassing van lineêre modelle; data-etiek.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Datawetenskap 141
- Wiskundige Statistiek 214 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144 met 'n finale punt van minstens 60%

*Voorvereistemodule: Wiskundige Statistiek 214*

*Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap*

### 316 (16) Datawetenskap (4L, 2P)

In hierdie module word benaderings tot masjienleer onder toesig en masjienleer sonder toesig bespreek.

Leer onder toesig gebruik gemerkte datastelle en kan in twee tipes probleme verdeel word, naamlik klassifikasie en regressie. Klassifikasieprobleme kan opgelos word deur 'n meer veranderlike tegniek, naamlik diskriminantanalise, wat twee of meer groepe waarnemings, gebaseer op veranderlikes wat op elke steekproefeenheid gemeet word, onderskei. Nog 'n effektiewe klassifikasie-algoritme wat gebruik kan word om tussen twee of meer groepe te onderskei, is die nuwe Bayes-klassifiseerder. Om die klassifikasie-akkuraatheid van hierdie tegnieke te meet, word kruisvalidasie en prosedures vir skoelussteekproefneming ook bespreek. In regressieprobleme word die verband tussen afhanklike en onafhanklike veranderlikes ondersoek. Gewilde regressie-algoritmes is gereguleerde regressie, hoofkomponent-regressie en gedeeltelike kleinste-kwadrateregressie. Vir klassifikasie- en regressieprobleme kan boomgebaseerde metodes, soos ewekansige woude en versterking ("boosting"), ook as modelleringstegnieke toegepas word.

Leer-sonder-toesig gebruik ongemerkte datastelle en word geassosieer met take in groepering en dimensievermindering. Groepering word gedoen op grond van 'n ooreenkomstige maatstaf om data-objekte saam te groepeer. Moderne groeperingstegnieke soos k-gemiddelde, Gaussiese gemengde modelle en spektrale groepering word bespreek. Dimensievermindering is die statistiese tegniek om die aantal ewekansige veranderlikes in 'n probleem te verminder deur 'n stel hoofkomponentveranderlikes te verkry. In besonder word hoofkomponentanalise en onafhanklike komponentanalise bespreek.

*Slaagvoorvereistemodule: Datawetenskap 241*

*Nuwevoorvereistemodule: Wiskundige Statistiek 312*

*Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap*

### 346 (16) Datawetenskap (4L, 2P)

In hierdie module word groot data en diep-leer bespreek.

Groot data verwys na data wat so groot, vinnig of kompleks is dat dit moeilik of onmoontlik is om met tradisionele metodes te verwerk. Die uitdagings van grootdata-analise sluit in die vaslê, berg, soek, deel, oordra, voorstel en opdateer van databronne.

Ook wolkrekenaar Dienste word gebruik om groot data te bestuur. Wolkberekening behels die onmiddellike beskikbaarheid van rekenaarstelsel hulpbronne, veral wat betref databerging en rekenaar krag, sonder direkte aktiewe bestuur deur die gebruiker.

Natuurliketaalverwerking, 'n subveld van taalwetenskap, rekenaarwetenskap en kunsmatige intelligensie, word ook op groot data gedoen. Natuurliketaalverwerking is gemoeid met die interaksies tussen rekenars en menslike taal, veral hoe om rekenars te programmeer om groot hoeveelhede natuurliketaaldata te verwerk en te ontleed sodat die rekenaar outomaties herhalende take kan verrig.

Neurale netwerke is 'n onderafdeling van masjienleer en is die kern van diep-leer-algoritmes. Neurale netwerke maak staat op leer-data om die akkuraatheid van die netwerk mettertyd te verbeter. Sodra die netwerkkakuraatheid met behulp van terugpropagasie ingestel is, word dit gebruik as 'n kragtige instrument om data teen 'n hoë snelheid te klassifiseer en te groepeer.

*Voorvereistemodules:*

- Datawetenskap 316 of Datawetenskap 344
- Wiskundige Statistiek 312

*Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap*

## 14697 Datawetenskapnavorsing in Statistiese Leer

### 471 (40) Datawetenskap-navorsingswerkstuk

Die navorsingswerkstuk bied jou 'n omvattende leerervaring wat kennis van voorafgaande modules integreer. Jy sal kennis en ervarings wat jy in vorige modules opgedoen het integreer en dit toepas in 'n dataryke navorsingsonderwerp. Jy sal die geleentheid kry om jou vorige kennis te sintetiseer en om nuwe, komplekse probleme op te los. Jy sal deelneem aan die hele proses om 'n praktiese datawetenskap-probleem op te los; dit behels data-insameling en prosessering, analitiese ontleding en kommunikasie van bevindinge op 'n duidelike en verstaanbare manier.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Wiskundige Statistiek 312
- Wiskundige Statistiek 316
- Wiskundige Statistiek 344
- Wiskundige Statistiek 364
- Datawetenskap 346

*Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap*

## 54690 Finansiële Risikobestuur

Finansiële Risikobestuur 274(24) is sedert 2020 deur Aktuariële Wetenskap 211(18), in die eerste semester, en Finansiële Risikobestuur 252(6), in die tweede semester, vervang.

### 212 (8) Institusionele Beleggingsbestuur (3L, 2P)

Evaluering van die beleggingseienskappe van en bestudering van wiskundige metodologie onderliggend aan die volgende finansiële bateklasse: staatseffekte, korporatiewe skuld, aandele, eiendomme, indeks-gekoppelde staatseffekte, buitelandse beleggings. Suid-Afrikaanse beleggingsmark. Laste en risikoprofiel van die volgende institusionele beleggers: banke, pensioenfondse, effektrusts, beleggingstrusts.

Korporatiewe finansiering: Finansiële instrumente om finansiering te genereer en finansiële risiko te bestuur.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Aktuariële Wetenskap 112
- Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144
- Wiskunde 114
- Wiskunde 144

*Neuwevereistemodule:*

- Wiskundige Statistiek 214

*Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap*

## 242 (8) Afgeleide Instrumente (3L, 2P)

Inleiding tot afgeleide instrumente met klem op wiskundige onderbou, meganika van termynkontrak- en opsiemarkte, prysing van vooruit- en termynkontrakte, verskansingstrategieë met afgeleide instrumente, rentekoersmarkte, ruiltransaksies (*swaps*), eienskappe van aandele-opsies, verhandelingstrategieë met opsies.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Aktuariële Wetenskap 112
- Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144
- Wiskunde 114
- Wiskunde 144

*Voorvereistemodule:* Finansiële Risikobestuur 212

*Neweveistemodules:*

- Wiskundige Statistiek 214
- Wiskundige Statistiek 245
- Wiskundige Statistiek 246

*Tuisdepartement:* Statistiek en Aktuariële Wetenskap

## 252 (6) Finansiële Wiskundige Statistiek (3L)

Analise van finansiële opbrengste, hoofkomponente, risikofaktor-sensitiwiteit en kontantvloei-afbeelding. Inleiding tot programmering.

*Opmerking:*

Studente word verplig om ten minste 80% van alle toegewysde klaswerk/tutoriale te voltooi. In die geval waar hierdie vereiste nie nagekom word nie, sal die student die module sak.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Aktuariële Wetenskap 112
- Wiskunde 114
- Wiskunde 144
- Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144

*Neweveistemodules:*

- Finansiële Risikobestuur 242
- Wiskunde 214
- Wiskundige Statistiek 214

*Tuisdepartement:* Statistiek en Aktuariële Wetenskap

## 314 (24) Finansiële Wiskundige Statistiek (4L, 2T)

Binomiaalbome; statistiese modellering van aandelepryse; wiskundig-statistiese herleiding van Black-Scholes-model en toepassings daarvan; opsies op aandele-indekse, valuta en termynkontrakte; Griekse letters; waarde op risiko; numeriese prosedures om afgeleide instrumente te waardeer; eksotiese opsies.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Finansiële Risikobestuur 212
- Finansiële Risikobestuur 242
- Wiskunde 214
- Wiskundige Statistiek 214

*Tuisdepartement:* Statistiek en Aktuariële Wetenskap

## 344 (24) Moderne Portefeuljeteorie (4L, 2T)

Gemiddeldevariansie-portefeuljeteorie: risiko van portefeulje, bepaling van doeltreffende portefeuljes, tegnieke vir die berekening van die doeltreffende grens. Portefeuljeseleksieproses: enkel- en multi-indeksmodelle, utiliteitsanalise. Ekwilibrummodelle in die kapitaalmark: standaard-kapitaalpryswaardemodel, nie-standaardvorme van kapitaalpryswaardemodelle, empiriese toetsing van ewilibrummodelle.

*Neweveistemodule:* Finansiële Risikobestuur 314

*Tuisdepartement:* Statistiek en Aktuariële Wetenskap

## 59498 Ingenieurstatistiek

### 314 (15) Ingenieurstatistiek (3L, 2.5T)

Toegepaste waarskynlikheidsleer; toepassings gebaseer op diskrete en kontinue variante en hulle waarskynlikheidsverdelings waaronder die normaal-, gamma-, lognormaal-, log-Pearson-tipe 3 (LP3)-, Gumbel (EV1)-verdelings; wagtydprosesse; gesamentlike verdelings; beskrywende statistiek en grafiese voorstellings; momente, gemiddeldes, mediaan en standaardafwykings; momentvoortbringende funksies; variasiekoëffisiënt, skeefheidskoëffisiënt, spitsheidskoëffisiënt; steekproefteorie; punt- en intervalberaming; hipotesetoetsing; chi-kwadraat- en K-S-pasgehaltetoetse; eenvoudige lineêre en nie-lineêre regressie- en korrelasie-analise; inleiding tot meervoudige lineêre regressie; inleiding tot analise van variansie en eksperimentele ontwerp.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Ingenieurswiskunde 115
- Ingenieurswiskunde 145

*Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap*

## 14289 Inleiding tot Statistiese Leerteorie

### 441 (12) Inleiding tot Statistiese Leerteorie (2L)

Doelwitte en inhoud: Statistiese leerteorie is 'n versamelnaam vir 'n verskeidenheid tegnieke wat gebruik kan word vir die identifisering, beskrywing en modellering van patrone en tendense in datastelle. Sommige van hierdie tegnieke is reeds lank deel van tradisionele statistiek, byvoorbeeld regressie- en diskriminantanalise, terwyl ander hul ontstaan te danke het aan die geredelike beskikbaarheid van rekenkrag. Voorbeelde van laasgenoemde is ondersteuningsvektor-algoritmes, neurale netwerke en aanbevelingstelsels, wat almal in die module bespreek word. Die module bied 'n balans tussen 'n studie van sulke spesifieke metodes aan die een kant, en die onderliggende fundamentele konsepte aan die ander kant. Regulering, optimalisering en die hoëdimensieprobleem, asook metodes om hierdie probleem aan te spreek, is belangrike konsepte wat deurgaans beklemtoon word.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Wiskundige Statistiek 312
- Datawetenskap 346 of Datawetenskap 314

*Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap*

## 14373 Meerveranderlike Statistiese Analise A

### 441 (16) Meerveranderlike Statistiese Analise A (3L)

Die doel van die module is om jou in die teoretiese basis en praktiese toepassing van meerveranderlike statistiek te onderrig. Verskeie aspekte van meerveranderlike statistiek word bespreek. Jy sal die wiskundige teorie onderliggend aan meerveranderlike statistiek leer, en die toepassing van hierdie statistieke. Die gevolg van die aannames wat ter sprake is by meerveranderlike statistiek word ook bespreek. In die besonder word die volgende onderwerpe bestudeer: die karakterisering en voorstelling van meerveranderlike data; matriksalgebra en stogastiese vektore; die meerveranderlike normaalverdeling; inferensie omtrent die meerveranderlike populasiegemiddeldevektor.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Wiskundige Statistiek 312
- Wiskundige Statistiek 316
- Wiskundige Statistiek 344
- Wiskundige Statistiek 364

*Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap*



## 14374 Meerveranderlike Statistiese Analise B

### 441 (16) Meerveranderlike Statistiese Analise B (3L)

Die doel van die module is om jou die kundigheid te leer om met vertroue die korrekte gevolgtrekking te maak wanneer meerveranderlike data geanaliseer word. Jy sal die teorie en toepassings bestudeer van die volgende meerveranderlike statistiese tegnieke: Meerveranderlike analise van variansie (MANOVA), Meerveranderlike meervoudige regressie analise, Hoofkomponent analise, Faktor analise, Kanoniese korrelasie analise, Diskriminant en klassifikasie analise, Tros-analise, Afstand en Ordinasie metodes. Toepassings op meerveranderlike datastelle met behulp van die SAS en R sagteware.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Wiskundige Statistiek 312,
- Wiskundige Statistiek 316
- Wiskundige Statistiek 344
- Wiskundige Statistiek 364
- Meerveranderlike Statistiese Analise A 441

*Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap*

## 38784 Renterekening

### 152 (6) Renterekening (2L, 1T)

Enkelvoudige en saamgestelde rente; rente-intensiteit; slotbedrag, teenswoordige waarde en diskonto; akkumulering en verdiskontering van geldbedrae; verskillende tipes annuïteite en toepassings.

*Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap*

## 19658 Statistiek

*Neem kennis:*

Om Statistiek as hoofvak in 'n BCom graad te neem, moet die volgende modules geneem word: Statistiek en Datawetenskap 188, Statistiek 214, 224, 244 en Statistiek 318, 348.

### 214 (16) Toegepaste Statistiek (3L, 2T)

*Beskrywende statistiek:* Verskillende datatipes; frekwensieverdelings; gebeurlikheidstabelle; grafiese voorstelling van verskillende datatipes; maatstawwe van lokaliteit en spreiding; houer-en-puntdiagram.

*Diskrete stogastiese veranderlikes en waarskynlikheidsverdelings:* Verwagte waarde, variansie en standaardafwyking van 'n diskrete stogastiese veranderlike; korrelasie tussen twee diskrete stogastiese veranderlikes; gesamentlike-, rand- en voorwaardelike verdelings; verdeling van die som van veranderlikes; binomiaal- en Poissonverdelings.

*Kontinue stogastiese veranderlikes en waarskynlikheidsverdelings:* Verwagte waarde, variansie en standaardafwyking van 'n kontinue stogastiese veranderlike;

*Verdelings:* Uniform, normaal, eksponensiaal, gamma, t, F, chi-kwadraat en beta.

*Steekproefverdelings:* Die sentrale limietstelling; steekproefverdelings van een gemiddelde, een proporsie en een variansie; steekproefverdelings van die verskil tussen twee gemiddeldes en die verskil tussen twee proporsies. steekproefverdelings van die verhouding van twee variansies.

*Inferensiële statistiek:* Intervalberaming en hipotesetoetsing van een gemiddelde, een proporsie en een variansie; intervalberaming en hipotesetoetsing van die verskil tussen twee gemiddeldes, verskil tussen twee proporsies en die verhouding van twee variansies; konsep en berekening van p-waardes in bogenoemde gevalle; bepaling van steekproefgroottes; berekening van onderskeidingsvermoë en die effek van steekproefgrootte daarop.

*Kategorieese data-analise:* Hipotesetoetsing vir die verskil tussen twee of meer proporsies; toetse vir onafhanklikheid; die passingsgehaltetoets.

*Opmerking:*

Toepassing van statistiese tegnieke met behulp van Microsoft® Excel word deurgaans beklemtoon.

*Slaagvoorvereistemodules:* Statistiek en Datawetenskap 188 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144

*Neweveistmodule:* Statistiek 224 (As jy Wiskunde 114 of Wiskunde 144 of Ingenieurswiskunde 115 of Ingenieurswiskunde 145 geslaag het, kry jy vrystelling van hierdie vereiste.)

*Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap*

## 224 (16) Statistiese Teorie en Praktyk (3L, 2T)

*Hantering van datastelle:* Data-vektore en data-matrikse; verskillende datatipes en die uitwerking wat dit op die keuse van toepaslike statistiese tegnieke het; manipulasies met data-vektore en data-matrikse; berekening van eenvoudige statistiese maatstawwe in terme van vektore en matrikse; die R-programmeringstaal; inlees van data in R; vektor- en matriksbewerkings in R ten einde statistiese maatstawwe te bereken; determinant en eiewaardes van 'n vierkantige matriks en statistiese toepassings daarvan.

*Momentvoortbringende funksies en toepassings daarvan:* Die momente van 'n stogastiese veranderlike; berekening en interpretasie van diskrete en kontinue momente deur sommasie en integrasie; die eksponensiële funksie en eenvoudige eienskappe daarvan; die momentvoortbringende funksie; belangrike verdelings se momentvoortbringende funksies; verkryging van momente uit 'n momentvoortbringende funksie deur differensiasie en met behulp van 'n reeksontwikkeling; grafiese voorstellings van waarskynlikheidsverdelings in R (die *denstrip*-pakket).

*Transformasies:* Die logaritmiëse en die vierkantsworteltransformasies en die gebruik en uitwerking daarvan in data-ontleding.

*Optimering in statistiek:* Bepaling van die maksimum en die minimum van 'n funksie van een veranderlike met behulp van differensiasie; die metode van kleinste kwadrate; die metode van maksimumaanneemlikheid (in breë trekke); Lagrange-vermenigvuldigers.

*Slaagvoorvereistemodules:* Statistiek en Datawetenskap 188

*Tuisdepartement:* Statistiek en Aktuariële Wetenskap

## 244 (16) Statistiese Inferensie (3L, 2T)

*Steekproefnemingstegnieke:* Eenvoudig ewekansig; gestratifiseerd; sistematies; tros; waarskynlikheid eweredig aan grootte.

*Eienskappe van beramers:* Onsydigheid; doeltreffendheid; konsekwentheid; genoegsaamheid; robuustheid.

*Beramingsmetodes:* Maksimumaanneemlikheidsberaming en optimalisering van lineêre modelle.

*Eenvoudige lineêre regressie analise:* Die eenvoudige lineêre regressiemodel; metode van kleinste-kwadrate-beraming; inferensie omtrent die parameters van die model en die korrelasiekoëffisiënt; residu-analise; voorspellings- en vertrouensintervalle.

*Meervoudige lineêre regressieanalise:* Die meervoudige lineêre regressiemodel; residu-analise; inferensie omtrent die parameters van die model; regressiemodelle met skynveranderlikes en interaksiet terme; polinomiëse regressie; transformasies; kolineariteit; veranderlike seleksie.

*Lineêre modelle vir klassifikasie:* Beramingsmetodes, inferensie omtrent die parameters van die model; evaluering van modelprestasie; voorspellings- en vertrouensintervalle.

*Analise van variansie:* Een- en twee-faktor-ANOVA; veelvuldige vergelykingstoetse.

*Nie-parametriëse tegnieke vir analise van variansie:* Wilcoxon se rangsomtoets; Tekentoets; Wilcoxon se tekenrangtoets; Kruskal-Wallis se toets.

### *Opmerking:*

Toepassing van statistiese tegnieke met behulp van Microsoft® Excel en R word deurgaans beklemtoon.

*Slaagvoorvereistemodule:* Statistiek 214

*Voorvereistemodule:* Statistiek 224 (As jy Wiskunde 114 of Wiskunde 144 of Ingenieurswiskunde 115 of Ingenieurswiskunde 145 geslaag het, kry jy vrystelling van hierdie vereiste.)

*Tuisdepartement:* Statistiek en Aktuariële Wetenskap

### 318 (24) Lineêre en Ekonometriese Modelle (4L, 2T)

Regressieanalise: Die meervoudige lineêre regressiemodel; Maksimumaanneemlikheidsberamers; residu-analise; uitskieters en invloedryke waarnemings; ongelyke variansies; multi-kollineariteit; magtransformasies; veranderlike seleksie; geweegde kleinste kwadrate; logistiese regressie; rifregressie; robuuste regressie; hoofkomponent regressie; skynveranderlikes en ANOVA; log-lineêre model; ekonometriese modelle.

Meerveranderlike metodes: Voorstelling van meerveranderlike data; die meerveranderlike normaalverdeling; toetse vir normaliteit; hipotesetoetsing van een en twee populasiegemiddeldevektore; vertrouensgebiede en gelyktydige vertrouensintervalle; meerveranderlike kontrolekaarte; meerveranderlike analise van variansie; lineêre diskriminant-analise; die gebruik van sagteware R, STATISTICA en SAS om regressieanalise en meerveranderlike metodes op datastelle toe te pas.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Statistiek 214
- Statistiek 224 (As jy Wiskunde 114 of Wiskunde 144 of Ingenieurswiskunde 115 of Ingenieurswiskunde 145 geslaag het, kry jy vrystelling van hierdie vereiste.)
- Statistiek 244

of

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Wiskundige Statistiek 214
- Wiskundige Statistiek 245
- Wiskundige Statistiek 246

*Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap*

### 348 (24) Statistiese Praktyk (4L, 2T)

*Waarskynlikheidsleer:* Diskrete waarskynlikheidsverdelings (die binomiaal-, geometriese, negatiefbinomiaal-, hipergeometriese en Poissonverdelings); momente en momentvoortbringende funksies; kontinue waarskynlikheidsverdelings (die normaal-, gamma- en betaverdelings); funksies van kansveranderlikes (die transformasiemetode, die momentvoortbringendefunksie-metode, en ordestatistieke).

*Gevorderde Statistiese Inferensie:* Die sentrale limietstelling; eienskappe van beramers (onsydigheid, doeltreffendheid; konsekwentheid; voldoendeheid, robuustheid); metode van momenteberaming; maksimumaanneemlikheidsberaming; aanneemlikheidsverhoudingstoetse.

*Tydreeksanalise:* Tydreedsdekomposisie-metodes; enkel-eksponensiële gladstryking; Holt se metode; die Holt-Wintermetode; meervoudige regressie in tydreedsanalise; Box-Jenkins-metodologie vir ARIMA-modelle; die gebruik van R- en STATISTICA-sagteware vir die toepassing van tydreedsmodelle.

*Stogastiese simulasie:* Generering van kansgetalle uit verskeie verdelings met R; inverse verdelingsfunksiemetode; aanvaardingsverwerpingsmetode; praktiese toepassings van simulasie met behulp van R.

*Bayes-inferensie:* Bayes se stelling; Bayes-priors, -posteriors en -beramers; Bayes-intervalle; Bayes-hipotesetoetsing.

*Voorvereistemodule:* Statistiek 318

*Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap*

## 14223 Statistiek en Datawetenskap

### 188 (18) Statistiek en Datawetenskap (3L) (2P)

*Lineêre programmering:* Grafiese tegnieke om probleme met twee veranderlikes op te los; skadupryse; sensitiviteitsanalise. (Slegs van toepassing indien jy vir BRek geregistreer is).

*Datawetenskap:* Basiese konsepte; die datasiklus; etiese aspekte van data.

*Beskrywende statistiek:* Verskillende datatipes; grafiese voorstelling van data; beskrywende maatstawwe van lokaliteit, spreiding en verwantskap; houer-en-puntdiagramme.

*Steekproefnemingstegnieke:* Eenvoudig ewekansig; gestratifiseerd; sistematies; tros; waarskynlikheid eweredig aan grootte.

*Waarskynlikheidsleer:* Basiese waarskynlikheidskonsepte; Bayes se stelling; telreëls.

*Diskrete stogastiese veranderlikes en waarskynlikheidsverdelings:* Verwagte waarde, variansie en standaardafwyking van 'n diskrete stogastiese veranderlike; kovariansie tussen diskrete stogastiese veranderlikes; die binomiaal-, hipergeometriese en Poisson-verdelings.

*Kontinue stogastiese veranderlikes en waarskynlikheidsverdelings:* Verwagte waarde, variansie en standaardafwyking van 'n kontinue stogastiese veranderlike; die uniform-, normaal- en eksponensiaalverdelings.

*Steekproefverdelings:* Die sentrale limietstelling; steekproefverdelings van die gemiddelde en 'n proporsie; steekproefverdeling van die verskil tussen twee gemiddeldes en twee proporsies.

*Inferensiële statistiek:* Intervalberaming en hipotesetoetsing van die gemiddelde, 'n proporsie, die variansie en die standaardafwyking; intervalberaming en hipotesetoetsing van die verskil tussen twee gemiddeldes, twee proporsies en die verhouding van twee variansies.

*Regressieanalise:* Die eenvoudige en meervoudige lineêre regressiemodel; die metode van kleinste kwadrateberaming; inferensie omtrent die modelparameters en die korrelasiekoëffisiënt; residu-analise.

*Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap*

## 65250 Stogastiese Simulasie

### 441 (12) Stogastiese Simulasie (3L)

Die module handel oor die studie van die teorie en toepassings van belangrike waarskynlikheidsmodelle en stogastiese prosesse en die toepassing daarvan op simulاسie. Die simulاسie van ewekansige veranderlikes uit bekende verdelings met behulp van tegnieke in wiskundige statistieke word gevolg deur toepassings daarvan. Dit word teoreties/analities bestudeer en dan met behulp van rekenaargebaseerde simulاسie geïllustreer. Die volgende onderwerpe word veral bestudeer: metodes om ewekansige veranderlikes uit statistiese verdelings te genereer, Monte Carlo-integrاسie, Markovkettings en Markovketting-Monte Carlo-metodes (insluitende toepassings op Metropolis-Hastings- en Gibbs-steekproefnemingsmetodes), homogene en nie-homogene Poissonprosesse en variansieverminderingstegnieke vir Monte Carlo-integrاسie.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Wiskundige Statistiek 312
- Wiskundige Statistiek 316
- Wiskundige Statistiek 344
- Wiskundige Statistiek 364

*Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap*

## 14309 Tydreeksanalise

### 441 (12) Tydreeksanalise (3L)

Data wat opeenvolgend waargeneem is oor tyd, is baie algemeen. Die stogastiese metode wat aanleiding gee tot 'n waargenome reeks word gemodelleer en dan gebruik om toekomstige waardes vooruit te skat. Die module is 'n voortsetting van voorafgaande tydreekskursuswerk en daar word gefokus op meer gevorderde tydreekstegnieke.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Wiskundige Statistiek 312
- Wiskundige Statistiek 316
- Wiskundige Statistiek 344
- Wiskundige Statistiek 364

*Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap*

## 56820 Waarskynlikheidsleer en Statistiek

### 144 (16) Waarskynlikheidsleer en Statistiek (3L, 3T)

Kombinatoriese analise; basiese telbeginsels; permutاسies en kombinasies. Stogastiese verskynsels; steekproefruimtes en -gebeurtenisse; waarskynlikheidsaksiomas; die waarskynlikheid van 'n gebeurtenis; gelykkansige seleksie; waarskynlikheidsreëls; voorwaardelike waarskynlikheid; Bayes se reël; stogastiese onafhanklikheid. Diskrete en kontinue stogastiese veranderlikes; verwagte waarde en variansie van stogastiese veranderlike; belangrike diskrete verdelings: binomiaal, Poisson, geometries, hipergeometries, negatiefbinomiaal; belangrike kontinue verdelings; uniform, normaal.

*Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap*

## 22853 Wiskundige Statistiek

### 214 (16) Verdelingsleer en Inleiding tot Statistiese Inferensie (4L, 2P)

Kontinue stogastiese veranderlikes; verwagte waarde en variansie van 'n kontinue stogastiese veranderlike; belangrike kontinue verdelings; uniforme, normaal, eksponensiaal, gamma, beta. Momente en momentvoortbringende funksies vir diskrete en kontinue verdelings. Tweeveranderlike waarskynlikheidsverdelings; rand- en voorwaardelike verdelings; die multinomiaal- en die tweeveranderlike normaalverdeling; bepaling van die verdeling van funksies van veranderlikes. Die sentrale limietstelling (sonder bewys). Steekproewe en steekproefverdelings: die standaard- parametrisiese gevalle. Intervalberaming en hipotesetoetsing; toepassing van hierdie beginsels in die standaardgevalle van parametrisiese inferensie. Datavoorstelling en -beskrywing, berekening en interpretasie van steekproefmaatstawwe.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144
- Wiskunde 114 en Wiskunde 144, met 'n gemiddelde finale punt van minstens 60% vir die twee saam, of Wiskunde 214 met 'n finale punt van minstens 55%. (As jy Ingenieurswiskunde 115 en Ingenieurswiskunde 145 met 'n gemiddelde finale punt van minstens 60% vir die twee saam, of Ingenieurswiskunde 214 met 'n finale punt van minstens 55%, geslaag het, kry jy vrystelling van hierdie slaagvoorvereiste.)

*Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap*

### 245 (8) Statistiese Inferensie (2L, 1P)

Inleiding tot statistiese inferensie. Beginsels van puntberamingdoeltreffendheid, minimumvariensie-onsydige beramers, konsekwentheid. Metode-van-momente-beramers. Maksimumaanneemlikheidsberamers. Die Neyman-Pearson-lemma: bewys en toepassings. Anneemlikheidsverhoudingtoetse. Parametrisiese beramingsteorie en hipotesetoetsing. Bayes- inferensiële statistiek.

*Slaagvoorvereistemodule: Wiskundige Statistiek 214*

*Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap*

### 246 (8) Lineêre Modelle in Statistiek (2L, 1P)

Gevorderde matriksalgebra. Stogastiese vektore en matrikse. Die meerveranderlike normaalverdeling. Maksimum aanneemlikheidsberamers in die meerveranderlike normaalverdeling. Verdelings van kwadratiese vorms. Die enkelvoudige lineêre regressiemodel. Die metode van kleinste kwadrate. Inferensie in die eenvoudige lineêre regressiemodel. Inleiding tot R-sagteware.

*Slaagvoorvereistemodule: Wiskundige Statistiek 214*

*Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap*

### 312 (16) Statistiese Inferensie en Waarskynlikheidsleer (3L, 1P)

Gevorderde verdelingsleer, rye stogastiese veranderlikes, limietteorie vir rye, voortbringende funksies, steekproefverdelings en -benaderings. Genoegsaamheid. Verskillende benaderings tot inferensie. Pasgehaltemetodes. Bayes-inferensie: Beslissingsteorie en Bayes-risiko deur verliesfunksies, Bayes-vermoedensnetwerke en Bayes-klassifikasie. Markov-ketting- Monte Carlo-simulasietegnieke: Gibbs-steekproefneming en Metropolis-Hasting-algoritmes.

*Slaagvoorvereistemodule: Wiskundige Statistiek 245*

*Voorvereistemodules:*

- Wiskundige Statistiek 246 met 'n finale punt van minstens 40%
- Wiskunde 214 of Ingenieurswiskunde 214

*Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap*

### 316 (16) Regressie en Voorspellende Modulering (3L, 1P)

Passing van regressiemodelle met behulp van matrikse. Die meervoudige lineêre regressiemodel. Inferensie in die meervoudige lineêre regressiemodel. Residu-ontleding. Veranderlikeseleksie-tegnieke. Rifregressie en die lasso. Lineêre klassifikasie metodes. Die gebruik van R-sagteware om modelle in die praktyk toe te pas.

*Slaagvoorvereistemodule: Wiskundige Statistiek 246*

*Voorvereistemodules:*

- Wiskundige Statistiek 245 met 'n finale punt van minstens 40%
- Wiskunde 214 of Ingenieurswiskunde 214

*Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap*

### 344 (16) Stogastiese Prosesse en Statistiese Leerteorie (3L, 1P)

Inleiding tot stogastiese prosesse. Markov-prosesse en hulle toepassings. Inleiding tot martingaalteorie en toepassings. Inleiding tot statistiese leerteorie.

Voorvereistemodules:

- Wiskundige Statistiek 312
- Wiskundige Statistiek 316

Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap

### 364 (16) Tydreekse (3L, 1P)

Stasionariteit, filters vir tydreekse, outoregressief, bewegende gemiddelde, outoregressiewe bewegende gemiddelde en outoregressiewe geïntegreerde bewegende gemiddelde tydreekse, skuifoperatore vir tydreekse, model-identifisering en beraming en diagnostiese toetsing van tydreekse, nie-stasionariteit van tydreekse. Toepassing van tydreekse.

Voorvereistmodule:

- Wiskundige Statistiek 312
- Wiskundige Statistiek 316

Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap

## Departement Wiskundige Wetenskappe (Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Rekenaarwetenskap) (Fakulteit Natuurwetenskappe)

*Nota:* Vir meer inligting oor die modules wat deur die Fakulteit Natuur Wetenskappe aangebied word, sien asseblief die Fakulteit Natuurwetenskappe se Jaarboekdeel.

### 56847 Finansiële Wiskunde

#### 378 (32) Finansiële Wiskunde (3L, 3T)

Matriksalgebra en matriksdifferensiasie, Taylor se stelling in die meerveranderlike gevalle, differensiaal-vergelykings en numeriese metodes, Riemann-Stieltjes-integrale, inleiding tot maatteorie en waarskynlikheidsruimtes, Radon-Nikodým-afgeleides, L<sub>2</sub>-ruimtes en Hilbert-ruimtes, wiskundige modelle van finansiële markte, die Black-Scholes model.

Slaagvoorvereistemodules:

- Wiskunde 214
- Wiskunde 244

Voorvereistemodules:

- Wiskundige Statistiek 214
- Wiskundige Statistiek 245
- Wiskundige Statistiek 246

Tuisdepartement: Wiskundige Wetenskappe, Afdeling Wiskunde

### 11788 Masjienleer

#### 441 (16) Masjienleer (2L)

Hierdie module is 'n inleiding tot uitgesoekte onderwerpe in masjienleer.

Slaagvoorvereistemodules:

- Rekenaarwetenskap 144
- Wiskundige Statistiek 245
- Wiskundige Statistiek 246

Tuisdepartement: Wiskundige Wetenskappe, Afdeling Rekenaarwetenskap

## 18139 Rekenaarwetenskap

### 113 (16) Rekenaarwetenskap vir Aktuariële Studies (3L, 3P)

Inleiding tot rekenaarprogrammering uit 'n finansiële perspektief. Basiese finansiële probleme word herfraseer in terme van analitiese probleemoplossing. Standaard imperatiewe programmeringskonstrukte, insluitend veranderliketipes, toekennings, keuseopdragte en lusse, en rekursiewe benaderings word gedek, soos benodig in finansiële programmering. Statiese datastrukture (in die besonder skikkings) en verklarende programmeringsmodelle soos sigblaai word ook gedek.

*Newevereistemodules:*

- Aktuariële Wetenskap 112
- Wiskunde 114

*Tuisdepartement: Wiskundige Wetenskappe, Afdeling Rekenaarwetenskap*

### 114 (16) Inleidende Rekenaarwetenskap (3L, 3P)

Inleiding tot basiese rekenaarprogrammering; formulering en oplossing van probleme met behulp van rekenaarprogrammering; datavoortelling en veranderlike-tipes (insluitend karakterstringe, heelgetalle (*integers*), wisselpuntgetalle en Boolese veranderlikes); toekenningsopdragte; keuse-opdragte en iterasie; statiese datastrukture (skikkings en rekords); toevoer en afvoer (insluitend grafika en klank); modulêre programmering; rekursie; toetsing en ontfouting; inleiding tot objek-georiënteerde programmering (insluitend abstraksie, enkapsulasie en gebruik van bestaande objek-implementasies).

*Newevereistemodule: Wiskunde 114*

*Tuisdepartement: Wiskundige Wetenskappe, Afdeling Rekenaarwetenskap*

### 144 (16) Inleidende Rekenaarwetenskap (3L, 3P)

Verdere formulering en oplossing van probleme met behulp van rekenaarprogrammering; inleidende datastrukture en algoritmes in 'n objekgerigte opset; sleutelbegrippe in objek-oriëntasie: oorerwing en polimorfisme; ontwerpstrategie as abstraksies vir die skepping van herbruikbare objek-georiënteerde ontwerpe; soek- en sorteer-algoritmes; kompleksiteitsteorie vir die analise van algoritmes; fundamentele metodes vir die ontwerp van algoritmes; dinamiese datastrukture; regulêre uitdrukkings en eindige outomate.

*Voorvereistemodule: Rekenaarwetenskap 113 of Rekenaarwetenskap 114*

*Tuisdepartement: Wiskundige Wetenskappe, Afdeling Rekenaarwetenskap*

### 214 (16) Datastrukture en Algoritmes (3L, 3T)

Die klassieke datastrukture en algoritmes in 'n objekgerigte opset. Gevorderde tegnieke vir die analise van algoritmes.

*Slaagvooreistemodule: Rekenaarwetenskap 144*

*Voorvereistemodules: Wiskunde 114*

*Tuisdepartement: Wiskundige Wetenskappe, Afdeling Rekenaarwetenskap*

### 244 (16) Rekenaarargitektuur (3L, 3P)

Basiese rekenaarargitektuur. Programmering in masjientaal en saamsteltaal.

Saamstellers, binders en laaiers. Basiese konsepte van bedryfstelsels; geheuebestuur, prosesbestuur en lêerstelsels.

*Voorvereistemodule: Rekenaarwetenskap 214*

*Tuisdepartement: Wiskundige Wetenskappe, Afdeling Rekenaarwetenskap*

### 313 (16) Rekenaarnetwerke (3L, 3P)

Inleiding tot netwerke in die algemeen en die internet in die besonder. Argitektuur en protokolle. Toewysing van hulpbronne en beheer van belading. Netwerksekuriteit. Toepassings.

*Voorvereistemodules:*

- Rekenaarwetenskap 214
- Rekenaarwetenskap 244

*Tuisdepartement: Wiskundige Wetenskappe, Afdeling Rekenaarwetenskap*

### 314 (16) Gelyklopendheid (3L, 3P)

Inleiding tot programmeringstegnieke en beginsels van gelyklopende stelsels, van bedryfstelsels tot toepassingsprogramme. Dit sluit kommunikasie, sinchronisasie, skedulering en werksverdeling in. Verskeie parallelle en verspreide argitekture sal gedek word.

*Voorvereistemodules:*

- Rekenaarwetenskap 214
- Rekenaarwetenskap 244

*Voorvereistemodules vir programme in Ingenieurswese:*

- Rekenaarwetenskap E 214
- Rekenaarstelsels 245

*Tuisdepartement: Wiskundige Wetenskappe, Afdeling Rekenaarwetenskap*

### 315 (16) Masjienleer (3L, 3T)

Dimensievermindering-tegnieke; masjienleertegniese gebaseer op maksimumaanneemlikheidsberamings, maksimumposteriorberamings en verwagting-maksimeringberamings; modellering m.b.v. logistiese regressie, Gaussiese mengsels en verskuilde Markov-modelle.

*Voorvereistemodules:*

- Rekenaarwetenskap 144 of Rekenaarwetenskap E 214
- Wiskundige Statistiek 245 en Wiskundige Statistiek 246 saam of Stelsels en Seine 344 alleen
- Wiskunde 214 of Toegepaste Wiskunde 214 of Ingenieurswiskunde 214

*Tuisdepartement: Wiskundige Wetenskappe, Afdeling Rekenaarwetenskap*

### 343 (16) Databasisse en Websentriese Programmering (3L, 3P)

Inleiding tot relasionele databasisse. Afbeelding van relasionele model op objekmodel. Implementering van 'n databasistoepassing in die konteks van die web. Webdienste.

Bediener-kant-skalering. Virtualisasie. Wolkberekening.

*Voorvereistemodule:* Rekenaarwetenskap 214

*Voorvereistemodules vir programme in Ingenieurswese:*

- Rekenaarwetenskap E 214
- Rekenaarstelsels 245

*Tuisdepartement: Wiskundige Wetenskappe, Afdeling Rekenaarwetenskap*

### 344 (16) Programmatuurontwerp (3L, 3P)

Spesifikasies van programme as riglyne vir programontwerp. Herbruikbare raamwerke vir programontwerp. Toetsbaarheid van programontwerpe. Ontwikkeling van 'n stelsel van mediumgrootte om die praktiese toepassing van die beginsels van programontwerp te illustreer.

*Voorvereistemodule:* Rekenaarwetenskap 214

*Tuisdepartement: Wiskundige Wetenskappe, Afdeling Rekenaarwetenskap*

## 20710 Toegepaste Wiskunde

### 144 (16) Modelling in Meganika (3L, 3T)

Ontwikkeling van die vaardige gebruik van vektor-, differensiaal- en integraalrekening in die modellering van dinamika van eenvoudige fisiese sisteme, insluitend analise van kragtevelde, beweging en modelleringsaannames.

*Voorvereistemodule:* Wiskunde 114

*Neweveistemodule:* Wiskunde 144

*Tuisdepartement: Wiskundige Wetenskappe, Afdeling Toegepaste Wiskunde*



## 21539 Wiskunde

### 114 (16) Calculus (5L, 2T)

*Enige student wat hierdie module wil neem, moes 'n punt van ten minste 6 (70%) vir Wiskunde in die NSS of die IEB-skooleindsertifikaat behaal het.*

Induksie en die binomiaalstelling, Funksies, limiete en kontinuïteit; afgeleides en differensiasiereëls; toepassing van differensiasie; die bepaalde en onbepaalde integraal; integrasie van eenvoudige funksies.

*Tuisdepartement: Wiskundige Wetenskappe, Afdeling Wiskunde*

### 144 (16) Calculus en Lineêre Algebra (5L, 2T)

Komplekse getalle; transendente funksies; integrasietegnieke; oneintlike integrale; keëlsnedes; poolgrafieke; partiële afgeleides; inleiding tot matrikse en determinante.

*Voorvereistemodule: Wiskunde 114*

*Tuisdepartement: Wiskundige Wetenskappe, Afdeling Wiskunde*

### 214 (16) Gevorderde Calculus en Lineêre Algebra (4L, 2T)

*Gevorderde calculus:* Funksies van meer as een veranderlike, meervoudige integrasie, lynintegrale, oppervlakintegrale, divergensiestelling.

*Lineêre algebra:* Vektore in  $n$  dimensies: lineêre transformasies van reële vektorruimtes en hulle matrikse; meetkundige transformasies: Rotasie, projeksie, refleksie, dilatasie; samestelling van transformasies.

Algemene reële vektorruimtes: Subruimtes, lineêre onafhanklikheid, basis, dimensie; rang en nulliteit van 'n matriks. Algemene reële binneprodukruimtes: ortogonaliteit, ortonormale basisse, projeksies, Gram-Schmidt; QR-faktorisering van 'n matriks; kleinste-kwadrat-benaderings; ortogonale matrikse.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Wiskunde 114
- Wiskunde 144

*Tuisdepartement: Wiskundige Wetenskappe, Afdeling Wiskunde*

### 244 (16) Analise en Lineêre Algebra (4L, 2T)

*Analise:* Oneintlike integrale, reye en reekse, magreekse en die stelling van Taylor, tweede-orde-lineêredifferensiaalvergelykings.

*Lineêre algebra:* Eiewaardes en eievektore; diagonalisering van 'n matriks; ortogonale diagonalisering; lineêre transformasies van algemene reële vektorruimtes; matriksvoorstelling van lineêre transformasies tussen algemene eindig-dimensionele reële vektorruimtes; verandering van basis; stelsels van eerste-orde-differensiaalvergelykings en ander toepassings.

*Voorvereistemodule: Wiskunde 214*

*Tuisdepartement: Wiskundige Wetenskappe, Afdeling Wiskunde*

### 314 (16) Algebra (3L, 3T)

In hierdie module word die inleidende aksiomatiese strukture in die algebra bekend gestel en behandel. Hierdie strukture verskaf die natuurlike omgewing waarin baie van die belangrikste resultate uit die getalleteorie, algebraïese meetkunde en algebraïese berekeningsteorie behandel word. Onder andere ondersoek ons groepe, ringe, resklasse modulo  $n$ , faktoringe en -liggame, polinoomringe, Euklidiese gebiede, unieke faktoriseringgebiede, liggaamsuitbreidings, toepassings op passer- en liniaalkonstruksies, eindige liggame en toepassings.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Wiskunde 214
- Wiskunde 244

*Tuisdepartement: Wiskundige Wetenskappe, Afdeling Wiskunde*

### 324 (16) Komplekse Analise (3L, 3T)

Soorte versamelings in  $\mathbb{C}$ , konvergensie van reekse, puntsgewyse en gelykmatige konvergensie van rye en reekse van funksies, paaie, Cauchy-Riemann-vergelykings, bepaling van die konvergensiestraal en koëffisiënte van 'n magreeks, die komplekse eksponensiële en trigonometriese funksies, argumente, komplekse logaritmes, integrasie van kontinue funksies langs stuksgewys gladde paaie, Cauchy se Integraalstelling en -formule, Taylorreeksvoorstelling van differensieerbare funksies, analitiese funksies, nulpunte, Liouville se Stelling, bewys van die Fundamentele Stelling van die Algebra, Laurentreeks, identifikasie en klassifikasie van geïsoleerde singulariteite, bepaling van residue, die Residustelling, toepassings.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Wiskunde 214
- Wiskunde 244

*Tuisdepartement: Wiskundige Wetenskappe, Afdeling Wiskunde*

### 344 (16) Diskrete Wiskunde (3L, 3T)

Diskrete Wiskunde, of "Konkrete Wiskunde", soos dit in 'n beroemde boek genoem word, handel oor konkrete voorwerpe wat inherent diskreet is, soos byvoorbeeld permutasies, versamelings, bome en woorde. Klem word gelê op aftellingstegnieke. 'n Inleiding tot elementêre getalleteorie word ook aangebied. In hierdie deel van die module word klassieke onderwerpe soos byvoorbeeld Fermat se stelling, Wilson se stelling of Lagrange se stelling oor somme van vier kwadrate behandel.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Wiskunde 214
- Wiskunde 244

*of gelykwaardige modules*

*Tuisdepartement: Wiskundige Wetenskappe, Afdeling Wiskunde*

### 345 (16) Logika (2L, 4T)

*Van die vier tutorialperiodes is twee geskeduleerde tutoriale en twee is vir onafhanklike werk aan opdragte.*

Hierdie module bied 'n inleiding tot die wiskundige logika en formele wiskundige tale, met spesiale klem op daardie tale wat vir die grondslae van die wiskunde gebruik kan word.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Wiskunde 114
- Wiskunde 144

*of gelykstaande modules*

*Tuisdepartement: Wiskundige Wetenskappe, Afdeling Wiskunde*

### 365 (16) Reële Analise (3L, 3T)

Die doel van hierdie module is om die konsepte, ruimtes, voorbeelde en resultate wat die basis verskaf vir wydverspreide ontwikkelings in analise, bekend te stel en te ondersoek. Tipiese onderwerpe wat bestudeer word, is reële getalle en hulle eienskappe, basiese stellings oor die reële getalle (insluitende die grondresultate oor rye, funksies, en rye van funksies), inleiding tot metriese ruimtes.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Wiskunde 214
- Wiskunde 244

*Tuisdepartement: Wiskundige Wetenskappe, Afdeling Wiskunde*

## 56820 Waarskynlikheidsleer en Statistiek

### 114 (16) Waarskynlikheidsleer en Statistiek (3L, 3T)

Kombinatoriese analise; basiese telbeginsels; permutasies en kombinasies. Stogastiese verskynsels; steekproefruimtes en -gebeurtenisse; waarskynlikheidsaksiomas; die waarskynlikheid van 'n gebeurtenis; gelykkansige seleksie; waarskynlikheidsreëls; voorwaardelike waarskynlikheid; Bayes se reël; stogastiese onafhanklikheid. Diskrete en kontinue stogastiese veranderlikes; verwagte waarde en variansie van stogastiese veranderlike; belangrike diskrete verdelings: binomiaal, Poisson, geometries, hipergeometries, negatiefbinomiaal; belangrike kontinue verdelings: uniform, normaal.

*Tuisdepartement: Wiskundige Wetenskappe, Afdeling Toegepaste Wiskunde*

## Skool vir Publieke Leierskap

### 14513 Ekologiese Geletterdheid

#### 177 (20) Ekologiese Geletterdheid

Die module verken die komplekse wisselwerking tussen die elemente van sosio-ekologiese stelsels. Jy sal bekend gestel word aan ekologiese intelligensie, omgewingsetiek en ekogeletterdheid. Jy sal leer hoe om komplekse stelsels te beskryf en die onderlinge verbande tussen natuurlike en mensgemaakte wêreld te vertolk.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

### 14528 Entrepreneurskap-inkubator

#### (30) Entrepreneurskap-inkubator (HL)

Hierdie module sal jou voorberei om 'n sakeplan vir 'n onderneming te formuleer wat deur 'n toekomstige verantwoordelike of impakbelegger as 'n waardevolle belegging beskou sal word. Jy sal jou eie innoverende besigheidsprojek ontwerp deur deel te neem aan eksperimente, simulaties, debatte en scenarioplanne. Hierdeur sal jy maniere waardeur volhoubare tegnologie vir betekenisvolle verandering gebruik kan word verken.

*Nota:* Hierdie module word vanaf 2026 aangebied.

*Voorvereistemodules:*

- Navorsingsbenaderings 131
- Sakeplanne en-strategieë 121

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

### 14519 Groen Ekonomie

#### 278 (15) Groen Ekonomie

Hierdie module bied 'n algemene oorsig oor die groen ekonomie en die konsepte wat daarmee verband hou. Dit onderstreep die behoefte aan 'n groen ekonomie teen die agtergrond van volhoubare ontwikkeling en klimaatsverandering. 'n Aantal groen aktiwiteite en groen werksgeleenthede, van mikro- tot makroskaal, word ondersoek om behoorlike gronde aan te voer vir 'n groen ekonomie in Suid-Afrikaanse verband.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

### 13209 Institusionele Gedrag

#### 142 (15) Institusionele Gedrag I (HL)

Die module bied 'n inleiding tot wetgewing, regulasies en kodes rakende die bestuur van etiek, deur te fokus op die toepassing van etiese beginsels wat die professionele etiese kode van regeringsamptenare ondersteun.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

#### 241 (20) Institusionele Gedrag II (HL)

Hierdie module bied 'n oorsig oor die beginsels van kritiese denke om probleme op te los en pas hierdie beginsels toe op 'n kliëntgerigte organisasie. Hierdie module gee 'n uiteensetting van die toepassing van die Batho Pele -beginsels, sowel as organisatoriese integriteit en die waarde van professionele etiese standaarde in die werksomgewing.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

## 13206 Institusionele Kapasiteitsbestuur

### 171 (20) Institusionele Kapasiteitsbestuur I (HL)

Die module bied 'n inleiding tot die basiese beginsels rakende die gebruik van kostebestuur vir bestuursverslagdoening en die beginsels van inligtingstelsels binne 'n konteks van openbare finansies en administrasie.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

### 271 (20) Institusionele Kapasiteitsbestuur II (HL)

Die doel van hierdie module is om jou toe te rus met die kennis, vaardighede en die vermoë om die beginsels en tegnieke van kosteberekening toe te pas; kontantbestuur en kapitaalbeplanning; en finansierings- en beleggingsbesluite in die konteks van die openbare sektor te kan neem.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

## 13208 Institusionele Prestasiebestuur

### 191 (20) Institusionele Prestasiebestuur I (HL)

Die module bied 'n inleiding tot die basiese tegnieke en beginsels vir die verbetering van institusionele prestasie deur strategiese beplanning, prestasiebestuur, projekbestuur en kontantbestuur.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

### 291 (20) Institusionele Prestasiebestuur II (HL)

Die doel van hierdie module is om jou toe te rus met die kennis, insig, vaardighede en houdings om jou in staat te stel om by te dra tot die ontwerp van doelgerigte en doeltreffende organisatoriese prestasiebestuurstelsels en organisasiestrukture.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

## 13207 Institusionele Samewerking

### 182 (15) Institusionele Samewerking I (HL)

Die module bied 'n inleiding tot die wetgewing en praktyk van openbare samewerking tussen die verskillende regeringsvlakke en ander belanghebbendes vir die verbetering van dienslewering en die skep van openbare waarde.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

### 281 (20) Institusionele Samewerking II (HL)

Die module bied 'n oorsig oor alternatiewe diensleweringmeganismes. Die fokus is spesifiek op openbare-privaat samewerking en openbare-privaat vennootskappe (OPV's). Die module bied jou dus 'n konseptuele en praktiese insig oor hoe om OPV's te ontwerp en te implementeer om sodoende dienslewering te verbeter.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

## 14521 Internskap

### 379 (40) Internskap

Hierdie module sal jou toerus vir die oorgang van student tot werkende beroepspersoon. Jy sal 'n internskap van 200 uur by 'n organisasie/maatskappy wie se werk met die volhoubareontwikkelingsdoelwitte strook voltooi. Die module stel jou in staat om algemene professionele vaardighede te bou en verantwoordelikheid vir jou eie ontwikkeling te aanvaar. Jy sal bygestaan word om gepaste internskappe te identifiseer en die aansoek- en onderhoudprosesse te voltooi. Die internskap bied jou 'n geleentheid om in 'n relevante omgewing te leer, ervaring op te doen wat jy by jou CV kan insluit, waardevolle netwerke te bou en jou eie loopbaanstrewes beter te verstaan.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

## 14527 Navorsingsbenaderings

### 131 (15) Navorsingsbenaderings (HL)

Hierdie module berei jou voor om streng en geloofwaardige navorsing te onderneem. Dit gee jou 'n praktiese begrip van akademiese hulpmiddels, wat literatuuroorsigte, navorsingsbenaderings en datavaslegging insluit. Hierdie module word aanlyn aangebied met een verpligte blokkontaksessie van aangesig tot aangesig.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

## 13210 Openbare Aanspreeklikheid

### 161 (20) Openbare Verantwoordbaarheid I (HL)

Die module bied 'n inleiding tot die fundamentele konstrukte van openbare dienslewering en verantwoordbaarheid vir dienslewering binne die konteks van 'n ontwikkelende samelewing.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

### 261 (20) Openbare Verantwoordbaarheid II (HL)

Die doel van hierdie module is om aan jou begrip oor te dra van die belangrikste veranderings in die wêreld die afgelope dekades as gevolg van globalisering en die implikasies van hierdie veranderinge met betrekking tot goeie bestuur en die skep van 'n bekwame staat wat goed presteer.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

## 48003 Openbare en Ontwikkelingsbestuur

### 114 (12) Oriëntering tot Ontwikkeling, Samelewing en Staat (3L)

Inleiding tot ontwikkeling, die samelewing en die staat as fokuspeunte van Ontwikkelingsbestuur. Temas waarna gekyk word sluit in: kontekstualisering van ontwikkeling (evolusie van ontwikkelingsdenke, interdisiplinêre aard van ontwikkeling, teorieë); institusionele rolspelers; ontwikkelingsbestuur en -praktyk.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

### 144 (12) Openbare Bestuur en Beleid (3L)

Hierdie module sal jou toerus met die nodige kennis en kundigheid om die bestuursplig van die openbare bestuurder in die openbarebeleidbestuur-en-ontwikkelingsomgewing te kan hanteer. Die module dek die aard van *openbare* beleid, bestuur, ontwikkeling, volhoubaarheid en goeie beleidspraktyke (omgewings-, sosiale, ekonomiese en politieke ontwikkeling).

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

### 212 (8) Ontwikkelingsteorieë en Paradigmas (1.5L)

Kritiese evaluering van ontwikkelingsteorieë en -paradigmas, insluitende modernisering, moderniteit, afhanklikheid, post-ontwikkeling, post-moderniteit, volhoubare ontwikkeling, feminisme en kritiese modernisme.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

### 222 (8) Regeerkunde (1.5L)

Hierdie module fokus op kontemporêre regeerkunde en die rol en makro-organisering van die Staat. Teorieë van die Staat, die morele en etiese basis van die Staat en regeerkunde op en tussen die vlakke van regering word behandel.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

### 242 (8) Ontwikkelingsraamwerke (1.5L)

Namate ontwikkelende lande sukkel om tred te hou met die vordering van tegnologie en globalisering, is daar vele nuwe uitdagings wat hulle teëkom. Dit sluit in toenemende kompleksiteit en onsekerheid; meer individualisering en sosiale diversiteit; uitbreiding van ekonomiese en kulturele eenvormigheid; die agteruitgang van ekosisteme dienste, waarvan ekonomiese en sosiale ontwikkeling afhanklik is; en 'n groter kwesbaarheid en blootstelling aan tegnologiese en natuurlike gevare. In die lig hiervan bied volhoubaarheid-en-volhoubare-ontwikkelingsdenke jou die nodige konseptuele begrip, waardes en vaardighede om aan te pas by hierdie komplekse uitdagings.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

### 252 (8) Die Openbare Beleidsproses (1.5L)

Bestudeer openbare beleid en ontwikkelingsbeleid, deur die proses waardeur openbare beleid tot stand kom, die ontleed, insluitend beleidagendastelling, beleidopsiegenerering, beleidimplementering, beleidevaluering, beleidimpakbeoordeling en beleidverandering.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

### 314 (12) Ontwikkelingsbestuur (1.5L)

Kritiese ondersoek van hedendaagse ontwikkeling; inleiding tot ontwikkelingsbestuur; evaluering van die basis en beginsels van ontwikkelingbestuur (gemeenskapsontwikkeling, deelname, bemagtiging en burgerskap); alternatiewe benaderinge soos voorgestaan deur sosiale bewegings; die heroorweging van ontwikkeling van ontwikkelingsbestuur.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Openbare en Ontwikkelingsbestuur 114
- Openbare en Ontwikkelingsbestuur 144
- Openbare en Ontwikkelingsbestuur 212
- Openbare en Ontwikkelingsbestuur 222
- Openbare en Ontwikkelingsbestuur 242
- Openbare en Ontwikkelingsbestuur 252

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

### 324 (12) Openbare Bestuurstrategieë (1.5L)

Hierdie module ondersoek die strategiese aard en integriteit van wat ook al beplan, uitgevoer en geëvalueer word ten einde goeie regeerkunde te verseker. Die ondersoek fokus op:

- *Strategiese funksie:* Definiëring, beplanning, uitvoering en evaluering van die doel van 'n inisiatief deur middel van strategiese beplanning sowel as program- en projekbestuurstechnieke;
- *Hulpbronne:* Strategieë vir benutting van finansiële, menslike en informasiebronne in diens van die doel; en
- *Struktuur:* Die aanwending van organisasie-ontwikkelingstechnieke ten einde die toepaslike organisasieraamwerk waarmee die doel gedien word te bekom.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Openbare en Ontwikkelingsbestuur 114
- Openbare en Ontwikkelingsbestuur 144
- Openbare en Ontwikkelingsbestuur 212
- Openbare en Ontwikkelingsbestuur 222
- Openbare en Ontwikkelingsbestuur 242
- Openbare en Ontwikkelingsbestuur 252

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

## 348 (24) Geïntegreerde Ontwikkeling, Beleid en Bestuurteorie en Praktiese Sluitsteen (1.5L)

Die bestudering van kritiese vraagstukke in openbare en ontwikkelingbestuur en geïntegreerde regering, byvoorbeeld aangeleenthede rakende etiek, behuising, openbare en privaat vennootskappe, alternatiewe dienslewering, organisasieverandering, prestasiebestuur, transformasie en regulering, en omgewingsregeerkunde (*capita selecta*).

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Openbare en Ontwikkelingsbestuur 114
- Openbare en Ontwikkelingsbestuur 144
- Openbare en Ontwikkelingsbestuur 212
- Openbare en Ontwikkelingsbestuur 222
- Openbare en Ontwikkelingsbestuur 242
- Openbare en Ontwikkelingsbestuur 252

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

## 13211 Openbare Finansiële Rekeningkunde

### 231 (20) Openbare Finansiële Rekeningkunde (HL)

Die module bied 'n oorsig oor die fundamentele konstruksie van openbare finansies rekeningkunde en ouditering, insluitend die konseptuele raamwerk van rekeningkunde; Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktiese (AERP); die rekeningkundige proses; die opstel van openbare finansiële verslae en auditbeplanning en implementering.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

## 14123 Persoonlike Gedrag en Integriteit

### 174 (20) Persoonlike Gedrag en Integriteit (HL)

Hierdie module fokus op die vermoë om die persoonlike gedrag van openbare amptenare te vorm deur begrip en toepassing van die kodes van goeie praktyk wat met klantediens, etiek en integriteit in die werksplek verband hou, die Batho Pele-beginsels en algemene professionalisme.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

## 14515 Regeneratiewe Leierskap

### 177 (10) Regeneratiewe Leierskap

Hierdie module handel oor persoonlike leierskapsontwikkeling. Die module-inhoud draai om die emosionele-intelligensiebeginsels van selfbewussyn en selfbestuur. Jy sal die geleentheid ontvang om jou eie individuele gedrag met betrekking tot sowel jou akademiese as jou nie-akademiese omgewing krities te ondersoek.

Deur verbale, nie-verbale en skriftelike kommunikasievaardighede aan te leer, word jy bedrewe as professionele kommunikeerder. Jy sal ook 'n aanlyn leesprogram voltooi om jou akademiese taalvaardigheid te verbeter. Deelname aan 'n portuurmentorskapsprogram help jou boonop jou weg deur die akademiese omgewing baan.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

### 278 (15) Regeneratiewe Leierskap

Hierdie module handel oor fasiliteringsvaardighede en leierskap. Die module word gerig deur die vrae "Wat sien ek in ander mense raak?" en "Wat doen ek met hierdie waarnemings?" Die inhoud draai om die emosionele-intelligensiebeginsels van sosiale bewussyn en verhoudingsbestuur.

Jy sal die teorie van fasilitering toepas en jou fasiliteringsvaardighede ontwikkel deur groepsprosesse prakties te fasiliteer. Jy sal krities besin oor jou eie emosionele intelligensie en jou vaardighede as fasiliteerder.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

### 379 (10) Regeneratiewe Leierskap

Hierdie module handel oor mentorskap en leierskap. Die module word gerig deur die vraag "Wat wil mense/gemeenskappe hê en wat het hulle nodig?" gevolg deur "Hoe kan ek hulle help om dit te bereik?" Die inhoud draai om die emosionele-intelligensiebeginsels van selfprestasie, menseprestasie en motivering.

Jy sal die konsep van leierskap verken en verskillende leierskapsteorieë konsolideer om uiteindelik jou eie persoonlike leierskapstyl te identifiseer wat met jou waardes en persoonlikheidseienskappe strook.

In hierdie module sal jy die geleentheid ontvang om eerste- en/of tweedejaarstudente deur 'n portuurmentorskapsprogram by te staan.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Regeneratiewe Leierskap 177
- Regeneratiewe Leierskap 278

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

## 14526 Sakeplanne en -strategieë

### 121 (15) Sakeplanne en -strategieë (HL)

Hierdie module berei studente voor om sakeplanne vir beginnerondernemings te formuleer. Dit fokus op 'n praktiese begrip van die metodes en gereedskap wat nodig is om sakeplanne te formuleer wat op die mark gerig is vir "verantwoordelike" en "impak"-belegging. Hierdie module word aanlyn aangebied met een verpligte blokkontaksessie van aangesig tot aangesig.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

## 13786 Sosiale Entrepreneurskap

### 177 (20) Sosiale Entrepreneurskap

Jy sal kennis maak met sosiale entrepreneurskap as 'n praktyk sowel as 'n proses. As 'n praktyk, behels sosiale entrepreneurskap denkleierskap wat op transformerende verandering toegespits is. Kernkonsepte en -beginsels waarop die etiek van sosiale entrepreneurskap berus, word bekend gestel sodat jy jou selfbegrip kan bou as passievolle en doelgerigte agent vir verandering in die bedryf én die samelewing.

Sosiale entrepreneurskap is terselfdertyd 'n oplossingsgerigte proses. Jy sal dus ook 'n stel vaardighede en bevoegdhede ontwikkel wat met die entrepreneursgesindheid saamhang, in die besonder selfwerkzaamheid en die grondliggende kreatiewe vaardighede vir ideevorming.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

### (30) Sosiale Entrepreneurskap

Hierdie module sal jou bekendstel aan persoonlike ontwikkeling, handelsmerk bou sowel as verantwoordelike en etiese leierskap in terme van sosiale en volhoubare besigheidsbestuur. Jy sal voortbou op die praktyk, doel en proses van die entrepreneursgesindheid deur die skepping van 'n konsultasiediens as 'n sosiale entrepreneur te ondersoek.

*Nota:* Hierdie module word vanaf 2026 aangebied.

*Voorvereistemodule:* Volhoubaarheid in die Digitale Era 111

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

### 278 (40) Sosiale Entrepreneurskap

In hierdie module sal jy kennis maak met die bedryfsinstrumente van sosiale entrepreneurskap, soos die Lean Canvas-bedryfsmodeltemplaar en basiese finansiële bestuur. Jy sal voortbou op die praktyk, doel en proses van die entrepreneursgesindheid deur meer te leer oor groepsprosesse vir ideevorming wat proefneming, herhaling en aanpassing aanmoedig.

*Slaagvoorvereistemodule:* Sosiale Entrepreneurskap 177

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*



### **379 (40) Sosiale Entrepreneurskap**

In hierdie module sal jy bekend gestel word aan finansieringstrategieë en bestuursmodelle vir sosiale ondernemings en volhoubare sake. Jy sal voortbou op die praktyk, doel en proses van die entrepreneursgesindheid deur meer oor intrapreneursdenke en professionele ontwikkeling as 'n sosiale entrepreneur te leer.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Sosiale Entrepreneurskap 177
- Sosiale Entrepreneurskap 278

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

## **14518 Sosiale Veranderinge**

### **278 (15) Sosiale Veranderinge**

Hierdie module handel oor kollektiewe optrede, groepsdinamiek, sosiale bewegings, revolusies en ander tipes sosiale verandering wat die ontwikkelingsagenda van die toekoms beïnvloed. Aan die hand van gevallestudies soos Black Lives Matter en #FeesMustFall sal jy die veranderende rol van die staat ondersoek, die burgerlike samelewing en die bedryf, en hoe informaliteit, inkrementalisme en sosiale entrepreneurskap tot sosiale verandering bydra. Jy sal deurgaans jou vermoë om positiewe sosiale verandering te fasiliteer ontwikkel.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

## **60771 Strategiese Kommunikasie**

### **177 (20) Strategiese Kommunikasie**

Hierdie module sal jou bekendstel aan verskillende maniere van kommunikasie (skriftelik, mondeling, visueel) bekend. Dit ondersoek kommunikasieteorieë, bou kritiese lees- en skryfvaardighede, verbeter aanbiedingsvaardighede en moedig besinnende (reflektiewe) denke aan.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

### **278 (15) Strategiese Kommunikasie**

Hierdie module behels die praktiese toepassing van kennis oor kommunikasievaardighede, die gepaste formulering van boodskappe, teikenmarkte en die ontwikkeling van kommunikasie-uitsette. Jy sal 'n kommunikasiestrategie ontwikkel met die oog op 'n volhoubaarheidsuitdaging en lewer kommunikasie-uitsette wat met die strategie verband hou.

*Slaagvoorvereistemodule: Strategiese Kommunikasie 177*

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

### **379 (15) Strategiese Kommunikasie**

Hierdie module sal jou toerus vir die werkslewe deur jou 'n werklike kommunikasieprojek vir 'n sosiale onderneming te laat onderneem. Jy sal jou kritiese en kreatiewe denkvaardighede verdiep om 'n kommunikasie-uitset (wat 'n publikasiekomponent, 'n basiese webtuiste en 'n video insluit) volgens die kliënt se opdrag te ontwikkel. Jy sal 'n kommunikasiestrategie konseptualiseer en die kliënt se terugvoer opneem in die ooreenstemmende kommunikasie-uitset.

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Strategiese Kommunikasie 177
- Strategiese Kommunikasie 278

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

## **14124 Toegepaste Institusionele Kapasiteitsbestuur**

### **173 (20) Toegepaste Institusionele Kapasiteitsbestuur (HL)**

Die verbetering van institusionele kapasiteit deur goeie mensebestuur en leierskapsvaardighede, individuele prestasiebestuur, rekenaarvaardighede, navorsingsmetodes en skriftelike kommunikasievaardighede, doelstelling en konflikbestuur.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

## **14126 Toegepaste Institusionele Prestasiebestuur**

### **172 (20) Toegepaste Institusionele Prestasiebestuur (HL)**

Hierdie module fokus op die verbetering en leiding van institusionele prestasie deur gesonde finansiële bestuur, programbestuursvaardighede, die stel van institusionele prestasiestandaarde en strategiese bestuur en leierskap.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

## **14127 Toegepaste Institusionele Samewerking**

### **175 (20) Toegepaste Institusionele Samewerking (HL)**

Hierdie module fokus op die bestuur van institusionele samewerking en die bou van alliansies deur onderhandelingsvaardighede, konflikoplossing en die werf van steun vir en bou van openbare-private-vennootskappe (OPV's).

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

## **14128 Toegepaste Openbare Aanspreeklikheid**

### **171 (20) Toegepaste Openbare Aanspreeklikheid (HL)**

Teorieë en praktyke van leierskap en goeie regeerkunde en 'n klantgesentreerde etos wat aanspreeklikheid vir openbare dienslewering steun; Teorieë en praktyke om met politieke-administratiewe leierskap te skakel oor kwessies van openbare aanspreeklikheid.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

## **14129 Toegepaste Openbare Finansiële Rekeningkunde**

### **177 (20) Toegepaste Openbare Finansiële Rekeningkunde (HL)**

Toegepaste praktyke van finansiële rekeningkunde, waaronder boekhouding van finansiële transaksies in die openbare sektor en finansiële verslagdoening.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

## **14130 Toegepaste Voldoening en Beheer**

### **176 (20) Toegepaste Voldoening en Beheer (HL)**

Bestuur van moniterings- en evalueringsvoorskrifte; verslagdoening; finansiële regulerende en waarde-vir-geld-beheermaatregels; kontraktering; ondernemingsrisikobestuur en -toesig.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

## **13205 Voldoening en Beheer**

### **251 (20) Voldoening en Beheer (HL)**

Die module is daarop gemik om konseptuele insig, kontekstuele en praktiese vaardighede te ontwikkel om 'n geïntegreerde risikobestuurstelsel te implementeer, met inagneming van internasionale beste praktyke.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

## **13777 Voldoening en Beheer: Bate- en Aankopebestuur**

### **122 (15) Voldoening en Beheer: Bate- en Aankopebestuur (HL)**

Die module bied 'n inleiding tot die basiese beginsels en tegnieke vir voldoening en beheer in organisasies in die openbare sektor, met betrekking tot die wetlike raamwerk vir bate- en voorsieningskettingbestuur.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

## **13776 Voldoening en Beheer: Begrotings**

### **121 (15) Voldoening en Beheer: Begrotings (HL)**

Die module bied 'n inleiding tot die basiese beginsels en tegnieke vir voldoening en beheer in organisasies in die openbare sektor, met betrekking tot begroting en finansiële verslagdoening.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

## **14525 Volhoubaarheid in die Digitale Era**

### **111 (30) Volhoubaarheid in die Digitale Era (HL)**

Hierdie module sal jou bekendstel aan die rol wat inligting- en kommunikasietegnologie kan speel in die sukses of ondermyning van die globale verbintenis tot volhoubare ontwikkeling. Die ontstaan en konsolidasie van beginsels en kodes vir verantwoordelike belegging en impakbelegging word ondersoek. Die praktiese komponent van hierdie module fokus op strategieë en tegnieke wat deur "tegnologie-entrepreneurs" ontplooi word. Hierdie module word aanlyn aangebied met twee verpligte blokkontakssessies van aangesig tot aangesig.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

## **14514 Volhoubaarheidsperspektiewe**

### **177 (15) Volhoubaarheidsperspektiewe**

Hierdie module stel volhoubaarheid bekend deur die narratiewe en paradigmas te ondersoek wat die konsep van volhoubaarheid beïnvloed. Jy sal leer hoe om verskillende vertolkings van volhoubare ontwikkeling te beskryf, met die klem op Afrosentriese perspektiewe.

Omgewings-, sosiale en ekonomiese kruispunte word gebruik om die onderlinge verband tussen plaaslike en wêreldwye krisis te ondersoek. Dit sal jou in staat stel om 'n omvattende begrip van volhoubaarheid te ontwikkel wat individuele optrede vir verandering kan aanspoor.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

## **14520 Volhoubaarheidsverslagdoening**

### **379 (15) Volhoubaarheidsverslagdoening**

Volhoubaarheidsverslagdoening fasiliteer organisasies se sosiale en omgewingsimpak. Hierdie module benader volhoubaarheidsverslagdoening as 'n risikobepalingsinstrument wat deursigtigheid en aanspreeklikheid verhoog waar tradisionele finansiële verslagdoening te kort skiet. Die teorie van verandering word bekend gestel as 'n proses vir beplanning, deelname en evaluering om sosiale verandering in organisasies aan te moedig.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

## **13763 Volhoubare Ontwerp**

### **177 (20) Volhoubare Ontwerp**

Hierdie module ondersoek verskillende aspekte van ontwerp, en die impak van ontwerp op sosio-ekologiese stelsels. Jy sal bekend gestel word aan verskillende ontwerpdisiplines wat met volhoubare ontwerp verband hou. Die metodologieë van permakultuurontwerp, biomimiek en ontwerpdenke word gebruik om met idees vir volhoubare oplossings vorendag te kom.

*Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap*

## 278 (20) Volhoubare Ontwerp

Hierdie module ondersoek komplekse netwerke in stedelike stelsels. Jy sal 'n ontwerpdenkebenadering gebruik om stedelike volhoubaarheidsuitdagings in jou omgewing te ondersoek voordat jy prototipes van eenvoudige oplossings ontwikkel en toets.

'n Benadering van stedelike volhoubaarheid word gebruik om strategieë vir die bou van volhoubare stede te ondersoek.

Afval-, energie-, vervoer- en waterstelselinnovasies word bestudeer.

*Slaagvoorvereistmodule:* Volhoubare Ontwerp 177

*Tuisdepartement:* Skool vir Publieke Leierskap

## 14517 Wêreldsieninge

### 177 (15) Wêreldsieninge

Hierdie module stel verskillende wêreldsienings, oortuigingstelsels en vorme van etiek bekend as "wyses van weet", en verken dan hoe hierdie "wyses van weet" verskillende begrippe van, en praktyke in, wêreldontwikkeling beïnvloed. Dit sluit in onderwerpe soos omgewingsetiek, dekolonisasie en feminisme. Sodoende kry jy die geleentheid om ooreenkomste en verskille uit te wys in hoe mense betekenis skep, waarde toeken en hulleself in sosiale en politieke eenhede inrig. Hierdie ondersoeke bied perspektief en 'n globale selfbewussyn wat jou in staat stel om, ondanks verskille, sinvol jou weg deur ontwikkelingsagendas in Suid-Afrikaanse en wêreldverband te baan.

*Tuisdepartement:* Skool vir Publieke Leierskap

## Skool vir Rekeningkunde

### 18287 Belasting

#### 298 (24) Belasting (2L)

Die belastingstruktuur in die Republiek van Suid-Afrika na aanleiding van die Inkomstebelastingwet; die bepaling van die normale belastingaanspreeklikheid (met inagneming van kapitaalwinstbelasting) en terughoudingsbelastingaanspreeklikheid van natuurlike persone en die berekening van werknemersbelasting.

*Slaagvoorvereistmodule:* Finansiële Rekeningkunde 178 of Finansiële Rekeningkunde 188 of Finansiële Rekeningkunde 179 (In laasgenoemde twee gevalle moet jy die interne Finansiële Rekeningkunde-toets wat deur die Skool vereis word, slaag)

*Newevereistmodule:* Finansiële Rekeningkunde 278

*Tuisdepartement:* Skool Vir Rekeningkunde

#### 388 (24) Belasting (2L)

Die belastingstruktuur in die Republiek van Suid-Afrika na aanleiding van die inkomstebelastingwet; die bepaling van die normale belastingaanspreeklikheid van natuurlike persone en maatskappye; opgawes, aanslae en ander diverse administratiewe aspekte wat daarmee verband hou. BTW ingevolge die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde.

*Slaagvoorvereistmodule:* Finansiële Rekeningkunde 178 of Finansiële Rekeningkunde 188 of Finansiële Rekeningkunde 179

*Tuisdepartement:* Skool vir Rekeningkunde

#### 399 (36) Belasting (3L)

Belastingwetgewing in die Republiek van Suid-Afrika met besondere klem op maatskappye, belasting op toegevoegde waarde, kapitaalwinstbelasting, voorlopige belasting en die belasting van natuurlike persone.

*Slaagvoorvereistmodule:* Finansiële Rekeningkunde 278

*Voorvereistmodule:* Belasting 298

*Tuisdepartement:* Skool vir Rekeningkunde

## 10812 Bestuursrekeningkunde

### 278 (30) Bestuursrekeningkunde (4L)

Konsepte van strategie en besigheidsrisiko. Tydwaarde van geld; risiko en opbrengs; waardasies; bedryfskapitaalbestuur; finansieringsbesluit; koste van kapitaal en investeringsbesluit. Kostelemente en -begrippe; kostoedeling en -gedrag; kostestelsels insluitende taakkoste, standaardkoste en proseskosse; mede- en neweprodukte; begrotings; en absorpsie en veranderlike koste.

*Slaagvoorvereistemodule:* Finansiële Rekeningkunde 178 of Finansiële Rekeningkunde 188 of Finansiële Rekeningkunde 179 (In laasgenoemde twee gevalle moet jy die interne Finansiële Rekeningkunde-toets wat deur die Skool vereis word, slaag.)

*Newevereistemodule:* Finansiële Rekeningkunde 278 of Finansiële Rekeningkunde 288

*Tuisdepartement:* Skool vir Rekeningkunde

### 288 (24) Bestuursrekeningkunde (3L)

Inleiding tot strategie. Tydwaarde van geld; risiko en opbrengs; waardasie van voorkeuraandele en effekte; bedryfskapitaalbestuur; finansieringsbesluit en koste van kapitaal. Fundamentele beginsels van koste- en bestuursrekeningkunde; kostoedeling en -gedrag; taakkoste; standaardkoste; proseskosse; mede- en neweprodukte; begroting en beheer.

*Slaagvoorvereistemodule:* Finansiële Rekeningkunde 188 of Finansiële Rekeningkunde 179

of

*Voorvereistemodule:* Finansiële Rekeningkunde 178

*Tuisdepartement:* Skool vir Rekeningkunde

### 378 (36) Bestuursrekeningkunde (3L)

Waardasies en oornames; ontleding van finansiële inligting in die geïntegreerde verslag; dividendbeleid; besighede in finansiële stres en finansiële risiko. Standaardkoste; optimalisering; prestasiebestuur; koste-volume-winsontleding; risiko en onsekerheid; aktiwiteitsgebaseerde koste; relevante inligting en oordragpryse.

*Slaagvoorvereistemodule:* Finansiële Rekeningkunde 278 of Bestuursrekeningkunde 388 (In die geval van Bestuursrekeningkunde 388 moet jy 'n finale punt van 60% behaal.)

*Voorvereistemodule:* Bestuursrekeningkunde 278 (Hierdie voorvereistemodule geld nie as jy Bestuursrekeningkunde 388 geslaag het nie.)

*Tuisdepartement:* Skool vir Rekeningkunde

### 388 (48) Bestuursrekeningkunde (4L)

Waardasies van besighede; oornames; ontleding van finansiële inligting in die geïntegreerde verslag; verdeling van wins en finansiële risiko. Begroting en beheer; standaardkoste; absorpsie en veranderlike koste; koste-volume-winsontleding; risiko en onsekerheid; aktiwiteitsgebaseerde koste; relevante inligting; deurvoer rekeningkunde en kostebestuurtegnieke.

*Slaagvoorvereistemodule:* Finansiële Rekeningkunde 278 of Finansiële Rekeningkunde 288

*Voorvereistemodule:* Bestuursrekeningkunde 278 of Bestuursrekeningkunde 288

*Tuisdepartement:* Skool vir Rekeningkunde

## 14927 Bewysportefeulje: Rekeningkunde

### 378 (2) Bewysportefeulje: Rekeningkunde

Hierdie module sal jou toerus vir lewenslange leer as Geoktrooieerde Rekenmeester (GR), aangesien dit vereis dat jy reflekteer oor jou vaardigheidsontwikkeling in terme van die waardes en vaardighede van die GR van die Toekoms-bevoegdheidsraamwerk (etiese, burgerskap, lewenslange leer, sakevernuf, besluitnemingsvernuf, verhoudingsvernuf en digitale vernuf) en dit dan dokumenteer. Alhoewel hierdie vaardighede in die ander modules in die program ontwikkel word, word jy in hierdie module gelei om 'n bewysportefeulje saam te stel waar jy reflekteer oor jou vaardigheid met betrekking tot elke waarde en vaardigheid, en óf bewyse van jou vaardigheid óf regstellende aksies (planne om te verbeter) verskaf.

*Newevereistemodule:* Finansiële Rekeningkunde 379

*Tuisdepartement:* Skool vir Rekeningkunde

## 14523 Digitale- en Leierskapsvernuf vir Rekenmeesters

Die volle vaknaam is "Digitale- en Leierskapsvernuf vir Rekenmeesters", maar "'Digitale- en Leierskapsvernuf" word in die res van hierdie Jaarboekdeel gebruik

### 112 (6) Inleiding tot Digitale Vernuf vir Rekenmeesters (2L)

Algemene inligtingstegnologieskonsepte vir besigheidstelsels wat insluit algemene stelselteorie; infrastruktuur; netwerke en elektroniese kommunikasie; inleiding tot die ontwikkeling, bestuur en beheer van inligting en inligtingstelsels.

*Opmerking:*

Indien jy Inligtingstelsels 114 in 2022 gesak het, moet jy in 2023 of daarna vir Digitale- en Leierskapsvernuf 112 en 152 registreer.

*Tuisdepartement: Skool vir Rekeningkunde*

### 122 (6) Sigbladprogrammatuur vir Rekenmeesters (1L, 1P)

Die praktiese gebruik van sigbladprogrammatuur in 'n besigheidsomgewing.

*Opmerking:*

Indien jy Inligtingstelsels 144 in 2022 gesak het, moet jy in 2023 of daarna vir Digitale- en Leierskapsvernuf 122 en 152 registreer.

*Tuisdepartement: Skool vir Rekeningkunde*

### 142 (6) Inleiding tot Rekeningkundige Sagteware vir Rekenmeesters (1L, 1P)

Die praktiese gebruik van rekeningkundige sagteware in 'n besigheidsomgewing.

*Opmerking:*

Indien jy Inligtingstelsels 114 in 2022 gesak het, moet jy in 2023 of daarna vir Digitale- en Leierskapsvernuf 112 en 142 registreer.

*Tuisdepartement: Skool vir Rekeningkunde*

### 152 (6) Inleidende Sigblad-outomatisering vir Rekenmeesters (1L, 1P)

Die praktiese gebruik van sigblad-outomatisering in 'n besigheidsomgewing.

*Opmerking:*

Indien jy Inligtingstelsels 144 in 2022 gesak het, moet jy in 2023 of daarna vir Digitale- en Leierskapsvernuf 122 en 152 registreer.

*Slaagvoorvereistmodule: Inligtingstelsels 144 of Digitale- en Leierskapsvernuf 122.*

*Tuisdepartement: Skool vir Rekeningkunde*

### 162 (6) Etiek, Finansies, en Bedrywighede in 'n Digitale Besigheidsomgewing vir Rekenmeesters (1L, 1P)

Die interaksie tussen finansies en besigheidsbedrywighede in 'n digitale wêreld. Etiek en die hantering van etiese konflikte in 'n besigheidsomgewing.

*Opmerking:*

Indien jy Inligtingstelsels 152 in 2022 gesak het, moet jy in 2023 of daarna vir Digitale- en Leierskapsvernuf 162 registreer

*Tuisdepartement: Skool vir Rekeningkunde*

### 212 (6) Volhoubare Besigheidsmodelle en Geïntegreerde Verslagdoening vir Rekenmeesters (1L, 1P)

Die module maak gebruik van 'n gevallestudie-metodologie om op 'n praktiese wyse begrip van die bou-blokke van besigheidsmodelle en geïntegreerde verslagdoening te bewerkstellig. Die rol van verantwoordelike leierskap in waardeskepping word ook ondersoek.

*Opmerking:*

Indien jy Inligtingstelsels 214 in 2022 gesak het, moet jy in 2023 of daarna vir Digitale- en Leierskapsvernuf 212 registreer.

*Tuisdepartement: Skool vir Rekeningkunde*

## 246 (6) Geïntegreerde Besigheidstoepassings vir Rekenmeesters (1L, 1P)

Hierdie is 'n praktiese voorgraadse module wat voortbou op die transaksieverwerkingskennis van rekeningkundige inligtingstelsels wat in Digitale- en Leierskapsvernuf 142 opgedoen is, en die toepassing van sigbladsagteware, visualiserings en outomatisering wat in Digitale- en Leierskapsvernuf 122 en 152 ontwikkel is.

In hierdie module sal jy leer hoe om besigheidstransaksies te verwerk en uit te voer binne 'n rekeningkundige inligtingstelsel om 'n maatskappy se finansiële inligting te finaliseer. Dit sluit die identifikasie en regstelling van foutiewe rekeningkundige inskrywings in.

Jy sal blootgestel word aan besigheids- en rekeningkundige scenario's wat van jou vereis om besigheidstoepassings, soos sigbladsagteware, te gebruik om die data wat in die rekeningkundige inligtingstelsel en elders gevind word, te omskep in inligting wat geskik is vir bestuursbesluitnemingsdoeleindes. Jy sal die inligting gebruik om besigheids- en rekeningkundige probleme wat jy moontlik in die loop van jou diens as toekomstige rekenmeester sal ondervind, op te los. Jy sal ook leer om toepaslike kommunikasie-instrumente en -metodes te gebruik om jou bevindinge en oplossings effektief aan 'n wye verskeidenheid belanghebbendes te kommunikeer deur gebruik te maak van, byvoorbeeld visualiserings, kontrolepaneel, geskrewe verslae en skyfiestelle vir aanbienings.

### *Opmerking:*

Indien jy Digitale- en Leierskapsvernuf 242 in 2024 gesak het, moet jy in 2025 of daarna vir Digitale- en Leierskapsvernuf 246 registreer.

*Voorvereistemodules:*

- Inligtingstelsels 114 of Digitale- en Leierskapsvernuf 142
- Inligtingstelsels 144 of Digitale- en Leierskapsvernuf 122
- Digitale- en Leierskapsvernuf 152

*Slaagvoorvereistemodule:* Finansiële Rekeningkunde 178 of Finansiële Rekeningkunde 179 of Finansiële Rekeningkunde 188

*Tuisdepartement:* Skool vir Rekeningkunde

## 245 (8) Outomatisering vir Rekenmeesters (1L, 2P)

Hierdie praktiese module is ontwerp om jou, as rekeningkundestudent, bekend te stel aan die fundamentele beginsels van rekenaarprogrammering, met die fokus op die outomatisering van herhalende take wat gereeld deur rekenmeesters teëgekomp word wanneer hulle met data in sigblaaie werk. Die kursus dek sleutelkonsepte, insluitende veranderlikes, voorwaardelike stellings, bestekke en lusse, wat verduidelik en toegepas word in die konteks van die oplossing van werklike probleme in finansies en rekeningkunde.

Deur die loop van die kursus word 'n verskeidenheid gebruiksevalle wat die praktiese toepassings van programmering demonstreer, aan jou voorgelê, insluitende die outomatisering van herhalende take binne groter projekte, sowel as die skepping van selfstandige programme wat ontwerp is om periodiek heruitgevoer te word. Hierdie voorbeelde word uit die veld van finansies en rekeningkunde geneem, wat jou in staat stel om praktiese vaardighede te ontwikkel wat relevant is vir jou toekomstige loopbaan as geoktrooieerde rekenmeester.

Benewens die leer van programmeringsgrondbeginsels, beklemtoon die kursus probleemoplossing en programontwerp, wat jou sal help om die vaardighede te ontwikkel wat nodig is om komplekse take in hanteerbare komponente af te breek, en om bruikbare en doeltreffende oplossings vir algemene probleme te skep.

*Slaagvoorvereistemodule:* Inligtingstelsels 144

*of*

*Slaagvoorvereistemodules:*

- Digitale- en Leierskapsvernuf 122
- Digitale- en Leierskapsvernuf 152

*Tuisdepartement:* Skool vir Rekeningkunde

**312 (8) Inleidende Data-analise vir Rekenmeesters (1L, 2P)**

Hierdie is 'n praktiese voorgraadse inleiding tot die gebruik van data-analitiese tegnologie. Jy sal voorsien word van relevante besigheids- en rekeningkundige scenario's, asook komplekse data wat jy sal moet valideer en gebruik om data-analise uit te voer, sodat jy sake- en rekeningkundige probleme wat op geotrooieerde rekenmeesters van toepassing is, kan oplos. Hierdie kernmodule komplementeer en bou voort op Digitale- en Leierskapsvernuf 152 en 245 om 'n basiese begrip te skep van sake- en rekeningkundige uitdagings en scenario's wat jy in die loop van jou diens as toekomstige geotrooieerde rekenmeester sal teëkom.

*Opmerking:*

Indien jy Inligtingstelsels 312 of Digitale- en Leierskapsvernuf 324 in 2023 of vroeër gesak het, moet jy in 2024 of daarna vir Digitale- en Leierskapsvernuf 312 registreer.

*Newe vereist module:* Bestuursrekeningkunde 278

*Voor vereist module:* Ouditkunde 288

*Slaagvoorvereist modules:* Inligtingstelsels 144 alleenlik of Digitale- en Leierskapsvernuf 122 en Digitale- en Leierskapsvernuf 152 gesamentlik

*Tuisdepartement:* Skool vir Rekeningkunde

**352 (8) Data-analise vir Rekenmeesters (1L, 2P)**

Hierdie is 'n praktiese voorgraadse module wat voortbou op die data-analitiese vaardighede wat in Digitale- en Leierskapsvernuf 312 verwerf is. Jy sal voorsien word van meer komplekse sake- en rekeningkundige scenario's en die gepaardgaande data wat jy sal moet valideer en gebruik vir data-analise. Hierdie kernmodule komplementeer en bou voort op Digitale- en Leierskapsvernuf 312 deur jou toe te rus om jou basiese kennis van data-analise en die gebruik van meer gevorderde data-ontledingsinstrumente aan te wend om meer komplekse data te analiseer en te interpreteer sodat jy besigheids- en rekeningkundige probleme wat jy teëkom in die loop van jou diens as toekomstige geotrooieerde rekenmeester, kan oplos.

*Slaagvoorvereist module:* Inligtingstelsels 312 of Digitale- en Leierskapsvernuf 312 of Digitale- en Leierskapsvernuf 324

*Voor vereist module:* Bestuursrekeningkunde 278

*Tuisdepartement:* Skool vir Rekeningkunde

**26883 Finansiële Rekeningkunde****178 (24) Finansiële Rekeningkunde (4L)**

Die rekeningkundige siklus; konseptuele raamwerk vir finansiële verslagdoening; belasting op toegevoegde waarde; inleiding tot internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde; rekeningkundige hantering van besendings; opstel en aanbieding van finansiële verslae van maatskappye; inleiding tot groepstate.

*Tuisdepartement:* Skool vir Rekeningkunde

**188 (24) Finansiële Rekeningkunde (4L)**

Teoretiese grondslae in internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde; rekeningkundige stelsels; finansiële verslagdoening van verskillende ondernemingsvorme.

*Opmerking:*

Indien jy nie Rekeningkunde in graad 12 geslaag het nie, moet jy vyf lesings per week bywoon.

*Tuisdepartement:* Skool vir Rekeningkunde

**179 (26) Finansiële Rekeningkunde (4L, 1T)**

Hierdie module fokus op die teoretiese grondslae in internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde en rekeningkundige stelsels sowel as finansiële verslagdoening van verskillende ondernemingsvorme. Hierdie module stem ooreen met Finansiële Rekeningkunde 188 (dit dek al dieselfde inhoud, maar sommige lesings en tutoriale sal apart aangebied word). Die fokus van die lesings en tutoriale wat apart aangebied word is om konseptuele ontwikkelingsgeleenthede te bied vir die Fakulteit se BCom (Bestuurswetenskappe) Verlengdekurrikulumprogram.

*Tuisdepartement:* Skool vir Rekeningkunde



### **278 (30) Finansiële Rekeningkunde (4L)**

Voortsetting van internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde; voortsetting van groepstate; hantering van intergroeptransaksies; en inleiding tot buitelandse bedrywighede.

*Slaagvoorvereistemodule:* Finansiële Rekeningkunde 178 of Finansiële Rekeningkunde 188 of Finansiële Rekeningkunde 179 (In laasgenoemde twee gevalle moet jy die interne Finansiële Rekeningkunde-toets wat deur die Skool vereis word, slaag.)

*Tuisdepartement:* Skool vir Rekeningkunde

### **288 (32) Finansiële Rekeningkunde (4L, 1T)**

Voortsetting van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde; inleiding tot groepstate en hantering van intergroeptransaksies.

*Slaagvoorvereistemodule:* Finansiële Rekeningkunde 178 of Finansiële Rekeningkunde 188 of Finansiële Rekeningkunde 179

*Tuisdepartement:* Skool vir Rekeningkunde

### **379 (45) Finansiële Rekeningkunde (4.5L)**

Voortsetting van internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde; voortsetting van groepstate; komplekse groepe; verkryging en verkoop van filiale; verandering in mate van beheer; voortsetting van buitelandse bedrywighede; ekwiteitsverantwoording van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings; gekonsolideerde kontantvloei-state.

*Slaagvoorvereistemodule:* Finansiële Rekeningkunde 278 of Finansiële Rekeningkunde 389 (In die geval van Finansiële Rekeningkunde 389 moet jy 'n finale punt van 60% behaal.)

*Tuisdepartement:* Skool vir Rekeningkunde

### **389 (48) Finansiële Rekeningkunde (4L)**

Gevorderde aspekte van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde; voortsetting van groepstate en gekonsolideerde kontantvloei-state.

*Slaagvoorvereistemodule:* Finansiële Rekeningkunde 278 of Finansiële Rekeningkunde 288 (Jy mag geen derdejaarsmodules in Logistieke Bestuur saam met Finansiële Rekeningkunde 389 neem nie.)

*Tuisdepartement:* Skool vir Rekeningkunde

## **17426 Ouditkunde**

### **288 (23) Ouditkunde (2.5L)**

Inleiding en agtergrond tot Ouditkunde; etiek en wetgewing verbonde aan die rekeningkundige profesie; die ouditproses (vooraanstellings- en beplanningsaktiwiteite); basiese beginsels van interne beheer; interne beheersiklusse en die ontwerp daarvan.

*Voorvereistemodule:* Finansiële Rekeningkunde 178 of Finansiële Rekeningkunde 188 of Finansiële Rekeningkunde 179

*Tuisdepartement:* Skool vir Rekeningkunde

### **378 (23) Ouditkunde (2.5L)**

Voortsetting van Ouditkunde 288(24)/Ouditkunde 388(24).

Oudit in 'n rekenaaromgewing; die ouditproses (ouditprosedures, afhandeling en verslagdoening); ouditsteekproefneming.

*Voorvereistemodule:* Ouditkunde 288

*Neuwevereistemodule:* Finansiële Rekeningkunde 278 of Finansiële Rekeningkunde 288

*Tuisdepartement:* Skool vir Rekeningkunde

### **388 (23) Ouditkunde (2.5L)**

(Inhoud dieselfde as Ouditkunde 288)

Inleiding en agtergrond tot Ouditkunde; etiek en wetgewing verbonde aan die rekeningkundige profesie; die ouditproses (vooraanstellings- en beplanningsaktiwiteite); basiese beginsels van interne beheer; interne beheersiklusse en die ontwerp daarvan.

*Voorvereistemodule:* Finansiële Rekeningkunde 178 of Finansiële Rekeningkunde 188 of Finansiële Rekeningkunde 179

*Tuisdepartement:* Skool vir Rekeningkunde

## 59277 Sake-etiek

### 214 (8) Sake-etiek (2L)

Inleiding tot etiek, toegepaste etiek en etiese besluitneming; makro-etiese kwessies in sake-etiek; kontemporêre benaderings tot korporatiewe sosiale verantwoordelikheid en korporatiewe beheer; professionalismisme en etiek in rekeningkunde; die aard en funksionering van professionele kodes; etiese uitdagings in die funksies van rekeningkunde (d.w.s. oudit, bestuur en belasting); bestuurs- en organisasie-etiek; skryfvaardighede, navorsing en die analise van gevallestudies in toegepaste etiek.

*Opmerking:*

Sake-etiek 214 is 'n uitsluitingsvak met Sake-etiek 314.

*Tuisdepartement: Skool vir Rekeningkunde*

## US Taalsentrum

### 14220 Professionele Kommunikasie vir EBW

#### 144 (6) Professionele Kommunikasie vir EBW (2L)

Hierdie module sal op effektiewe professionele kommunikasie vir die besigheidswêreld fokus. Die oorkoepelende temas wat die ontwikkeling van fakulteit- en industrie-gerigte vaardighede inlig, sluit etiese kommunikasie, medewerking binne die skryfproses en 'n basislegging in argumentmetodologie in. Akademiese en professionele skryfvaardighede sal ontwikkel word deur op bedryfspesifieke dokumenttipes soos verslae, korrespondensie en voorleggings te fokus. Gepaste toon, styl en die gebruik van betroubare bronne en verwysings sal die ontwikkeling van hierdie dokumenttipes ondersteun.

*Tuisdepartement: Taalsentrum*

## Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

### 11569 Akademiese Geletterdheid vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

#### 111 (12) Akademiese Geletterdheid vir Ekonomiese Bestuurswetenskappe (4L, 2T)

Die fokus van hierdie module is om deur middel van 'n ekonomiese denkbenadering akademiese geletterdheid vir ekonomie te bevorder. Jy sal die geleentheid kry:

- om ekonomie te gebruik om betekenisvolle probleme op te los en die kuns agter die logika van ekonomie te verstaan;
- om die vaardighede en analise wat fundamenteel vir deelname in ekonomiese debatte en besluitneming is, in te oefen;
- om basiese kritiese denkvaardighede toe te pas deur middel van kritiese luister, lees en skryf van ekonomiese teks (onder andere deduktiewe beredenering, analisering van ekonomiese beleid, konstruering en ondersteuning van argumente, interpretasie van verskillende tipes ekonomiese teks (bv. Adam Smith; Popper, Malthus)); die verstaan van akademiese woordeskat; interpretasie van analogieë en metafore binne die konteks van sosiale koördinasie, individualisme en selfbelang; begrip van die mark as 'n sisteem; begrip van vrywillige verwisseling, profyt, proses en insentiewe, om inligting in grafiese of visuele formaat te lees en te interpreteer (vraag-en-aanbodkurwes);
- om eie denke te verduidelik en ander se denke konstruktief te kritiseer;
- om inligting logies te organiseer; belangrike inligting te selekteer en te reduseer tot 'n formaat wat studie en hersiening vergemaklik.

Jy sal verder die basiese kennis, vaardighede en houdings aankweek om 'n suksesvolle EBW-student te word deur die etos van 'n universiteit te verstaan en akademiese gereedheidsvaardighede en persoonlike bestuursvaardighede soos studie-, tyds- en streshanteringsvaardighede aan te leer.

*Tuisfakulteit: Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe*

## 12298 Inleiding tot Ekonomie

### 141 (12) Inleiding tot Ekonomie (4L, 2T)

Die fokus van hierdie module is om 'n breedvoerige inleiding tot mikro-ekonomie oor die spektrum van ekonomiese vraagstukke te dek, terwyl die kenmerke van die Suid-Afrikaanse ekonomie deurgaans beklemtoon word. Jy sal leer hoe om belangrike mikro-ekonomiese konsepte in verband te bring met die wêreld waarin jy leef. 'n Fondasie en dieper begrip en kennis insake die volgende basiese fundamentele mikro-ekonomiese konsepte sal verskaf word: waarom gaan die ekonomie; die drie sentrale ekonomiese vrae; hoe verskillende ekonomiese stelsels hierdie vrae beantwoord; hoe die ekonomie as 'n geheel funksioneer; wat die ekonomie dryf.

*Tuisfakulteit: Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe*

## 11580 Wiskunde vir EBW

### 171 (18) Wiskunde vir EBW (3L, 2T)

Die fokus van hierdie module is om 'n fondasie daar te stel en 'n diep begrip en werkende kennis van die volgende basiese fundamentele Wiskunde konsepte te promoveer: hersiening vir kalkulus; reguitlyne en lineêre funksies; lineêre programmering met die klem op skadupryse en sensitiviteitsanalise; finansiële wiskunde waar enkelvoudige rente, saamgestelde rente wat tyd-lyne behels, rente-diskontokoers herleidings en annuïteite deeglik gedek word; versamelings en teltegnieke; funksies, limiete en die afgeleide; differensiasie; toepassings van die afgeleide met die klem op die optimering van koste, inkomste en winsfunksies; anti-afgeleides (integrale) van magsfunksies alleen met betrekking tot oppervlaktes onder kurwes.

*Tuisfakulteit: Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe*

# Navorsings- en Diensinstansies

## 1. Afrika Sentrum vir Inklusiewe Gesondheidsbestuur

Die Afrika Sentrum vir Inklusiewe Gesondheidsbestuur fokus op die snelontluikende navorsingsgebied van inklusiewe gesondheidsorg met die oog op die versterking van gesondheidstelsels. Die Sentrum rig terselfdertyd steeds voortdurend die aandag op MIV/Vigs-bestuur. Die Sentrum bied transdissiplinêre nagraadse programme aan, asook kortkursusse oor inklusiewe gesondheidsorg en MIV/Vigs-bestuur in gemeenskappe en die breër gesondheidsekostelsel.

Webtuiste: [www.aidscentre.sun.ac.za](http://www.aidscentre.sun.ac.za)

Kontakpersoon: Me Bianca Jacobs

E-posadres: [bianca@sun.ac.za](mailto:bianca@sun.ac.za)

## 2. Afrika Sentrum vir Ontwikkelingsfinansies

Die Afrika Sentrum vir Ontwikkelingsfinansies is 'n navorsings-, opvoedkundige en diensinstansie. Die Sentrum onderneem teoretiese en empiriese navorsing, asook beleidsgebaseerde navorsing na gelang van huidige vraagstukke ten opsigte van finansiële ontwikkeling en ekonomiese beleid. Ander aktiwiteite sluit in projekte en konsultasie werk in opdrag van die private en publieke sektor; opleiding vir nie-graaddoeleindes vir private en publieke instellings vir kapasiteitsontwikkeling; en skakeling met internasionale ontwikkelings instansies, mikrofinansieringsinstellings en konsultante werksaam in die ontwikkelingsfinansiesomgewing.

Die sentrum word gehuisves deur die Stellenbosch Besigheidskool.

Webtuiste: [www.stellenboschbusiness.ac.za](http://www.stellenboschbusiness.ac.za)

Kontakpersoon: Dr Elizabeth Nanziri

E-posadres: [elizabethn@stellenboschbusiness.ac.za](mailto:elizabethn@stellenboschbusiness.ac.za)

## 3. Allan Gray Sentrum vir Afrika-entrepreneurskap (AGCAE)

Die Allan Gray Sentrum vir Afrika-entrepreneurskap is 'n nuwe vlagskipnavorsingsprojek in die Skool vir Publieke Leierskap. Die Sentrum se missie, visie, strategiese prioriteite en waardes word geïnspireer deur die missie van Allan & Gill Gray Philanthropies (AGGP) om dwarsoor die kontinent van Afrika verantwoordelike entrepreneurs te kweek, tot almal se voordeel en ter wille van die langtermynstrategie om uiteindelik by te dra tot werkskepping en armoedeverligting en sodoende maatskaplike verandering. Die Sentrum se missie, visie, strategiese prioriteite en waardes stem ook ooreen met die Universiteit Stellenbosch se missie om 'n navorsingsintensiewe universiteit te wees wat uitmuntende studente lok, talentvolle personeel aanstel en 'n wêreldklasomgewing bied; 'n plek wat met die wêreld verbind is en gemeenskappe plaaslik, op die vasteland en in die res van die wêreld verryk en transformeer. Die Sentrum beplan om sy strategiese prioriteite te bereik deur middel van 'n drietal spesialisdienste: navorsing, die bou van ekosistels en 'n datasamewerkingsentrum (*data hub of hubs*).

Webtuiste: [www.agcae.africa](http://www.agcae.africa)

Kontakpersoon: Me Tyra Cole

E-posadres: [tyracole@sun.ac.za](mailto:tyracole@sun.ac.za)

## 4. Buro vir Ekonomiese Onderzoek (BEO)

Die Buro is 'n ekonomiese navorsingsinstansie. Dit monitor en voorspel ekonomiese tendense en identifiseer en ontleed plaaslike en internasionale faktore wat Suid-Afrikaanse sake-ondernemings beïnvloed. Die Buro se ekonomiese ontledings en vooruitskattings word hoog aangeskryf en deur 'n wye verskeidenheid kliënte benut. Laasgenoemde wissel van klein en middelslag ondernemings tot baie groot, genoteerde maatskappye, asook instellings in die openbare sektor en nie-regeringsorganisasies.

Webtuiste: [www.ber.ac.za](http://www.ber.ac.za)

Kontakpersoon: Me Celeste Booysen

E-posadres: [cbooysen@sun.ac.za](mailto:cbooysen@sun.ac.za)

## 5. Instituut vir Toekomsnavorsing (IFR)

Die Instituut vir Toekomsnavorsing is 'n navorsingsinstansie wat uniek geposisioneer is om besluitnemers en strategiese beplanners te help om medium- tot langtermynverandering op dreef te kry en te bestuur. Die Instituut berei organisasies voor en help hulle om hul toekoms te visualiseer en te verwesenlik deur die doeltreffende implementering van hul strategiese planne. Die IFR word internasionaal erken vir sy navorsing en onderrig in toekomsstudie as rigting.

Die Instituut word gehuisves deur die Stellenbosch Besigheidskool.

Webtuiste: [www.ifr.sun.ac.za](http://www.ifr.sun.ac.za)  
 Kontakpersoon: Me Heilet Bertrand  
 E-posadres: [heilet@ifr.ac.za](mailto:heilet@ifr.ac.za)

## 6. Laboratorium vir Afrika se Ekonomiese Geskiedenis (LEAP)

Die Laboratorium vir Afrika se Ekonomiese Geskiedenis is daarop toegespits om die ekonomiese en sosiale geskiedenis van Afrika kwantitatief te bestudeer. Dit bring vakkundiges en studente byeen wat daarin belangstel om die langtermyn- ekonomiese ontwikkeling van Afrika se diverse samelewings te verstaan en te verduidelik.

Webtuiste: [www.leap Stellenbosch.org.za](http://www.leap Stellenbosch.org.za)  
 Kontakpersoon: Prof Johan Fourie  
 E-posadres: [leap@sun.ac.za](mailto:leap@sun.ac.za)

## 7. Sentrum vir Konflik en Samewerking

Die Sentrum vir Konflik en Samewerking by die Stellenbosch Besigheidskool is 'n spilpunt vir navorsing en besinning oor konflikvoorkoming en konflikoplossing. Dit ontwikkel gereedskap, data, ontleding en raamwerke vir 'n beter begrip van die verband tussen ontwikkeling in die private sektor, konflik en menslike veiligheid. Dit werk saam met besigheid, regering, arbeid en plaaslike gemeenskappe om die koste verbonde aan konflik te verminder en geleenthede vir samewerking te verhoog. Dit het ten doel om transformasie in die volgende generasie geskilbeslegtingspraktisyns en -geleerdes te bewerkstellig.

Webtuiste: [www.stellenboschbusiness.ac.za/our-expertise/conflict-and-collaboration](http://www.stellenboschbusiness.ac.za/our-expertise/conflict-and-collaboration)  
 Kontakpersoon: Me Surita Basson  
 E-posadres: [sbasson@stellenboschbusiness.ac.za](mailto:sbasson@stellenboschbusiness.ac.za)

## 8. Sentrum vir Korporatiewe Bestuur in Afrika

Die Sentrum vir Korporatiewe Bestuur doen multidisiplinêre navorsing en bied opvoedings- en ontwikkelingsaktiwiteite aan ten einde doeltreffende korporatiewe bestuur in Afrika-organisasies te bevorder. Die Sentrum fokus op die ontwikkeling van nakomings- en prestasieverwante aspekte van direkteure se houding, kennis en vaardighede, asook op die verband tussen korporatiewe bestuur, sake-etiek en die algehele prestasie van 'n organisasie.

Die Sentrum word gehuisves deur die Stellenbosch Besigheidskool.

Webtuiste: [www.stellenboschbusiness.ac.za/research/centre-corporate-governance-africa](http://www.stellenboschbusiness.ac.za/research/centre-corporate-governance-africa)  
 Kontakpersoon: Me Surita Basson  
 E-posadres: [sbasson@stellenboschbusiness.ac.za](mailto:sbasson@stellenboschbusiness.ac.za)

## 9. Sentrum vir Mededingingsreg en Ekonomie

Die Sentrum vir Mededingingsreg en Ekonomie is 'n navorsingseenheid gesetel in die Departement Ekonomie, met as oogmerk die bevordering van navorsing en onderrig in verband met mededingingsbeleid. Die Sentrum bring 'n verskeidenheid nagraadse studente, internasionale akademiese genote asook plaaslike reg-en-ekonomie-navorsers byeen, met 'n gedeelde navorsingsbelangstelling in industriële organisasie en mededingingsbeleid. Die Sentrum bied gereeld navorsingsgeleenthede aan en lewer openbare kommentaar op ontwikkelings in verband met mededingingsbeleid in Suid-Afrika en die buiteland. Dit lewer ook insette oor prosesse op hierdie terrein.

Webtuiste: <https://cclle.sun.ac.za>  
 Kontakpersoon: Prof Willem Boshoff  
 E-posadres: [wimpie2@sun.ac.za](mailto:wimpie2@sun.ac.za)

## 10. Sentrum vir Meerdimensionele Datavisualisering (MuViSu)

Die Sentrum vir Meerdimensionele Datavisualisering (MuViSu) poog om:

- meerdimensionele visualiseringsmetodologie en verwante tegnieke soos biplots uit te brei deur teoretiese ontwikkeling,
- nuut afgeleide tegnieke op datastelle wat uit verskeie velde afkomstig is toe te pas, en
- 'n uitgebreide versameling programmatuur te ontwikkel, te onderhou en te verbeter, wat gebruik word om die nodige grafiese voorstellings te bou en om verskeie meerdimensionele visualiseringstegnieke uit te voer.

Die Sentrum is deel van die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap.

Webtuiste: [www.sun.ac.za/english/faculty/economy/MuViSU/Pages/default.aspx](http://www.sun.ac.za/english/faculty/economy/MuViSU/Pages/default.aspx)

Kontakpersoon: Prof Sugnet Lubbe

E-posadres: [slubbe@sun.ac.za](mailto:slubbe@sun.ac.za)

## 11. Sentrum vir Plaaslikebestuurstoetsig

Die Sentrum vir Plaaslikebestuurstoetsig by die Universiteit Stellenbosch verskaf onderrig, navorsing en ontwikkeling, en lewer konsultasiedienste in die breë veld van goeie oorsigbestuur, leierskap en algemene bestuur, met die doel om plaaslike dienslewering in Suid-Afrika te verbeter. Die werk van die Sentrum sluit in navorsing, gemeenskapsinteraksie en opleiding rakende kwessies om die plaaslike regering se verrigtinge deur middel van navorsing, innovasie, opleiding en gemeenskapsinteraksie te ondersteun.

Die Sentrum is in die Skool vir Publieke Leierskap geleë.

Webtuiste: [www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/economy/spl/centres-institutes/clg](http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/economy/spl/centres-institutes/clg)

Kontakpersoon: Johnny Douglas

E-posadres: [johnnyd@spl.sun.ac.za](mailto:johnnyd@spl.sun.ac.za)

## 12. Sentrum vir Statistiese Konsultasie

Hierdie Sentrum staan navorsers en nagraadse studente met die statistiese aspekte van hulle navorsing by, soos die berekening en interpretasie van resultate.

Webtuiste: [www.sun.ac.za/afrikaans/research-innovation/csc](http://www.sun.ac.za/afrikaans/research-innovation/csc)

Kontakpersoon: Vakant

## 13. Sentrum vir Verantwoordelike Leierskapstudie (Afrika)

Die Sentrum het diep wortels in Afrika en die dienste wat hier aangebied word is prakties toepaslik en het statuut in beide Afrika- en wêreldwye kontekste.

Navorsing dui aan dat dit leierskap is wat 'n verskil aan die prestasie van 'n organisasie maak, en verantwoordelike leierskap word as een van die dryfvere van 'n kultuur van hoë prestasie erken. Die kwalifiserende term "verantwoordelike" gekoppel aan "leierskap" beskryf 'n generiese eienskap van alle leierskapvorme en -style, en verwys nie na 'n spesifieke soort leierskap nie. Daarom sluit dit alle leierskapstyle in. Dit verwys na die leierskap en bestuur van jouself, ander persone, organisasies en instellings, en hulle interaksies met mekaar en met die samelewing. Dit word gedoen op 'n wyse wat aan alle belanghebbers se belange gehoor gee en dit op 'n moreel aanspreeklike manier doen.

Hierdie Sentrum bevorder kennis van verantwoordelike leierskap ten einde leierskap vir volhoubare organisatoriese en institusionele doeltreffendheid, veral in Afrika, te versterk. Dit sluit die volgende in:

- Die generering van kennis op die gebied van leierskap, veral verantwoordelike leierskap
- Die ontwikkeling en lewering van behoefte-spesifieke leierskapaanbiedinge
- Die ontwikkeling van verantwoordelike leiers en verantwoordelike leierskap
- Die uitbreiding van netwerke en verspreiding van kennis oor verantwoordelike leierskap.

Webtuiste: [www.stellenboschbusiness.ac.za](http://www.stellenboschbusiness.ac.za)

Kontakpersoon: Prof Mias de Klerk

E-posadres: [mias@stellenboschbusiness.ac.za](mailto:mias@stellenboschbusiness.ac.za)

## 14. Sentrum vir Volhoubaarheidsoorgange (CST)

Die Sentrum vir Volhoubaarheidsoorgange doen inter- en transdissiplinêre navorsing oor volhoubare veerkrachtigheid, uit 'n spesifiek Afrika-perspektief. Die Sentrum omvat uiteenlopende rigtings en bevorder samewerking vanuit 'n verskeidenheid agtergronde regoor die Universiteit, asook nasionaal en wêreldwyd. Dit bied 'n lewendige sentrale bymekaarkompunt vir oplossingsgerigte en transdissiplinêre volhoubaarheids-wetenskap. Die primêre doel van die Sentrum is medewerking wat transformasiekennis oor die dinamika van

sosiaal-ekologiese verandering bevorder. Dit word gedoen in veelvuldige samewerking met sleutel-belanghebbendes om sodoende strategiese insigte te gee in die nuwe vorme van navorsing en bestuur wat 'n regverdig oorgang na 'n meer billike en volhoubare samelewing, in Suidelike Afrika en wêreldwyd, kan bewerkstellig.

CST is 'n nasionale, streeks en kontinentale kennisentrum en geniet internasionale erkenning vir die ondersteuning en leiding van volhoubaarheidsoorgange op die Afrika kontinent. Die Sentrum se spesialisering in kompleksiteit, volhoubaarheid, veerkragtigheid en sosiaal-ekologiese stelsels is die sleutel tot hierdie rol.

Webtuiste: [www0.sun.ac.za/cst/](http://www0.sun.ac.za/cst/)

Kontakpersoon: Me Nina Callaghan

E-posadres: [cstenuquiries@sun.ac.za](mailto:cstenuquiries@sun.ac.za)

## **15. Teenkorrupsie-sentrum vir Opvoeding en Navorsing aan die Universiteit Stellenbosch (ACCERUS)**

ACCERUS spesialiseer in teenkorrupsie-opvoeding en -opleiding en het verskeie opvoedkundige en vaardigheidsopleidingskursusse ontwikkel wat deur die Hoëronderwyskwaliteitskomitee (HEQC) geakkrediteer is. Hierdie kursusse verskaf kennis, bewustheid, vaardighede en die strategieë wat nodig is om doeltreffende teenkorrupsieprogramme in die tipiese openbaresektor-organisasie in te stel en af te dwing, en is ook van belang vir organisasies in die privaatsektor.

Die Sentrum word gehuisves deur die Skool vir Publieke Leierskap.

Webtuiste: [www.sun.ac.za/english/faculty/economy/spl/centres-institutes/accerus](http://www.sun.ac.za/english/faculty/economy/spl/centres-institutes/accerus)

Kontakpersoon: Prof Pregala Pillay

E-posadres: [pregala@spl.sun.ac.za](mailto:pregala@spl.sun.ac.za)

# Bylaag A

## Voorgraadse voorvereiste-, newevereiste- en slaagvoorvereistemodules

### S – Slaagvoorvereistemodule

- 'n Slaagvoorvereistemodule is 'n module wat jy eers moet **slaag** voordat jy die module(s) waarvoor dit 'n slaagvoorvereiste is, kan volg.

### V – Voorvereistemodule

- 'n Voorvereistemodule is 'n module waarin jy 'n **finale punt van minstens 40** moet behaal voordat jy die module(s) waarvoor hierdie module 'n voorvereiste is, mag volg. Indien jy vir 'n voorvereiste-module geregistreer was terwyl die module volgens die "eksamen"-assesseringstelsel geëksamineer is, moet jy 'n **klaspunt** van 40 behaal om aan die voorvereiste te voldoen.
- Nadat jy eenmaal aan 'n voorvereistebepaling voldoen het, bly jou voldoening geldig vir die tydperk wat in die toepaslike assesseringsreëls bepaal word, selfs al herhaal jy die voorvereiste-module en behaal jy nie die minimum prestasie met jou herhaling nie.
- *Let asseblief op:* Jy moet al die modules wat jy as voorvereistemodules in die program gebruik het, **slaag** voordat die betrokke graad, sertifikaat of diploma aan jou toegeken kan word.

### N – Newevereistemodule

- 'n Newevereistemodule is 'n module waarvoor jy **in 'n vorige semester of in dieselfde semester** as die module waarvoor dit 'n newevereiste is, moet registreer.
- *Let asseblief op:* Jy moet al die modules wat jy as newevereistemodules in die program gebruik het, **slaag** voordat die betrokke graad, sertifikaat of diploma aan jou toegeken kan word.

### Let wel:

Indien jy met of sonder toestemming 'n module in 'n betrokke studiejaar gevolg het terwyl jy nie aan al die voorvereistes, newevereistes of slaagvoorvereistes voldoen het nie, beteken dit nie dat jy weer in 'n daaropvolgende studiejaar toegelaat sal word om dit te doen nie.

Die tabelle hieronder lys, aan die regterkant, die voor-, newe- en slaagvoorvereistes vir die modules aan die linkerkant. Die tabelle verskyn in **dieselfde alfabetiese volgorde as in die hoofstuk "Vakke, Modules en Module-inhoude"**, eers volgens departement en dan volgens skool of ander eenheid.

## Departement Afrikatale

Basiese Xhosa 144	V Basiese Xhosa 114
-------------------	---------------------

## Departement Bedryfsielkunde

Bedryfsielkunde 314	N Bedryfsielkunde 144
Bedryfsielkunde 324	N Bedryfsielkunde 144

## Departement Ekonomie

Datawetenskapnavorsing in Gedragseconomie 471	S Ekonomie 311 S Ekonomie 388 S Wiskundige Statistiek 312 S Datawetenskap 346
Ekonometrie 441	S Ekonomie 318 S Ekonomie 388
Ekonomie 144	N Ekonomie 114
Ekonomie 214	S Ekonomie 114 S Ekonomie 144
Ekonomie 244	S Ekonomie 114 S Ekonomie 144 N Ekonomie 214
Ekonomie 281	S Ekonomie 114 of Ekonomie 144 of Ekonomie 288
Ekonomie 318	S Ekonomie 214 V Ekonomie 244
Ekonomie 348	S Ekonomie 214 V Ekonomie 244 N Ekonomie 318
Ekonomie 381	V Ekonomie 214 of Ekonomie 244 of Ekonomie 281



Ekonomie 388	<b>S</b> Ekonomie 214 <b>V</b> Ekonomie 244 <b>N</b> Ekonomie 318
Gedragseconomie 441	<b>S</b> Ekonomie 318 <b>S</b> Ekonomie 388 <b>N</b> Mikro-ekonomie 441
Makro-ekonomie 441	<b>S</b> Ekonomie 318 <b>S</b> Ekonomie 388
Mikro-ekonomie 441	<b>S</b> Ekonomie 318 <b>S</b> Ekonomie 388

## Departement Handelsreg

Handelsreg (Handel) 253	<b>S</b> Handelsreg (Rek) 193
Handelsreg (Rek) 292	<b>V</b> Handelsreg (Rek) 193

*Nota:* Vir meer inligting oor die modules wat deur die Fakulteit Regsgeleerdheid aangebied word, sien asseblief die Fakulteit Regsgeleerdheid se Jaarboekdeel.

## Departement Inligting Wetenskap

Organisatoriese Informatika 318	<b>S</b> Organisatoriese Informatika 214 <b>S</b> Organisatoriese Informatika 244 of Rekenaarwetenskap 114
Organisatoriese Informatika 348	<b>V</b> Organisatoriese Informatika 318 <b>S</b> Organisatoriese Informatika 244 of Rekenaarwetenskap 114 <i>(Indien die slaagvoorvereiste met Rekenaarwetenskap 114 behaal word, moet Rekenaarwetenskap 344 ook geneem word.)</i>

## Departement Landbou-ekonomie

Landbou-ekonomie 242	<b>V</b> Ekonomie 114
Landbou-ekonomie 314	<b>V</b> Landbou-ekonomie 242
Landbou-ekonomie 364	<b>V</b> Landbou-ekonomie 242

## Departement Logistiek

Besigheidsanalitiesk 214	<b>S</b> Statistiek en Datawetenskap 188 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144
Besigheidsanalitiesk 244	<b>S</b> Statistiek en Datawetenskap 188 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144
Besigheidsanalitiesk 318	<b>S</b> Statistiek en Datawetenskap 188 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144
Besigheidsanalitiesk 348	<b>S</b> Statistiek en Datawetenskap 188 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144
Datawetenskapnavorsing in Analitika en Optimering 471	<b>S</b> Operasionele Navorsing 314 <b>S</b> Operasionele Navorsing 344 <b>S</b> Operasionele Navorsing 352 <b>S</b> Wiskundige Statistiek 312 <b>S</b> Datawetenskap 346
Gevorderde Lineêre Programmering 441	<b>S</b> Operasionele Navorsing 244
Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 214	<b>V</b> Ondernemingsbestuur 113
Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 244	<b>S</b> Ondernemingsbestuur 113 <b>V</b> Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 214 of Inleiding tot Vervoer- en Logistieke Stelsels 144
Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 314	<b>S</b> Ondernemingsbestuur 113 <i>(Jy mag geen derdejaarsmodules in Logistiek en Voorsieningskettingbestuur saam met Finansiële Rekeningkunde 389 neem nie.)</i>

Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 324	<b>V</b> Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 214 of Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 244 of Inleiding tot Vervoeren Logistieke Stelsels 144 <i>(Jy mag geen derdejaarsmodules in Logistiek en Voorsieningskettingbestuur saam met Finansiële Rekeningkunde 389 neem nie.)</i>
Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 344	<b>S</b> Statistiek en Datawetenskap 188 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144 <i>(Jy mag geen derdejaarsmodules in Logistiek en Voorsieningskettingbestuur saam met Finansiële Rekeningkunde 389 neem nie.)</i>
Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 354	<b>V</b> Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 314 <b>V</b> Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 324 <i>(Jy mag geen derdejaarsmodules in Logistiek en Voorsieningskettingbestuur saam met Finansiële Rekeningkunde 389 neem nie.)</i>
Metaheuristieke 441	<b>S</b> Operasionele Navorsing 314
Metodes in Operasionele Navorsing 441	<b>S</b> Operasionele Navorsing 314 <b>S</b> Operasionele Navorsing 352 <b>S</b> Operasionele Navorsing 344
Operasionele Navorsing 214	<b>V</b> Wiskunde 114 <b>V</b> Wiskunde 144
Operasionele Navorsing 244	<b>V</b> Wiskunde 114 <b>S</b> Wiskunde 144
Operasionele Navorsing 314	<b>V</b> Operasionele Navorsing 244 <i>of</i> <b>S</b> Besigheidsanalities 214 en Besigheidsanalities 244 (met 'n gemiddelde finale punt van minstens 80% vir die twee saam) <b>V</b> Wiskunde 114 <b>V</b> Wiskunde 144
Operasionele Navorsing 322	<b>S</b> Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144 <i>of</i> <b>S</b> Besigheidsanalities 214 en Besigheidsanalities 244 (met 'n gemiddelde finale punt van minstens 80% vir die twee saam) <b>V</b> Wiskunde 114 <b>V</b> Wiskunde 144
Operasionele Navorsing 344	<b>N</b> Operasionele Navorsing 244 <i>of</i> <b>S</b> Besigheidsanalities 214 en Besigheidsanalities 244 (met 'n gemiddelde finale punt van minstens 80% vir die twee saam) <b>V</b> Wiskunde 114 <b>V</b> Wiskunde 144
Operasionele Navorsing 352	<b>S</b> Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144 <i>of</i> <b>S</b> Besigheidsanalities 214 en Besigheidsanalities 244 (met 'n gemiddelde finale punt van minstens 80% vir die twee saam) <b>V</b> Wiskunde 114 <b>V</b> Wiskunde 144
Projekbestuur 314	<i>(Jy kan eers vanaf jou derde studiejaar in Ekonomiese en Bestuurswetenskappe vir hierdie module inskryf.)</i>
Stelseldinamika 441	<b>S</b> Operasionele Navorsing 314 <b>S</b> Operasionele Navorsing 352 <b>S</b> Operasionele Navorsing 344
Vervoerekonomie 214	<b>V</b> Ekonomie 114 <b>V</b> Ekonomie 144

Vervoerekonomie 244	V Vervoerekonomie 214 V Ekonomie 114 V Ekonomie 144
Vervoerekonomie 318	S Ekonomie 114 S Ekonomie 144 S Vervoerekonomie 214 S Vervoerekonomie 244
Vervoerekonomie 348	S Ekonomie 114 S Ekonomie 144

## Departement Ondernemingsbestuur

Beleggingsbestuur 254	N Ondernemingsbestuur 113 V Ondernemingsbestuur 142 V Statistiek en Datawetenskap 188 <i>of</i> Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 <i>of</i> Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144
Beleggingsbestuur 314	V Beleggingsbestuur 254 S Statistiek en Datawetenskap 188 <i>of</i> Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 <i>of</i> Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144
Beleggingsbestuur 324	V Beleggingsbestuur 254 S Statistiek en Datawetenskap 188 <i>of</i> Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 <i>of</i> Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144
Beleggingsbestuur 344	V Beleggingsbestuur 254 S Statistiek en Datawetenskap 188 <i>of</i> Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 <i>of</i> Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144
Beleggingsbestuur 349	V Beleggingsbestuur 254 V Finansiële Bestuur 214 <i>of</i> Finansiële Rekeningkunde 178 <i>of</i> Finansiële Rekeningkunde 188 S Statistiek en Datawetenskap 188 <i>of</i> Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 <i>of</i> Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144
Bemarkingsbestuur 214	N Ondernemingsbestuur 113 N Finansiële Bestuur 214 <i>of</i> Finansiële Rekeningkunde 278 <i>of</i> Finansiële Rekeningkunde 288 <i>of</i> Biometrie 212
Bemarkingsbestuur 244	V Bemarkingsbestuur 214
Bemarkingsbestuur 314	V Bemarkingsbestuur 214
Bemarkingsbestuur 324	V Bemarkingsbestuur 214
Bemarkingsbestuur 344	V Bemarkingsbestuur 214 V Bemarkingsbestuur 244 V Statistiek en Datawetenskap 188 <i>of</i> Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144
Bemarkingsbestuur 354	V Bemarkingsbestuur 214 V Bemarkingsbestuur 244
Bestuur van Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid 314*	V Ondernemingsbestuur 113
Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 214	N Ondernemingsbestuur 113
Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 244	N Ondernemingsbestuur 113 V Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 214
Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 318	V Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 214 <i>of</i> Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 244
Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 348	V Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 214 <i>of</i> Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 244
Finansiële Beplanning 314	N Finansiële Bestuur 214 V Beleggingsbestuur 254
Finansiële Beplanning 344	N Finansiële Bestuur 214 V Beleggingsbestuur 254 N Finansiële Beplanning 314

Finansiële Bestuur 214	<b>N</b> Ondernemingsbestuur 113 <b>N</b> Ondernemingsbestuur 142 <i>of</i> Wiskunde 114 <i>of</i> Wiskunde (Bio) 124
Finansiële Bestuur 244	<b>N</b> Finansiële Bestuur 214
Finansiële Bestuur 314	<b>N</b> Finansiële Bestuur 214 <b>N</b> Finansiële Bestuur 244 <i>of</i> Beleggingsbestuur 254
Finansiële Bestuur 332	<b>N</b> Finansiële Bestuur 214 <b>N</b> Finansiële Bestuur 244 <i>of</i> Beleggingsbestuur 254
Finansiële Bestuur 352	<b>N</b> Finansiële Bestuur 214 <b>N</b> Finansiële Bestuur 244 <i>of</i> Beleggingsbestuur 254
Finansiële Bestuur 354	<b>N</b> Finansiële Bestuur 214 <b>N</b> Finansiële Bestuur 244 <i>of</i> Beleggingsbestuur 254
Strategiese Bestuur 344*	<b>N</b> Ondernemingsbestuur 113 <i>(nie van toepassing as jy 'n Boskunde-student is nie)</i>

\* Indien jy 'n internasionale student is wat vir hierdie module wil registreer moet jy bewys lewer dat jy 'n voldoende aantal Ondernemingsbestuurverwante modules op eerste, tweede en derdejaarsvlak voltooi het.

## Departement Sielkunde

